DIE BEGELEIDING VAN DIE GEDISSOSIEERDE PERSOON TOT GEESTELIKE EN EMOSIONELE GROEI - 'N PASTORALE STUDIE

AMANDA L. DU PLESSIS

(DIP. ED. C.A.T., DIP. BYBELK., SERT. FUNK. TER., HONS.-STATUS.)

Verhandeling voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Artium in Pastoraal

(Fakulteit Teologie)

aan die

Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. dr. W. C. Coetzer

Mei 2005

Potchefstroomkampus

ABSTRACT

GUIDING THE DISSOCIATED PERSON TOWARDS SPIRITUAL AND EMOTIONAL GROWTH – A PASTORAL STUDY

Because of the inability to deal with traumatic and stressful situations it often happens that a person dissociates. These people then 'move out of the situation', so to speak. The dissociated person can be spiritually, emotionally and physically handicapped for life. In the long term it often results in depression, feelings of guilt, relationship problems, social maladjustment, as well as addiction to medication. Pastoral counselling to this person (as part of a multidisciplinary approach) often results in a decline of the symptoms and a normalisation of the person's situation.

From the basis-theoretical research it became clear that throughout history God is present in a very prominent way in the life of the individual. Right from the very beginning at conception, until old age, He is intensely involved. God created man in His image but through sin this image was distorted. Because of His love for man, however, He fulfilled His promise of restoration and healing in and through Jesus Christ.

It appears that knowledge regarding the phenomenon of dissociation dates back to as early as 400 BC. Research since the early 1990's onwards resulted in numerous publications, articles and books being written on the topic of dissociation. In this study, emphasis was placed on a number of such relevant contributions. The specific characteristics of the dissociated person, practical guidelines for counselling him/her as proposed by psychology, as well as pastoral psychologists were discussed. It became evident that contributions and research in the field from a psychological perspective seem to be much more advanced compared to what has been done by theologians to date. For this reason it is imperative that pastoral counsellors become more acquainted with the theme of dissociation. With regard to methodology, the eclectic approach proved to be the best option. This will enable the pastoral counsellor in his/her guidance of the dissociated person to draw on the wealth and variety of contributions and perspectives from both the psychological and the theological domains.

As a result of and flowing forth from the basis-theoretical and meta-theoretical perspectives,

practice-theoretical guidelines were formulated according to which pastoral guidance can be provided to the dissociated person. Special emphasis was placed on a multidisciplinary approach where full recognition was given to the possible contributions by psychologists, psychiatrists, medical doctors and others.

As part of the preparation for counselling the dissociated person, attention was given to the importance of prayer support. With regard to the counselling process itself, the following five phases appeared to be of significance: introductory prayers, consultation and discussion, prayer as part of the therapeutic process, the development of life skills, and spiritual growth after the therapeutic process. Because of the cultic and ritual abuse that some victims have been exposed to, it is possible that apart from fragmented sub-personalities, demonic influences may also be present. It is thus of extreme importance to distinguish between these two areas, and the counsellor must be well equipped with the necessary knowledge and experience to handle this complicated issue.

From this study it became evident that there is a special need for pastoral guidance of the dissociated person by counsellors who are well acquainted with the complexities of this field. Scientific knowledge, together with a pastoral focus as well as total dependence upon the therapeutic power of the Holy Spirit, is indeed a 'winning recipe'.

KEYWORDS

Dissociation
Trauma
Defence mechanism
Amnesia
Memory loss
Triggers
Spiritual and emotional growth

UITTREKSEL

DIE BEGELEIDING VAN DIE GEDISSOSIEERDE PERSOON TOT GEESTELIKE EN EMOSIONELE GROEI – 'N PASTORALE STUDIE

As gevolg van die onvermoë om traumatiese gebeure en stres te kan hanteer en te verwerk, gebeur dit dikwels dat persone dissosieer. Wat verder dan ook gebeur is dat hulle as't ware 'uit die situasie uit beweeg'. Hierdie persone word dan soms op geestelike, emosionele of fisiese wyse vir die res van hul lewe gekniehalter. In talle gevalle loop dit uit op langtermyndepressie, skuldgevoelens, verhoudingsprobleme, sosiale wanaanpassings, asook afhanklikheid van medikasie. Wanneer die persoon egter pastoraal begelei kan word (as deel van 'n multidissiplinêre benadering), dra dit gewoonlik grootliks by tot die afname van simptome en die uiteindelike normalisering van die betrokke persoon se situasie.

Uit die basisteoretiese ondersoek het duidelik geblyk dat God deurgaans pertinent aanwesig is by menswording en menswees. Vanaf konsepsie tot in die gryse ouderdom is Hy intens betrokke by elke mens se lewe. God het die mens na sy beeld geskape, maar die sondeval het hierdie beeld verdraai. God het egter weens sy liefde vir die mens, in Jesus die belofte tot herstel en restourasie kom vervul.

Dit het geblyk dat kennis rondom die verskynsel van dissosiasie reeds so ver terug dateer as 400 v.C. Sedert die negentigerjare het navorsing - asook die publikasie van artikels en boeke - geweldig begin toeneem. In hierdie studie is daar vervolgens kennis geneem van heelparty van hierdie bydraes. Daar is aandag gegee aan die tipering, asook wyses van begeleiding, van die gedissosieerde persoon - soos voorgestel deur navorsers op die terrein van die sielkunde. Bydraes en navorsing rondom hierdie tema blyk ook baie meer gevorderd te wees op sielkundige as op pastorale gebied en dit is daarom belangrik dat pastorale beraders kennis sal neem van hierdie terrein. Wat metodologie betref, het geblyk dat 'n eklektiese benadering die beste moontlikhede bied. In die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon kan daar dan vanuit die ryke verskeidenheid van bydraes en perspektiewe op sowel sielkundige as teologiese terrein geput word.

As uitvloeisel van die basisteoretiese - en ook metateoretiese – perspektiewe, is praktykteoretiese riglyne geformuleer waarvolgens pastorale begeleiding aan die gedissosieerde persoon gedoen kan

word. Dit het geblyk belangrik te wees dat daar by die berader 'n multidissiplinêre ingesteldheid sal wees wat impliseer dat volle erkenning gegee word aan moontlike bydraes deur sielkundiges, psigiaters, mediese dokters en andere.

As deel van die voorbereiding tot die begeleiding van die gedissosieerde persoon, is vervolgens aandag gegee aan die belangrikheid van gebedsondersteuning. Verder het geblyk dat daar veral vyf fases is wat aandag moet ontvang tydens die beradingsproses self, naamlik: inleidende gebedsvoorbereiding, onderhoudvoering, gebed as deel van die terapieproses, die ontwikkeling van lewensvaardighede en geestelike groei na afloop van die terapeutiese proses. As gevolg van die okkultiese en rituele misbruik waaraan sommige gedissosieerde persone blootgestel was, kan dit gebeur dat daar afgesien van gefragmenteerde subpersoonlikhede, ook demoniese invloede aanwesig mag wees. Dit is gevolglik baie belangrik om te onderskei tussen hierdie twee terreine en die berader moet oor die nodige kennis, ervaring en toerusting beskik om hierdie gekompliseerde saak te hanteer.

Dit het voorts geblyk dat daar by gedissosieerde persone 'n besondere behoefte bestaan aan pastorale begeleiding en wel deur persone wat onderlê is in die problematiek van hierdie terrein. Wetenskaplike kennis tesame met 'n pastorale ingesteldheid en 'n diepe afhanklikheid van die terapeutiese krag van die Heilige Gees, is inderdaad 'n 'wenresep'.

SLEUTELTERME

Dissosiasie
Trauma
Beskermingsmeganisme
Geheueverlies
Snellers
Geestelike en emosionele groei

DANKBETUIGINGS

Ere aan my Skepper in die hoogste hemele! Ek dank God vir hierdie geleentheid wat ek vanuit sy hand ontvang het en vir die krag, verstand en insig wat Hy my gegee het om die studie te kon voltooi.

My opregte dank verder aan:

- My studieleier, prof. dr. W.C. Coetzer: ek waardeer u leiding, geduld, bemoediging, bedagsaamheid en vriendelikheid. Dankie vir al u harde werk!

- My man Dup en seuns, Hannes en Louis: dankie vir julle ondersteuning, aanmoediging, liefde en geduld. Hulle opofferings het my gemotiveer om die studie te voltooi.

- Personeel van sowel die Teologiese Fakulteit as die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, vir u professionele diens en hulpvaardigheid.

- Ds. Dawie de Koker en gemeentelede van die Kerk van die Nasarener, Rustenburg: vir hulp, voorbidding en belangstelling.

- Vroue-biduurgroep: vir julle belangstelling en gebedsondersteuning.

- My ouers en familie: vir julle belangstelling, liefde en ondersteuning.

- Jeanien, Linda en Mariëtte: vir julle motivering, begrip en bemoediging.

- Respondente en hul families: vir julle vertroue en openheid.

A.L. DU PLESSIS

Mei 2005

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK 1 – INLEIDING

1.1 Inleiding 1
1.2 Probleemstelling 1
1.2.1 Verdere definisies 2
1.2.2 Dissosiasie as beskermingsmeganisme 3
1.2.3 Dissosiasie as hindernis vir verdere groei 4
1.2.4 Dissosiasie vanuit 'n pastorale oogpunt 5
1.2.5 Navorsingsvraag 6
1.2.6 Verdere vrae 6
1.3 Doelstellings en doelwitte 6
1.3.1 Doelstellings 6
1.3.2 Doelwitte 7
1.4 Sentrale teoretiese argument 7
1.5 Metodologie 8
1.5.1 Vertrekpunte 8
1.5.2 Ander tegniese aspekte 9
1.6 Hoofstukindeling 9

HOOFSTUK 2 – METATEORETIESE PERSPEKTIEWE RONDOM DIE TEMA VAN DISSOSIASIE

2.1 Inleiding 11
2.2 Doelstelling 11
2.3 Die problematiek rondom dissosiasie 12
2.4 Agtergrondkennis 13
2.5 Terminologie en definiëring 15
2.5.1 Dissosiatiewe geheueverlies 15
2.5.2 Dissosiatiewe swerfsiekte 17

2.5.3 Dissosiatiewe identiteitsversteuring 18
2.5.4 Depersonalisasieafwyking 21
2.6 Die brein en dissosiasie 24
2.7 Simptome wat dui op die moontlike aanwesigheid van dissosiasie 28
2.8 Fragmentasie en subpersoonlikhede 34
2.8.1 Redes tot fragmentasie 35
2.8.2 Innerlike sisteem van die DIV 37
2.9 Snellers (*triggers*) 41
2.10 Praktiese beginsels vir die behandeling van DIV 42
2.10.1 Handhaaf konsekwente prosedure en duidelike grense 42
2.10.2 Fokus op bekragtiging 43
2.10.3 Bewerkstellig en handhaaf 'n sterk terapeutiese alliansie 43
2.10.4 Erken en verwerk onderdrukte traumagevoelens 44
2.10.5 Verminder die verdeeldheid en konflik tussen die verskillende subpersoonlikhede 44
2.10.6 Strewe na ooreenstemmende persepsies 44
2.10.7 Alle subpersoonlikhede moet konsekwent dieselfde behandel word 45
2.10.8 Herstel die basiese voorveronderstellings 45
2.10.9 Poog om oorweldigende ondervindinge te minimaliseer 46
2.10.10 Modelleer, leer en versterk verantwoordelikhede 46
2.10.11 Die terapeut moet 'n aktiewe, ondersteunende en plooibare terapeutiese houding inneem 47
2.10.12 Herken en herstel kognitiewe foute 47
2.11 Integrasie van 'n veelvoudige persoonlikheid 48
2.11.1 Die fusieproses 49
2.12 Beginsels vir genesing 53
2.12.1 Genesing begin wanneer sekere tegnieke toegepas word om PTSS te hanteer 53
2.12.2 Genesing vind plaas wanneer traumatiese geheue geprosesseer en geïntegreer word 53
2.12.3 Genesing vind plaas wanneer ontwyking vervang word met konfrontasie 55
2.12.4 Genesing vind plaas binne 'n klimaat van veiligheid en teen 'n bestendige pas 57

2.12.5 Empatiese bewuswording en aanvaarding van gevoelens bevorder die genesingsreis 58
2.12.6 Balans in die lewe bevorder genesing 59
2.12.7 Genesing vind plaas wanneer grense in plek is 59
2.13 Terapeutiese en godsdienstige misbruik 60
2.13.1 Terapeutiese misbruik 61
2.13.2 Godsdienstige misbruik 63
2.13.2.1 Godsdiens *versus* sielkunde 64
2.13.2.1.1 Christendom teenoor sielkunde 65
2.13.2.1.2 Sielkunde teenoor Christendom 64
2.13.2.1.3 Die Christelike en sielkundige standpunt 66
2.13.2.1.4 Integrasie van Christelike en sielkundige standpunte 67
2.13.2.1.5 Eklektiese benadering 67
2.14 Samevatting van metateoretiese perspektiewe 70

HOOFSTUK 3 – EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 Inleiding 74
3.2 Kwalitatiewe navorsing 74
3.3 Empiriese navorsing 76
3.3.1 Doelwit 76
3.3.2 Samestelling van die vraelyste 76
3.3.3 Analisering van die data 77
3.3.3.1 Persoonlike besonderhede 77
3.3.3.2 Geestelike agtergrond en besonderhede 78
3.3.3.3 Algemene agtergrondgeskiedenis 79
3.3.3.4 Fisiese besonderhede 80
3.3.3.5 Aanduidings van tipiese dissosiasie-verwante simptome 81
3.3.3.6 Terapeutiese hulpverlening 87
3.3.3.7 Toekomsverwagting 89
3.3.3.8 Verdere kontak met respondente 90
3.3.4 Samestelling van onderhoude 90
3.3.4.1 Persoonlike besonderhede 91

3.3.4.2 Onderhoud met respondent E 91
3.3.4.3 Onderhoud met respondent F 94
3.3.4.4 Verdere kontak met respondente 96
3.4 Wat het navorser hieruit geleer? 96
3.5 Samevatting van empiriese resultate 98

HOOFSTUK 4 – BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE EN OPSIGTE VAN DIE BEGELEIDING VAN DIE GEDISSOSIEERDE PERSOON

4.1 Inleiding 100
4.2 Doelstelling 100
4.3 Die skepping van die mens 102
4.3.1 Genesis 1:26-31 102
4.3.2 Psalm 8:4-7 107
4.3.3 Genesis 1:26-31 en Psalm 8:4-7 112
4.4 Die gebrokenheid van die mens 114
4.4.1 Romeine 5:12-21 114
4.4.2 Jeremia 17:9-10 120
4.4.3 Romeine 5:12-21 en Jeremia 17:9-10 124
4.5 God restoureer 125
4.5.1 Jakobus 4:4-10 125
4.5.2 Efesiërs 2:1-10 130
4.5.3 Jakobus 4:4-10 en Efesiërs 2:1-10 134
4.6 Die rol van Jesus as die groot Geneesheer in die genesingsproses 135
4.6.1 Lukas 4:16-21 135
4.6.2 Johannes 8:31-36 139
4.6.3 Lukas 4:16-21 en Johannes 8:31-36 143
4.7 Die rol van die Heilige Gees as die Begeleier op die genesingspad 144
4.7.1 Romeine 8:26-29 144
4.7.2 Johannes 16:13-15 147
4.7.3 Romeine 8:26-27 en Johannes 16:13-15 151
4.8 Samevatting van basisteoretiese perspektiewe 152
4.8.1 Met betrekking tot die skepping van die mens 152
4.8.2 Met betrekking tot die gebrokenheid van die mens 153

4.8.3 Met betrekking tot God wat restoureer 154
4.8.4 Met betrekking tot Jesus as die groot Geneesheer 154
4.8.5 Met betrekking tot die Heilige Gees as Begeleier 155

HOOFSTUK 5 – BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN 'N PASTORAALGERIGTE PSIGOLOGIESE BENADERING

5.1 Inleiding en fokus 156
5.2 Struktuur van hoofstuk 156
5.3 Die wortel van psigopatologie: sonde of siekte? 157
5.3.1 Die effek van andere se oortredinge op die persoonlikheid van die individu 159
5.4 Skrifgefundeerde berading 161
5.4.1 Faktore wat skrifgefundeerde berading onderskei 161
5.4.1.1 Skrifgefundeerde begeleiding volg 'n holistiese benadering..... 161
5.4.1.2 Skrifgefundeerde begeleiding lê sterk klem op gebed 162
5.4.1.3 Skrifgefundeerde berading berus op die beginsel van liefde 164
5.4.1.4 Skrifgefundeerde berading volg 'n eklektiese benadering 164
5.4.2 Eklektiese benaderings 165
5.4.2.1 Neil Anderson 165
5.4.2.2 Perry Draper 166
5.4.2.3 Dan Allender 168
5.4.2.4 James Friesen 171
5.4.2.5 Paul Meier en Frank Minirth 174
5.4.2.6 Diane Langberg 178
5.4.2.7 David Seamands 179
5.4.2.8 Arlys Norcross McDonald 184
5.5 Samevatting van die basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van 'n pastoraal-gerigte psigologiese benadering 187

HOOFSTUK 6 – PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE GEDISSOSIEERDE PERSOON

6.1 Inleiding 189
6.2 Doelstelling 189
6.3 Skrifgefundeerde berading aan die gedissosieerde persoon 190
6.3.1 Voorbereiding vir die beradingsessie 190
6.3.2 Beradingsmodel 191
6.4 Skrifgefundeerde begeleiding aan die DIV wat intense blootstelling aan okkultiese rituele gehad het 206
6.5 Samevatting van praktykteoretiese perspektiewe 207

HOOFSTUK 7 – GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

7.1 Gevolgtrekkings ten opsigte van die metateoretiese perspektiewe 210
7.2 Gevolgtrekkings ten opsigte van die empiriese navorsing 212
7.3 Gevolgtrekkings ten opsigte van basisteoretiese perspektiewe 212
7.3.1 Die skepping van die mens (Gen. 1:26-31 en Ps. 8:4-7) 213
7.3.2 Die gebrokenheid van die mens (Rom. 5:12-21 en Jer. 17:9-10) 213
7.3.3 God restoureer (Jak. 4:4-10 en Ef. 2:1-10) 213
7.3.4 Jesus Christus, die groot Geneesheer (Luk. 4:16-21 en Joh. 8:31-36) 214
7.3.5 Die Heilige Gees as die Begeleier op die genesingspad (Rom. 8:26-27 en Joh. 16:13-15) 214
7.4 Gevolgtrekkings met betrekking tot basisteoretiese perspektiewe rondom 'n pastoraalgerigte psigologiese benadering 214
7.5 Gevolgtrekkings ten opsigte van praktykteoretiese perspektiewe 215
7.6 Finale gevolgtrekkings 216
7.7 Voorgestelde areas vir verdere navorsing 217

BYLAES

Bylae 1: Diagrammatiese voorstelling van dissosiasie 219
Bylae 2: Vertroulike persoonlike verslag vir empiriese ondersoek 220
Bylae 3: Friesen se voorstelling van 'n kaart 226
Bylae 4: "'n Brief aan my siekte", geskryf deur 'n selfbeseerde 228
Bylae 5: Getuienis van 'n selfbeseerde se moeder 235

BIBLIOGRAFIE 240

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 INLEIDING

As gevolg van die onvermoë om traumatiese gebeure en stres te hanteer en te verwerk, gebeur dit dikwels dat persone dissosieer en dan as't ware 'uit die situasie uit beweeg'. Volgens Meier *et al.* (2000:53) kan dissosiasie varieer *"from a brief trancelike episode in which a person temporarily escapes reality to a more prolonged state, such as multiple personality."* Hierdie persone word dan soms op geestelike, emosionele of fisiese wyse vir die res van hul lewe gekniehalter. In talle gevalle loop dit uit op langtermyndepressie, skuldgevoelens, verhoudingsprobleme, sosiale wanaanpassings, asook afhanklikheid van medikasie. Hierdie simptome laat die persoon aanmeld vir terapie, terwyl dit slegs 'n simptoom van 'n dieperliggende probleem is. Wanneer die persoon egter pastoraal begelei kan word en die dieperliggende onverwerkte trauma hanteer word, blyk dit dat dié simptome afneem en selfs verdwyn (Draper, 1996:67; Friesen, 1997:64; Littauer, 1998:20; Seamands & Funk, 1992:19).

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die term *dissosiasie* is vir die eerste keer in 1890 deur die Franse sielkundige, Pierre Janet, gebruik. Hy het dissosiasie soos volg gedefinieer: *People with hysteria had lost the capacity to integrate the memory of overwhelming life events* (vgl. Herman, 2001:12). Met verskeie navorsingstegnieke, wat onder andere ook hipnose ingesluit het, het Janet tot die gevolgtrekking gekom dat traumageheue apart van die normale bewussynsgeheue in die brein gestoor word. Sigmund Freud en sy kollega, Joseph Breuer, het die proses die benaming *double consciousness* gegee (Herman, 2001:12).

Gedurende die afgelope paar dekades was daar heelwat navorsing rondom die tema van *dissosiasie* en die aktualiteit daarvan word redelik sterk beklemtoon deur die voorkoms van talle publikasies. 'n Paar van die persone wat 'n groot bydrae lewer, is onder andere: Friesen (2003); Schiraldi (2000); Seamands (1992); Siegel (1997); Somer (2002); Baldwin (2004); Van der

Kolk (2003); Hopper (2004) en Herman (2001). (In die bibliografie verskyn volledige inligting van hul werke.)

Dissosiasie word tans in *DSM-IV (Diagnostic and statistical manual for mental disorders, 4th edition)* (APA, 1994:478) soos volg gedefinieer:

> *The essential feature of the Dissociative Disorders is a disruption of the usually integrate functions of consciousness, memory, identity, or perception of the environment. The disturbance must be sudden or gradual, transient or chronic. Dissociative amnesia is characterized by an inability to recall important personal information, usually of a traumatic or stressful nature, that is too extensive to be explained by ordinary forgetfulness (Criterion A). This disorder involves a reversible memory impairment in which memories of personal experience cannot be retrieved in a verbal form (or, if temporarily retrieved, cannot be wholly retained in consciousness). The disturbance does not occur exclusively during the course of Dissociative Identity Disorder, Dissociative Fugue, Posttraumatic Stress Disorder, Acute Stress Disorder, or Somatization Disorder and is not due to the direct physiological effects of a substance or neurological or other general medical condition (Criterion B). The symptoms must cause clinically significant distress or impairment in social, occupational, or other important areas of functioning (Criterion C). Dissociative Amnesia most commonly presents as a retrospectively reported gap or series of gaps in recall for aspects of the individual's life history. These gaps are usually related to traumatic or extremely stressful events. Some individuals may have amnesia for episodes of self-mutilation, violent outbursts, or suicide attempts. Less commonly, Dissociative Amnesia presents as a florid episode with sudden onset. This acute form is more likely to occur during wartime or in response to a natural disaster.*

1.2.1 VERDERE DEFINISIES

In hul navorsing verduidelik Matsakis (1996:34) en Draper (1996:119) dissosiasie onderskeidelik soos volg:

- *Dissociation refers to the various ways people disconnect from traumatic experiences emotionally, mentally or both. Dissociation is not an act of volition; people do not decide or plan to dissociate. Dissociation happens involuntarily. In many traumatic situations, 'tuning out' or 'spacing out', which is colloquial names for dissociation, may be the only means of escape or psychic survival* (Matsakis, 1996:34).
- *A splitting of the mind, or psychological separation, that happens automatically in the presence of severe trauma. Because the trauma is so great, the mind completely blocks the feelings and memory by an amnesiac barrier so that the past trauma seems to be totally separate from the person. The memories are driven so deeply into the unconscious that it is difficult to recover the early memories to promote healing. In such cases, memories may at first appear as fragments or flashbacks. Dissociation is a defence mechanism at work in the problem of multiple personalities, although it may show itself in other forms* (Draper, 1996:119).

Dissosiasie kan dus eerstens omskryf word as 'n beskermingsmeganisme, omrede die getraumatiseerde as gevolg van 'n onvermoë om die trauma te verwerk, dit bloot onderdruk en ontken. Hulle kan dan selfs vir jare voortgaan met hul lewe, totaal onbewus van die traumageheue. In die tweede plek bly dit egter 'n hindernis vir verdere geestelike en emosionele groei na volwassenheid.

1.2.2 DISSOSIASIE AS BESKERMINGSMEGANISME

Dissosiasie dien dikwels as beskermingsmeganisme in situasies waar die trauma vir die betrokke persoon eenvoudig net te oorweldigend is. In hierdie opsig is dit veronderstel om in die korttermyn as hulpmiddel te dien. Die probleem ontstaan egter wanneer persone in die langtermyn telkens op dieselfde wyse in enige stressituasie reageer.

Friesen (1997:65) beklemtoon dat wanneer dissosiasie plaasgevind het, die getraumatiseerde kind totaal onbewus van die trauma kan opgroei. As volwassene sal hierdie persoon sy kinderjare as redelik gelukkig beskryf. Mettertyd sal die onderdrukte emosies egter gaandeweg na die oppervlakte kom.

Draper (1996:68) beskryf hierdie onderdrukking spesifiek as 'n poging om ontslae te raak van al die negatiewe, seer emosies van die verlede, sodat daar gefokus kan word op die beter dinge in die lewe.

Matsakis (1996:67) beklemtoon ook die feit dat dissosiasie plaasvind as beskerming teen die oorweldigende emosies rondom trauma.

Volgens Fredrickson (1992:59) is dissosiasie 'n beskermingmeganisme wat die persoon help om die trauma te kan hanteer. Dissosiasie kan selfs tydens die gebeurtenis alreeds plaasvind, soos bv. tydens 'n verkragting, wanneer die slagoffer haarself 'los' van haar liggaam ervaar en amper aanskou wat besig is om te gebeur. Vir hierdie tydjie is die persoon dan as't ware beskerm van die volle impak van gevaar waarin sy verkeer. Die vermoë om te oorleef, verhoog wanneer die vermoë om te voel, verminder.

1.2.3 DISSOSIASIE AS HINDERNIS VIR VERDERE GROEI

Dissosiasie is 'n hindernis vir verdere geestelike en emosionele groei - en wel om die volgende redes:

- Geheueverlies: persone met dissosiasie is totaal onbewus van dit wat in die verlede gebeur het en kan nie hulle huidige simptome koppel aan die pyn van die verlede nie (Draper, 1996:114). Tydens gedeeltelike dissosiasie word die kognitiewe geheue uitgeblok, terwyl die liggaamlike sensasies onthou kan word. Dit veroorsaak verwarring en die persoon kan nie verstaan wat gebeur het nie (Friesen, 1997:62).
- Depressie kan ontstaan as gevolg van onverwerkte pyn: die onbewuste vergeet nooit hierdie onverwerkte pyn nie en alle verdere gedrag ontstaan vanuit die perspektief: *"Is ek veilig?"* (Hendrix, 1993:18).
- Skuldgevoelens ontstaan omdat die persoon wonder of hy nie dalk anders kon opgetree het nie (Herman, 2001:54).
- Selfhaat en selfvernietigende gedrag ontstaan. Irrasionele en kompulsiewe besluite beïnvloed die persoon se toekoms negatief.
- Gebrekkige konflikhantering, omdat die persoon telkens dissosieer. Matsakis (1996:32) beweer dat persone wat oor 'n lang tydperk aan trauma blootgestel was, 'n groter geneigdheid het om te dissosieer.

- Gebrekkige grense: Hendrix (1993:26) verduidelik dat wanneer 'n persoon as klein kindjie blootgestel was aan onaangename gebeure, hy 'n magstryd in sy toekomstige verhoudings sal beleef.
- Belewing van afstand, losmaking en depersonalisasie: medemens én God voel vêr (Herman, 2001:56). Die persoon kan nie maklik vertrou nie.
- Die moontlikheid van veelvoudige persoonlikhede, wat die persoonlike en geestelike lewe soveel te meer kompliseer. Dit het geweldige wanbalanse tot gevolg (Friesen, 1997:42).

1.2.4 DISSOSIASIE VANUIT 'n PASTORALE OOGPUNT

Tydens die Middeleeue is persone met veelvoudige persoonlikhede - as simptoom van dissosiasie – van heksery verdink en as sodanig verbrand (Matsakis, 1996:14). Friesen (1997:51) verduidelik dat wanneer die verskillende persoonlikhede of "*alters*" met mekaar kommunikeer, stemme fisies gehoor kan word. Hierdie verskillende persoonlikhede is al dikwels verkeerdelik geïnterpreteer as synde demone te wees. In sommige gevalle was daar pogings van bevryding en dit het die persoon met meer wonde gelaat. Hierdie is twee voorbeelde ter illustrasie van die verkeerde interpretasie rondom dissosiasie in die geskiedenis van die kerk. 'n Databasissoektog met betrekking tot data van die afgelope tien jaar in die Ferdinand Postma-biblioteek (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom), kon geen navorsingsprojek rondom die tema van *dissosiasie* vanuit 'n pastorale oogpunt oplewer nie.

Daar bestaan tans wel verskeie modelle om mense vanuit 'n psigologiese hoek te help. Schiraldi (2000:147) gee in hierdie verband 'n redelik volledige omskrywing van onder andere:

- *Principles of memory work*
- *Cognitive restructuring*
- *Traumatic Incident Reduction (TIR)*
- *Thought field therapy*
- *The rewind technique*
- *Eye Movement Desensitisation and Reprocessing (EMDR)*
- *Dream Management and Processing*
- *Expressive Art Therapy*

Hierdie terapieë behels egter hoofsaaklik kognitiewe- en gedragstegnieke, terwyl daar bykans geen aandag geskenk word aan 'n Christelik-godsdienstige benadering nie.

1.2.5 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan gedissosieerde persone pastoraal begelei word tot geestelike en emosionele groei?

1.2.6 VERDERE VRAE

- Wat was die tradisionele benadering in die verlede ten opsigte van die aspek van dissosiasie? In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines tot op hede, betreffende die begeleiding van die gedissosieerde persoon?
- Is daar enige vernuwende insigte aangaande dissosiasie as hindernis tot geestelike en emosionele groei, wat deur 'n empiriese ondersoek na vore kom?
- Is daar enige vernuwende perspektiewe wat vanuit die eksegese van tersaaklike Skrifgedeeltes lig kan werp op die problematiek rondom dissosiasie?
- Watter bydraes kan gemaak word deur psigiaters, sielkundiges en terapeute wat vanuit 'n Bybelse vertrekpunt gaan kyk het na die problematiek rondom psigiese afwykings in die breë, asook na dissosiasie meer spesifiek?
- Watter pastorale riglyne kan geformuleer word, waarvolgens pastorale begeleiding aan die gedissosieerde persoon gebied kan word, wat sal uitloop op geestelike en emosionele groei?

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.3.1 DOELSTELLING

Om pastorale riglyne te identifiseer waarvolgens die gedissosieerde persoon begelei kan word tot volle geestelike en emosionele groei.

1.3.2 DOELWITTE

Hierdie navorsing het die volgende ten doel:

Metateoretiese vertrekpunt:

- Om 'n oorsig te gee van die tradisionele benadering en om te bepaal in watter mate die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines betreffende die begeleiding van gedissosieerde persone, gebruik kan word.
- Om enige vernuwende insigte rakende dissosiasie as 'n hindernis tot geestelike en emosionele groei, deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel.

Basisteoretiese vertrekpunt:

- Om eksegese van tersaaklike Skrifgedeeltes te doen om te bepaal in watter mate die resultate kan bydrae tot die begeleiding van gedissosieerde persone tot emosionele en geestelike groei.
- Om te bepaal in watter mate die eklektiese benadering van psigiaters, sielkundiges en terapeute wat vanuit 'n Bybelse vertrekpunt kyk na die problematiek van psigiese afwykings in die breë en meer spesifiek na dissosiasie, gebruik kan word.

Praktykteoretiese vertrekpunt:

- Om pastorale riglyne te formuleer waarvolgens begeleiding aan die gedissosieerde persoon gedoen kan word, wat sal uitloop op geestelike en emosionele groei.

1.4 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Persone wat in die verlede gedissosieer het as gevolg van trauma, kan deur die pastorale berader pastoraal begelei word tot volkome herstel en balans, asook tot geestelike en emosionele groei.

1.5 METODOLOGIE

1.5.1 VERTREKPUNTE

In die metodologie van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die praktiese teologie ontwerp het. Die benaderings wat gevolg sal word, sal die volgende behels:

Metateoreties:

- 'n Oorsig sal gegee word van die tradisionele benadering en daar sal bepaal word in watter mate die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines betreffende die begeleiding van gedissosieerde persone, gebruik kan word. Daar sal gelet word op sekere raakvlakke met hierdie betrokke tema en relevante stof sal gebruik word. 'n Literatuurstudie sal gedoen word en inligting byeengebring word. Resultate van studies op die terrein van maatskaplike werk, sosiologie, sielkunde en ook die mediese wetenskap aangaande die verband tussen trauma en dissosiasie sal verdiskonteer word. In die proses sal daar eklekties met die inligting omgegaan word.
- Enige vernuwende insigte betreffende dissosiasie as 'n hindernis tot geestelike en emosionele groei, sal deur middel van 'n empiriese ondersoek vasgestel word. Hierdie inligting sal deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek, deur gestruktureerde onderhoude en vraelyste, bekom word.

Basisteoreties:

- 'n Ondersoek sal gedoen word na enige tersaaklike Skrifgedeeltes en skriftuurlike beginsels wat lig kan werp op die problematiek rondom dissosiasie. Die volgende tersaaklike Skrifgedeeltes sal volgens die grammaties-historiese metode eksegeties ondersoek word: Die skepping van die mens (Gen. 1:26-31 en Ps. 8:4-7); die gebrokenheid van die mens (Rom. 5:12-21 en Jer. 17:9-10); God wat restoureer (Jak. 4:6-10 en Ef. 2:1-10); die rol van Jesus as die groot Geneesheer (Luk. 4:16-21 en Joh. 8:31-36) en die rol van die Heilige Gees in die genesingsproses (Rom. 8:26-27 en Joh. 16:13-15). Aan die hand van hierdie Skrifgedeeltes sal die problematiek rondom

dissosiasie, asook God se genesing vir die gedissosieerde persoon, aan die orde gestel word. Die Gereformeerde Tradisie sal as vertrekpunt dien vir hierdie studie.

- 'n Oorsig sal gegee word van die eklektiese benadering van psigiaters, sielkundiges en terapeute wat vanuit 'n Bybelse vertrekpunt kyk na die problematiek rondom psigiese afwykings en meer spesifiek na dissosiasie. Daar sal bepaal word in watter mate die resultate van die navorsing van hierdie benadering, in die begeleiding van gedissosieerde persone, gebruik kan word. 'n Literatuurstudie sal gedoen word en inligting byeengebring word.

Praktykteoreties:

- 'n Hermeneutiese wisselwerking sal plaasvind tussen basisteoretiese riglyne en die metateoretiese perspektiewe, ten einde 'n praktykteorie daar te stel.

1.5.2 ANDER TEGNIESE ASPEKTE

- Vir die afkorting van Bybelboekname, is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos voorgestel deur die Taalkommissie in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (sien *AWS* in bibliografie).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar.*
- Waar die afkorting *DIV* in die studie voorkom, verteenwoordig dit die term *dissosiatiewe identiteitsversteurde.*
- Die terme *kliënt, pasiënt, beradene, persoon* en *individu* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie ontvang.
- Die terme *terapeut* en *berader* word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.

1.6 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukindeling is soos volg:

1.6.1 Hoofstuk 1: Inleiding.

Metateoretiese vertrekpunt

1.6.2 Hoofstuk 2: Metateoretiese perspektiewe rondom die tema van dissosiasie.

1.6.3 Hoofstuk 3: Evaluering van die resultate van 'n empiriese ondersoek.

Basisteoretiese vertrekpunt

1.6.4 Hoofstuk 4: Basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van die begeleiding van die gedissosieerde persoon.

1.6.5 Hoofstuk 5: Basisteoretiese perspektiewe ten opsigte van 'n pastoraalgerigte psigologiese benadering.

Praktykteoretiese vertrekpunt

1.6.6 Hoofstuk 6: Praktykteoretiese perspektiewe vir die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon.

1.6.7 Hoofstuk 7: Gevolgtrekkings.

1.6.8 Bylaes:
Bylaag 1: Diagrammatiese voorstelling van dissosiasie.
Bylaag 2: Vertroulike persoonlike verslag vir empiriese ondersoek.
Bylaag 3: Friesen se voorstelling van 'n kaart.
Bylaag 4: "'n Brief aan my siekte" – geskryf deur 'n selfbeseerde (Respondent D).
Bylaag 5: Getuienis van 'n selfbeseerde (Respondent D) se moeder.

1.6.9 Bibliografie.

HOOFSTUK 2

METATEORETIESE PERSPEKTIEWE RONDOM DIE TEMA VAN DISSOSIASIE

2.1 INLEIDING

Venter (1993:247) verduidelik wat onder metateorie verstaan behoort te word: "Onder metateorie moet hier verstaan word 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek." Sodoende word 'n teologiese basisteorie verhelder of operasionaliseer. Sonder die integrering van metateoretiese insigte sal die ontwerp van 'n praktykteorie wetenskaplik onvolledig wees. Die effektiewe behandeling van 'n persoon met dissosiasie vanuit 'n pastorale oogpunt, vereis 'n ondersoek na die metateorie van ander hulpwetenskappe en dissiplines. Die belang van die integrering mag nie onderbeklemtoon word nie.

2.2 DOELSTELLING

Die doelstellings van hierdie hoofstuk is vervolgens om te let op die agtergrond van die term 'dissosiasie', asook op bepaalde ontwikkelinge en bydraes rondom hierdie tema deur die sielkunde. Daar sal ook gepoog word om vas te stel in watter mate die resultate van dié navorsing in die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon gebruik kan word.

Met die oog hierop word vervolgens aandag aan die volgende aspekte gegee:

- Die problematiek rondom dissosiasie
- Agtergrondgeskiedenis
- Terminologie en definiëring
- Die brein en dissosiasie
- Simptome wat dui op die moontlike aanwesigheid van dissosiasie
- Fragmentasie en subpersoonlikhede

- Snellers *(triggers)*
- Praktiese beginsels vir die behandeling van DIV
- Integrasie van 'n veelvoudige persoonlikheid
- Beginsels vir genesing
- Terapeutiese en godsdienstige misbruik

2.3 DIE PROBLEMATIEK RONDOM DISSOSIASIE

Die volgende aanhaling is deel van die verhaal van 'n meisie met die naam Judy. Dit illustreer iets van die innerlike worsteling en emosionele wonde en letsels waarmee die gedissosieerde persoon worstel. Dit word aangehaal deur Bryant, Kessler en Shirar in hul boek, *The family inside* (1992:2):

"I was born uncelebrated - I was not often held or nurtured. As a result, I lay in my crib most of the day, surrounded by the dismal iciness of grey walls. I was cold, hungry and dirty most of the time. In addition, I was not called by name - I was an object that was discarded and dumped in the corner of a room. Only to be used and abused for the pleasure of others - I did not know I existed. From the time I was two years old and out of the crib until the age of five or six, I lived locked in my room, a prisoner isolated from the world outside. Only on special occasions was I taken from my room - to be used in rituals or pornographic movies.

Unable to cope any longer with the terror of the night, the rituals filled with sexual perversions and physical pain, I created more children inside to help me. Soon there were so many, I found that I could hide safely away inside, letting those I created survive what I no longer could. I did not experience pain, for it was held by my other selves. I did not experience anger, for it was kept firmly locked inside. I only experienced isolation as I 'flew' by myself above the room, watching below me as the invaders tortured the bodies of the other children I had created so that I could survive. Years went by during which I didn't know I was human, didn't know who I was.

Life was not real. I was not real. I was only this 'thing', waking each day so I could be used and abused each night. Time no longer existed for me; I hid inside, covered by layer upon layer of created personalities. I lay dormant inside myself, still and unformed. I was not a person. I had no hope, no unity, no life at all. I felt ugly and dead. I still to this day cannot comprehend how I survived, even though I know it was my ability to dissociate that brought me through."

'n Vraag wat in hierdie studie baie prominent is, is naamlik: In watter mate was die kerk, asook Christen beraders, in die verlede toegerus en op hoogte om 'n persoon soos Judy pastoraal te begelei? Hierdie studie poog om inderdaad 'n bydrae in hierdie verband te lewer.

2.4 AGTERGRONDGESKIEDENIS

In die Egiptiese mites kan die verskynsel van dissosiasie tot so vroeg as 400 v.C. teruggevoer word (McMinn, 1997:19). Aantekeninge gemaak deur mediese dokters, geskiedskrywers en digters toon ook spore van dissosiasie so vroeg as 490 v.C. in die Griekse kultuur. Deur verskeie eeue heen was daar egter by die kerk 'n onvermoë om die menslike emosionele behoeftes aan te spreek. Gemolesteerde vroue met simptome van ernstige posttraumatiese stressindroom is tydens die Middeleeue van heksery verdink en as sodanig op brandstapels verbrand - óf diesulkes is van demoniese besetting beskuldig (Matsakis, 1996:14).

In hierdie stryd rondom die verstáán van menswees, het die sielkunde geweldige vordering in navorsing gemaak. Die Franse sielkundige, Pierre Janet, het in 1890 vir die eerste keer die term *dissosiasie* gebruik en gedefinieer. Hy het dit soos volg gedefinieer: *"People with hysteria had lost the capacity to integrate the memory of overwhelming life events."* Sigmund Freud en sy kollega, Joseph Breuer, het die proses die benaming *double consciousness* gegee (Herman, 2001:12). McMinn (1997:19) wys op die feit dat - tydens die laat 1800's en vroeë 1900's - persone soos Janet, tesame met Morton Prince en William James baanbrekerswerk gedoen het rondom dissosiasie en veral rondom veelvoudige persoonlikheidsversteuring. Die bespreking van gefragmenteerde persoonlikhede het in hierdie tyd wye professionele en wetenskaplike aandag geniet. Die populariteit van gedragsterapieë asook psigoanalise in die middel van die twintigste eeu, het egter daartoe gelei dat dissosiasie weer heeltemal in die skadu geplaas is. Dit is maar eers gedurende die afgelope 20 tot 30 jaar, in 'n poging om kognitiewe verklarings ten opsigte van die psigopatologie te gee, dat daar weer met hernude belangstelling na dissosiasie en verwante simptome gekyk word. Ongeveer die helfte van die 700 artikels, boeke en hoofstukke wat sedert 1860 aangaande dissosiatiewe identiteitsversteuring geskryf is, is gepubliseer gedurende die 1980's en vroeë 1990's (McMinn, 1997:19). Sedert die 1990's het die navorsing toegeneem rondom die tema van dissosiasie.

Vanuit sielkundige oogpunt is dit veral belangrik om kennis te neem van die baanbrekerswerk rondom die diagnosering en behandeling van DIV deur Cornelia B Wilbur. In 1952 het Wilbur vir die eerste keer kennis gemaak met dissosiasie. Haar pasiënt se naam was Sybil, en baie gou tydens terapie het die subpersoonlikhede hul teenwoordigheid bekend gemaak. Na aanleiding hiervan het Wilbur begin om artikels oor dissosiasie, histerie en dissosiatiewe identiteitsversteuring te skryf. Die artikels is egter elke keer afgewys vir publisering deur akademiese tydskrifte aangesien die geval waaroor dit gehandel het nog te onbekend en raar was. Wilbur was egter gedetermineerd en het haar na die sekulêre media gewend. In 1973 is Wilbur se bevindinge in fiksievorm gepubliseer. Die boek was 'n topverkoper en daarna is 'n televisie-draaiboek daarvan gemaak. Uiteenlopende reaksie het hierop gevolg. Sommige kritici het dit aanvaar en beskryf as: "*This book is destined to stand as a significant landmark in both psychiatry and literature.* " terwyl ander haar beskuldig het van valsheid en dat dit niks anders as fiksie is nie. Wilbur het verder gegaan en die terapeutiese misbruik rondom die verkeerde diagnose en gevolglike verkeerde behandeling van dissosiasie uitgewys. Sy het dissosiatiewe identiteitsversteuring soos volg gedefinieer: "*MPD is clearly a defense disorder against overwhelming emotional and physical trauma and is more closely related to posttraumatic stress disorder than anything else.* " Haar volhardende werk het vrugte afgewerp en vandag word Cornelia B Wilbur se werke erken. Die APA het in 1993 die boek, *Clincal perspectives on multiple personality disorder*, gepubliseer ter nagedagtenis aan Wilbur (Kluft, 1993:XXX). Die aktualiteit van dissosiasie word verder ook sterk beklemtoon deur talle publikasies (vgl. Friesen, 2003; Seamands, 1992; Schiraldi, 2000; Siegel, 1997; Baldwin, 2004; Van der Kolk, 2003; Hopper, 2004; Herman, 2001; Draper, 1996; Putman, 1989; Fine, 1993; Loewenstein, 1991 en Steinberg, 2001).

Aan die ander kant is dit egter ook so dat, ten spyte van al die vordering wat reeds in die navorsing gemaak is, die navorsing rondom die verskynsel van posttraumatiese stressindroom - waaronder dissosiasie ressorteer - steeds maar in die beginstadium is (Schiraldi, 2000:X). Daarom is dit belangrik dat terapeute én trauma slagoffers bewus sal wees van die verskeidenheid behandelingsopsies, sodat die beste keuse van behandeling uit al die benaderings of kombinasie van benaderings gemaak kan word.

2.5 TERMINOLOGIE EN DEFINIËRING

Dissosiasie word tans in die *DSM-IV (Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, 4th edition)* gemeet aan vier kriteria (APA, 1995:484) en die volgende versteurings word as simptome van dissosiasie aanvaar:

- Dissosiatiewe geheueverlies
- Dissosiatiewe swerfsiekte
- Dissosiatiewe identiteitsversteuring
- Depersonalisasie-afwyking

2.5.1 DISSOSIATIEWE GEHEUEVERLIES *(DISSOCIATIVE AMNESIA)*

Die beskrywing in die *DSM-IV* is soos volg (APA, 1995:478):

Die essensiële kenmerk van geheueverlies as gevolg van dissosiëring is die onvermoë om belangrike persoonlike inligting te kan onthou, wat gewoonlik die gevolg is van traumatiese of geweldige spanningsvolle oorsake. Hierdie ervaring is gewoonlik só omvangryk, dat dit nie as normale vergeetagtigheid beskryf kan word nie (kenmerk A). Hierdie afwyking het in so 'n mate 'n invloed op die geheue, dat persoonlike ervarings nie onthou kan word nie en dus nie mondelings weergegee kan word nie. Die afwyking is nie uitsluitlik die gevolg van dissosiëring as gevolg van dissosiatiewe identiteitsversteuring, dissosiatiewe swerfsiekte, posttraumatiese stres, akute spanning of liggaamlike ongesteldheid nie. Dit is ook nie die direkte gevolg van psigologiese redes van enige aard, neurologiese of ander mediese toestande nie (kenmerk B). Die simptome moet noodwendig 'n beduidende kliniese angs of negatiewe impak veroorsaak in sosiale, beroeps- of ander belangrike areas (kenmerk C) (Vertaling deur navorser).

Geheueverlies as gevolg van dissosiëring word deur die individu in retrospeksie ervaar as 'n gaping of reeks gapings in die geheue betreffende voorafgaande gebeure. Hierdie geheuegapings is gewoonlik verwant aan traumatiese of uiters spanningsvolle tydperke in die verlede. Sodanige individue mag geheueverlies ervaar gedurende episodes waartydens selfbesering toegedien word, woedeuitbarstings plaasvind en selfmoordneigings na vore kom. Die voorkoms van 'n skielike aanval van dissosiatiewe geheueverlies is minder algemeen. Die akute vorm hiervan sal meer

waarskynlik gedurende 'n oorlogsituasie of 'n natuurramp plaasvind (Kaplan & Sadock, 1991:428).

Verskeie tipes afwykings gedurende dissosiatiewe geheueverlies word beskryf (APA, 1995:488; Kaplan & Sadock, 1991:429):

- Gedurende **beperkte geheueverlies** is dit nie moontlik om gebeurtenisse te onthou wat voorgekom het gedurende 'n beperkte periode nie. Beperkte geheueverlies vind gewoonlik plaas gedurende die eerste aantal ure wat volg op 'n traumatiese gebeurtenis, byvoorbeeld wanneer die persoon sonder enige noemenswaardige beserings 'n motorongeluk oorleef waarin 'n familielid oorlede is. Die geheueverlies kan selfs vir 'n periode van twee dae na die ongeluk duur.
- Gedurende **selektiewe geheueverlies** onthou die persoon sommige gebeurtenisse gedurende die beperkte periode, maar nie alles nie. 'n Oorlogsveteraan sal byvoorbeeld slegs sekere gedeeltes onthou van bloedige gevegte wat plaasgevind het.
- **Algemene totale geheueverlies** is waar dit onmoontlik vir die persoon is om enige aspek of detail uit die verlede te herroep. Persone met hierdie skaars afwyking meld gewoonlik by polisiekantore, trauma-eenhede of by hospitale aan.
- **Sistematiese geheueverlies** is die onvermoë om 'n sekere kategorie van inligting te onthou, byvoorbeeld geheue wat betrekking het op onmiddellike familie of 'n spesifieke persoon.

Laasgenoemde drie vorme van geheueverlies mag selfs as 'n komplekse vorm van dissosiatiewe geheueverlies gediagnoseer word tydens dissosiatiewe identiteitsversteuring.

Dissosiatiewe geheueverlies, soos byvoorbeeld die toenemende onvermoë om outobiografiese gebeure wat plaasgevind het voor die ouderdom van vyf jaar te onthou, is moeilik om te diagnoseer by pre-adolessente kinders. Dit sou verwar kon word met onoplettendheid, angs, rebelsheid, leerafwykings, sielkundige afwykings of normale geheueverlies wat deel is van die ontwikkelingsfases van die kind. Deurlopende observasies en evaluasies deur byvoorbeeld onderwysers, terapeute, ensovoorts, mag nodig wees om akkurate diagnoses van dissosiatiewe geheueverlies by kinders te maak (APA, 1995:478).

2.5.2 DISSOSIATIEWE SWERFSIEKTE *(DISSOCIATIVE FUGUE)*

Die *DSM-IV* beskryf hierdie afwyking soos volg (APA, 1995:481):

Die belangrike kenmerk van dissosiatiewe swerfsiekte is die skielike onverwagte reis weg van 'n persoon se woning of bekende omgewing van daaglikse aktiwiteite, met die onvermoë om alle of dele van die verlede te onthou (kenmerk A). Dit gaan gepaard met verwarring van persoonlike identiteit of selfs die aanvaarding van 'n nuwe identiteit (kenmerk B). Hierdie afwyking kom nie uitsluitlik voor gedurende die periode van dissosiatiewe identiteitsversteuring nie en is ook nie die gevolg van direkte fisiologiese redes of 'n algemene mediese toestand nie (kenmerk C). Die simptome moet noodwendig 'n beduidende kliniese angs of negatiewe impak veroorsaak in beroeps-, sosiale of ander belangrike areas (kenmerk D) (Vertaling deur navorser).

Reise mag wissel van kort reise met kort tussenposes byvoorbeeld ure of dae, tot gewoonlik komplekse onopvallende dwalende reise vir lang periodes soos weke of maande. Sommige individue kan verskeie nasionale landsgrense oorsteek en in die proses duisende kilometers aflê. Gedurende 'n swerfsiekte-periode wil dit voorkom of individue in die algemeen geen simptome van 'n sielsiekte toon nie en gevolglik geen aandag trek al sou daar iets fout wees nie (Kaplan & Sadock, 1991:430).

As gevolg van geheueverlies met betrekking tot onlangse gebeure, asook weens die gebrek aan die bewustheid van persoonlike identiteit, sal so 'n individu kliniese aandag benodig. Wanneer die individu na die vóór-swerfsiekte-status terugkeer, mag daar geheueverlies wees met betrekking tot gebeure wat gedurende die swerfperiode plaasgevind het (APA, 1995:482).

In die meeste gevalle van swerfsiekte word daar nie 'n nuwe identiteit gevorm nie. Wanneer dit wel die geval blyk te wees, word dit gekenmerk deur 'n meer gesellige, ongebonde karakter as die aanvanklike identiteit. Die persoon mag 'n nuwe naam aanneem, van woonplek verander en selfs betrokke raak by 'n aantal sosiale aktiwiteite wat goed geïntegreerd is, sonder dat daar enige aanduiding van 'n geestesversteuring is (Kaplan & Sadock, 1991:431).

Kenmerke wat verder verband hou met hierdie toestand sluit onder andere die volgende in (APA, 1995:482):

- Nadat die individu na die vóór-swerfsiekte-status teruggekeer het, mag geheueverlies met betrekking tot traumatiese gebeure in die persoon se verlede voorkom. Ná die beëindiging van 'n lang periode van swerfsiekte, sal 'n soldaat byvoorbeeld geheueverlies ervaar met betrekking tot oorlogsgebeure wat etlike jare gelede plaasgevind het en waartydens sy vriend dood is.
- Depressie, wanfunksionering, hartseer, skaamte, skuldgevoelens, woedeuitbarstings, sielkundige angs, konflik en selfmoordneigings mag voorkom.
- Die persoon sal onakkurate antwoorde op vrae verskaf, bv. dat twee plus twee vyf is - soos in die geval van die sogenaamde Ganser-sindroom.
- Die omvang en tydperk van geheueverlies mag aanleiding gee tot ander probleme, soos die verlies van werk of die vertroebeling van gesins- en ander verhoudingsprobleme.

2.5.3 DISSOSIATIEWE IDENTITEITSVERSTEURING - DIV *(DISSOCIATIVE IDENTITY DISORDER - DID)*

Die benaming 'veelvoudige persoonlikheidsversteuring' (*multiple personality disorder*) is aanvanklik gebruik vir persone wat as gevolg van dissosiasie 'n tweede of meer subpersoonlikhede ontwikkel het. Die benaming wat tans meer in gebruik is, is 'dissosiatiewe identiteitsversteuring'.

Hierdie aspek word deur DSM-IV soos volg gedefinieer (APA, 1995:484) (Vertaling deur navorser):

- DIV reflekteer die onvermoë om verskillende aspekte van identiteit, geheue en bewussyn te integreer.
- Elke persoonlikheidstaat kan ervaar word asof dit 'n onderskeie persoonlike geskiedenis, selfbeeld en 'n identiteit met 'n eie naam het.
- Daar is gewoonlik 'n primêre identiteit wat die individu se naam dra, en wat passief, afhanklik, skuldig en depressief is.
- Die alternatiewe identiteite het dikwels verskillende name en karakteristieke wat kontrasteer met dié van die primêre identiteit.
- Verskillende identiteite kan onder verskillende omstandighede na vore kom en kan verskil ten opsigte van die ouderdom wat hulle meld, geslag, woordeskat, algemene kennis of oorwegende gemoedstoestand.

- Aggressiewe of vyandige identiteite kan by tye sekere aktiwiteite onderbreek of die ander identiteite in verleentheid plaas.
- Individue met hierdie versteuring ervaar dikwels gapings in hul geheue ten opsigte van persoonlike geskiedenis, beide wat betref die verre sowel as onlangse verlede.
- By volwassenes kan die aantal onderskeibare en onafhanklike persoonlikhede wissel van twee tot meer as 100. Ongeveer die helfte van gerapporteerde gevalle het 10 of minder persoonlikhede, en die ander helfte meer as 10.
- Die oorgang van een persoonlikheid na die ander is gewoonlik skielik (binne sekondes tot minute), maar kan in minder gevalle geleidelik plaasvind. Die oorgang word dikwels deur psigososiale stres afgesneller.
- Individue met DIV meld heel dikwels die ervaring van intense fisiese en seksuele misbruik, veral gedurende die kinderjare.
- Die voorkomssyfer is tussen drie en nege keer hoër by vroue as by mans.
- Vroue neig om meer identiteite as mans te hê; in die geval van vroue is die gemiddeld 15 of meer, en by mans ongeveer agt.

Volgens Bryant *et al.* (1992:5) is die volgende vier faktore nodig vir die skepping van 'n veelvoudige persoonlikheid:

- **Aangebore vermoë**
  Daar is aanduidings dat die tipiese kenmerke van 'n veelvoudige persoonlikheid in sekere families deur middel van die generasielyn oordraagbaar is.

- **Oorweldigende en herhalende trauma**
  Dit is so dat 97% van gedissosieerde persone 'n geskiedenis van trauma het, wat insluit intense fisiese, emosionele en/of seksuele misbruik. Hulle het dus gewoonlik opgegroei in gesinne waar daar ekstreme misbruik plaasgevind het. In sommige gevalle sou die trauma egter nie misbruik geïmpliseer het nie, soos byvoorbeeld 'n byna fatale ongeluk, dood van 'n ouer, ensovoorts. Die deurslaggewende faktor is egter die aanwesigheid van ekstreme en oorweldigende angs by die kind. Die eerste suksesvolle gebruik van dissosiasie om sodanige angs te hanteer, word dan opgevolg deur die voortgesette gebruik van dissosiasie om toekomstige lewenskrisisse te hanteer.

- **'n Faktor wat met ontwikkeling verband hou**
  - Die unieke persoonlikheid en vermoëns van die kind.
  - Die lewensfase en moment waartydens die trauma en dissosiasie plaasvind.
  - Die voortgaande omgewingsdinamiek.

- **Die kind wat gedissosieer raak, is sonder bronne**
  - Daar is geen bronne wat die situasie kan verander nie.
  - Daar is geen bronne wat veiligheid en ondersteuning kan bied nie.
  - Daar is geen bronne wat aan die kind die geleentheid kan bied om die trauma of misbruik te prosesseer nie.

James Friesen (1997:42) se beskrywing van die aanleidende faktore tot 'n veelvoudige persoonlikheid sluit baie aan by dié van Bryant *et al.*:

- **Biologies:**
  Ongeveer 25% van alle kinders word gebore met die vermoë om te dissosieer indien nodig.

- **Misbruik gedurende vroeë kinderjare:**
  Die meeste van hierdie persone is in 'n vroeë stadium seksueel gemolesteer. Hulle het gevolglik dissosiasie nodig gehad om die misbruik te kan verwerk en hanteer.

- **Voortgaande misbruik en gebrek aan versorging *(nurturing)*:**
  Hulle lewensomstandighede was gevaarlik en hulle het oor 'n lang tydperk misbruik beleef. Hulle huis is nie 'n veilige plek nie en dissosiasie moet gebruik word om die voortgaande misbruik te hanteer.

- **Die eiesoortige psigologiese struktuur van sommige persone:**
  Daar is gewoonlik 'n besondere vermoë om te fantaseer, asook 'n hoë vlak van kreatiwiteit.

Draper (1996:127) ondersteun ook die bogenoemde stellings, maar wys bykomend op die belangrike invloed van die verhouding tussen die oortreder en die kind. Hoe nader die persoon familiegewys aan die kind is wat deur hom misbruik word, hoe meer geneig is die kind om die 'geheim' te bewaar. Die vrees dat sy sekuriteit weggeneem sal word, maak dat hy stilbly en gevolglik dissosieer om met die misbruik te kan saamleef.

Wanneer al hierdie faktore aanwesig is, kan DIV baie maklik ontwikkel. In die afwesigheid van veiligheid en ondersteuning word die kind as't ware gedwing om die enigste oorlewingstegniek tot sy beskikking te gebruik, naamlik dissosiasie.

2.5.4 DEPERSONALISASIEAFWYKING (*DEPERSONALIZATION DISORDER*)

Die *DSM-IV* beskryf hierdie toestand as volg (APA, 1995:488):

Die essensiële kenmerk van depersonalisasie is volgehoue of terugkomende episodes van depersonalisasie, gekenmerk deur 'n gevoel van losheid of verwydering van die persoon self (kenmerk A). Die individu mag voel soos 'n outomaat – so asof in 'n droom of 'n film - of soos 'n buitestaander wat sy verstandelike prosesse, sy liggaam of dele daarvan, waarneem. Die individu met depersonalisasie het swak kontak met die realiteit, aangesien so 'n persoon die ervaring mag hê dat dit slegs maar om 'n 'gevoel' gaan en dat hy nie regtig soos 'n outomaat optree nie (kenmerk B). Depersonalisasie is 'n algemene ervaring en 'n diagnose moet slegs gemaak word as die simptome baie pertinent is en 'n aantasting in funksionering duidelik waarneembaar is (kenmerk C). Depersonalisasie kan ook kenmerkend wees van ander geestesafwykings soos byvoorbeeld skisofrenie, angs, akute spanning of enige ander geassosieerde afwyking. Dit kan by geleentheid ook toegeskryf word aan 'n direkte substansiële, psigologiese oorsaak of 'n algemene mediese toestand. In hierdie verband sal daar dus baie duidelik onderskei moet word (kenmerk D) (Vertaling deur navorser).

Verwante kenmerkende afwykings is onder andere:

- Dikwels sal die individu met depersonalisasieafwyking dit moeilik vind om die simptome wat hulle ervaar te beskryf, uit vrees dat hul ervarings sou kon dui op geestesversteuring.
- Derealisasie mag deur die individu ervaar word, as sou die buitewêreld 'n vreemde en ongeloofwaardige plek is. Die individu mag 'n angswekkende verandering in die grootte of vorm van voorwerpe ervaar en mense mag onbekend of meganies voorkom.
- Ander algemene kenmerke is angssimptome, paniekaanvalle, depressie, obsessiewe neigings, bekommernisse oor liggaamlike probleme en 'n wanbegrip van tyd.

Die werklike aantal voorvalle van depersonalisasie binne die gemeenskap - asook binne inrigtings - is onbekend. Ongeveer die helfte van alle volwassenes mag 'n enkele matige voorval van depersonalisasie gedurende hul leeftyd beleef, gewoonlik as gevolg van geweldige spanning. 'n Kortstondige verbygaande ondervinding van depersonalisasie ontwikkel by bykans 33% van alle individue wat blootgestel word aan lewensgevaarlike omstandighede en by bykans 40% van individue wat gehospitaliseer is vir geestesafwykings (APA, 1995:489; Kaplan & Sadock, 1991:435).

Haddock (2001:5-7) gee 'n verdere omskrywing van belangrike begrippe rondom dissosiasie:

Begrip:	**Definisie:**
Posttraumatiese stressindroom (PTSS)	'n Angsversteuring met betrekking tot 'n individu se reaksie op trauma. Dit sluit dikwels ook in: indringende terugflitse van die gebeurtenis, emosionele afstomping, verhoogde opwekking of 'n kombinasie van hierdie reaksies. PTSS is die gevolg van oorweldigende blootstelling aan 'n stresvolle insident of 'n reeks van gebeure, soos byvoorbeeld oorlog, verkragting of molestering. Dit is die normale reaksie van normale mense op 'n abnormale situasie (Matsakis, 1996:2).
Veelvoudige fragmentasie	'n Vorm van DIV wat dikwels meer as 'n honderd subpersoonlikhede insluit. Gewoonlik is dit die gevolg van kultiese rituele en trauma, gekoppel aan intense misbruik oor 'n lang periode, waar meer as een oortreder by betrokke was.
Gefragmenteerde subpersoonlikheid	Fragmentering van die persoonlikheid wat plaasvind wanneer die persoon nie oor die nodige emosionele kapasiteit beskik om trauma te verwerk nie. Sommige fragmente bestaan vir spesifieke doeleindes of rolle en funksioneer nie wyer as die speelruimte van daardie rolle nie.

Subpersoonlikheid/Alter	Dit is 'n alternatiewe persoonlikheid teenswoordig in DIV's. Elke subpersoonlikheid is 'n gedissosieerde deel van die self, wat beskik oor onderdrukte emosies en geheuemateriaal van traumatiese gebeurtenisse. Hierdie subpersoonlikhede is in staat om onafhanklik van mekaar te kan funksioneer. Daar word ook na die subpersoonlikhede verwys as dele van die self, omrede dit deel vorm van die individu se geheelpersoonlikheid.
Medebewussyn	Die bewussyn wat een subpersoonlikheid het van ander subpersoonlikhede se ondervindings binne die interne sisteem van 'n individu met DIV.
Valse geheue	'n Term geformuleer deur die *False Memory Syndrome Foundation* om herinneringe te beskryf wat volgens hulle nie gebaseer is op die werklike gebeurtenis nie. Hierdie konsep word nog nie algemeen aanvaar deur kliniese navorsers nie.
Terugflits	Indringende gedagtes, emosies of beelde wat geassosieer word met die traumatiese gebeurtenis en wat 'n skielike inbraak maak op die bewussyn van 'n individu. Tydens 'n terugflits beleef die individu dit asof hy weer terug is in die spesifieke trauma-situasie.
Fusie/samesmelting	Twee subpersoonlikhede wat saamsmelt om een persoonlikheid te vorm en die proses van integrasie van subpersoonlikhede wat sodoende geïnisieer word.
Integrasie	Die proses wanneer gedissosieerde geheuemateriaal na die bewussyn gebring word .
Somatiese terugflits	Liggaamlike sensasies wat verband hou met die traumatiese gebeurtenis wat gedissosieer is en waarvan die individu geen bewussyn het nie.
Oorskakeling (*switching*)	Die verandering van een subpersoonlikheid na 'n ander. Dit gaan dikwels gepaard met verandering in liggaamshouding, stemtoon, gemoed of die vlak van kognitiewe funksionering. Die individu beleef soms geweldige hoofpyne wanneer so 'n oorskakeling plaasvind.
Sisteem	'n Term wat al die dele in die self van 'n DIV beskryf. Beskrywende manier om al die verskille subpersoonlikhede as 'n geheel te beskryf.

Sneller (*trigger*)	'n Stimulus wat die persoon weer aan die traumatiese gebeure herinner. Individue is soms nie eens bewus van die verband tussen die stimulus en die trauma nie. Snellers sluit dinge soos mense, reuke, klanke, visuele beelde, ensovoorts in.

2.6 DIE BREIN EN DISSOSIASIE

Die brein is die 'beheersentrum' of 'beginpunt' van totale menswees. Alle gedagtes, gevoelens, gedrag, ensovoorts, ontstaan in die brein. Die brein beskik oor 'n geweldige kapasiteitsvermoë. Smith (1992:9) beweer dat die mens so min as 20% van hierdie kapasiteit gebruik. Slegs 7% van alle mense bereik hul volle potensiaal in hul leeftyd. Schiraldi (2000:14) beskryf die brein se funksionering soos 'n rekenaar: niks wat jy ooit belewe en ervaar het, is vergete nie. Alhoewel jy nie al die detail op een gegewe moment kan herroep nie, het die brein slegs 'n sekere stimulus nodig om onmiddellik 'n spesifieke lêer te open.

Jordaan en Jordaan (1989:198) bevestig hierdie standpunt met sy verwysing na die bydrae deur die neurochirurg, dr. Wilder Penfield, alreeds gedurende die vyftiger jare. Hy het kortikale stimulering toegedien op wakker pasiënte wat operasies ondergaan het vir epilepsie, wat veroorsaak is deur letsels in die temporale lobbe. Vir hierdie operasies word lokale verdowing gebruik, sodat die pasiënte by hulle volle bewussyn is. Om die letsels te kan lokaliseer, is dit nodig om die een na die ander punt op die temporale korteks met 'n elektrode te stimuleer. Dit is nie pynlik nie, omdat die brein nie pynreseptore bevat nie. Tydens hierdie operasies het stimulering verskillende geheue-inhoude by die pasiënte ontlok. Die pasiënte was volkome bewus van hulle onmiddellike omgewing – tog het een of ander tafereel uit die verlede helder en duidelik afgespeel tydens stimulering.

Penfield (soos aangehaal deur Jordaan en Jordaan, 1989:198) rapporteer soos volg:

"The patient observed when the electrode touched the temporal lobe (right superior temporal convolution). 'There was a piano over there and someone playing. I could hear the song you know.' When the cortex was stimulated again without warning, at approximately the same point, the patient had a different experience. He said 'Someone speaking to another and he mentioned a name but I could not understand it. It was like a dream.' Again the point was stimulated

without his knowledge. He said quietly: 'Yes, Oh Marie, Oh Marie! Someone is singing it!' When the point was stimulated a fourth time he heard the same song again and said it was the theme song of a radio programme."

Toe die elektrode ongeveer vier sentimeter verskuif is, is ander geheue-inligting geaktiveer. By geleentheid is die pasiënt onder die indruk gebring dat stimulering toegedien word, ofskoon dit nie so was nie. Die pasiënt is nie by magte om self te oordeel of stimulering toegedien word, al dan nie, omdat die korteks nie tas-reseptore het nie. Die pasiënt het dan onmiddellik geantwoord dat hy niks herroep nie. Hierdie navorsingsbevindings van Penfield word beskou as bevestiging vir die standpunt dat die langtermyngeheue 'n onbeperkte kapasiteit en duur het, en dat alle ondervindings van die mens in die brein geberg word.

Sien **Bylae 1** vir 'n grafiese verwerking soos deur Coetzer (2004:83) van Schiraldi (2000:15) se voorstelling van dissosiasie. Die verduideliking van die grafiese verwerking is as volg:

- Aan die regterkant van die muur (die Hippokampus) is normale geheuemateriaal. Hierdie herinneringe is fyn gebalanseerd, verbind en geïntegreer. Daar word ook hierna verwys as die gewone geheue (dag-tot-dag-geheue), dit word gestoor in narratiewe vorm en kan beïnvloed word. Met tyd verweer dit ook. Lewenslesse en bruikbare idees vanuit vorige lewenservaringe kan vervleg word in huidige situasies en beplanning. Emosies hier gestoor kan herroep word, maar sonder die oorweldigende effek. Hierdie geheuemateriaal is ook ordelik gestoor (Schiraldi, 2000:15; Haddock, 2001:20; Anderson *et al.*, 2000:287).

- Emosionele traumatiese geheuemateriaal is nie ordelik gestoor of verbind nie en word aan die linkerkant van die muur (die Amigdala) geïsoleer en gedissosieer. Hierdie herinneringe word afgekamp en is gevolglik nie geliasseer in die langtermyngeheue nie. Traumatiese geheue laat jou ook dikwels soos 'n ander persoon voel. Dit is asof daar tydens die trauma iets met jou persoonlikheid gebeur het en hierdie 'andersheid' word ervaar sodra die herinneringe afgesneller word. Die traumatiese emosionele geheue word ook nie in narratiewe vorm gestoor nie, maar in die vorm van sensuele indrukke. Dit word in baie duidelike detail gestoor, maar in losstaande eenhede. Hierdie traumageheue verweer ook nooit nie en is baie onstabiel. Hierdie geheue bly baie naby die oppervlak van die bewussyn en kan baie maklik ontketen of '*gesneller*' word deur enige herinnering aan die trauma of selfs dinge wat met die *'sneller'* geassosieer kan word. Die verbreking tussen die bewussyn/hippokampus en die

onbewuste/amigdala is die rede waarom die persoon in sy liggaam of deur sy eie gedrag sekere leidrade begin ontvang wat aantoon dat iets verkeerd is, alhoewel hy nie bewustelik die detail kan herroep nie (Schiraldi, 2000:15; Haddock, 2001:20; Van der Kolk, 1995:5).

- Gedurende stres of trauma word sekere stowwe (*glukokortikoïede)* vrygestel. Hierdie vrystelling lei tot die verbreking van die kontak tussen hierdie twee geheuesisteme (die Amigdala en Hippokampus). Enige abnormale reaksie kan hieruit voortspruit en dikwels lei dit tot psigopatologie (Schiraldi, 2000:16; Matsakis, 1996:114).

- Die muur wat hierdie twee areas van herinneringe skei, is baie maklik deurganklik en penetreerbaar. Persone spandeer gevolglik baie emosionele energie om hierdie muur staande te hou, maar die herinneringe bly sporadies deursypel na die bewuste toe. Dissosiatiewe geheue is ook hoogs emosioneel en hoofsaaklik nonverbaal. Anders as normale herinneringe, wat meer logies en verbaal geprosesseer is voordat dit gestoor is, is traumageheue afgesper voordat dit volledig geprosesseer is. Die gevolg is dat gedagtes wat verband hou met die trauma is gewoonlik outomaties, impulsief, onuitgesproke, ongetoets en ongeorganiseerd (Schiraldi, 2000:16; Haddock, 2001:21).

- Traumatiese geheue is nie slegs geïsoleer nie (Schiraldi 2000:16), maar op sigself ook gefragmenteerd in verskillende hokkies:
  - Geheue sluit die volgende in: gedagtes, beelde, emosies, gedrag, identiteit en fisiese sensasies.
  - Fisiese sensasies sluit in: klanke, reuke, smake en liggaamlike sensasies.
  - Liggaamlike sensasies sluit in: raak-/voelsensasies, pyn, sensasie van beweging, spanning en posisie.

  Al hierdie verskillende elemente word egter apart gestoor binne die traumatiese geheue – en vir die betrokke persoon is dit moeilik om sin uit dit alles te maak.

Friesen (1997:114) is van mening dat dissosiasie by uitstek die wonderlikste en effektiefste beskermingsmeganisme teen pyn is. Hy stel dit dat die individu voorgee dat die trauma met iemand anders gebeur het, en dan *"... Poof! ... COMPLETELY forgets about it! It is gone"*. Op geen manier kan die individu self deur hierdie geheueverlies breek nie en gevolglik is intensiewe terapie nodig om die geheue weer te herwin.

Dissosiasie kan volledig of slegs gedeeltelik plaasvind. Daar is vier komponente wat bepaal of die dissosiasie algeheel of gedeeltelik is, naamlik:

- Die herinneringe van die denke/rede/bewussyn.
- Die herinneringe van die emosies.
- Die herinneringe van die liggaam.
- Die herinneringe van die wil.

Wanneer al vier hierdie komponente se geheue verbreek is, vind algehele dissosiasie plaas. Tydens gedeeltelike dissosiasie is slegs drie of minder van die komponente se geheue verbreek. Die gedissosieerde sal dan byvoorbeeld liggaamlike sensasies onthou, maar geen bewustelike herinneringe van so 'n voorval hê nie (Friesen, 1997:114).

Dissosiasie is 'n beskermingsmeganisme teen oorweldigende trauma. Die brein 'blokkeer' die traumageheue op dieselfde manier as wat die liggaam infeksies blokkeer. Dissosiasie vind gewoonlik plaas wanneer die trauma ernstig en intens is, wanneer dit herhaaldelik voorkom of wanneer dit op 'n baie vroeë ouderdom voorkom (Anderson *et al.*, 2000:287; Schiraldi, 2000:20).

Navorsing onder 100 DIV-pasiënte het getoon dat die verskillende tipes trauma waaraan hulle as kinders blootgestel was, persentasiegewys bydra tot dissosiasie (Putman, 1989:48). Die onderskeie persentasies sien soos volg daar uit:

- Seksuele mishandeling: 85%
- Fisiese mishandeling: 75%
- Fisiese en seksuele mishandeling: 70%
- Uitermatige verwerping: 60%
- Ooggetuie van geweldadige moord: 40%
- Ander vorme van mishandeling: 38%
- Uitermatige armoedige omstandighede: 20%

2.7 SIMPTOME WAT DUI OP DIE MOONTLIKE AANWESIGHEID VAN DISSOSIASIE

Die effek van dissosiasie is ingrypend en die wyse waarop dit manifesteer, sowel as die intensiteit, verskil van persoon tot persoon, afhangende van die tipe trauma (Haddock, 2001:25). Schiraldi (2000:24) lys 'n aantal van die mees algemene simptome wat beleef word:

Styfheid in die liggaam	Gevoel van afgestomptheid
Stadig om te reageer teenoor ander	Gevoel van verlies aan kontak met hede
Dagdromery	Gevoel van minderwaardigheid
Uitermatige bekommernis	Fantasieë
Godslasterlike gedagtes	Duiseligheid
Selfverwyt	Selfbenadelende gedrag
Gebrek aan konsentrasie	Irrasionele en onvoorspelbare gedrag
Wellusgedagtes	Gevoel van onbekwaamheid
Vertwyfeling	Obsessiewe gedagtes
Kompulsiewe gedagtes	Hoofpyne
Depressie, angs, vyandigheid	Geheueverlies
Gevoelloosheid ten opsigte van pyn	Oormatige betrokkenheid of passiwiteit
Skuldgevoelens	Oë word angstig en beweeg rond
'n Vêraf kyk in die oë	Staar af grond toe of in die verte
Outomatiese reaksies (robotgevoel)	Angs
Verslawings	Selfbesering

Vervolgens 'n bespreking van enkele van die simptome:

- **Selfverwyt:**
  Mense beleef dikwels skaamte en selfverwyt, of hulle verantwoordelik was vir die gebeure of nie. Intellektueel kan die slagoffer die blaam plaas waar dit hoort. 'n Gemolesteerde meisie sal byvoorbeeld die volgende uiter: "*Natuurlik weet ek ek is nie verantwoordelik vir my pa se gedrag nie; ek is maar net sewe jaar oud.*" Maar op 'n dieper emosionele vlak, beleef hulle intense skaamte en selfverwyt: "*Ek kon dit gestop het*" (Haddock, 2001:26).

Selfveroordeling, selfverwyt en onverwerkte skuld- en skaamtegevoelens kompliseer die herstelproses.

- **'n Verdraaide waardesisteem/verpletterde veronderstellings:**
  Bryant *et al.* (1992:14) verwoord die verdraaide persepsies wat getraumatiseerde kinders van 'n disfunksionele gesin glo, soos volg:
  - 'n Mens is intrinsiek sleg en daarom moet jy heeltyd beheer word, sodat jy uiteindelik goed kan word.
  - 'n Kind is sleg wanneer hy enige behoeftes beleef wat die misbruiker nie beleef nie.
  - Ernstige mishandeling is die beste manier om 'n slegte kind te beheer.
  - 'n Kind het geen regte nie.
  - 'n Kind is 'n objek vir die gebruik en plesier van ander lede van die familie.

- **Woede:**
  Draper (1996:53) beklemtoon dat elke gemolesteerde aan wie hy terapie moes gee, worstel met intense woede. Woede vorm 'n bose sirkel in die individu se lewe, aangesien die woede lei na woedeuitbarstings. Woedeuitbarstings stimuleer vrees en vrees lei tot skuldgevoelens. Skuldgevoelens lei tot depressie, en depressie versterk die hulpelose en onbekwame gevoel, wat weer versterkend op die woede inwerk.

- **Herhalende kompulsiewe gedrag:**
  Kompulsie is die voortdurende herhaling van ongewenste, irrasionele gedrag. Dit het 'n verslawende effek en is baie meer nadelig as wat dit voordelig is vir die individu. Tog sal die erkenning van hierdie feit en die persoon se voorneme om dadelik te stop nie die gewenste reaksie hê nie. Hierdie tipe gedrag kan enigiets van dobbel, koop, ooretery, seksuele gedrag, ensovoorts insluit. Die kompulsiewe gedrag word in die eerste plek 'n plaasvervanger vir die voortdurende onaangespreekte behoefte. In die tweede plek is mense geneig om dieselfde tipe trauma te 'herhaal' in 'n poging om dit te bemeester, af te handel en uit te sorteer. Hulle mimiek as't ware die krag en beheer wat tydens die traumagebeure verloor is (Matsakis, 1996:63; Backus, 1985:184).

- **Verslawing:**
  Alkohol, dwelmmiddels en pynstillers word baie algemeen misbruik in 'n poging om die pyn te verlig. Dit bring egter net tydelike verligting en belemmer die genesingsproses (Matsakis,

1996:55). Volgens navorsing wat deur Joseph *et al.* (1997:22) gedoen is, is substans misbruik 'n algemene verskynsel onder persone wat aan geweldige trauma blootgestel was. In een van hul studies met veertig gewese Viëtnam soldate, is bevind dat 63% van hierdie groep alkohol misbruik het. In 'n ander studie, waar 268 eks-Viëtnam soldate gebruik is, is bevind dat ongeveer die helfte van hulle aan alkohol verslaaf was en meer as die helfte van hulle het dwelms/medikasie misbruik.

- **Liggaamlike klagtes:**

  Wanneer traumamateriaal nie geprosesseer of verbaal uitgedruk kan word nie, manifesteer die pyn dikwels fisies. Die fisiese pyn dien as 'n afleiding van die emosionele pyn. Fisiese klagtes kan die volgende insluit: chroniese pyn, hoofpyne, hartpyne, pynlike gewrigte, rug- en bekkenpyn, hipertensie, allergieë, asma, rumatoïede artritis, velprobleme, ledemate wat swaar voel, knop-in-die-keel, floutes, 'n doodse gevoel of tinteling in liggaamsdele, hipochondriase, uitputting en maagsere (Joseph *et al.*, 1997:25).

  Navorsing het verder aangedui dat die individu 'n groter kans het om fisiese probleme te ontwikkel indien die trauma plaasgevind het voordat hy kon praat, aangesien die denke tydens die trauma gedissosieer het en dan op 'n latere stadium in sy lewe manifesteer as fisiese pyn. Volgens Putman (1989:65) is hoofpyne die mees algemene fisiese simptoom wat by byna alle DIV's teenwoordig is. Die hoofpyne is uitermate pynlik en beïnvloed gewoonlik ook die sigvermoë. Normale medisinale dosering het min of geen uitwerking op die hoofpyne nie. Hy beweer dat die hoofpyne hoofsaaklik ontstaan as gevolg van die onderlinge struwelinge tussen die subpersoonlikhede om beheer te verkry. Geforseerde oorskakeling (*switching)* sal ook altyd met hoofpyne gepaard gaan.

- **Simptome gedurende die volwasse jare:**

  Draper (1996:65) noem die volgende as tipiese simptome in die volwassene se lewe, as gevolg van blootstelling aan trauma tydens die kinderjare: sukkel met onderdrukte en onverwerkte emosies wat woedeuitbarstings tot gevolg kan hê; verwarring ten opsigte van persoonlike identiteit en persoonlike grense; depressie; angstigheid; verwarring in geestelike lewe; sosiale wanaanpassings; probleme in die huwelik en 'n onvermoë om emosies te toon.

- **Stemme:**

  Wanneer die subpersoonlikhede met mekaar kommunikeer, kan die DIV stemme hoor. Hierdie kommunikasie kan chaotiese afmetings aanneem vir die persoon, soms so erg dat hy onbewus is van ander geluide in sy omgewing. 'n Voorbeeld is die getik van 'n horlosie. Omrede die subpersoonlikhede elk 'n ander ouderdom het, klink dit asof daar 'n groep van verskillende mense is, wat almal gelyktydig praat volgens elkeen se eie agenda. Aanvanklik sal terapie vir die DIV eerder soos 'n regsgeding voel en alles sal uit beheer voel. Namate die terapie egter vorder en hy leer om te onderskei, word dit stelselmatig beter (Bryant *et al.*, 1992:33).

- **Nagmerries:**

  Soos wat die terapie vorder, neem nagmerries en slaaploosheid dikwels toe. Die nagmerries kan by geleentheid die oorspronklike traumatiese ondervinding weerspieël. Dit is ook moontlik dat die subpersoonlikheid op so 'n manier te kenne gee dat hy nou gereed is om die geheuemateriaal te openbaar en om die drome te verwoord, kan gevolglik bevorderlik vir die terapie wees (Bryant *et al.*, 1992:33).

- **Paniekaanvalle:**

  Paniekaanvalle kan 'n daaglikse verskynsels by sommige DIV's wees. Dit kan geaktiveer word deur 'n teenswoordige stimulus wat gekoppel word aan die oorspronklike traumatiese gebeurtenis (Putman; 1989:61).

- **Depressie:**

  Passiwiteit is 'n verdedigingsmeganisme om van die pyn te ontsnap. Die depressie kan verdiep soos wat die geheue en emosies rondom gebeurtenisse herwin word. Die toedien van antidepressante moet gemonitor word, omdat die subpersoonlikhede elkeen 'n ander respons op die medikasie kan hê. Medikasie wat kan help vir die volwasse persoon, kan byvoorbeeld 'n kind-subpersoonlikheid siek maak - of géén uitwerking op 'n ander volwasse subpersoonlikheid hê nie (Putman, 1989:58; Bryant *et al.*, 1992:34).

- **Eetversteuring:**

  Of, wanneer en wat 'n persoon eet, word bepaal deur die subpersoonlikheid wat op daardie oomblik dominant is. Vir die DIV is daar altyd 'n korrelasie tussen sy voorkoms en die

misbruik wat plaasgevind het en gevolglik het dit 'n direkte invloed op sy eetgewoontes (Bryant *et al.*, 1992:34).

- **Verlies aan tyd:**
  Daar kan gapings in 'n DIV se verlede wees waarvan hy niks kan onthou nie. Dit kan strek oor minute, dae, weke of selfs jare, afhangende van die subpersoonlikhede wat dominant is. Dit gebeur dat 'n persoon byvoorbeeld na 'n winkelkompleks sal gaan en daar 'n sneller *(trigger)* beleef, wat 'n ander subpersoonlikheid laat oorneem. Dié sal dan geen herinnering hê van hoe hy daar gekom het en waarom hy daar is nie. Deur die jare het die persoon egter geleer om die verwarring van sulke situasies weg te steek en voor te gee dat hy in beheer is (Putman, 1989:63; Bryant *et al.*, 1992:35).

- **Handskrifverskille:**
  As gevolg van die ouderdomsverskille en persoonlikheidsverskille tussen die verskillende subpersoonlikhede, sal die DIV se handskrif diensooreenkomstig verskil (Bryant *et al.*, 1992:35).

- **Fisiese verskille:**
  Net soos die verskille ten opsigte van handskrif, sal daar ook fisiese verskille in byvoorbeeld houding, stemtoon of selfs die vermoë om motor te bestuur, wees (Bryant *et al.*, 1992:35). Die voorbeeld van Brenda en Jamie (cf. 2.8) is 'n illustrasie hiervan.

- **Selfbesering:**
  Selfbesering is 'n doelbewuste pynlike, skadelike en sosiaal onaanvaarbare handeling wat 'n persoon in 'n klaarblyklike onbewuste toestand op sy eie liggaam uitvoer, wat die direkte besering of vernietiging van liggaamlike weefsel tot gevolg het (Reinecke, 2001:82). Die doel daarvan is om te vermink en te vernietig, hoewel nie tot die dood toe nie. Persone met persoonlikheidsversteurings wat hulself beseer, het ten doel om hul omgewing te manipuleer, soos byvoorbeeld in die geval van sommige psigopate. Hulle neig om met die selfbesering vol te hou totdat daar aan hulle eise voldoen word. Die algemeenste vorme van selfbesering is snye of brandmerke aan die liggaam, hewige krap van die vel, herhaaldelike krap van wonde, krapmerke op die gesig, naaldprikke, beenbreuke, asook die sluk van glas of ander gevaarlike voorwerpe. Omdat dit oor die algemeen die spanning in 'n mate verlig, kan die

persoon gepreokkupeer raak met 'n spesifieke gedrag en kan die voorkoms en intensiteit daarvan oor die langtermyn toeneem.

- Die voorkoms van selfbesering:
  Reinecke (2001:83) meen selfbesering begin gewoonlik in die laat kinder- of vroeë tienerjare en is meer algemeen by die vroulike geslag. Selfbesering is dikwels 'n verdere simptoom by DIV, grenspersoonlikheidversteuring, sekere skisofreniese versteurings, asook by persone met antisosiale versteuring en posttraumatiese stresversteuring - veral ná verkragting, bloedskande of seksuele misbruik.

- Gevare van selfbesering:
  In sommige gevalle kan die wonde wat deur selfbesering toegedien word geïnfekteerd raak en die betrokke persoon kan gevolglik baie verleë oor sy voorkoms wees. Meer as die helfte van die slagoffers ontwikkel 'n eetversteuring of 'n ander vorm van verslawing. Die grootste risiko is egter selfmoord. Selfbeseerders leef gewoonlik in isolasie, probeer om die beserings weg te steek en jok dikwels as hulle oor die beserings uitgevra word. Dit belemmer dus hul sosiale lewe en verhoudinge met andere (Reinecke, 2001:83).

- Oorsake van selfbesering:
  Volgens Reinecke (2001:85) se navorsing is daar verskeie oorsake wat aanleiding tot selfbesering kan gee, naamlik:
  (a) Aggressiewe boodskappe vanuit die onderbewussyn van 'n persoon wat homself wil straf.
  (b) Dit is tiperend by kinders wat verwerping van hul ouers beleef het, of in gevalle waar die ouers alkohol- of depressieprobleme gehad het.
  (c) Die blootstelling aan chirurgie of 'n ernstige siekte op 'n baie jong ouderdom.
  (d) Perfeksionisme, ongeluksgeneigdheid, swak selfbeeld en 'n onvermoë om emosies te verwerk.
  (e) As respons op 'n traumatiese gebeurtenis of selfs as respons op die dood van 'n geliefde.
  (f) As manipulasie en 'n skynpoging tot selfmoord.

Selfbeseerders sal woede, verligting van spanning en doodsgedagtes as rede vir hulle gedrag verstrek. Selfbeseringsgedrag is egter verslawend. Selfbeseerders meld dikwels dat daar aan

die begin van selfbesering geen sensasie is nie. Sodra pyn ervaar word of bloed gesien word, tree verligting in. Rituele om selfbesering toe te pas, word deeglik uitgevoer, byvoorbeeld om die instrumente waarmee die besering toegedien word, noukeurig en netjies uit te pak (Reinecke, 2001:86).

Steinberg (2001:255) beklemtoon dat die terapeutiese fokus nie op die eksterne simptome mag val nie, omrede die oorsaak vir die simptome veel dieper in die interne dissosiatiewe afwyking lê. Wanneer daar op een spesifieke simptoom gefokus word, mag dit gebeur dat die simptoom vir 'n tydperk afneem en dan later weer te voorskyn kom, óf die betrokke simptoom plat af, maar terselfdertyd tree 'n ander simptoom weer sterker na vore.

2.8 FRAGMENTASIE EN SUBPERSOONLIKHEDE

McMinn (1997:17) beskryf 'n toneel wat in sy spreekkamer afgespeel het:

> "*Jamie sat curled in a fetal position, rocking and singing to herself as she ineptly scribbled her crayon with little regard for the lines of the coloring book. She said she was five years old, that she couldn't write, and that she lived with her mommy and daddy. I knew better. The client sitting on the floor in the corner of my office appeared to be in her mid-30s, not five years old. She could write – I had seen journal entries and cashed cheques written by the same hands that now produced Crayola chaos. She and her parents lived in different states and hadn't spoken for several years. And her name wasn't Jamie, it was Brenda. So who was Jamie, and what had made this adult woman suddenly act five years old again?*"

Wanneer 'n persoon getraumatiseer is (dikwels as kind) en hy beskik nie oor die psigiese- en emosionele toerusting om dit te hanteer nie, lei dit dikwels tot fragmentasie. Die getraumatiseerde persoon word oor sekere emosionele grense geforseer en deur te fragmenteer, kan hy tydelik ontsnap uit die situasie. Fragmentering beteken dat die emosies, gebeurtenis en die geheue rondom die gebeurtenis 'verplaas' word na 'n 'ander' persoonlikheid, wat bekend staan as 'n 'subpersoonlikheid' of 'n 'alter'. McMinn (1997:18) beweer dat meer as 80% van DIV's seksueel gemolesteer is en/of aan bloedskande blootgestel was. *In die geval van Brenda*

blyk dit dat sy seksueel en fisies misbruik was deur albei haar ouers, herinneringe so aaklig dat sy dit verplaas het na 'n subpersoonlikheid, wat uiteindelik die naam Jamie aangeneem het.

Dissosiatiewe Identiteitsversteuring (DIV) is 'n patologiese toestand waar verskillende subpersoonlikhede gevorm word (Krakauer, 2001:2). 'n Persoon wat fragmenteer kan gevolglik meer as een subpersoonlikheid hê. Tydens veel-fragmentasie het die persoon gewoonlik 'n groot aantal verskillende subpersoonlikhede. 'n Subpersoonlikheid kan enige ouderdom of geslag hê; dit kan selfs verskil van dié van die persoon self. Subpersoonlikhede kan selfs kwaad wees vir die persoon se onvermoë om homself te verdedig. Die DIV sal stemme hoor wanneer die verskillende 'alters' met mekaar kommunikeer of terugflitse beleef. Dit veroorsaak geweldige verwarring, want die gedissosieerde kan nie die inligting onthou nie (Krakauer, 2001:5). Die subpersoonlikheid onthou egter al die detail. Dit is kenmerkend dat so 'n persoon sal sê: "Soms voel dit asof dit nie ek is nie." Anderson *et al.* (2000:287) beskryf die brein van 'n DIV soos 'n huis met verskeie kamers waarin die verskillende subpersoonlikhede woon. Elke kamer verteenwoordig 'n ander subpersoonlikheid uit 'n bepaalde tydgleuf in die persoon se lewe. Vir genesing om plaas te vind, is dit nodig dat elke kamer 'opgeruim' moet word en die 'skeidingsmure afgebreek' word. Opruiming impliseer byna altyd die erkenning en verwerping van 'n leuen, 'n eed of 'n sonde, asook die uitspreek van vergifnis. Die 'afbreek van die skeidingsmure' impliseer die proses van integrasie.

2.8.1 REDES TOT FRAGMENTASIE

Krakauer (2001:2) beweer dat daar twee fundamentele faktore by elke DIV teenwoordig is, naamlik:

- Die kapasiteit om te dissosieer.
- Die trauma wat beleef is.

Die intensiteit van die trauma, die frekwensie daarvan, asook die emosionele impak dra alles by tot die kompleksiteit van die fragmentasie.

Friesen (1997:108) beklemtoon die volgende vier redes as aanleidend tot fragmentasie:

- Wanneer 'n gebeurtenis traumaties genoeg is om dissosiasie te veroorsaak, word 'n subpersoonlikheid gevorm om die trauma namens die persoon te beleef. Dit is 'n beskermingsmeganisme van die brein om die oorweldigende trauma te oorleef. Elke

gebeurtenis word in die brein gestoor, niks gaan ooit vir die brein verlore nie – die enigste manier waarop die brein die gebeurtenis nie hoef te hanteer nie, is om dit te 'vergeet'. Dit het die vorming van 'n subpersoonlikheid tot gevolg en so word die gebeurtenis dan agter 'n geheueverlies grens geplaas. Dit is die rede hoekom die herwinning van hierdie geheue so onwerklik vir die individu voel.

- 'n Volgende manier vir subpersoonlikheidvorming is om 'n belangrike persoon se gedrag te modelleer. 'n 'Alter' word gevorm wat die persoon se karaktereienskappe kan mimiek. Die persone kan wissel van gesagsfigure tot selfs televisiehelde.

- Wanneer 'n persoon eers eenmaal gefragmenteer het, is dit makliker om in elke nuwe lewensuitdaging te fragmenteer om in te pas in die nuwe nis van sy lewe (Van der Kolk, 1995:06).

- Tydens sataniese rituele word ouers opgelei om hul kinders te leer fragmenteer. Op hierdie manier bly hul geheim veilig, omrede die kinders geen bewussyn het van wat met hul gebeur nie. Metodes wat gebruik word is byvoorbeeld: elektriese skokke, dwelms en hipnoterapie. Hierdie metodes word gewoonlik gebruik wanneer die kind ongeveer twee jaar oud is. Deur breinspoeling word die subpersoonlikhede geleer om slegs op bepaalde maniere en op bepaalde tye te funksioneer. Draper (1996:137) stel dit dat die sataniese rituele 'n skrikwekkende realiteit is en dat hulpverlening aan die oorlewendes baie skaars is. Hy ondersteun dít wat Friesen sê wanneer hy die stelling maak dat die ouers die kinders dikwels op een of ander manier fisies beseer en hulle dan in 'n doodskis lewend begrawe vir 'n paar dae. Soms word die kinders in plastiese sakke geplaas en onder water gedruk totdat dit vir hulle voel asof hulle gaan sterf. Die uithaal uit die water simboliseer dan vir hulle 'n tipe van wedergeboorte in die kultus in of *"born unto satan."* Die verskriklikheid van hierdie gebeure is te veel vir 'n kind om fisies en emosioneel te hanteer en gevolglik vind dissosiasie en fragmentasie plaas. Sekere subpersoonlikhede glo dat hulle aan Satan behoort en dat daar geen hoop vir die toekoms vir hulle is nie. Tydens die rituele word die subpersoonlikheid gebreinspoel om te glo dat hy sleg/boos is. Maniere van breinspoeling is: om die kind onder andere aan dwelms verslaaf te maak, elektriese skokke toe te dien, hipnose, fisiese marteling, herhaaldelike verkragtings, vernederings, lang periodes van afsondering (soms self in 'n kis of kas), weerhouding van kos of slaap, gedeeltelike verdrinking, of om opgehang te word. Tydens terapie is dit gevolglik nodig dat die leuen wat deur die subpersoonlikheid geglo

word, aan die lig gebring moet word. Met betrekking tot hierdie vorm van misbruik speel vrees vir die dood gewoonlik ook 'n baie groot rol. Dit is ook so dat 'n persoon wat reeds gedissosieer het en wat dan verder blootgestel word aan okkultiese rituele, gewoonlik ook in 'n groter mate vatbaar is vir demoniese invloede.

Wanneer leuens geglo word en dissosiasie plaasvind, kan die persoon nie elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Jesus Christus nie (2 Kor. 10:5) en gevolglik is hy baie meer kwesbaar vir die krag van die leuen (Anderson *et al.,* 2000:288).

Volgens Anderson *et al.*(2000:286) is geheueverlies nie noodwendig altyd teenwoordig by DIV's nie en dan is oorskakeling (*switching*) nog 'n subtiele teken dat fragmentasie wel teenwoordig is. Hierdie oorskakeling van een subpersoonlikheid na 'n ander word gekenmerk deur die volgende:

- Fisies: 'n blote oogknip of waarneembare veranderings in houding, gesigsuitdrukkings, stemtoon en gedrag.
- Psigies: skielike verandering in gemoedstoestand, gedragsouderdom, denkprosesse en denkvermoë.

Die subpersoonlikheid wat 'uit' is, neem dan totale beheer en kontrole oor oor die persoon se gedrag en bestaan.

2.8.2 INNERLIKE SISTEEM VAN DIE DIV

Oor die algemeen het alle DIV's 'n goed georganiseerde sisteem van subpersoonlikhede, wat hulle in staat stel om die alledaagse lewe die hoof te kan bied. Elke subpersoonlikheid het 'n belangrike funksie in die sisteem en dit help om die hele sisteem in balans te hou. Alhoewel elke DIV uniek is en oor 'n verskeidenheid van subpersoonlikhede kan beskik, word die volgende spesifieke subpersoonlikhede oor die algemeen, volgens Draper (1996:132), aangetref:

- Die gaspersoonlikheid:
  Dit is die persoonlikheid wat die meeste van die tyd beheer neem oor die individu. Hy is verantwoordelik vir die alledaagse lewe, besluite en eise. Hierdie subpersoonlikheid is basies 'goed', maar selftugtigend, depressief, angstig en ly dikwels aan 'n aantal fisiese probleme,

hoofsaaklik hoofpyne. Gewoonlik weet hierdie subpersoonlikheid ook niks van die ander subpersoonlikhede nie en sal hulle aanwesigheid ten sterkste ontken (1996:132).

- Kindpersoonlikhede:
  Daar is heel dikwels 'n aantal kinders of selfs baba-subpersoonlikhede teenwoordig in 'n DIV. Die ouderdom van elk van die subpersoonlikhede stem ooreen met die ouderdom van die individu toe die trauma plaasgevind het. Terapie moet gewoonlik ook reeds in 'n gevorderde stadium wees voordat hierdie subpersoonlikhede hul verskyning vir die eerste keer maak (1996:132).

- Vervolgerpersoonlikhede:
  DIV's kan ook oor 'n vervolgerpersoonlikheid beskik, wat die terapeutiese proses wil saboteer en ernstige beserings aan die liggaam aanbring in 'n poging om een of meer van die ander persoonlikhede om die lewe te bring. Hierdie subpersoonlikheid glo dat hy 'n ander subpersoonlikheid kan doodmaak sonder om homself skade aan te doen (1996:132).

- Persoonlikhede met selfmoordneigings:
  Hierdie subpersoonlikheid is nie bewus van die ander subpersoonlikhede nie en het die uitsluitlike doel voor oë om hulself om die lewe te bring. Hulle is so oorweldig deur 'n gevoel van hopeloosheid dat die dood die enigste uitweg blyk te wees (1996:132).

- Beskermer- en helperpersoonlikhede:
  Meeste DIV's beskik oor 'n aantal helper-subpersoonlikhede. Hulle doel is om te beskerm en het gewoonlik meer invloed as wat die selfmoord-subpersoonlikheid het. Hulle is ook baie sterk en sal 'n persoon twee maal so groot as die individu oorweldig in 'n poging om te beskerm. Dit is ook moontlik dat vroulike DIV's manlike helper subpersoonlikhede het (1996:133).

- Interne selfhelper:
  Hierdie subpersoonlikheid beskik gewoonlik oor al die inligting en insig met betrekking tot die hele sisteem van subpersoonlikhede. Hulle is baie behulpsaam in die terapeutiese proses en neem baie keer beheer oor om die innerlike chaos te stabiliseer (1996:133).

- Die persoonlikheid met volledige geheue:
  Hierdie subpersoonlikheid het min of meer 'n volledige geheue van wat met die DIV gebeur het, maar speel geen aktiewe rol nie (1996:133).

- Die oorspronklike persoonlikheid/kernpersoonlikheid:
  Hierdie persoonlikheid se oorsprong is by die geboorte van die individu en is verantwoordelik vir die generering van die eerste subpersoonlikheid om 'n spesifieke trauma te help oorleef. Hierdie subpersoonlikheid verskyn amper heel aan die einde van die terapeutiese proses (1996:133).

Putman (1989:106) beskryf al bogenoemde subpersoonlikhede, maar voeg dan ook nog die volgende sewe kategorieë by:

- Promiskue persoonlikhede:
  Dit is algemeen dat die DIV wat die slagoffer was van seksuele misbruik oor hierdie subpersoonlikhede sal beskik. Hierdie subpersoonlikheid is verantwoordelik daarvoor dat die persoon gedurig in situasies – met 'n seksuele konneksie – beland, ten opsigte waarvan hy geen kennis of insig het nie (1989:111).

- Administratiewe en obsessiewe kompulsiewe persoonlikhede:
  Dit is hierdie persoonlikhede wat die hele innerlike sisteem organiseer en wat dit vir die persoon moontlik maak om sukses in byvoorbeeld sy werksituasie te bereik. Hierdie persoonlikhede is gevoelsmatig arm en koud, en sal ander mense altyd op 'n afstand hou (1989:112).

- Afhanklikheids persoonlikhede:
  Dit is algemeen dat sommige subpersoonlikhede 'n groter geneigdheid tot een of ander tipe van verslawing het. Alhoewel dit nog nie voldoende bewys is nie, word daar beweer dat dit slegs die bepaalde subpersoonlikheid met die probleem is wat onttrekkingsimptome beleef by weerhouding, terwyl dit die ander subpersoonlikhede nie beïnvloed nie (1989:112).

- Outistiese en gestremde persoonlikhede:
  In 'n innerlike sisteem van subpersoonlikhede mag daar selfs outistiese en gestremde persoonlikhede wees. Dit is gewoonlik kinder-subpersoonlikhede en hulle is verantwoordelik

vir die onbeheersde bewegings wanneer hulle 'uit' is. Hulle word dikwels deur die ander subpersoonlikhede gemanipuleer om 'uit' te wees, wanneer die ander nie belangstel nie (1989:112).

- Persoonlikhede wat oor spesiale talente beskik:
  Hierdie subpersoonlikhede mag uiters begaaf wees en is slegs 'uit ' vir die uitvoering van hul funksie (1989:113).

- Pynstillende en ongevoelige persoonlikhede:
  Hierdie subpersoonlikhede is veral teenwoordig in gevalle waar fisiese of seksuele mishandeling verantwoordelik was vir die dissosiasie. Hulle werk is om 'uit' te kom wanneer die persoon fisiese pyn beleef. In baie gevalle waar selfbeserings toegedien word, is hierdie subpersoonlikheid gewoonlik daarvoor verantwoordelik (1989:113).

- Demoniese invloede:
  Putman (1989:113) wys in hierdie verband op die groot ooreenkoms met vervolger-persoonlikhede en stel dit dat pogings tot geestelike bevryding van die vervolgerpersoonlikhede hulle bloot sal laat terug trek vir 'n tydperk. Later in hierdie hoofstuk (punt 2.13.2) word die verskil tussen 'n subpersoonlikheid en demoniese invloede verduidelik.

Tensy die DIV korrek gediagnoseer en behandel word, sal die persoon nie verbeter nie. Aangesien sulke persone baie maklik oorskakel van een subpersoonlikheid na 'n ander, gebeur daar soms snaakse dinge wat moeilik is om te verklaar. Een van die hoofoogmerke in die terapie is om al die kennis en geheime van al die subpersoonlikhede aan al die ander subpersoonlikhede bekend te maak. Soos die legkaart van al die stukkies geheue en gevoelens gebou word, word die geheelprent van die trauma gevorm en word die aanvanklike onverwerkte emosies na die bewussyn gebring en verwerk. Sodra dit gebeur, verdwyn die behoefte aan subpersoonlikhede en kan daar samesmelting plaasvind, wat lei na heelheid en herstel vir die individu (Draper, 1996:137).

2.9 SNELLERS (*TRIGGERS*)

Daar is verskeie snellers in die alledaagse lewe wat traumageheue kan aktiveer en 'n terugflits tot gevolg kan hê. Snellers is self skadeloos, maar dien as waardevolle wenke vir die herwinning van traumageheue. Die sneller is geassosieer met die trauma. Hierdie assosiasie kan voor die hand liggend wees of baie subtiel (Van der Kolk, 1995:5). Die geheelbeeld van die trauma kan gesneller of ontketen word - of slegs 'n gedeelte daarvan. Die terugflitse wat deur snellers veroorsaak word, is buite die persoon se beheer en dit veroorsaak dikwels baie verleentheid.

Schiraldi (2000:17) onderskei 13 kategorieë van snellers:

- Visueel:
  Byvoorbeeld swart vullissakke herinner 'n ekssoldaat aan lyke wat hulle in swart sakke toegedraai het.
- Klank:
  'n Geluid van 'n vliegtuig wat opstyg herinner 'n ekssoldaat aan herhaalde trauma op 'n lughawe in Viëtnam.
- Reuk:
  Die reuk van byvoorbeeld alkohol kan iemand herinner aan 'n bankroof, waar die rower onder die invloed was en 'n halfuur lank met 'n rewolwer teen haar kop gestaan het.
- Smaak:
  Om byvoorbeeld 'n hamburger te eet, kan iemand aan 'n ongeluk herinner waarin hulle was pas nadat hulle hamburgers by 'n restaurant geëet het.
- Fisies en liggaamlik:
  Dit het te doen met die sensasie van beweging, liggaamlike spanning en/of posisie. So byvoorbeeld kan iemand wat op sy rug lê met sy oë toe en spierontspanningsoefeninge doen, skielik oorweldig word deur herinneringe aan seksuele molestering.
- Belangrike datums en seisoene:
  Die jaardatum van die belewenis van die trauma kan 'n skielike ongemak en ontsteltenis veroorsaak.
- Stresvolle gebeure:
  Dit gebeur soms dat veranderinge in die brein as gevolg van trauma daartoe lei dat enige stressein geïnterpreteer word as 'n herhaling van die oorspronklike trauma.

- Sterk emosies:
  Gevoelens van geluk en vreugde kan iemand byvoorbeeld herinner aan 'n verkragting wat plaasgevind het nadat sy 'n aangename aandete saam met haar beste vriende gehad het.
- Gedagtes:
  Om deur 'n vriend of vriendin verwerp te word, kan iemand byvoorbeeld na die volgende gedagte lei: 'Ek is waardeloos' - wat dieselfde tipe herinnering sneller (*trigger*) wat 'n rol gespeel het toe sy as kind gemolesteer is.
- Gedrag:
  Die wyse waarop iemand anders motor bestuur, kan 'n persoon byvoorbeeld herinner aan 'n ernstige motorongeluk.
- Uit die bloute:
  Soms vind daar terugflitse en herbelewenisse plaas wanneer iemand moeg is of wanneer sy psigiese verdedigingstelsel nie paraat is nie. Dit kan selfs net 'n gedagte wees wat die hele proses aktiveer, of dit kan selfs iets wees waarvan hy nie eens bewus is nie.
- Kombinasies:
  Snellers kan verskillende herinneringsaspekte bevat, soos byvoorbeeld 'n vuurwerkvertoning, waar klank en visuele indrukke herinner aan 'n gevegsfrontsituasie.
- Drome:
  Drome kan aanduidings wees van onderdrukte geheue, soos byvoorbeeld 'n droom vanuit die kinderdae wat steeds onthou word, of drome wat sterk emosies wakker maak.

2.10 PRAKTIESE BEGINSELS VIR DIE BEHANDELING VAN DISSOSIATIEWE IDENTITEITSVERSTEURING

2.10.1 HANDHAAF KONSEKWENTE PROSEDURE EN DUIDELIKE GRENSE

DIV het in die eerste plek ontstaan as gevolg van 'n gebrek aan grense. As die persoon nie deur emosionele trauma oorweldig was nie, sou die toestand nie ontstaan het nie. Dit is algemeen vir terapeute om deur die toestand gefassineer te word en gevolglik verskillende tegnieke toe te pas, maar so 'n benadering sal die terapeutiese proses net onnodig uitrek en kompliseer. Die DIV het 'n behoefte aan 'n konsekwente, empatiese en konsidererende terapeut, wat 'n veilige ruimte skep waarbinne professionele terapie kan

geskied (Kluft, 1993:27; Putman: 1989:167). Wanneer professionele grense in die terapeutiese proses vaag is en/of oorgesteek word, bevestig dit die verdraaide denkpatrone wat die DIV rondom die wêreld gevorm het (Schiraldi, 2000:53; Herman, 1992:196).

2.10.2 FOKUS OP BEKRAGTIGING

DIV is 'n toestand van subjektiewe en soms ook objektiewe verlies aan beheer. Die misbruik en ongevraagde ondervindinge is afgedwing op die slagoffer, terwyl hy geen beheer oor die situasie gehad het nie. Daarom moet die fokus in die terapeutiese proses dié van deelnemende terapie wees. Die DIV moet eerder as 'n 'vennoot' in die terapeutiese proses behandel word, met die veronderstelling dat hierdie persoon in 'n sekere sin net soveel 'beheer' as die terapeut het. Die persoon se menswaardigheid moet bevestig word en hy moet bekragtig word om situasies te kan hanteer. Die indruk mag nooit geskep word dat die terapeut uitsluitlik oor al die insig en kennis beskik nie (Conway, 1990:175; Kluft, 1993:28).

2.10.3 BEWERKSTELLIG EN HANDHAAF 'N STERK TERAPEUTIESE ALLIANSIE

Ter aansluiting by bogenoemde, is DIV 'n toestand van gedwonge willoosheid. Mense met DIV het nie gekies om getraumatiseer te word nie en dikwels is die simptome wat hulle beleef, buite hul beheer. Daarom moet die terapie baseer word op 'n sterk terapeutiese alliansie. Die persoon moet voortdurend tydens die terapie herinner word aan sy rol en verantwoordelikheid in die proses. Die terapeut moet ook erkenning gee vir inisiatiefneming aan die kant van die DIV (Baldwin; 1995:2). Aktiewe deelname in die terapie deur die DIV maak dit vir die terapeut moontlik om te kan konfronteer wanneer nodig. Passiwiteit van die DIV veroorsaak dat hy aanvallend op enige konfrontasie sal reageer. Terapeutiese alliansie is moeilik in gevalle waar die DIV 'n behoefte aan warmte en aanvaarding het, in plaas van hulpverlening. Hy moet verder bemagtig word om eienaarskap vir sy genesing te neem, aangesien genesing nie iets is wat outomaties intree nie. Dit is noodsaaklik dat die DIV aktief deelneem aan die genesingsproses. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die aard van die terapeutiese alliansie sal verskil van subpersoonlikheid tot subpersoonlikheid. Sommige subpersoonlikhede sal bereid wees om oor sekere onderwerpe te gesels, terwyl dieselfde temas vir ander subpersoonlikhede

onaanvaarbaar sal wees (Kluft, 1993:30). Die terapeut moet gevolglik oplettend wees om dié vorm van manipulasie raak te sien (Putman, 1989:82).

2.10.4 ERKEN EN VERWERK ONDERDRUKTE TRAUMAGEVOELENS

DIV is 'n toestand van onderdrukte traumageheue met die gepaardgaande simptome en daarom is dit nodig dat die onderdrukte geheue na die bewussyn gebring word (Schiraldi, 2000:52; Matsakis, 1996:66). Fusie is slegs moontlik wanneer al die geheueverlies-grense afgebreek is en die geheuemateriaal verwerk en geïntegreer is. Daar is tans baie verskille rondom die vraag oor hoeveel van hierdie geheuemateriaal herwin behoort te word. Een standpunt is dat al die onderdrukte geheue in elke spesifieke geval herwin moet word, terwyl andere weer van mening is dat dit effektief genoeg sou wees om met 'n basiese patroon te werk.

2.10.5 VERMINDER DIE VERDEELDHEID EN KONFLIK TUSSEN DIE VERSKILLENDE SUBPERSOONLIKHEDE

DIV is 'n toestand van merkbare verdeeldheid en konflik tussen die verskillende subpersoonlikhede. Daarom moet die klem in die terapie val op die samewerking, aanvaarding, onderlinge empatie en wedersydse identifisering tussen die subpersoonlikhede – dit dra by tot die vermindering van onderlinge verdeeldheid en konflik. Sodra die verskillende subpersoonlikhede mekaar verstaan en ondersteun, kan integrasie begin. Die subpersoonlikhede moet voortdurend aangespoor word tot samewerking en die terapeut kan hulle aanmoedig om geskille onderling op te los, in plaas daarvan om dit elke keer met die terapeut te wil bespreek. Die terapeut moet ook waak om nie kant te kies tussen die subpersoonlikhede nie, aangesien dit die integrasieproses kan vertraag (Kluft, 1993:34; Putman, 1989:123).

2.10.6 STREWE NA OOREENSTEMMENDE PERSEPSIES

Die DIV beskik oor die algemeen oor die vermoë om alternatiewe realiteite maklik te aanvaar, selfs in die geval van weerspreking, sonder om daardeur noodwendig erg ontstel te word (Kluft, 1993:36). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n aantal subpersoonlikhede 'n sekere persepsie glo as die waarheid, terwyl ander subpersoonlikhede binne hierdie selfde

persoon absoluut die teenoorgestelde glo (byvoorbeeld, sommige subpersoonlikhede kan die pa van hierdie hoofpersoonlikheid idealiseer as die mees volmaakte pa en enige negatiwiteit ontken, terwyl al die bewyse daar is dat hy bloedskande gepleeg het – van laasgenoemde feit is sommige van die ander subpersoonlikhede weer deeglik bewus). Om hierdie rede is dit dan ook krities belangrik vir die terapeut om deurentyd duidelike kommunikasie met al die subpersoonlikhede te handhaaf (Putman, 1989:156).

2.10.7 ALLE SUBPERSOONLIKHEDE MOET KONSEKWENT DIESELFDE BEHANDEL WORD

Die geskiedenis van die DIV hou heel dikwels verband met die herhaalde onkonsekwente optrede van belangrike persone in hierdie persoon se lewe. Die oorgrote meerderheid van DIV's het grootgeword in omstandighede waar gesagsfigure drastiese verskille in hul benadering gehad het, en gevolglik is verskeie subpersoonlikhede geskep om by die veranderde gedrag van die gesagsfigure te kon aanpas. Daarom is dit van besondere belang dat die terapeut deurgaans konsekwent in sy optrede teenoor die DIV sal wees en in besonder dan met betrekking tot die verskillende subpersoonlikhede - die terapeut mag nie een bevoordeel bo die ander of meer aandag aan 'n spesifieke een gee nie (Putman, 1989:153). Op hierdie wyse kan die terapeut se konsekwente optrede 'n kragtige wapen wees teen die dissosiatiewe verdedigingsmeganisme, aangesien hy die objek van konsekwentheid word ongeag watter subpersoonlikheid in beheer is (Kluft, 1993:38; Steinberg, 2001:162).

2.10.8 HERSTEL DIE BASIESE VOORVERONDERSTELLINGS

Die DIV gaan dikwels – net soos trauma slagoffers – gebuk onder verdraaide voorveronderstellings. Hulle beskou die lewe byvoorbeeld as wreed en betekenisloos. Daarom moet die terapie daarop fokus om hul moraal te herstel en realistiese hoop aan hulle te gee. Die meeste DIV's het 'n baie swak selfbeeld en is dikwels die slagoffers van her-viktimiserende gedrag. Kluft (1993:39) verwys na hierdie tipe situasie as die *"sitting duck syndrome."* Die DIV interpreteer alle toekomstige gebeurtenisse vanuit die gebeure van die verlede en daarom aanvaar hulle nie sommer enige positiewe komplimente of aanmoedigings nie. In sommige gevalle sal die DIV selfs homself beseer ten einde die (verdraaide) realiteite aan homself te bevestig (Reinecke, 2001:85; Steinberg, 2001:43).

Die DIV moet gevolglik begelei word om stadig maar seker hierdie verkeerde voorveronderstellings te begin erken en dit te vervang met hoop. Konsekwentheid en opregtheid is daarom aan die kant van die terapeut van die uiterste belang. Dissosiasie moet ook baie duidelik aan die betrokke persoon verduidelik word, sodat hy presies weet wat om te wagte wees. In die proses is dit soms ook nodig om terug te verwys na die vordering wat alreeds gemaak is – dit alles help om vertroue te vestig tussen die DIV en die terapeut.

2.10.9 POOG OM OORWELDIGENDE ONDERVINDINGE TE MINIMALISEER

DIV is 'n toestand van wal gooi teen oorweldigende ondervindinge en daarom is dit essensieel om die terapie teen 'n bestendige pas te laat vorder (Conway, 1990:175; Steinberg, 2001:163). Mislukking tydens terapie ontstaan byna altyd omrede die terapeut teen 'n te vinnige pas wil beweeg en die beradene nie die emosies so vinnig kan verwerk nie. Kluft (1993:40) verduidelik dat hy die terapeutiese sessies altyd in drie dele verdeel:

- Tydens die eerste derde fokus hy op die herwinning van geheuemateriaal.
- In die tweede derde val die fokus op die verwerking van die herwonne materiaal.
- Die laaste derde word gebruik om die beradene te help om weer in beheer van al sy emosies te kom, voordat hy die spreekkamer verlaat.

Hy wys ook op die feit dat slegs ongeveer drie uit vyf sessies gespandeer word om onderdrukte geheue te herwin terwyl die res dan fokus op die bemagtiging van die beradene. Wanneer die persoon die terapie as oorweldigend beleef, veroorsaak dit hertraumatisering en hierteen moet baie sterk gewaak word.

2.10.10 MODELLEER, LEER EN VERSTERK VERANTWOORDELIKHEDE

DIV is 'n toestand wat dikwels ontstaan het as gevolg van die onverantwoordelike gedrag van ander. Daarom is dit noodsaaklik dat die terapeut altyd verantwoordelik sal optree en dat hy die beradene sal verbind tot verantwoordelike optrede in soverre dit binne die persoon en die subpersoonlikhede se vermoë is. Die DIV was dikwels die slagoffer wat gebuk gegaan het onder die irrasionele gedrag van mense wat geen verantwoordelikheid vir hul dade aanvaar het nie (Steinberg, 2001:86). Een van die gevolge hiervan is tipies die neiging by sommige subpersoonlikhede om dieselfde irrasionele houding te openbaar teenoor ander subpersoonlikhede onderling, en selfs teenoor ander mense. In die lig

hiervan is die uitdaging daar vir die terapeut om die DIV te begelei tot die aanvaarding van verantwoordelikhede – sodanige begeleiding moet plaasvind op 'n ondersteunende, empatiese en rigtinggewende wyse, sonder om ongevoelig krities te wees ten opsigte van verkeerde gedrag (Kluft, 1993:43).

2.10.11 DIE TERAPEUT MOET 'N AKTIEWE, ONDERSTEUNENDE EN PLOOIBARE TERAPEUTIESE HOUDING INNEEM

Die DIV-toestand het dikwels ontstaan as gevolg van die gebrek aan beskerming deur betekenisvolle ander persone, al was dit in hul vermoë. Die terapeut moet gevolglik daarteen waak om nie dieselfde passiewe en tegniese neutrale houding in te neem wat die boodskap van gevoelloosheid en verwerping weergee nie - hierteenoor moet daar eerder 'n boodskap van aanvaarding, liefde en ondersteuning gekommunikeer word. Ondersteunende emosies aan die kant van die terapeut sal ook bydra tot die skep van 'n veilige ruimte waarbinne die DIV die vrymoedigheid sal hê om sy emosies te verwoord (Kluft, 1993:45).

2.10.12 HERKEN EN HERSTEL KOGNITIEWE FOUTE

DIV is 'n toestand waar die persoon oor die algemeen talle verkeerde kognitiewe stellings (dinkwette) glo en aanvaar as die waarheid. Regdeur die terapeutiese proses moet die fokus gevolglik daarop val om hierdie dinkwette te herken en te korrigeer (Silvoso, 1994:171). Aangesien die DIV tydens die oorspronklike traumatiese ervarings nie die oorweldigende emosies kon verwerk nie, het dit heel dikwels daartoe gelei dat hy sekere negatiewe dinkwette (kognitiewe leuens) begin glo het, en wat uiteindelik dan ook selfbeskermingsgedrag tot gevolg het. Trauma het dus die vermoë om die normale kognitiewe ontwikkeling negatief te beïnvloed (Kluft, 1993:46). Aangesien die terapeut en die beradene die herwonne geheuemateriaal verskillend kan interpreteer, bevat dit opsigself die potensiaal tot misverstand. In die lig hiervan is dit belangrik dat die terapeut goed sal luister en herhaaldelik sal vra dat die beradene sy eie siening en interpretasie moet verduidelik. Die terapeut moet hom dan begelei tot die herkenning van hierdie kognitiewe leuens, maar op só 'n manier dat dit nie die ou negatiewe verdedigingsmeganismes sal aktiveer nie.

2.11 INTEGRASIE VAN 'N VEELVOUDIGE PERSOONLIKHEID

Integrasie van die subpersoonlikhede is slegs een dimensie van die behandeling van die DIV. Die terapie se fokus is egter, net soos in ander gevalle, gerig op gedragsverandering in sy geheel. Elke subpersoonlikheid beskik oor sy eie persepsies, herinneringe, probleme, prioriteite, doelwitte en verskillende vlakke van betrokkenheid in die terapeutiese proses. Nadat die geheue grense afgebreek is en die trauma verwerk is, is dit egter nodig dat samesmelting moet plaasvind vir die terapieproses om uiteindelik suksesvol te wees. Hierdie integrasieproses onderskei dan ook die behandeling aan die DIV van ander psigoterapeutiese behandelings (Kluft, 1993:102).

Integrasie is 'n proses waar die verskillende subpersoonlikhede saamgevoeg word. Wanneer die grense ten opsigte van geheueverlies tussen die subpersoonlikhede uitgewis word deur middel van medebewussyn, samewerking en 'n groepspoging, is integrasie die volgende stap. Inligtingskaarte van die subpersoonlikhede, die hou van 'n joernaal, asook sekere vorme van kuns is goeie praktiese hulpmiddels wat hierdie grense help afbreek (Putman, 1989:197; Friesen, 1997:178).

Fusie is wanneer twee of meer subpersoonlikhede saamsmelt om een te vorm. Fusie kan spontaan plaasvind, maar dit is veiliger om dit tydens 'n terapiesessie te laat plaasvind. Dit is ook belangrik dat die betrokke persoon die gevoel van veiligheid sal beleef vir die proses om suksesvol te verloop. Nadat fusie plaasgevind het, sal die nuwe persoonlikheid oor al die kennis beskik van die saamgevoegde subpersoonlikhede. Hierdie subpersoonlikhede kan ook beskryf word as verskillende lêers op 'n rekenaarskerm. *"What we want to do is click on each personality and drag it over to the healthy ones"* (Anderson *et al.*, 2000:288).

Integrasie is 'n proses wat tot fusie lei. Nadat fusie plaasgevind het, sal die persoon uitgeput voel. Die kliënt se eie tydsberekening is van besondere belang ten opsigte van die integrasieproses. Die terapeut kan integrasie nie afdwing nie, maar hy help die DIV om voor te berei vir integrasie en gee struktuur aan die proses. Die werklike integrasie is egter iets wat die persoon in sy binneste self moet laat plaasvind. Indien integrasie geforseer word, mag dit blyk asof dit wel plaasgevind het, maar op 'n latere stadium weer disintegreer. Die gevolg is dan dat die

verskillende subpersoonlikhede wegkruip totdat dit weer veilig is om na vore te tree (Bryant *et al.*, 1992:218; Haddock, 2001:137; Friesen, 1997:178).

Dit gebeur dikwels dat daar hegte vriendskapsbande tussen die verskillende subpersoonlikhede gevorm het, omrede hulle vir 'n baie lang tydperk net op mekaar aangewese was vir oorlewing. Selfs al word die proses van integrasie en fusie op intellektuele vlak vooraf verduidelik, sal daar byna altyd 'n emosionele komponent teenwoordig wees waarmee die terapeut rekening moet hou (Steinberg, 1991:256; Friesen, 1997:181). Bryant *et al.* (1992:228) stel voor dat treurberading rakende gevoelens van verlies met die verskillende subpersoonlikhede gedoen moet word. Ten einde te kan integreer, moet die DIV gewillig wees om deur sy pyn terug te beweeg en sy kinderjare te aanvaar soos wat dit was. Hy sal ook bereid moet wees om al die intieme verhoudings wat tussen die verskillende subpersoonlikhede ontwikkel het, te verruil vir 'n ander tipe innerlike verhouding - en dit alles veroorsaak pyn. 'n Integrerende DIV moet dus leer wat sy pyn impliseer en daaroor treur. Hierdie pyn mag nie geminimaliseer word nie.

Daar is egter ook die standpunt soos verwoord deur Kluft (1993:107) wat daarop neerkom dat dit in sommige gevalle moontlik en selfs beter is vir die DIV om nie te integreer nie. *"It seems to me that after treatment you want to end up with a functional unit, be it a corporation, a partnership, or a one-owner business."* Die verskillende subpersoonlikhede wil glo dat hulle deel van 'n eenheid is en is daarom nie altyd instemmend tot integrasie nie. In hierdie verband vertel Putman (1989:215) van 'n geval waar een subpersoonlikheid hom wou laat verstaan dat dit nie hy is wat terapie wil ontvang nie, maar dat hy maar net die ander bring vir terapie.

2.11.1 DIE FUSIEPROSES

Die fusieproses vind eerstens plaas tussen die 'Kernpersoonlikheid' en die 'Essensiële persoonlikheid' (Bryant *et al.*, 1992:221). Die Kernpersoonlikheid is die 'oorspronklike kind' wat gebore is in die wêreld en vanaf wie al die ander subpersoonlikhede gevorm is. Die Essensiële subpersoonlikheid is die volwasse subpersoonlikheid wat 'n refleksie is van hoe die kind sou gewees het as volwassene. Die Essensiële is gewoonlik nie baie dominant nie en mag aanvanklik slegs sporadies na vore tree. Die ander subpersoonlikhede sal baie beskermend teenoor die Kern- en die Essensiële subpersoonlikhede wees. Die samevoeging van die Essensiële en die Kernpersoonlikheid help die integrasieproses om momentum te verkry.

Die proses gebeur as volg (Bryant *et al.*, 1992:222):

- Die terapeut sal heel waarskynlik eers die Essensiële ontmoet en tyd spandeer om hom te leer ken.
- Die hele innerlike familie sal op dieselfde wyse die Essensiële beter leer ken.
- Namate vertroue en samewerking groei binne die sisteem, spandeer die Essensiële meer en meer tyd 'uit' in die liggaam.
- Op 'n sekere punt in die terapie sal die Kernpersoonlikheid na vore kom om kennis te maak met die innerlike familiesisteem wat geskep is om hom te beskerm.
- Wanneer die innerlike familie genoeg vertroue in die terapeut het, sal hulle die Kernpersoonlikheid toelaat om na vore te kom om met die terapeut kontak te maak.
- Die ontmoeting tussen die terapeut en die Kernpersoonlikheid is belangrik omrede dit 'n kontakpunt met die buitewêreld skep.
- Nadat die terapeut en die Kernpersoonlikheid kontak gemaak het, kan die Kernpersoonlikheid begin om kontak te maak met die Essensiële subpersoonlikheid.
- Wanneer fusie plaasgevind het, sal die Essensiële, wat altyd gedissosieer was van sy kinderjare, sy kinderjare nou onthou.

Vir die nie-dominante subpersoonlikhede, wat dikwels kinder-subpersoonlikhede is, blyk integrasie 'n voordeel te wees. Sommige sal graag een met die ander wil word nadat hulle afstand gedoen het van die ou traumatiese herinneringe en gevoelens wat die rede vir hulle skepping was. Subpersoonlikhede kan nie integreer voordat hulle nie eers elkeen individueel teenswoordig was en op die voorgrond getree het nie. Die kinder-subpersoonlikhede kom na vore om hul verhale te vertel en uiting te gee aan hul emosies. Hulle gee die informasie aangaande die situasie van mishandeling en hul eie gevoelens. Sodoende ontstaan daar 'n medebewustheid. Wanneer hierdie reaksie plaasvind, herformuleer die terapeut die traumatiese ervaring deur veiligheid, sekuriteit, erkenning en geborgenheid te bied (Bryant *et al.*, 1992:223).

Die dominante subpersoonlikhede se ervaring van integrasie is anders as dié van die nie-dominante subpersoonlikhede, omrede hulle belangrike rolle vervul in die alledaagse lewe van die DIV. Hul bydrae was tot dusver deurslaggewend ten opsigte van die innerlike sisteem en daarom sit hulle met vrese rondom die moontlikheid van hulself en hul rolle prys te gee ter wille van integrasie. Namate die hindernisse teen die pyn een na die ander platval, moet die dominante subpersoonlikhede stadig begin glo dat die persoon wat hy beskerm het, wel in staat sal wees om

ná die integrasie die lewe te kan hanteer. Riglyne ter voorbereiding van die integrasie van dominante subpersoonlikhede is as volg (Bryant *et al.* , 1992:225):

- Die eerste stap impliseer dat elke subpersoonlikheid bewus gemaak word van die bestaan van die ander.
- Vervolgens moet vasgestel word watter subpersoonlikheid sal kan dien as die kontak en brug vir integrasie. Heel dikwels vervul die Essensiële hierdie rol.
- Gedrag wat negatief, onvanpas of beperkend is, moet beteuel en uitgesorteer word. In hierdie proses word die dominante subpersoonlikhede gehelp om bewus te word van hulle rolle en belangrikheid binne die innerlike familiesisteem.
- Die dominante subpersoonlikhede moet leer hoe die innerlike familiesisteme werk.
- Hulle moet gehelp word om te besef dat die rede waarom hulle geskep is, was om die oorspronklike kind te beskerm.
- Vervolgens moet elke dominante subpersoonlikheid geleer word om eerder in 'n versorgende verhouding tot mekaar te staan as kompeterend.
- Namate hulle al meer bewus van die aanwesigheid van die oorspronklike kind word, moet hulle begelei word ten opsigte van die volgende aspekte:
  - Hoe voel hulle oor daardie kind wat hulle beskerm het tot hiertoe?
  - Het dit tyd geword vir die kind om na vore te tree en weer as't ware te begin lewe?
  - Indien dit so is, hoe kan hierdie subpersoonlikhede die proses aanhelp?

Integrasie sal ook makliker plaasvind wanneer die DIV die terapeut vertrou en sien dat ná die integrasie van ander subpersoonlikhede, die subpersoonlikhede eintlik nog in 'n sekere sin teenwoordig is, maar net in 'n ander vorm. Aanvanklik sal die subpersoonlikhede wat min of meer dieselfde 'persoonlikheid' het, saamsmelt – eers een tot een. Soos wat die terapie vorder, kan groep-samesmeltings plaasvind (Kluft, 1993:125).

Friesen (1997:198) stel dit dat nadat fusie plaasgevind het, is dit belangrik dat die persoon vir 'n tydperk van ten minste ses maande aangaan met die terapie, aangesien verdere subpersoonlikhede wat weggekruip het, hul verskyning kan maak. Hierdie subpersoonlikhede is gewoonlik meer gewond as die ander en integrasie gaan dus gepaard met geweldige emosionele pyn. *"The thicker the amnesia is, the more difficult the material tends to be"* (Friesen, 1997:198). Die DIV moet vervolgens nuwe vaardighede aanleer om te 'oorleef' sonder om weer nuwe subpersoonlikhede te vorm.

Volgens Kluft (1993:110) behoort daar na 'n tydperk van drie maande redelike sterk aanduidings te wees of die integrasie suksesvol was, al dan nie. Gedurende hierdie tydperk moet daar veral gelet word op die volgende:

- Kontinuïteit in die geheuemateriaal.
- Die afwesigheid van simptome wat dui op DIV.
- 'n Subjektiewe gevoel van eenheid.
- Die afwesigheid van subpersoonlikhede (of in geval waar slegs twee geïntegreer het, die afwesigheid van die bepaalde subpersoonlikheid).
- Kliniese bewys dat die geïntegreerde persoon oor die nodige lewensvaardighede beskik om homself te kan handhaaf in situasies wat voorheen deur die verskillende subpersoonlikhede hanteer is.

In gevalle waar daar 'n groot integrasie plaasgevind het, sal daar gewoonlik ook posttraumatiese stres aanwesig wees. Die nuutgeskepte persoon sit nou met al die herinneringe en gevoelens wat hy van al die subpersoonlikhede ontvang het. Voor integrasie moes elke subpersoonlikheid op sy eie 'n sekere deel van die herinneringe apart hanteer, terwyl die geïntegreerde persoon op sy eie nou alles moet hanteer. Al die herinneringe en gevoelens en liggaamlike sensasies is nou hierdie persoon s'n. Vir hom mag dit voel asof hy reg van vooraf moet begin. Hy kan nie nou maar sommer weer 'n nuwe persoonlikheid skep om dit namens hom te hanteer nie. Hierdie persoon moet gevolglik nou ander wyses aanleer om moeilike emosies eenkant te plaas, totdat hy oor die vaardighede beskik om dit te kan hanteer (Bryant *et al.*, 1992:231). Sommige persone rapporteer dat hulle na integrasie 'dikker', 'voller' of 'langer' voel. Hulle mag selfs vind dat hulle visuele- en ouditiewe skerpheid verbeter het. Die innerlike stiltes (omdat die subpersoonlikhede nie meer in voortdurende gesprek is nie) lei daartoe dat hierdie persone meer bewus word van die buitewêreld met al sy klanke en beelde.

Die vraag wat nou kan ontstaan, is of al die harde werk rondom integrasie en fusie die moeite werd is? Judy vertel haar verhaal verder:

"I think anything less than integration is only a superficial bandage on a large deep wound. I believe that integration is worth the effort. Finally, after being subjected to abuse, never feeling good about myself and hiding inside all these years, I am able to experience the good things in life. For the first time the child inside can see that there is another side of life other than the

horrible things she experienced. To other multiples I would say that it's going to be a tough road but go for it. Go for the gold! Because the child who suffered all those atrocities finally has the chance to just stop and smell the flowers. She won't get that chance if she stays in parts. It is only through integration that the child will have the fullness of a human being to experience life for herself." (Bryant *et al.*, 1992:234).

2.12 BEGINSELS VIR GENESING

Navorsing rondom die behandeling van dissosiasie toon aan dat daar veral sewe algemene beginsels is wat, indien aanwesig, dui op genesing.

2.12.1 GENESING BEGIN WANNEER SEKERE TEGNIEKE TOEGEPAS WORD OM POSTTRAUMATIESE STRESSIMPTOME TE HANTEER

Hierdie tegnieke is byvoorbeeld ontspanningsoefeninge om angs en stres teë te werk, asook riglyne betreffende die hantering van woede en terugflitse. Hierdie praktiese riglyne bring nie noodwendig totale genesing nie, maar hulle help ten minste om die negatiewe simptome te verminder tot hanteerbare vlakke. Dit is die eerste treë onderweg na volkome genesing (Shiraldi, 2000:50). Baldwin (1995:2) sluit hierby aan wanneer hy sterk fokus op die hier en die nou van die individu se lewe en hy gee riglyne waarvolgens die individu in sy teenswoordige omstandighede optimaal kan funksioneer. Conway (1990:175) beklemtoon dat genesing van dissosiasie 'n proses is en dat obsessiwiteit die proses net vertraag: *"Your healing will be speeded up – as you slow down."*

2.12.2 GENESING VIND PLAAS WANNEER TRAUMATIESE GEHEUE GEPROSESSEER EN GEÏNTEGREER WORD

Uit die vroeëre beskrywing is gesien dat die gedissosieerde traumatiese geheue afgesper is van die normale geïntegreerde, geassosieerde langtermyngeheue. Integrasie beteken dat die geheue fragmente herroep en geëvalueer word sodat hulle aan mekaar verbind kan word en die geheue sodoende afgerond kan word. Onakkurate en onredelike gedagtes en emosies word in die proses geïdentifiseer. Ontstellende emosies kan geverbaliseer en sodoende vrygelaat word. Die gevolg is dat die geheue dan verbind word aan kalmer en

meer ondersteunende emosies. Geheue wat moeilik in woorde uitgedruk kon word, kry nou woorde en daar vind hegting en logika plaas. Die persoon begin om die traumatiese herinnering in duideliker perspektief te sien en die stresvolle energie van hierdie herinnering is geneutraliseer. Die verskillende snellers word nou slegs herinneringe en is nie meer hertraumatiserend nie. Die traumatiese gebeure behoort nou tot die verlede. Net soos al die ander lewensgebeure kan hierdie traumageheue nou herroep word, maar sonder oorweldigende emosionele impak (Schiraldi, 2000:51). Onverwerkte en onderdrukte emosies lei na emosionele afstomping met negatiewe implikasies op verhoudings. Die pad na heling begin by die herwinning van traumageheue en die verstaan en hantering van die gepaardgaande emosies (Matsakis, 1996:66).

Matsakis (1996:156) gee die volgende praktiese riglyne vir die herwinning van die geheue:

- 'n Besoek aan die terrein waar die trauma plaasgevind het.
- Gesprekke met mense wat betrokke was of wat bewus was van die gebeure.
- Die lees van literatuur van oorlewendes.
- Deur die 'storie' te vertel.
- Dans, verf of ander vorms van kuns. Die onderbewuste kan soms nie met redenasies of woorde bereik word nie, maar wel met ritme, rituele en ander vorme van kuns.

Conway (1990:174) gee die volgende wenke vir die herwinning van geheue:

- Verbalisering van die storie.
- Om 'n joernaal te hou van ervarings/stories/familiegeskiedenis.
- Vertroue deur die beradene in die terapeut om hom toe te laat om hom 'terug' te neem in die verlede (regressie).
- Die lees van boeke, artikels, joernale, ensovoorts.
- Die gebruik van die terugflitse as assosiasie, tot voordeel.

Fredrickson (1992:21) beskryf die onderdrukte traumageheue as 'n tydbom wat geneig is om op die mees ongeleë tyd te ontplof. Soos wat die tyd 'aftik' beleef die persoon van tyd tot tyd skrikwekkende sensasies, bisarre terugflitse en angswekkende drome en nagmerries. Vir genesing is dit nodig dat die volledige prentjie, soos 'n legkaart gebou moet word.

Met spesifieke verwysing na 'drome' is die volgende belangrik:

- Drome word beskryf as die bron wat die werklike prentjie van die subjektiewe toestand ontbloot, terwyl die bewussyn hierdie toestand bewustelik ontken of onderdruk.
- Omrede elke mens uniek is, is die betekenis van sy drome ook uniek. Daar moet gewaak word om nie drome te koppel aan veralgemenings nie, byvoorbeeld dat vuur altyd woede sal verteenwoordig.
- Volgens Fredrickson kan drome basies in twee kategorieë verdeel word, naamlik: Simboliese drome en drome wat verband hou met onderdrukte geheue.
- Simboliese drome is boodskappe vanuit die onderbewuste en kan in 'n sekere sin beskryf word as 'n metafoor van die persoon se emosionele lewe. Wanneer die simboliek van die droom verstaan word, kan dit die persoon begelei in die oplossing van probleme en verdere groei stimuleer (1992:124);
- Drome wat verband hou met onderdrukte geheue. Wanneer 'n mens slaap, is daar 'n direkte konneksie tussen die bewuste en die onbewuste. Omrede die 'kanaal' as't ware 'oop' is, bevat hierdie tipe drome werklike onderdrukte geheue, of simbole wat gekoppel is aan die werklike geheue. Hierdie tipe drome is 'n waardevolle hulpmiddel in die herwinning van die traumageheue (1992:125).
- Drome wat verband hou met onderdrukte geheue neem oor die algemeen die volgende vorme aan (1992:126):
    - Nagmerries.
    - Herhalende drome.
    - Drome wat vanuit die kinderjare onthou kan word.
    - Drome van seksuele misbruik.
    - Drome wat gepaard gaan met 'n sterk emosionele komponent.
- Vir die herwinning van geheue wat deur drome na vore gebring word, moet daar op die volgende gelet word (1992:132):
    - Let op na enige leidrade wat gekoppel kan word aan die misbruik.
    - Probeer die droom interpreteer en bespreek alle detail in die droom wat die prentjie kan help bou.
    - Die persoon moet kan identifiseer met die droom.

- Die drome moet opgeteken word in 'n droom-joernaal, sodat alle stukkies geheue saamgevoeg kan word, om saam met al die ander geheuewerk die geheelprentjie uiteindelik te kan vorm.

2.12.3 GENESING VIND PLAAS WANNEER ONTWYKING VERVANG WORD MET KONFRONTASIE

Ontwyking is 'n tipiese angsreaksie in 'n poging om die pyn en lyding te vermy. Schiraldi (2000:52) beklemtoon egter dat integrasie nooit kan plaasvind solank die traumageheue nie erken en verwerk word nie. *"When we avoid, we do not master."*

Konfrontasie (Conway, 1990:181) hou vyf belangrike voordele vir die individu in, naamlik:

- Onverwerkte pyn verdwyn nie vanself nie; dit moet erken en verwerk word. Wanneer hierdie pyn erken word, gaan dit dikwels gepaard met rou en hartseer. Onverwerkte pyn manifesteer as angstigheid, woede, senutoestande, vrees, verwerping, leegheid, verwarring, skuld en/of emosionele afgestomptheid.
- As volwassene beskik die individu oor die emosionele kapasiteit om kinderlike seer te kan hanteer en te verwerk. As kind het hy die gebeure bloot onderdruk in 'n poging om te oorleef.
- Deur die herinneringe oor te vertel, verkry die individu nuwe perspektiewe daarop. Wat vir die individu as kind oorweldigend was, kan vir hom as volwassene meer hanteerbaar wees.
- Deur die storie te vertel, tree die persoon in verhouding met ander mense. Onverwerkte emosies lei dikwels tot afstomping en isolasie, maar deur te praat, word verhoudings gestimuleer en dit lei tot 'n gevoel van waarde.
- Deur emosies te erken, leer die persoon om weer in kontak met sy eie emosies te kom, hetsy positief of negatief. Onverwerkte pyn laat 'n persoon klein en ingedoen voel. Deur aanhoudende ontkenning versterk dit die persoon se verdedigingsmeganismes en sodoende word die aanvanklike emosies net bevestig.

Conway (1990:183) sluit aan by Kübler-Ross as hy die klassieke vyf fases beklemtoon wat die persoon beleef tydens die onthou en konfrontasie van gebeure en emosies:

- Ontkenning: die persoon weier om te glo wat met hom gebeur het;
- Woede: die persoon beleef 'n woede-reaksie teenoor 'n persoon, persone, instansie of selfs teenoor God wat dit kon toelaat;
- Onderhandeling: hierdie fase gaan gepaard met 'n kombinasie van vals en egte skuldgevoelens;
- Rou: persone wat groot verliese ervaar het, moet uiting kan gee aan hul emosies.
- Integrering en aanvaarding: hierdie fase is die logiese gevolg nadat al die vorige fases deurgewerk is.

2.12.4 GENESING VIND BINNE 'N KLIMAAT VAN VEILIGHEID EN TEEN 'N BESTENDIGE PAS PLAAS

Tydens die trauma was die individu nie veilig nie en daarom is dit noodsaaklik dat daar 'n veilige ruimte geskep moet word, waarbinne die terapeutiese proses kan plaasvind (Schiraldi, 2000:52). Volgens Herman (1992:153) is die daarstel van 'n veilige atmosfeer die sentrale punt van die eerste fase van genesing. 'n Deel van hierdie veilige atmosfeer is om die persoon in te lig aangaande sekere gevolge – indien 'n persoon byvoorbeeld 'n terugflits te wagte is, sal dit nie so 'n ontstellende effek hê nie.

Braun (1993:155) beskryf dat hospitalisasie wel in sekere gevalle noodsaaklik is, veral wanneer:

- Die gedissosieerde 'n gevaar vir homself en andere is.
- 'n Onvermoë om enigsins verder normaal te kan funksioneer, as gevolg van aanhoudende oorskakeling, terugflitse of oorweldigende gedrag op snellers.
- Psigologiese stressors, soos byvoorbeeld oorweldigende reaksie by die aanhoor van die diagnose, persoonlike verliese of dood, of sosiale probleme rondom geld, vriende of familie.
- As voorkomingsmaatreël om krisis-hospitalisering te vermy, in gevalle waar agteruitgang sigbaar is.
- 'n Terapeutiese doodloopstraat bereik is. Hospitalisasie skep die geleentheid om die diagnose te herevalueer en maak dit moontlik vir ander terapeute om 'n kortstondige inspraak te kan lewer, wat die behandeling weer kan rig.
- Spesiale behandeling benodig word, soos byvoorbeeld die rehabilitering van gewoonte medikasie, of die psigiese voorbereiding op 'n voorgenome operasie.

Die ideaal sou wees om 'n spesiale eenheid te hê wat net in die behandeling van dissosiasie en DIV spesialiseer. Ongelukkig is dit nie die realiteit nie en word hierdie persone dikwels óf in die psigiatriese afdeling van 'n algemene hospitaal óf in 'n psigiatriese hospitaal opgeneem. Dit opsigself skep verdere probleme, omrede:

- Die terapeut nie altyd by magte is om 'n pasiënt in hierdie hospitale te laat opneem nie en dus nie self die terapie op 'n professionele basis kan voortsit nie.
- Die algemene psigiatriese personeel nie altyd oor die nodige kennis beskik aangaande dissosiasie en DIV nie - dit het tot gevolg dat sommige personeellede skepties staan teenoor die diagnose. In hierdie gevalle word die persoon 'n openlike onderwerp van bespreking en geëtiketteer - sodoende word sy veilige ruimte en vertroue geskaad.

2.12.5 EMPATIESE BEWUSWORDING EN AANVAARDING VAN GEVOELENS BEVORDER DIE GENESINGSREIS

Vir selfaanvaarding is dit belangrik dat 'n individu sy eie gevoelens sal aanvaar (Schiraldi, 2000:52). Diagnose kan twee verskillende reaksies ontlok, naamlik:

- Sommige persone sal verlig voel en dit beskou as 'n verduideliking van al die simptome wat hulle ervaar het.
- Vir andere sal die diagnose baie ontstellend wees en gevolglik nuwe probleme kan veroorsaak.

Tydens diagnose moet die persoon gestabiliseer word, sodat hy sy emosies in die oë kan kyk en sodoende homself kan aanvaar. Die diagnose van veral DIV is vir die meerderheid persone eerder 'n skokervaring, omrede hulle vir jare totaal onbewus van die toestand kon funksioneer (Haddock, 2001:121). Friesen (1997:142) beklemtoon ook die belangrikheid om te weet wanneer om die diagnose te deel met die persoon. Die persoon se eggenoot(note) moet ook ingelig en versoek word om 'n veilige omgewing en voldoende sekuriteit en ondersteuning aan die DIV te gee. Die verskillende subpersoonlikhede sal die diagnose ontken in 'n poging om hul geheim veilig te bewaar. Tydens terapie moet die DIV 'n kaart teken van al die subpersoonlikhede waarvan hy bewus is. Soos die terapie vorder, moet hierdie kaart uitgebrei word, totdat al die subpersoonlikhede geïdentifiseer is en die proses van integrasie begin kan word.

2.12.6 BALANS IN DIE LEWE BEVORDER GENESING

Genesing impliseer harde werk en 'n mens is nie in staat om voortdurend te worstel met moeilike materiaal nie. Daarom gaan die persoon êrens 'n behoefte hê aan 'n onderbreking. Hy sal tussendeur moet tyd maak vir ontspanning, ligter genietinge, ensovoorts (Schiraldi, 2000:52).

Conway (1990:168) verduidelik dat die herwinning van traumageheue gevoelens van uitputting by die persoon kan veroorsaak. Die persoon sal homself kritiseer en kan selfs kwaad voel, omdat hy nie so broos wil voel nie. Die gevaar bestaan dan dat hy hierdie emosies sal projekteer op ander mense rondom hom en dit sal lei tot verdere konflik. Terapie word gevolglik bevorder deur 'n balans en nie deur gedurige preokkupasie met die probleem nie.

2.12.7 GENESING VIND PLAAS WANNEER GRENSE IN PLEK IS

Die individu moet van voor af leer dat hy beheer van sy eie lewe kan verkry. Stewige grense impliseer ook dat hy sal weet waarvoor hulle verantwoordelik is en watter dinge buite hul verantwoordelikheid lê. Grense gee 'n gevoel van innerlike krag. Uiteindelik stel dit die individu weer in staat om homself en die wêreld rondom hom te geniet. Dit bekragtig die mens ook om lief te hê en meer sinvolle verhoudings met andere te kan handhaaf (Schiraldi, 2000:53; Herman, 1992:196).

Voordat die genesingsproses begin is, word daar aan die trauma gedink as 'n groot aardbewing – een wat duidelike verwoesting in 'n persoon se lewe veroorsaak. Maar, aan die einde van die pad, ongeag die letsels, word die trauma dan 'n bron van sterkte en krag. Die persoon beleef homself nie meer as 'n slagoffer nie, maar as 'n oorwinnaar. Hy het geleer om weer beheer oor sy eie lewe neem (Matsakis, 1996:243).

Matsakis (1996:242) noem ook die volgende aspekte as aanduiding van herstel en genesing:

- 'n Afname in die simptome.
- 'n Afname in die vrees vir die simptome.
- 'n Afname in die vrees vir kranksinnigheid.
- 'n Herlokering van die woede en skuld in positiewe rigtings.
- 'n Verandering van slagoffer-mentaliteit na oorwinnaars-mentaliteit.
- 'n Verandering van 'n rigiede houding na 'n meer spontane houding.
- 'n Toenemende waardering van die lewe.
- 'n Toenemende sin vir humor.
- 'n Empatiese houding teenoor andere.

Steinberg (2001:255) som die genesingsproses op in vier C's, naamlik:

- *Comfort*
- *Communication*
- *Co-operation*
- *Connection*

Sy vergelyk die terapie met kinders wat kolletjies met mekaar verbind om 'n inkleurprentjie te kan vorm. Die kolletjies is die verskillende subpersoonlikhede en die verbindingstrepies is die geheue wat herwin moet word, sodat die geheelprentjie gesien kan word. Volgens Steinberg (2001:255) het navorsing getoon dat die suksesvolle behandeling van DIV oor 'n tydperk van drie tot vyf jaar strek.

2.13 TERAPEUTIESE EN GODSDIENSTIGE MISBRUIK

Volgens McMinn (1997:18) is persone met dissosiatiewe simptome in die verlede meer dikwels al verkeerdelik gediagnoseer en behandel vir ander sielkundige probleme, soos byvoorbeeld major depressie, skisofrenie of grenspersoonlikheidsversteuring. Hierdie misinterpretasie kan beter verstaan word met inagneming van Friesen (1997:41) se stelling dat, tydens sy doktorale opleiding as sielkundige gedurende die laat sewentigerjare, die aspek rondom veelvoudige persoonlikheidsversteuring as simptoom van dissosiasie, nooit aan die orde gestel is nie. Die enigste informasie hieroor was tydens 'n inleidingskursus tot die sielkunde as eerstejaarstudent in 1967. Daar is toe aan hulle as studente gesê dat dit 'n baie rare verskynsel is en iets waarmee

hulle nie eintlik te doen sou kry tydens hul kliniese loopbaan nie. Wat hy egter in die praktyk teëgekom het, was uiteindelik totaal die teendeel. Teen hierdie agtergrond bespreek hy die twee begrippe, terapeutiese en godsdienstige misbruik (Friesen, 1997:107).

2.13.1 TERAPEUTIESE MISBRUIK

Volgens Friesen (1997:107) is terapeutiese misbruik daarin gesetel dat verkeerde diagnoses gemaak word, met die gevolglike verkeerde behandeling. Hy wys op een studie wat bevind het dat persone met veelvoudige persoonlikheidsversteuring gemiddeld sewe jaar reeds onder behandeling was voordat die korrekte diagnose uiteindelik gemaak is.

Volgens Bryant *et al.* (1992:28) wil dit voorkom asof gedissosieerde persone eintlik grenspersoonlikhede is, aangesien daar net soos in die geval van dissosiasie, ook gemoedsveranderinge, identiteitsversteurings en selfbenadelende gedrag voorkom. Hierby kan gedissosieerde persone ook nog 'n grenspersoonlikheidsfragment hê wat manipulerend en veeleisend kan wees. Die verskil is egter dat by iemand met 'n grenspersoonlikheid die afhanklikheid en die simptomatiese gedrag baie selde verander. By die gedissosieerde persoon verander die prentjie egter wel, afhangende van watter subpersoonlikheid "uit" is. Dit kan ook wees dat een of meer subpersoonlikhede tipiese eienskappe van 'n grenspersoonlikheid mag hê – ander weer nie.

Haddock (2001:04) beskryf die grenspersoonlikheid soos volg:
"A personality disorder involving a disturbance in identity and a pattern of impulsive behaviors and instability in relationship to self and other."

Volgens Bryant *et al.* (1992:29) word die gedissosieerde persoon so dikwels as 50% van die tyd verkeerdelik gediagnoseer as skisofrenies. Hulle wys op Eugene Bliss, 'n psigiater, wat 'n studie van die verskynsel van veelvoudige persoonlikheidsversteuring gemaak het en bevind het dat in een psigiatriese hospitaal 57% van die pasiënte verkeerdelik gediagnoseer was. In plaas van skisofrenie het dit eintlik gegaan om dissosiasie. Haddock (2001:60) beskryf die onderskeid soos volg:
"Schizophfrenia is a lack of sense of identity and one's role in society. Patients have hallucinations which occur primarily outside the patient's head. Bizarre delusions, paranoid

delusions and any other delusions that do not involve the other personalities, such as "The CIA is out to get me."

'n Verdere belangrike aspek rondom verkeerde diagnose hou verband met die feit dat by sowel skisofrenie as dissosiasie, persone by geleentheid 'stemme' kan hoor (Friesen, 1997:53; Bryant *et al.*, 1992:29; Haddock, 2001:59; Kaplan & Sadock, 1991:432). By dissosiasie is dit egter asof die persoon die stemme in sy eie kop hoor, eerder as van buite. By skisofrenie klink dit egter asof die stemme van eksterne bronne afkomstig is - soos byvoorbeeld vanaf die huis langsaan. Dit is maar eers gedurende die laaste klompie jare dat hierdie onderskeid ontdek is. Vir baie jare egter, as 'n persoon verwys het na 'stemme' wat hy hoor, was die konklusie dat dit hallusinasies was, en dan is psigose vermoed en is die persoon daarvoor behandel (Friesen, 1997:53). Die mees effektiefste behandeling vir sodanige simptome (indien dit wel verband hou met skisofrenie) is sederende medikasie – dit laat dan ook die stemme opklaar. Die tragedie is egter dat kalmeermiddels en verdowing geen verbetering teweeg bring vir die veelvoudige persoonlikheidsversteurde nie – inteendeel hulle raak bedwelm en deurmekaar. Gevolglik word net groter dosisse voorgeskryf. In hierdie geval is die stemme dié van subpersoonlikhede wat deel van die persoon se innerlike sisteem is en wat gevolglik nie reageer op medikasie nie (Bryant *et al.*, 1992:29).

Teen hierdie agtergrond is Friesen (1997:53) van mening dat daar talle persone met dissosiatiewe identiteitsversteuring in terapie of in psigiatriese hospitale is, wat behandeling vir die verkeerde simptome ontvang.

'n Verdere kompliserende faktor betreffende die korrekte diagnose is volgens Bryant *et al.* (1992:30) die feit dat sommige gedissosieerde persone een subpersoonlikheid het wat soms dominant is vir 'n lang periode van tyd, selfs jare. Hierdie subpersoonlikheid sal geen of bitter min tekens van geheueverlies of tydsverlies toon en dus geen aanduiding van veelvoudigheid gee nie. Dit is ook omdat die simptome van 'n gedissosieerde persoon die meeste van die tyd inkonsekwent, onopvallend en goed versteek is. Bryant *et al.* (1992:30) haal in hierdie verband die navorsing van Richard Kluft aan wat bevind het dat soveel as 80% van gedissosieerde persone wat reeds onder behandeling is, steeds moeilik diagnoseerbaar sal wees en gevolglik die simptome goed sal verberg.

Teen hierdie agtergrond is dit dus te verstane as Friesen verwys na 'terapeutiese misbruik'. Dit bevestig ook maar net die leemte rondom toerusting, opleiding en ervaring by beraders en terapeute betreffende hierdie area. Terapeutiese misbruik kan dus baie maklik plaasvind as gevolg van 'n gebrek aan kennis.

2.13.2 GODSDIENSTIGE MISBRUIK

Die tweede probleemarea wat deur Friesen beklemtoon word, is dié van 'godsdienstige misbruik'. Hy is van mening dat sekere strominge binne die kerk hulself aan hierdie tipe misbruik skuldig maak. Dit is gevalle waar die hoor van 'stemme' in alle gevalle as demonies beskou word. Persone met dissosiatiewe identiteitsversteuring sal gevolglik dan benader word asof hulle demonies beset is. Die uitdrywing van demone waar daar nie demone teenwoordig is nie, veroorsaak gevolglik verdere emosionele probleme soos byvoorbeeld skuldgevoelens en verwarring. Dr. Richard Kluft (soos aangehaal deur Friesen, 1997:221) het die volgende in 'n artikel, *On giving consultations to therapists treating Multiple Personality Disorder: fifteen years of experience,* geskryf:

"I began to get a number of calls from clergymen and practitioners who added the prefix "Christian" to their profession, e.g., "Christian Psychiatrist". Such calls usually began with reference to the work of Ralph Allison... or M. Scott Peck... and inquired about issues that bore on exorcism. I learned of a massive subculture in which such practices were commonplace, and had occasion to take a number of failed exorcism patients into treatment for what appeared to me to be classic MPD."

Tydens terapie moet 'n duidelike onderskeid tussen 'n gefragmenteerde persoonlikheid/alter en 'n demoon gemaak word. Onderrig en toerusting het in die verlede op 'n punt soos hierdie geweldig tekort geskied.

Friesen (1997:222) gee 'n duidelike beskrywing van die onderskeid tussen die gefragmenteerde (gedissosieerde) persoonlikheid/alter en 'n demoniese teenwoordigheid:

Gefragmenteerde persoonlikheid	Demoon
Die meeste alters is gewillig om saam te werk in terapie - al begin die verhouding negatief.	Demone is arrogant en sal geen samewerking gee nie.
Verwarring en angs verminder tydens terapie wanneer slegs alters teenwoordig is.	Verwarring, angs en wellus neem toe tydens terapie wanneer demone teenwoordig is.
Alters is aanpasbaar by omstandighede.	Demone forseer onaanvaarbare gedrag en blameer dan 'n alter.
Alters het elkeen 'n eie persoonlikheid en stem.	Demone het slegs 'n negatiewe, kwaai stem sonder 'n persoonlikheid.
Irritasie, onvergenoegdheid en wedywering is aan die orde van die dag tussen alters.	Haat en bitterheid is die algemeenste emosies onder demone.
Alters neem 'n menslike beeld aan en dit bly dieselfde reg deur die terapie.	Demone neem drogbeelde aan wat wissel tussen menswees en gedrogte.

Friesen meld ook dat demoniese invloed moontlik teenwoordig mag wees wanneer aspekte soos die volgende 'n rol speel:

- Die persoon 'n absolute weersin in Christelike simbole en die Naam van Jesus het.
- Wanneer die persoon oor bonatuurlike vermoëns, soos byvoorbeeld telepatie, beskik.
- Wanneer daar 'n duidelike demoniese teenwoordigheid aangevoel kan word.

2.13.2.1 Godsdiens *versus* sielkunde

Wat betref 'godsdienstige misbruik' is dit verder ook nodig om te let op die verskillende wyses waarop godsdiens en sielkunde tot op hede óf teenoor mekaar geplaas was, óf geïntegreer is.

Meier *et al.* (2000:26) gee 'n baie nuttige samevatting. Hulle toon aan hoedat die meerderheid van benaderings veral in vier kategorieë ingedeel kan word:

2.13.2.1.1 Christendom teenoor sielkunde

Die Biblical Counselling Movement, waarin onder andere persone soos Jay E. Adams, John F. MacArthur en Wayne A. Mack tot dusver prominente rolle gespeel het, kan in hierdie kategorie geplaas word. Hulle laat baie min, indien enige, ruimte vir die sielkunde toe. Hulle gaan van die standpunt uit dat die Christendom hul eersgeborereg verkoop het vir die sielkunde. Alle kennis is in God opgesluit en daarom is sielkundige navorsing onnodig tydens berading (Adams, 1970:17; MacArthur & Mack, 1994:44). Hulle is geneig om alle probleme binne die geestelike arena te plaas. Daar is ook die geneigdheid om alle psigoterapie te beskou as teen God se wil. Persoonlike sonde word as die hoofoorsaak van die meeste probleme aangetoon. Hulle is van mening dat psigoterapie as 'n valse religieuse sisteem beskou kan word en hulle betwyfel die wetenskaplikheid en effektiwiteit daarvan. Die kerk het gevolglik nie 'n behoefte aan psigoterapie nie, aangesien sielkunde en die Christendom fundamenteel onaanpasbaar is (Joubert, 1999:35). Adams (1979:xiii) se standpunt is dat die basis van Christelike berading niks anders as die Bybel moet wees nie, omdat die essensie van berading, naamlik verandering, ook die boodskap van die Bybel is. Verandering wat verandering in waardes, oortuigings, verhoudings, houdings en gedrag insluit, kan vir die Christen slegs op die Bybel as basis gebaseer word ten einde Godverheerlikend te wees.

2.13.2.1.2 Sielkunde teenoor Christendom

Hier is die uitgangspunt dat die sielkunde al die antwoorde het terwyl die Christendom beskou word as óf onbelangrik óf skadelik vir 'n gesonde lewenswyse. Freud *"who asserted that Christianity is pathological"* (Meier *et al.*, 2000:27) is 'n belangrike verteenwoordiger van hierdie kategorie. Alhoewel nie noodwendig ateïsties gedryf nie, word hierdie beweging steeds deur sommige sielkundige strominge ondersteun en beskou hulle hulself as dié met alleenreg om met die psige te werk en verwerp hulle 'n Christelike benadering. Bowman (soos aangehaal deur Rosik, 2003:114) spreek haarself byvoorbeeld duidelik uit teenoor enige Christelike terapeutiese benadering met betrekking tot 'n probleem soos dissosiasie: *"DID is not a spiritual disorder, but a mental disorder that calls for psychological reatment. Exorcism is a spiritual treatment that does not belong in the treatment of psychiatric disorders, DID included."*

Voorstaanders van hierdie standpunt is van mening dat die menslike rede die uiteindelike bron is van waarheid. Binne hierdie groep is daar diversiteit, en aan die een kant is daar diegene wat van mening is dat religie skadelik is vir die mens en vrye uitdrukking van die mens se aard onderdruk. Aan die ander kant is daar diegene wat van mening is dat God bestaan, maar hulle beskou God nie as 'n persoonlike God nie. Die mens is vir hulle die bron van waarheid en kennis (Joubert, 1999:35).

2.13.2.1.3 Die Christelike en sielkundige standpunt

Beide hierdie dissiplines word as apart beskou, maar tog op gelyke vlak om die waarheid te vind. Hierdie is egter 'n dualistiese benadering wat eintlik in teenstelling is met die Bybelse holistiese uitgangspunt. Die Bybel leer dat die mens nie gesegmenteerd is nie, maar eerder funksioneer as een geheel. In 'n bespreking van hierdie selfde aspek haal Joubert (1999:1) die volgende standpunt van Ellis aan:

"Volgens Ellis is 'n emosioneel gesonde persoon 'n oop, aanpasbare persoon wat kan verander, terwyl 'n toegewyde dogmatiese persoon onaanpasbaar en geslote is en nie kan verander nie. Ellis sien hierdie eienskappe van religieuse toegewydheid as, in baie opsigte, gelykstaande aan emosionele versteuring. Ellis is ook van mening dat religie wel verenigbaar is met geestesgesondheid indien dit nie absoluut of dogmaties is nie".

Met 'n stelling soos hierdie ignoreer Ellis die holistiese benadering en segmenteer hy die mens. Ondersteuners van hierdie standpunt beskou die Christelike en sielkundige standpunte as twee onafhanklike dissiplines met verskillende doelstellings, inhoude en metodes waardeur verskillende dimensies van die menslike natuur beskryf word (Joubert, 1999:35).

2.13.2.1.4 Integrasie van Christelike en sielkundige standpunte

In hierdie geval word die mens fundamenteel as 'n eenheid beskou. Die gevaar hier sou egter wees dat indien hierdie benadering sonder enige kritiek aanvaar word, dit kan uitloop op sinkretisme. Dit sou impliseer 'n vermenging van heidense en Christelike beginsels waardeur daar dan uiteindelik 'n gekompromitteerde geloofstandpunt aan die orde is.

Joubert (1999:435) is egter van mening dat die integrasie van die Christelike geloofsisteem in die psigologiese praktyk nie net moontlik is nie, maar ook 'n effektiewe hulpverleningswyse vir Christene is. Die aanname wat gemaak word, is dat alle waarheid God se waarheid is. Hierdie integrasie word dan volgens haar beskou as 'n wyse waarop 'n benadering tot psigoterapie ontwikkel kan word, waar beide God én wetenskaplike objektiwiteit 'n plek het. Die toepassing van so 'n integrasie kan op intrapsigiese, interpersoonlike, sowel as geestelike vlak gedoen word. Die gevolg is dan dat dit op verskillende dimensies 'n betekenisvolle impak kan hê. So 'n integrasiebenadering bied gevolglik 'n raamwerk aan psigoloë waar die kerk as suprasisteem van Christelike kliënte betrek kan word by die terapieproses. Sodanige interaksie tussen die kerk en die psigoloog kan dan ook bydra tot die psigologiese en geestelike groei by gelowiges.

2.13.2.1.5 Eklektiese benadering

Alhoewel Meier *et al.* (2000:29) enersyds baie aansluiting vind by bovermelde vierde model, wil hulle andersyds hul eie siening beskryf as 'n 'eklektiese benadering'. Hiermee bedoel hulle dat hulle uiteindelik die beste eienskappe uit elk van hierdie vier modelle wil neem en toepas. Volgens hulle het elke model sy swakhede sowel as sterk punte. Die eerste model beklemtoon byvoorbeeld die belangrikheid van die Bybel en van God. Die tweede model beklemtoon die belangrikheid van 'n openheid teenoor die resultate van sielkundige navorsing. 'n Sielkundige refleksie rondom sekere Bybelgedeeltes kan ook baie interessante perspektiewe na vore bring wat miskien vantevore nie raakgesien is nie (soos byvoorbeeld die behavioristiese klem in 'n boek soos Spreuke). Die voordele van die derde model word deur Meier *et al.* (2000:29) soos volg opgesom: *"The differences in the questions asked and approaches to answering them would lend themselves to a creative interface when the integrity of both Christianity and psychology is maintained."*

'n Eklektiese benadering kan lei tot 'n wedersydse bevrugting van idees tussen die Christendom en die sielkunde en dit kan ook kreatiwiteit en intellektuele produktiwiteit stimuleer. 'n Vereniging soos die *American Association of Christian Counsellors* met sy tydskrif, *Christian Counselling Today,* het in hierdie opsig 'n baie groot rol gespeel gedurende die afgelope dertig jaar. Hier sou talle name genoem kon word van persone wat uitstaande bydraes gelewer het: Paul Meier, Frank Minirth, William Wilson, Gary Collins, Archibalt Hart, Donald Ratcliff, Frank Wichern, Stephen Arterburn, Robert Wise, Dan Allender, William Backus, James Friesen, David

Stoop, Diane Langberg, David Seamands, Mark Laaser, Louis McBurney, Norman Wright en Everett Worthington.

'n Verdere uiteensetting van 'n meer eklektiese benadering word ook gegee deur Johnson *et al.* (2000:244). Nadat hulle verskeie benaderings met betrekking tot die verhouding tussen sielkunde en godsdiens aan die orde gestel het, gee hulle in die slothoofstuk 'n samevattende benadering, wat ook eklekties van aard is. Volgens hulle behoort die etiese (geestelike) nie as losstaande van die sielkunde hanteer te word nie.

Hulle noem hoofsaaklik twee redes, naamlik:

- Die etiese is fundamenteel tot alle lewe, daarom kan die etiese en die sielkunde nie teenoor mekaar geplaas word nie. Inteendeel, hierdie etiese fondament waarop alle lewe gebaseer is, roep Christene juis tot getroue aanbidding en voortvloeiend daaruit, 'n bereidwilligheid tot diens en betrokkenheid by ander mense. *"This ethical awareness is of ultimate importance and grounds all theoretical options as a call to live all of life together unto the Lord with integrity."*
- Elke persoon het 'n verantwoordelikheid tot geestelike groei in sy verhouding met homself, met ander en met God. Tog kan hierdie etiese en geestelike ervarings nie die soeke na waarheid vervang nie. By hierdie soeke gaan dit onder andere om die intellektuele opdrag met betrekking tot geloof te verbind met die wetenskap van die sielkunde en dit te integreer. Die etiese opdrag verleen hom dus nie tot aparte benaderings nie.

Johnson *et al.* (2000:245) spreek hul baie sterk uit teen die benadering dat terapie slegs die een of die ander benadering kan wees, aangesien alle hulpverlenings gevorm word deur die uiteindelike verstaan van die menslike natuur in sy totaliteit. Ignorering van die kognitiewe dimensie, tesame met die oorbeklemtoning van die etiese, lei tot teenstrydighede en inkongruensie betreffende die lewe en geloof. Volgens Jesaja 28:23-29 is God die bron van alle waarheid. Die doel van alle wetenskappe is veronderstel om dít te verstaan en weer te gee. Tog sal die menslike begrip altyd beperk wees en daarom blyk 'n eklektiese benadering die beste te wees.

In Spreuke 2:2-6 word die opdrag gegee om te strewe tot 'n voller en ryker begrip. *"Sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand, ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef; as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy*

die vrees van die Here verstaan en die kennis van God vind, want die Here gee wysheid, uit sy mond kom daar kennis en verstand."

Hierdie is geen maklike taak nie en vereis dissipline, maar die uiteinde is belonend. Hoe meer kompleks die waarheid is, hoe noodsaakliker die behoefte aan begrip van 'n verskeidenheid van perspektiewe.

Johnson *et al.* (2000:256) vergelyk hierdie soeke na waarheid met die storie van 'n blinde man wat by 'n olifant staan en dit probeer identifiseer deur te voel wat dit is. Die verskillende vorme van benaderings, wat elk daarop aandring dat hulle die volle waarheid bevat, is soos die blinde man wat maar gedeeltes van die olifant kan voel en daaruit 'n afleiding maak. Die wysste benadering is deur 'terug te staan' om sodoende die volle prentjie te sien, en daardeur ook die beperkings te sien van diegene wat voorgee dat húl weergawe alleen die waarheid is.

Terug by die kwessie rondom 'godsdienstige misbruik', kan daar vervolgens tereg die vraag gestel word of die model waar die Christendom teenoor die sielkunde geplaas word nie in 'n sekere sin hieraan skuldig is nie? Alle vernuwende insigte wat deur sielkundige navorsing na vore gekom het, word geïgnoreer en daar word vervolgens geensins kennis geneem van sielkundige tegnieke en benaderings wat heling sou kon bevorder nie. Persone wat binne hierdie kategorie funksioneer, sal gevolglik nie toegerus wees om die gedissosieerde persoon pastoraal te begelei nie. Die wortel van die persoon se probleem gaan waarskynlik uitsluitlik gesoek word in die area van persoonlike sonde (wat in sekere opsigte wel gedeeltelik waar mag wees). Weens 'n gebrek aan kennis van die berader, kan dit gebeur dat so 'n persoon net verder getraumatiseer word.

By die tweede model waar die sielkunde teenoor die Christendom geplaas word, kan die vraag tereg gestel word of hier nie iets ter sprake is van 'terapeutiese misbruik' nie? In hierdie geval gaan die gedissosieerde persoon suiwer sielkundig benader word (soos verwoord deur bovermelde aanhaling deur Bowman). Die geestelike dimensie van die hele probleem gaan gevolglik geensins aangespreek word nie en die vraag is inderdaad of daar op hierdie wyse algehele genesing op die langtermyn moontlik is. Een helfte van hierdie persoon se probleem gaan dus aandag ontvang terwyl die oplossing vir die ander helfte (geestelik/pastoraal) van hom weerhou gaan word.

2.14 SAMEVATTING VAN METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

- Dit het geblyk dat kennis rondom die verskynsel van dissosiasie reeds so vêr terug dateer as 400 v.C. Sedert die negentigerjare het navorsing, sowel as die publikasie van artikels en boeke, geweldig begin toeneem.

- In die stryd om die verstaan van menswees, het die sielkunde 'n besondere bydrae gelewer deur hierdie verskynsel baie duidelik en helder te definieer. Pastorale beraders moet baie beslis kennis neem van die bydraes in hierdie verband.

- Dit is verder belangrik dat daar kennis geneem sal word van die fynere onderskeidinge rondom die probleem van dissosiasie, aangesien 'n groot persentasie van getraumatiseerde persone in 'n mindere of meerdere mate hierdeur geraak is. Hier gaan dit veral om aspekte soos geheueverlies en swerfsiekte.

- Dit is van besondere belang vir die pastorale berader om kennis te neem van die verskynsel van dissosiatiewe identiteitsversteuring of veelvoudige persoonlikhede in die begeleiding van die getraumatiseerde persoon. Vordering en genesing sal in talle gevalle nie kan realiseer nie as gevolg van 'n gebrek aan kennis aan die kant van die berader ten opsigte van hierdie faktor.

- Wanneer 'n persoon tydens trauma nie oor die emosionele kapasiteit beskik om die trauma te verwerk nie, vind dissosiasie plaas. Tydens dissosiasie word die traumageheue tesame met die emosies 'uitgeblok' en verplaas na die amigdala-deel van die brein, dus ervaar die persoon geheueverlies. Hierdie traumageheue word gefragmenteer en is hoogs onstabiel. Algehele of gedeeltelike dissosiasie kan ervaar word. Dissosiasie is 'n verdedigingsmeganisme teen oorweldigende trauma. Die brein 'blokkeer' die traumageheue op dieselfde wyse as wat die liggaam infeksies beheer.

- Ten spyte van die feit dat dissosiasie 'n verdedigingsmeganisme is, is dit ook 'n struikelblok tot verdere emosionele en persoonlike groei, omrede dit sekere negatiewe simptome vir die

individu inhou. Hierdie simptome bemoeilik die lewe en verhoudings vir die individu. Dikwels kan die persoon self nie die simptome verklaar nie en dit word dan die rede waarom die persoon vir terapie aanmeld.

- Dissosiatiewe identiteitsversteuring kan dan ook daartoe lei dat die persoon subpersoonlikhede skep om die traumagebeure te help hanteer. Daar kan verskeie subpersoonlikhede gevorm word. By veel-fragmentasie kan 'n baie groot aantal subpersoonlikhede aanwesig wees. Hierdie subpersoonlikhede verskil in ouderdom en geslag. Die kompleksiteit van die trauma-gebeure en die persoon se vermoë om die trauma te kan hanteer, sal bepaal of subpersoonlikhede gevorm word, al dan nie. Die subpersoonlikhede vorm 'n goed gebalanseerde, georganiseerde innerlike sisteem en elke subpersoonlikheid het 'n spesifieke rol om te vervul.

- Die gedissosieerde sal verskeie snellers in die alledaagse lewe beleef wat die traumageheue kan aktiveer en 'n terugflits tot gevolg kan hê. Die snellers self is skadeloos, maar dit ontlok 'n geweldige emosionele reaksie. Die verbintenis tussen die trauma en die sneller kan voor die hand liggend wees, of meer subtiel. Die snellers is egter waardevolle hulpmiddels in die herwinning van traumageheue.

- Basiese praktiese beginsels vir die behandeling van die DIV blyk die volgende te wees:
  - Handhaaf konsekwente prosedure en duidelike grense.
  - Fokus op bekragtiging.
  - Bewerkstellig en handhaaf 'n sterk terapeutiese alliansie.
  - Erken en verwerk onderdrukte trauma-gevoelens.
  - Verminder die verdeeldheid en konflik tussen die verskillende subpersoonlikhede.
  - Strewe na ooreenstemmende persepsies.
  - Alle subpersoonlikhede moet konsekwent dieselfde behandel word.
  - Herstel die basiese voorveronderstellings.
  - Poog om oorweldigende ondervindinge te minimaliseer.
  - Modelleer, leer en versterk verantwoordelikhede.
  - Die terapeut moet 'n aktiewe, ondersteunende en plooibare terapeutiese houding inneem.
  - Herken en herstel kognitiewe foute.

- Tydens die integrasieproses ontstaan 'n 'medebewussyn' tussen die verskillende subpersoonlikhede. Dit is wanneer die grense ten opsigte van geheueverlies tussen die subpersoonlikhede afgebreek word en die traumageheue herwin en verwerk kan word.

- Fusie vind plaas wanneer twee subpersoonlikhede saamsmelt om 'n eenheid te vorm. Hierdie samesmelting gaan gepaard met intense emosies van hartseer, omrede dit vir die subpersoonlikheid voel asof hy 'sterf'. Nadat fusie plaasgevind het, sal die persoon egter steeds oor al die herinneringe van die subpersoonlikhede beskik. Die proses van fusie moet volgehou word totdat daar geen fragmentasie meer is nie. Nadat fusie afgehandel is, moet die persoon nog vir 'n tydperk terapie ontvang om seker te maak dat geen subpersoonlikhede agtergebly het nie en om nuwe vaardighede aan te leer om verdere dissosiasie te voorkom.

- Die volgende sewe beginsels het geblyk belangrik te wees ten opsigte van genesing:
  - Genesing begin wanneer sekere tegnieke toegepas word om posttraumatiese stres-simptome te verlig.
  - Genesing vind plaas wanneer traumageheue geprosesseer en geïntegreer word.
  - Genesing vind plaas wanneer ontwyking vervang word met konfrontasie.
  - Genesing vind plaas binne 'n klimaat van veiligheid en teen 'n bestendige pas.
  - Empatiese bewuswording en aanvaarding van gevoelens bevorder die genesingsreis.
  - Balans in die lewe bevorder genesing.
  - Genesing vind plaas wanneer grense in plek is.

- Nadat die herstelproses voltooi is, sal die persoon duidelike veranderinge toon. Die pad na herstel verskil egter van persoon tot persoon. In sommige gevalle sal simptome redelik vinnig opklaar en in talle ander gevalle sal die herstelproses egter langer duur.

- Die herstelpad van dissosiasie is nie 'n maklike pad nie. Die persoon sal dit beleef asof dinge eers versleg, voordat dit beter word. Op die langtermyn is die grafiek van groei egter stadig besig om te styg.

- Daar moet ook gelet word op die tipiese kenmerke van die gedissosieerde persoon teenoor oënskynlik soortgelyke kenmerke by toestande soos skisofrenie, major depressie of grens-persoonlikheidsversteuring. Kennis in hierdie verband kan verkeerde diagnose - asook terapeutiese misbruik - voorkom.

- Wat betref die debat 'godsdiens-*versus*-sielkunde', het geblyk dat 'n eklektiese benadering die beste moontlikhede bied. So 'n benadering kan lei tot wedersydse bevrugting. In die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon bied so 'n benadering ook die meeste opsies, aangesien daar enersyds geput kan word uit die verrykende perspektiewe van navorsing deur die sielkunde. Andersyds kan aspekte wat met die geestelike dimensie verband hou ook ten volle geïntegreer en aangespreek word.

HOOFSTUK 3

EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

In hierdie studie is daar teoretiese sowel as empiriese navorsing gedoen. Deur middel van die empiriese ondersoek word die praktyk ontleed en word die resultate uiteindelik geïnkorporeer in nuwe praktykteoretiese riglyne. Daarom is ook, naas die literatuurstudie, van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek deur onderhoude en gestruktureerde vraelyste gebruik gemaak - ten einde vas te stel wat die huidige stand van sake is ten opsigte van die pastorale bediening aan die gedissosieerde persoon. Navorser het die ondersoek begrens omrede hierdie studie slegs 'n verhandeling is en nie 'n doktorale proefskrif nie.

3.2 KWALITATIEWE NAVORSING

Wanneer daar 'n empiriese studie van hierdie aard gedoen word, is dit noodsaaklik dat 'n spesifieke styl gebruik word. Daar bestaan tans twee hoofstyle van navorsing, naamlik kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing (Neuman, 1997:14). Die belangrikste verskille tussen hierdie twee style is kortliks die volgende (Neuman, 1997:14):

KWANTITATIEWE STYL	KWALITATIEWE STYL
Meet objektiewe feite.	Konstrueer kulturele betekenis.
Fokus op veranderlikes.	Fokus op interaktiewe gebeure.
Betroubaarheid is die sleutelfaktor	Getrouheid is die sleutelfaktor.
Waardevry.	Waarde is teenwoordig en eksplisiet.
Onafhanklik van die konteks.	Situasiegebonde.
Baie gevallestudies.	Min gevallestudies.
Statistiese analise.	Tematiese analise.
Navorser staan los van die situasie.	Navorser diep betrokke.

Uit die bogenoemde diagram is dit duidelik dat daar wesenlike verskille bestaan tussen die twee style. In hierdie studie word vervolgens gebruik gemaak van die kwalitatiewe styl.

Kwalitatiewe navorsing gebruik logika in die praktyk, wat dit makliker maak om die gevoelstoestand van mense in sekere situasies te bepaal. Dit maak veral staat op die informele wysheid van die navorser wat in die praktyk opgedoen word (Neuman, 1997:330). Volgens Neuman het kwalitatiewe navorsing die volgende duidelike karaktereienskappe:

- Die konteks is krities. Kwalitatiewe navorsers benadruk die belangrikheid van die sosiale konteks om die sosiale wêreld te verstaan. Die betekenis van enige gebeure hang in 'n groot mate af van die konteks waarin dit plaasvind (1997:330).
- Die waarde van die gevallestudie. Waar kwantitatiewe navorsers spesifieke inligting oor 'n groot aantal gevallestudies insamel, sal die kwalitatiewe navorser soveel moontlike inligting oor 'n spesifieke geval insamel deur dit in diepte te bestudeer (1997:330).
- Die navorser se integriteit. Die belangrikste wyse waarop 'n navorser vertroue by die leser inboesem, is die manier waarop die bewyse aangebied word - daarom is genoegsame inligting altyd belangrik. Kwalitatiewe navorsers beleef dat die inslag wat die navorser op die navorsing het, nooit ten volle geëlimineer kan word nie, ten spyte van meganiese tegnieke en meganismes om die menslike faktor te elimineer. 'n Kwalitatiewe navorser gebruik altyd sy persoonlike insig en perspektief as mens, tot voordeel van die sosiale studie, maar bly tegelykertyd steeds bewus van sy eie waardes en aannames, asook van dié van die medenavorsers (1997:330).
- Wat betref basisteoretiese vertrekpunte, begin die kwalitatiewe navorser altyd met 'n navorsingsvraag. Dit veroorsaak dat data en teorie in wisselwerking met mekaar tree (1997:330).
- Wat betref die proses en opvolg van gebeure, is dit so dat die verloop van tyd 'n integrale deel van kwalitatiewe navorsing vorm. Navorsers skenk baie aandag aan die verloop van gebeure, veral dit wat eerste gebeur en dit wat daarop volg - sodoende kan die evolusie van 'n spesifieke gebeurtenis gevolg word (1997:330).
- Ten opsigte van interpretasie, is dit so dat kwalitatiewe navorsing bykans nooit tabelle en diagramme met hoeveelhede bevat nie. 'n Kwalitatiewe navorser interpreteer data deur betekenis daaraan te gee deur dit verstaanbaar aan die leser oor te dra. Dit word gedoen deur

uit te vind hoe die mens wat deel van die studie is, en dus ook medenavorser is, die wêreld sien (1997:330).

Hierdie empiriese studie is gedoen met inagneming van bogenoemde riglyne.

3.3 EMPIRIESE NAVORSING

3.3.1 DOELWIT

Die doelwit met die empiriese ondersoek was om enige vernuwende insigte betreffende dissosiasie as 'n hindernis tot geestelike en emosionele groei, te identifiseer. Sodanige insigte kan dan ook bydra tot die formulering van pastorale riglyne waarvolgens die emosionele en geestelike behoeftes van sulke persone meer konkreet aangespreek kan word. Tydens die ondersoek is daar kontak gemaak met nege respondente: Sewe respondente is genader om die vraelys te voltooi, waarvan vier positief gereageer het. Met twee van die respondente is persoonlike onderhoude gevoer.

Die bevindinge van die ondersoek word onder twee afdelings bespreek:
Afdeling 1: Vraelyste (punt 3.3.2 en 3.3.3);
Afdeling 2: Onderhoude (punt 3.3.4).

AFDELING 1: VRAELYSTE

3.3.2 SAMESTELLING VAN DIE VRAELYSTE

Die vraelys bestaan uit sewe onderafdelings, met 'n totaal van 33 vrae (Sien **Bylae 2**). Met ontvangs van die vraelyste het die navorser die inligting deurgaans vergelyk met die bevindinge van die literatuurstudie en teen hierdie agtergrond die inligting verwerk.

Die res van hierdie hoofstuk word vervolgens gestruktureer aan die hand van die volgende onderskeie onderafdelings:

- Persoonlike besonderhede
- Geestelike agtergrond en besonderhede

- Algemene agtergrond geskiedenis
- Fisiese besonderhede
- Aanduidings van tipiese dissosiasie verwante simptome
- Terapeutiese hulpverlening
- Toekomsverwagting.

Die spesifieke reaksie van respondente word telkens gekursiveer.

Kontak met respondente:

Die navorser het kontak met sewe respondente gehad – vier vroulike en drie manlike respondente. Ongelukkig het slegs die vier vroulike respondente gereageer om die vraelyste te voltooi en alle pogings om die vraelyste van die manlike respondente terug te kry, was onsuksesvol.

Respondent A: Die persoon ontvang berading by 'n ander Christen berader. Sy het slegs die vraelys voltooi - geen onderhoud is deur die navorser met haar gevoer nie.

Respondent B: Die persoon het die navorser gekontak vir berading nadat sy by 'n ander Christenberader hulp ontvang het vir drie maande. Sy was by navorser - ook vir drie maande - onder terapeutiese behandeling, waarna sy 'n sielkundige gaan raadpleeg het.

Respondent C: Die navorser het die persoon ontmoet by 'n Bybelstudiegroep. Uit haar gesprekke het die navorser vermoed dat sy dissosieer, waarna sy versoek is om die vraelys te voltooi. Voortvloeiend hieruit is begin met beradingsessies.

Respondent D: Die persoon is reeds vir ongeveer 'n jaar onder terapeutiese behandeling by die navorser. In die verlede het sy al verskeie psigiaters, sielkundiges en beraders op afwisselende basis gesien. Sy is egter in geen stadium met dissosiasie of DIV gediagnoseer nie.

3.3.3 ANALISERING VAN DIE DATA

3.3.3.1 Persoonlike besonderhede

Respondent A: Vroulik, ouderdom: 36 jaar. Getroud. Huweliksverhouding baie gespanne.

Respondent B: Vroulik, ouderdom: 21 jaar. Ongetroud.

Respondent C: Vroulik, ouderdom: 28 jaar. Getroud. Skade beleef in huweliksverhouding as gevolg van 'n paar groot krisisse, andersins redelik goed.

Respondent D: Vroulik, ouderdom: 30 jaar. Ongetroud.

3.3.3.2 Geestelike agtergrond en besonderhede

Respondent A:

- As kind: *"Geen leiding van ouers ontvang of enige geestelike gesprekke hoegenaamd nie."*
- As volwassene: Kerklidmaat. Eggenoot gelowig. *"Ek glo in God, maar soms twyfel ek omdat ek so baie pyn moet deurmaak. Ek bid elke dag maar dit is asof my gebede nie verhoor word nie. Dit voel asof God my deur my hele lewe lank net straf en verdriet en lyding op my pad stuur. Dit voel of Hy my verlaat en verstoot het."*

Respondent B:

- As kind: *"Ouers was gereelde kerkgangers, maar stel nie 'n goeie Christelike voorbeeld tuis nie."*
- As volwassene: Kerklidmaat. *"Ek beleef God as my Vader. Ek weet ek het Hom seker al baie teleurgestel, maar die beste is dat ek weer kan teruggaan na Hom toe en dat Hy my elke keer vergewe. My gevoelens speel 'n groot rol in my verhouding met God - soms beleef ek God as naby, ander kere verwerp ek God."*

Respondent C:

- As kind: *"Met tye het ons hele gesin saam kerk toe gegaan, maar daar was geen werklike geestelike onderrig en gesprekke en voorbeelde tuis nie."*
- As volwassene: Kerklidmaat. Eggenoot ongelowig. *"Ek voel asof ek terug is by stap een met God. Ek moet Hom van voor af leer ken en lief hê, maar ek is gewillig."*

Respondent D:

- As kind: *"Ons as familie glo dat God ons op 'n spesiale manier wil gebruik. Oor die jare het ons geleer om mekaar onvoorwaardelik lief te hê en te aanvaar. Ons is veral bewus van God se groot liefde en genade teenoor ons as familie."*

- As volwassene: Kerklidmaat. *"Vir die eerste keer in my lewe kan ek met oortuiging sê dat God 'n God van liefde, barmhartigheid en genade is. Ek weet Hy beantwoord my gebede op sy eie tyd. Ek weet Hy is my Vader wat Hom ontferm oor my en wat net die beste vir my wil hê. Tog voel ek skuldig om vir God iets te vra. Ek voel ek skeep God af en dat ek Hom nie altyd beheer van my lewe gee nie. My vlees is baie keer nog in beheer."*

3.3.3.3 Algemene agtergrondgeskiedenis

Respondent A:

- Groot geheuegapings ten opsigte van kinderjare.
- Moeder oorlede toe respondent tien dae oud was.
- Verkragting op ouderdom van tien.
- Molestering op ouderdom van 21 deur swaer.
- Verkragting op ouderdom van 28 deur oom.

Respondent B:

- Geheueverlies rondom kinderjare. *"Ek kan nie my kinderjare onthou nie - ek weet net ek was nie baie gelukkig nie."*
- Dood van vader en ouma op ouderdom van 20.

Respondent C:

- Kinderjare redelik goed tot en met ouers se egskeiding op ouderdom van vyf jaar, *"daarna 'n stryd om harmonie en standvastigheid"*.
- Molestering gedurende die ouderdomsfase van tien tot sestien deur haar vader.
- Haar moeder is vermoor toe sy 17 jaar oud was.
- Haar seuntjie van vier jaar verdrink toe sy 22 jaar oud was.

Respondent D:

- Vader baie afwesig tydens kinderjare.
- Moeder baie kwaai en streng.
- Baie konflik tussen ouers. *"As ek nou terugkyk, dink ek nie my pa was bevoeg om 'n pa te wees nie. Hy was eerder soos 'n ouer kind in die huis en my ma moes altyd sy kastaiings uit die vuur krap."*

- Baie onseker as kind - sal nie kinderjare as gelukkig beskryf nie.
- Geen herinneringe aan trauma gedurende kinderjare nie, behalwe gedeeltelike geheue rondom:
  - Baba-poeier brand geslagsdele op ouderdom van tien maande.
  - 'n Insident toe sy drie jaar oud was toe 'n laaikas op haar omgeval en haar vasgeval het.
  - 'n Gevoel van haat teenoor haar jonger, 'mooier' sussie.
  - Vader oorlede toe respondent sewe jaar oud was.

3.3.3.4 Fisiese besonderhede

Respondent A:

- Gesondheid redelik goed.
- Ervaar egter by tye: rugpyn, duiseligheid, naarheid, hoofpyne en slaapversteuring.
- Geen oefening.
- Medikasie: Nuzak en Trepiline.

Respondent B:

- Gesondheid goed.
- Depressie gediagnoseer.
- Oefen gereeld.
- Medikasie: Tegretol en Arorix.

Respondent C:

- Gesondheid redelik goed.
- Depressie gediagnoseer.
- Slaapversteuring.
- Moeilik hanteerbare verslawing (*cravings*): Rook en sjokolade/lekkernye.
- Geen oefening.
- Geen medikasie tans.

Respondent D:

- As kind kroniese brongitis en sere oor hele lyf (oorsaak onbekend).
- As volwassene: Oorgewig.

- Kroniese ekseem. *"Ek ly al 18 jaar aan 'n psigiatriese siekte. Ek krap my gesig en my lyf. Ek kry die 'urge' om spieël toe te gaan om ondersoek in te stel of daar nie 'iets' is wat my hinder nie. Ek het glad nie beheer daaroor nie. Ek kom nie tot rus voordat ek klaar gekrap en tevrede voel nie. My hele verwysingsraamwerk bestaan uit krap."*
- Geen oefening.
- Medikasie: Nuzak 60mg en Zyprexa 2,5mg.

3.3.3.5 Aanduidings van tipiese dissosiasie-verwante simptome

Respondent A:

Simptome:

- Gevoel van minderwaardigheid.
- Uitermate bekommernis.
- Godslasterlike gedagtes.
- Duiseligheid.
- Selfverwyt.
- Selfbenadelende gedrag.
- Styfheid in liggaam.
- Gevoel van afgestomptheid.
- Kan haarself maklik afsny van 'n situasie.
- Gebrek aan konsentrasie.
- Irrasionele en onvoorspelbare gedrag.
- Wellusgedagtes.
- Hoofpyne.
- Obsessiewe gedagtes.
- Vertwyfeling.
- Stadig om te reageer teenoor ander.
- Kompulsiewe gedagtes.
- Depressie, angs, vyandigheid.
- Skuldgevoelens.
- Eerder waarnemer as deelnemer.
- Staar in verte/kyk af.

Beskrywing: *"Ek is die afgelope paar maande baie gespanne en depressief. Voel baie selfbewus oor my probleme en om daaroor te praat. Dit het baie moed geverg om sover te kom. Het antidepressante begin gebruik, maar het vreeslik duiselig en naar geword. Kry soms ook koors in die nag. My spiere is styf en seer. Ek sukkel met hoofpyne. Onttrek my soms. Ek verwyt myself baie keer oor die dinge wat gebeur het. Soms voel ek skuldig, asof dit my eie skuld is dat ek verkrag en gemolesteer was. Kry gereeld selfmoordgedagtes en het al probeer selfmoord pleeg."*

Word enige van hierdie simptome deur eksterne faktore gesneller/ontketen?

"Nie waarvan ek bewus is nie."

Hoe beïnvloed bogenoemde simptome u gedrag?

"Ek raak baie vinnig kwaad en huil makliker as tevore. Raak soms aggressief teenoor my man en kinders - soveel so dat ek myself moet dwing om om te draai en te loop voor ek iets onverantwoordeliks doen."

Voel dit soms asof u meer as een persoonlikheid het?

"Ja. Die een oomblik kan ek vriendelik wees en die volgende oomblik is ek aggressief, kwaad en gefrustreerd."

Hoor u soms stemme in u binneste?

"Soms - veral sedert my pa se dood verlede jaar. Dit is asof hy my elke oggend drie-uur wakker maak. Ek hoor hom roep."

Het u 'n geskiedenis van slaapprobleme of nagmerries?

"Ja. Ek kry gereeld nagmerries sedert die tweede verkragting. Dit het gevoel asof dit my skuld was en ek beleef dit gereeld in my drome."

Kry u paniekaanvalle?

"Ja, wanneer ek gespanne is. Veral wanneer ek in 'n motor ry, is ek gedurig bang iets gaan gebeur."

Beleef ook:

- Eetversteurings: *"Soms kan ek vir dae sonder kos bly."*
- Handskrifverskille: *"Begin stadig en netjies skryf, dan skielik vinnig en krap ek meestal."*
- Terugflitse in geheue: *"Ervaar soms wat gebeur het oor en oor in my geheue."*
- Stemtoonverandering: *"Veral as ek kwaad en aggressief voel."*

Respondent B:

Simptome:

- Dagdromery.
- Gevoel van uitermate bekommernis.
- Minderwaardigheid.
- Selfverwyt.
- Fantasieë.
- Gebrek aan konsentrasie.
- Selfbenadelende gedrag.
- Vertwyfeling.
- Irrasionele en onvoorspelbare gedrag.
- Depressie, angs, vyandigheid.
- Stadig om te reageer teenoor ander.
- Hoofpyne.
- Waarnemer eerder as deelnemer.
- Geheueverlies.
- Skuldgevoelens.
- Staar in verte/kyk af.
- Passief.

Beskrywing: *"Al hierdie simptome gebeur spontaan. Iets spesifiek hoef nie te gebeur nie. Ek twyfel baie in myself. Is ek goed genoeg om iets vir ander te doen? Kan ek bereik wat ek wil bereik? Dalk maak ek 'n mislukking daarvan. As ek iets kleins verkeerd doen, voel ek vir maande skuldig daaroor. Ek voel baie maklik depressief en die eerste ding wat ek doen, is om myself te sny. Dit gaan al baie beter, maar ek kry dae wanneer alles terugkom. Oor die algemeen sukkel ek om iets te onthou. Al wat ek regtig onthou, is goed wat ek moet doen en as iemand my seer maak."*

Wanneer het u bewus geword van hierdie simptome?

"Vandat ek 13 jaar oud was."

Word enige van hierdie simptome deur eksterne faktore gesneller/ontketen?

"Soms. Dit gebeur net, veral as ek iets verkeerd gedoen het of as my ma my slegsê."

Hoe beïnvloed bogenoemde simptome u gedrag?

"Ek onttrek myself van almal. As ek tussen mense is, kan ek baie omgekrap raak, maar probeer eerder altyd onttrek."

Voel dit soms asof u meer as een persoonlikheid het?

"Ja. Tussen sommige mense kan ek vir die geringste dingetjie my humeur verloor, maar sodra ek op 'n ander plek kom, is ek heeltemal kalm."

Hoor u stemme in u binneste?

"Nee."

Het u 'n geskiedenis van slaapprobleme of nagmerries?

"Nie eintlik slaapprobleme nie, maar ek kry wel nagmerries."

Kry u paniekaanvalle?

"Ja. Dit is dan wanneer ek myself sny of probeer selfmoord pleeg. Ek word baie depressief."

Beleef ook:

- Eetversteurings.
- Handskrifverskille.
- Terugflitse in geheue.
- Vergeetagtigheid waar motor geparkeer is.

Respondent C:

Simptome:

- Gevoel van minderwaardigheid.
- Uitermate bekommernis.
- Duiseligheid.
- Selfverwyt.
- Selfbenadelende gedrag.
- Gevoel van afgestomptheid.
- Gevoel van verlies van kontak met hede.
- Gebrek aan konsentrasie.
- Gevoel van onbekwaamheid.
- Irrasionele en onvoorspelbare gedrag.
- Kompulsiewe gedagtes.
- Depressie, angs, vyandigheid.

- Obsessiewe gedagtes.
- Stadig om te reageer.
- Hoofpyne.
- Eerder waarnemer as deelnemer.
- Geheueverlies.
- Staar in verte/kyk af.
- Wellusgedagtes.
- Skuldgevoelens.

Beskrywing: *"Op die oomblik is my voorkoms 'n groot probleem. Ek voel minderwaardig, oorgewig, lelik en ongemaklik. Duiseligheid as gevolg van lae bloeddruk. Ek is geneig om baie lekkernye te eet as ek enige negatiewe emosies ervaar en dan sal ek sleg voel oor wat én oor die hoeveelheid wat ek geëet het. Ek voel dom en asof ek geen waardigheid of doel het nie. Soms wens ek die tyd verby en voel lus om net te slaap tot alles weer beter gaan. Ek skree maklik op my seun en voel dan sleg agterna. Ek het kompulsiewe gedagtes en voel baie gou minderwaardig."*

Wanneer het u bewus geword van die simptome?

"Vanaf my adolessente jare. Sommige simptome kom en gaan."

Word enige van hierdie simptome deur eksterne faktore gesneller/ontketen?

"Ja. Die huidige het meestal te doen met ons verhuising hierheen en die nuwe aanpassing."

Hoe beïnvloed die simptome u gedrag?

"Ek kan kort van draad wees en baie geïrriteerd. Ek voel baie min lus om sosiaal met mense te verkeer. In 'n mate pas die verhuising my, omrede ek niemand hier ken nie."

Voel dit soms asof u meer as een persoonlikheid het?

"Ja. Soms weet ek nie hoe om myself te handhaaf tussen ander mense nie, dan mimiek ek hulle gedrag."

Hoor u stemme in u binneste?

"Nee."

Het u 'n geskiedenis van slaapprobleme of nagmerries?

"Ja, maar met tussenposes."

Is daar sekere drome wat oor en oor herhaal word?

"So 'n paar maande gelede het ek aanhoudend van water gedroom."

Beleef ook:

- Eetversteurings: *"My emosies bepaal altyd my eetlus. Ek eet groot hoeveelhede lekkernye."*
- Verlies van tyd.
- Handskrifverskille.
- 'n Gebrek aan konsekwente prestasie in skoolwerk/werk.

Respondent D:

Simptome:

- Gevoel van minderwaardigheid.
- Uitermate bekommernis.
- Selfverwyt.
- Selfbenadelende gedrag.
- Gevoel van afgestomptheid.
- Gebrek aan konsentrasie.
- Gevoel van onbekwaamheid.
- Vertwyfeling.
- Obsessiewe gedagtes.
- Kompulsiewe gedagtes.
- Depressie, angs, vyandigheid.
- Eerder waarnemer as deelnemer.
- Passief.
- Skuldgevoelens.

Beskrywing: *"Ek het nog altyd gesukkel met 'n lae selfbeeld en dit voel baie keer ek is minder werd as 'n wurm in die grond. Ek is van nature 'n pessimis. Ek sien soms probleme waar daar nie is nie. Elke keer as ek in die spieël kyk, verwyt ek myself vir die skade wat ek aan my gesig en lyf aangerig het, maar ek kan nie ophou krap nie. Ek grou soms gate. Toe ek* Resperdal *gedrink het, was ek beslis nie in kontak met my emosies nie. Meeste van die tyd verbeel ek myself dat daar 'wit bolletjies' onder my vel is. Die gedagtes maak my angstig en al hoe ek tot rus kom, is deur te krap totdat ek nie meer die 'wit bolletjies' sien nie. Ek voel steeds*

mismoedig, angstig en het baie skuldgevoelens. Dit veroorsaak dat ek nie altyd vrymoedigheid het om na God se troon te kan gaan nie. Ek weet dit is verkeerd. Ek is God se kind en Hy verstaan my swakhede."

Wanneer het u bewus geword van hierdie simptome?

"Alreeds as 'n klein dogtertjie. Ek was twaalf jaar oud toe ek begin krap het."

Word enige van hierdie simptome deur eksterne faktore gesneller/ontketen?

"My minderwaardigheidsgevoelens en my belewenis van die dag speel 'n rol. As ek vir 'n tyd lank my stiltetyd afgeskeep het, versterk die emosies – ook as ek in die spieël kyk."

Hoe beïnvloed bogenoemde simptome u gedrag?

"Ek vermy mense en wil nie die huis verlaat nie. Ek kan mense nie in die oë kyk nie en is soms huilerig."

Voel dit soms asof u meer as een persoonlikheid het?

"Nee."

Hoor u soms stemme in u binneste?

"Nee."

Het u 'n geskiedenis van slaapprobleme of nagmerries?

"Ja. So drie jaar gelede, toe ek nog baie depressief was, het ek soms ure aaneen geslaap. Ek kon 'n hele naweek deur slaap. Dit was vir my 'n obsessie. Ek moes minstens twaalf ure 'n nag slaap, anders was ek nie tevrede nie."

Kry u paniekaanvalle?

"Nee."

Beleef ook eetversteurings.

3.3.3.6 Terapeutiese hulpverlening

Respondent A:

- Geen hulpverlening in die verlede nie.
- Ontvang tans berading vir vyf weke. Geen insig in of verandering van gedrag nie.

Respondent B:

- Gedurende 2003 het sy hulp ontvang by 'n Christenberader vir ongeveer drie maande. Sy het dit beleef asof hy nie insig in haar probleem het nie en gevolglik het die terapie geen nut gehad nie.
- Direk hierna ontvang sy hulp vanaf die navorser ook vir ongeveer drie maande. Sy het dit beleef asof die navorser insig in haar probleem het. Sekere gedragsveranderings het voorgekom, alhoewel baie stadig. Sy wou egter gehipnotiseer word sodat sy haar geheue rondom haar kinderjare kan herwin en het daarom uit eie keuse na 'n sielkundige gegaan.
- Sy is reeds vir tien maande onder behandeling by die sielkundige. Sy is in 'n psigiatriese kliniek opgeneem vir twee weke, maar geen individuele terapie is gedoen nie - slegs groepsessies met betrekking tot konflikhantering, doelwitstelling, ensovoorts. Sedertdien het sy die sielkundige aanvanklik tweeweekliks gesien, waar na dit afgeskaal is tot maandelikse sessies. Hipnoterapie is gedoen, maar sonder enige resultate. Geen herinneringe van haar kinderjare kon herroep word nie. Terapie fokus hoofsaaklik op die aanleer van lewensvaardighede vanuit 'n sekulêre oogpunt.

Respondent C:

- Sy het behandeling by 'n sielkundige ontvang vir byna twee jaar.
- Haar kommentaar: *"Ek het hom vertrou, maar glo nie hy kon my volkome help nie, as gevolg van die feit dat sy lewe nie getuig van 'n persoonlike verhouding met God nie. Tog, om met hom as 'n buitestaander te kon praat, het in 'n sekere mate wel gehelp. Dit het gevoel asof ek myself kon handhaaf in sekere moeilike situasies. Ek het kalmer geword en kon daarna meer op daaglikse dinge fokus, maar voel daar is nog steeds onafgehandelde dinge."*

Respondent D:

- Besoek 'n pastorale sielkundige vir ses maande.
- Ontvang behandeling by 'n psigiater vir twee jaar.
- Besoek sielkundiges, psigiaters en beraders afwisselend.
- Ontvang berading by navorser oor 'n tydperk van 'n jaar.
- Haar kommentaar hierop: *"In geen van die gevalle het dit vir my gevoel asof daar insig in my probleem is nie. In daardie stadium het ek self nog nie baie insig in my*

toestand gehad nie. Ek is van mening dat sonder God geen sielkundige of psigiater my probleme kan oplos nie. Ek het wel baie geestelike 'kos' by die Christenberader gekry. Ek moet net 'n punt daarvan maak om dit my eie te maak. Dit is vir my soms net moeilik waar om die streep te trek tussen sonde en siekte. Is daar werklik 'n wortel vir alles? Ek krap nog steeds. Ek het God wel op 'n dieper en intiemer manier leer ken. My depressie is minder en ek het meer hoop. Ek sal aan God se beloftes bly vasklou."

3.3.3.7 Toekomsverwagting

Ten slotte is aan die respondente gevra: "Watter verandering wil u die graagste in u lewe sien gebeur?"

Respondent A: *"Ek wil meer toegewy aan God leef en positief ingestel wees vir die lewe. Ek wil nie weer dieselfde ervarings beleef wat ek beleef het nie en wil van hulp wees vir andere."*

Respondent B: *"Ek wil my lewe elke dag geniet deur voluit te lewe. Ek wil nie so selfbewus wees wanneer ek goed moet doen nie."*

Respondent C: *"Ek wil vir eens en vir altyd myself wees en word, deur Jesus Christus. Ek wil beter orde, dissipline en beheer hê in my lewe. Ek wil God se teenwoordigheid beleef. Ek wil tevrede wees met myself."*

Respondent D: *"Ek wil graag hê dat my geloof in my Hemelse Vader so sal versterk dat ek Hom blindelings sal kan vertrou vir die kleinste detail in my lewe. Ek wil Hom op 'n intiemer manier leer ken en ek wil met al my insigte op Hom staatmaak. Ek wil Hom ken in al sy volheid en krag. Ek wil met my hele lewe afhanklik van Hom wees. Ek wil hê dat Hy my gedagtes sal vernuwe en dat dit wat ek sê en doen tot eer en verheerliking van sy naam sal wees."*

3.3.3.8 Verdere kontak met respondente

Respondente A-D het die vraelyste sowat 'n jaar gelede voltooi en verdere kontak met die respondente het die volgende opgelewer:

- **Respondent A:** Navorser het steeds geen kontak met respondent gehad nie. Sy is verwys na 'n sielkundige, maar terugvoer van die vorige Christenberader is dat dit glad nie goed gaan nie en dat respondent steeds op vernietigingspad is.

- **Respondent B:** Navorser het van tyd tot tyd steeds kontak met respondent, maar nie meer in professionele hoedanigheid nie. Respondent het intussen verskeie aanpassings in haar lewe gemaak en op die oog af blyk dit asof sy meer in beheer is.

- **Respondent C:** Die gesin het verhuis na 'n ander dorp. Dit gaan ongelukkig nie goed nie en haar huwelik is steeds besig om te versleg. Navorser behou kontak deur middel van e-pos en telefonies. Na vele aanmoediging het sy nog nie 'n hulpverlener in haar nuwe tuisdorp gekontak nie.

- **Respondent D:** Navorser het steeds kontak. Respondent beleef emosionele en geestelik groei, alhoewel teen 'n baie stadige pas.

AFDELING 2: ONDERHOUDE

3.3.4 SAMESTELLING VAN DIE ONDERHOUDE

Die onderhoude het die vorm van beradingsessies aangeneem.

Kontak met die respondente:

Respondent E: Die persoon is deur iemand anders na navorser verwys vir verdere begeleiding. Sy het behandeling by 'n sielkundige in 'n nabygeleë dorp ontvang vir omtrent een jaar lank, waar sy gediagnoseer is met DIV.

Respondent F: Navorser het die persoon ontmoet by 'n Bybelstudiegroep. Uit gesprekke met haar het geblyk dat daar 'n behoefte aan berading is.

3.3.4.1 Persoonlike besonderhede

Respondent E: Vroulik, ouderdom: 56 jaar. Weduwee.

Respondent F: Vroulik, ouderdom: 45 jaar. Getroud.

3.3.4.2 Onderhoud met Respondent E

Respondent E het altyd geweet daar is fout. Na 'n insident sowat vyf jaar gelede het sy 'n sielkundige gekontak. Nadat sy met DIV gediagnoseer is, het sy behandeling vir 'n jaar lank ontvang. Behandeling het onder andere ook hipnose ingesluit. Weens omstandighede kon sy na die jaar nie meer na die nabygeleë dorp gaan vir die konsultasies nie en het sy 'n ander sielkundige in haar tuisdorp geraadpleeg. Hier het sy verdere behandeling ontvang, maar sy het nie soveel aanklank by hierdie persoon gevind as by die eerste sielkundige nie. Na 'n paar maande het sy die konsultasies gestaak en 'n Christenberader gekontak wat haar veral gehelp het met begeleiding rondom geestelike aspekte.

Aanvanklike simptome

- Nagmerries.
- Gevoel van minderwaardigheid.
- Selfmoordpoging.
- Waarnemersgevoel.
- Depressie, angs, vyandigheid.
- Skuldgevoelens.
- Kompulsiewe gewoontes.
- Fantasieë.

Agtergrond geskiedenis

Sy is die jongste van twee kinders - haar broer is ses jaar ouer as sy. Haar pa het 'n baie sterk persoonlikheid gehad en haar ma was 'n senulyer en baie sieklik. Ten spyte van haar pa se sterk persoonlikheid is hy gemanipuleer deur haar ma se siektetoestand. Haar ma en broer het 'n goeie verhouding gehad en sy en haar pa. Sy onthou egter dat haar pa nooit enige fisiese kontak met haar gehad het nie - hy sou haar nooit 'n drukkie gegee het nie. Haar ma was baie agterdogtig en vyandig oor haar verhouding met haar pa. Hulle het

op 'n plaas grootgeword. Haar broer het altyd 'snaakse' eksperimente onder groot geheimhouding in sy kamer uitgevoer – hy sou dan onder andere hoenders opsny en hul bloed in bakkies uitgooi. Vandat sy kan onthou, het haar broer haar gemolesteer. Hy het haar betas en haar gedwing om hom ook te betas. Hy het 'n houvas op haar verkry, deur haar bang te maak met die 'groot oom met swart klere aan' wat agter haar staan en sal vertel hoe stout sy was, indien sy sou praat. Haar swak verhouding met haar ma het bygedra tot die stilswye. Kort voor lank het sy begin nagmerries kry. Die nagmerries was altyd dieselfde: 'n gesiglose man het haar altyd soos 'n swart wolk probeer toevou wanneer sy verby haar broer se kamer geloop het. Sy het dikwels geweldige vrese en 'n onaangename reuksensasies ervaar - sy het dan ook haar bed natgemaak of gebraak. Sy sou haarself wakker gil, waarna haar ma of pa haar sou kom haal om by hulle in die kamer te slaap – dit het elke tweede nag gebeur. Soos wat sy ouer geword het, het sy gaandeweg begin bewus raak van die swak verhouding tussen haar ouers. Dit het tot geweldige ambivalente gevoelens gelei. Haar ma was uitgesproke anti-man. Met verloop van tyd het sy bewus geword dat sy 'n subpersoonlikheid in haar eie binneste geskep het – alhoewel haar klein dogtertjiebrein dit nie so kon verwoord nie – wat haar gehelp het om te oorleef. Die subpersoonlikheid was baie vyandig en altyd kwaad. Van kleintyd af beskik sy oor die gawe om baie goed klavier te kan speel. Wanneer sy voor die klavier gesit het, het sy rustigheid en veiligheid beleef en het sy geweet dat dit die 'regte-ek' was wat speel. Een aand tydens die molestering het sy gillend uit haar broer se kamer gestorm. Sy onthou egter niks verder van wat gebeur het nie - daarna het die molestering egter opgehou. Haar ma het dit beskryf as 'n 'stuipe-aanval.' 'n Paar maande later tydens 'n siektetoestand van haar ma, het dié haar beskuldig as die duiwel toe sy haar ouers se kamer binnestap. Dit was 'n verdere skok vir haar en van daardie aand af het sy gereeld 'twee oë' gesien wat haar dophou. Haar grootword jare is verder gekenmerk deur verwerping en kompulsiewe eetgewoontes - as gevolg hiervan het haar gewig begin toeneem. Sy het 'n innerlike stryd gehad met enersyds die behoefte aan liefde, en andersyds die fantasie van hoe sy die betrokke minnaar wat aan haar liefde betoon, ontman. Sy kon ook nooit oogkontak met haarself maak as sy in 'n spieël gekyk het nie. Toe sy sestien jaar oud was, wou haar ma haar op 'n baie absurde manier inlig rondom seks en dit het haar gewalg. Sy het begin om haar ouers te manipuleer en het dit reggekry om 'n mate van magsbeheer oor hulle uit te oefen. Tydens haar hoërskooljare was daar weer twee pogings tot molestering, een deur haar oupa en een deur 'n onderwyser. Na die aanvanklike skokreaksie kon sy die molestering weerstaan – die gevolg was egter dat

haar denke met betrekking tot mans net verder vertroebel en verward geraak het. Na baie druk deur haar ma is sy ná haar skooljare getroud met een van haar broer se vriende. Haar eerste huweliksnag was 'n fiasko, en ná die derde nag het sy geweet sy is vasgevang in 'n 'langtermyn gevangenis'. Haar huwelik was deur baie konflik gekenmerk. Wanneer die seksuele daad wel plaasgevind het, sou sy haar bewustelik onttrek, om ná die tyd 'n gevoel van verlies te beleef en dan net te huil en te huil. Na baie jare het sy een aand 'wakker' geword terwyl sy seksueel abnormaal gestimuleer gevoel het - haar man het dit baie amusant gevind, maar dit was uiteindelik die sneller om hulp te gaan soek.

Terapeutiese behandeling

Sy het 'n sielkundige gekontak en dissosiasie en DIV is gediagnoseer. Baie 'vergete' detail is onder hipnose herwin en verwerk. So ook is die 'groot oom met swart klere aan' geïdentifiseer as al haar diep gesetelde vrese, en gevolglik moes sy al hierdie vrese direk aanspreek. Die genesingspad het baie stadig begin. Haar man is na 'n paar konsultasies ingelig oor die probleem. Hy het met baie woede gereageer. Sy eerste woorde was: *'En ek sit my hele lewe lank met die gemors'*. Sy het geen ondersteuning van hom ontvang nie – inteendeel, sy woede het sy negatiewe gedrag teenoor haar net meer laat toeneem. Op 'n later stadium het sy in 'n buite egtelike verhouding betrokke geraak en vir die eerste keer in haar lewe (op ouderdom 50+) die seksuele geniet. Dit het egter ingedruis teen haar geloof en sy het die verhouding beëindig. Haar huwelik het egter in 'n egskeiding geëindig. Na die egskeiding het hulle weens finansiële redes steeds dieselfde huis gedeel, en alhoewel daar geen fisiese kontak meer was nie, kon hulle begin kommunikeer en heelwat herstel en heling het op hierdie wyse begin plaasvind by beide van hulle. Haar man het kort daarna gesterf. Soos wat genesing begin intree het, het die nagmerries (wat deurgaans nog aanwesig was), asook die ander simptome opgeklaar.

Geestelike agtergrond:

Deur al haar jare van stryd het sy by tye baie 'godsdienstig' geword, om dan later weer in 'n sekere sin terug te trek. Nadat genesing egter begin intree het, het sy God opnuut ontdek. Sy het haar lewe aan Hom oorgegee en stadig begin om geestelik te groei. Vandag staan sy steeds in 'n groeiende verhouding met Hom.

Integrasie:

Bewustelike integrasie het nie plaasgevind nie. Sy kan egter onthou dat sy tydens 'n vrouekamp God se aanraking en genesing beleef het, en vandaar af weet sy dat sy haarself is – die 'regte-ek' en nie meer die 'altyd kwaad, vyandige-ek' nie. Sy is tans steeds besig om te groei na emosionele- en geestelike volwassenheid.

3.3.4.3 Onderhoud met Respondent F

Respondent F is baie teruggetrokke en stil. Sy ly aan 'n senutoestand wat veroorsaak dat sy haar gesig trek sodra sy gespanne begin voel – wat altyd in die teenwoordigheid van ander mense gebeur. Sy is doof en afhanklik van 'n gehoorstuk om enigsins te kan hoor. Sy het aangesluit by 'n Bybelstudiegroep wat deur navorser gelei word en beradingsessies het gevolg.

Aanvanklike simptome:

- Dagdromery.
- Gevoel van minderwaardigheid.
- Uitermate bekommernis.
- Selfverwyt.
- Styfheid in liggaam.
- Gevoel van afgestomptheid.
- Verlies van kontak met hede.
- Gebrek aan konsentrasie.
- Gevoel van onbekwaamheid.
- Geheueverlies .
- Waarnemer.
- Skuldgevoelens.

Agtergrond geskiedenis

Respondent F is die tweede oudste van vier kinders. Haar ouers se huwelik was redelik gelukkig. Op driejarige ouderdom was sy en haar jonger sussie in 'n veldbrand – wat deur hulle eie toedoen ontstaan het – op hul plaas vasgekeer. Die tuinier het haar uit die vlamme gered, maar sy het brandwonde opgedoen. Haar sussie het gesterf in die brand. As gevolg van haar gehoorgebrek, kon sy tot op daardie ouderdom nog nie praat nie. Haar eerste woordjies aan haar verwarde ma was: *"Nie ek nie, Mamma, sy"*, verwysende

na die trek van die vuurhoutjie wat die brand sou begin het. Van daardie dag af het sy haar ma as baie kwaai en streng begin beleef - die ander twee kinders het baie meer voorregte gehad as wat sy gehad het. As gevolg van haar gehoorgebrek moes sy by haar ouma gaan bly het sodat sy na 'n plaasskool kon gaan wat haar kon akkommodeer. Sy onthou van al die tye van verlange na haar ma asook haar onsuksesvolle pogings om aandag en liefde te kon kry. Sy het gaandeweg haar lot aanvaar en geglo dat sy nou maar eenmaal anders is as haar broer en suster, en daarom die verwerping. Soos wat sy ouer geword het, het haar simptome en veral die angstigheid, net meer en meer begin toeneem. Sy is later getroud met 'n wewenaar en hulle het een kind. Hul huwelik het egter onder baie konflik gebuk gegaan omrede haar man nooit kon verstaan dat sy onder andere nie bewustelik die inhoud van die gereelde nagmerries wat snags vir haar terroriseer het, kon herroep nie. Hy het ook nie begrip gehad vir haar daaglikse onderliggende stres en spanning wat nie wou afplat nie.

Terapeutiese behandeling

Alhoewel sy uit haar eie by die Bybelstudiegroep aangesluit het, het sy nooit deelgeneem nie. Sy was baie teruggetrokke. Sy het egter begin om 'n vertrouensverhouding op te bou met navorser en het op 'n later stadium ingestem tot berading. Berading het hoofsaaklik 'n tweeledige fokus gehad, naamlik (1) die identifisering en verwerking van pyn, en (2) die aanleer van vaardighede om herhaling van pyn te voorkom. Tydens die berading is baie gefokus op haar belewenis as klein dogtertjie en haar verhouding met haar ma. In 'n gebedsessie het God wonderbaarlik aan haar die leuen geopenbaar wat sy deurgaans geglo het, maar heeltyd onbewus was van. Sy het haar hele lewe lank 'geglo' dat haar ma eerder wou hê dat sy die een moes wees wat gesterf het, omdat sy gestremd is, en dat haar liefling 'volmaakte' sussie moes lewe. Op hierdie wyse het sy dit dan ook moontlik gemaak vir Satan om haar geestelik en emosioneel geweldig te manipuleer. By die herkenning van die leuen kon sy, ten spyte van baie woede, haar ma uiteindelik vergewe en vryspreek ten opsigte van al die seer en pyn en verwerping wat sy van haar kant af beleef het in die jare wat verby is. By 'n latere geleentheid het haar ma saam met haar 'n sessie bygewoon en by daardie geleentheid kon die respondent vir die eerste keer in haar lewe haar hart teenoor haar ma verwoord. Aanvanklik het dit 'n hewige reaksie by haar ma ontlok, maar uiteindelik kon versoening intree en kon hulle dit agterna beleef dat hul verhouding 'n nuwe dimensie betree het.

In 'n geval soos hierdie sou 'n mens tot die gevolgtrekking wil kom dat daar wel 'n mate van dissosiasie plaasgevind het as gevolg van die baie traumatiese ervaring rondom die brand en dan verder ook as gevolg van die intense verwerping wat sy daarna deur haar moeder beleef het. Heelparty van die dissosiatiewe kenmerke was dan ook aanwesig. Tog het die proses klaarblyklik nie in so 'n mate geïntensiveer dat fragmentasie ingetree het nie.

Geestelike agtergrond

Die respondent het God altyd as vêr en die Bybel as 'n 'toe-boek' beleef. Nadat genesing begin intree het, het haar verhouding met God begin groei en kan sy haar Bybel lees en verstaan wat sy lees. Haar interpersoonlike verhoudings het ook gegroei en sy neem aktief deel aan die Bybelstudie, ook ten opsigte van haar huwelik is daar groei en vordering. In die geselskap van onbekende persone raak sy egter soms nog angstig en rondom hierdie aspek ontvang sy steeds terapeutiese behandeling.

3.3.4.4 Verdere kontak met Respondente E en F

- **Respondent E:** Formele hulpverlening is gestaak. Respondent is goed ingeskakel by haar plaaslike gemeente, waar sy geestelike groei beleef. Onlangse kontak blyk dat dit goed gaan en dat sy steeds besig is om emosioneel en geestelik verder te groei.

- **Respondent F:** Sy ontvang steeds terapie by navorser op 'n twee-weeklikse basis. Daar het al heelwat genesing ingetree, maar daar is steeds areas wat aandag benodig.

3.4 WAT HET NAVORSER HIERUIT GELEER?

Ratcliff (2005) beskryf die belangrikheid van die navorser se persoonlike indrukke tydens die kwalitatiewe navorsingsproses. Onder hierdie persoonlike indrukke setel emosies, persepsies en waarnemings – amper asof die navorser dagboek hou van al sy waarnemings tydens die navorsing, sodat hy dit later kan gebruik in sy afleidings.

Navorser het onder die volgende indrukke gekom van respondente:

- A: Respondent het slegs die vraelys voltooi en geen persoonlike kontak het tussen respondent en navorser plaasgevind nie.
- B: Navorser het terapeutiese behandeling aan respondent gegee. Die respondent is baie teruggetrokke en dit het die behandeling gekompliseer. Ten spyte van 'oop vrae' vanaf die navorser, het die respondent deurgaans gereageer met kort stellings, asof daar 'n beperking in haar kommunikasie vermoë was. Indien sy instaat sou wees om haar denke en emosies te kon verwoord, sou dit positief kon bydra tot die behandeling.
- C: Navorser het terapeutiese behandeling aan respondent gegee. Navorser het respondent beleef as 'n spontane persoon, wat baie maklik kan kommunikeer en ontvanklik is vir die behandeling. Respondent het egter verhuis voordat behandeling voltooi kon word.
- D: Navorser het terapeutiese behandeling aan respondent gegee. Navorser het die respondent beleef as baie emosioneel en onseker van haarself. By een geleentheid het navorser gesinsberading gedoen en die respondent sou geen vrae beantwoord sonder om eers telkens na die ander lede van die gesin te kyk, as't ware in 'n poging om hul goedkeuring te verkry. Respondent is baie op haar eie gemak en voorkeure ingestel, ten koste van haar gesin.
- E: Navorser het slegs een konsultasie in professionele hoedanigheid met respondent gehad. Respondent is 'n baie begaafde, intelligente persoon. Navorser was diep onder die indruk van die diepte van haar 'pyn', alhoewel heelwat genesing al ingetree het. Respondent vorder goed op die groeipad na emosionele- en geestelike groei.
- F: Navorser behandel respondent steeds terapeuties. Respondent is intelligent, maar baie teruggetrokke. Respondent het 'n diep vertrouensband met navorser. Dit is vir respondent baie belangrik om ander se goedkeuring te beleef.

Die beskrywing van hierdie ses gevalle moet nie in die eerste plek beoordeel word in terme van 'n 'model' waarvolgens pastorale berading aan die gedissosieerde persoon gebied moet word nie. Dit moet eerder gesien word as 'n poging om iets te beklemtoon van die ingewikkelde problematiek rondom die probleem van dissosiasie asook die geweldige uitdagings wat dit aan pastorale beraders stel – veral gesien teen die

agtergrond van die feit dat hierdie terrein vanuit 'n pastorale hoek gesien, eintlik nog 'n braakveld is.

3.5 SAMEVATTING VAN EMPIRIESE RESULTATE

Uit hierdie gevallestudies met die ses respondente kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

- In drie van die eerste vier gevalle wat die vraelyste voltooi het, was terapeutiese en godsdienstige misbruik aan die orde. Die respondente was by verskeie sielkundiges, psigiaters en Christen beraders sonder dat effektiewe begeleiding plaasgevind het. Dit sou in 'n mate kon dui op 'n gebrek aan kennis van die hulpverlener se kant, ten opsigte van die komplekse tema van dissosiasie. In die laaste twee gevalle waar navorser onderhoude met die respondente gevoer het, blyk dit dat respondent E korrek gediagnoseer en behandel is deur die sielkundige van die nabygeleë dorp.

- In die eerste vier gevalle het nie een van die respondente insig in hul werklike probleem nie en dit veroorsaak 'n dringendheid om na elke opsie te gryp vir moontlike genesing. Dit is daarom noodsaaklik dat die hulpverlener die diagnose, asook die herstelproses aan die gedissosieerde sal verduidelik. So 'n verduideliking sal vir die gedissosieerde insig gee asook 'n bereidwilligheid om hom/haar te verbind tot die proses van herstel en genesing.

- Navorsing op sielkundige gebied rondom dissosiasie blyk baie meer gevorderd te wees as op pastorale gebied. Dit is gevolglik belangrik vir pastorale beraders om kennis te neem van hierdie terrein, asook van die enkele belangrike akademiese bydraes wat reeds deur pastorale sielkundiges en Christen psigiaters in hierdie verband gelewer is. Die tipiese problematiek soos bespreek in die ses gevalle wat in hierdie empiriese navorsing hanteer is, is baie algemeen en in beradingspraktyke is dit aan die orde van die dag. Dit beklemtoon dan ook maar net die geweldige behoefte by pastorale beraders aan toerusting en kennis ten opsigte van 'n gekompliseerde probleem soos dissosiasie.

- Daar is oor die algemeen 'n behoefte by talle individue dat die probleem rondom dissosiasie pastoraal hanteer moet word. In al die gevallestudies wat bespreek is, het elke respondent die

aanduiding gegee dat hul probleem 'n invloed op hul verhouding met God het. Wat hul toekomsverwagtinge betref, was daar ook deurgaans die behoefte aan emosionele en geestelike groei.

- Die effektiefste hulpverlening aan die gedissosieerde blyk 'n eklektiese benadering te wees, waar daar enersyds kennis geneem word van praktyke en benaderings vanuit die ander hulpwetenskappe (veral die sielkunde) wat effektief is ten opsigte van die genesingsproses; andersyds moet daar ook ten volle gebruik gemaak word van pastorale insette wat gegrond is op Bybelse vertrekpunte. So 'n benadering loop ook hand aan hand met 'n holistiese beskouing waar daar aandag gegee word aan die fisiese, die emosionele en die geestelike fasette van hierdie betrokke individu.

- Die persoonlike geskiedenis van elke respondent blyk van uiterste belang te wees in die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon. Daar moet veral gefokus word op elke situasie van emosionele trauma en pyn wat 'n aanleidende rol kon speel met betrekking tot die proses van dissosiasie en moontlik ook fragmentasie. In talle gevalle is daar nog nooit vantevore gepraat oor sommige van hierdie situasies nie en die blote verbalisering van die emosies en herinneringe gekoppel aan die onderdrukte pyn kan baie terapeuties wees.

- Gebed het geblyk 'n besondere belangrike komponent te wees van die pastorale begeleidingsproses. Hier gaan dit veral oor gebed wat baie pertinent gefokus is op die spesifieke situasies en insidente waar die emosionele pyn en seer plaasgevind het.

- Die identifisering van leuens in die kognitiewe denkprosesse van die gedissosieerde persoon is ook van uiterste belang vir die langtermyn herstelproses. Die waarheid moet herontdek word, want die waarheid verbreek die stilswye en bring uiteindelik vryheid, asook genesing en herstel in die gemoed van die gedissosieerde.

- Die begeleiding van die gedissosieerde persoon tot emosionele en geestelike groei, is 'n langtermyn herstelproses. Om dit moontlik te maak, vra toewyding en deursettingsvermoë en geduld van die hulpverlener sowel as van die gedissosieerde. Die praktyk wys uit dat dit nie hier gaan om kitsoplossings nie en dat daar realisme moet wees ten opsigte van 'n uitgestrekte en moeisame proses waarin daar daagliks met klein treetjies voorwaarts beweeg word.

HOOFSTUK 4

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE BEGELEIDING VAN DIE GEDISSOSIEERDE PERSOON

4.1 INLEIDING

Dissosiasie vind plaas wanneer 'n persoon nie oor die emosionele kapasiteit beskik om 'n traumatiese gebeurtenis te verwerk en te integreer by die normale geheuemateriaal nie. Sodra die traumatiese gebeurtenis dus die vlak van emosionele vaardighede oorskry, dissosieer 'n persoon. In die omstandighede is dit 'n beskermingsmeganisme, maar op die lang duur word dit 'n struikelblok vir verdere emosionele en geestelike groei. Die begeleiding van die gedissosieerde persoon tot emosionele en geestelike groei is 'n langtermyn herstelproses. Tydens die proses moet die geheue wat vervaag het, gestimuleer word om weer na die oppervlakte te kom en dit verg tyd en moed. 'n Belangrike pastorale beginsel in hierdie verband word verwoord deur Johannes 8:32: "*En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.*" Die waarheid moet weer ontdek word, want waarheid verbreek die stilswye en bring vryheid in die gemoed van die gedissosieerde.

4.2 DOELSTELLING

Die breër fokus van hierdie hoofstuk is daarop gerig om basisteoretiese perspektiewe te identifiseer wat verhelderend kan wees met betrekking tot die begeleiding van die gedissosieerde persoon. Hierdie is oor die algemeen 'n persoon wat sit met intense gebrokenheid en uitsigloosheid – iemand wat behoefte het aan emosionele sowel as geestelike heling. Die keuse van Bybelse perikope sentreer dan ook baie sterk rondom die tipiese situasie van die gebroke mens enersyds, en andersyds die heling en genesing wat daar is in Jesus Christus vir hierdie emosioneel verwonde persoon.

In die pastorale begeleiding van die gebroke mens is dit gevolglik belangrik om die volgende punte in aanmerking te neem:

- Hoe het God die mens oorspronklik geskep?
- Wat het met die mens gebeur wat aanleiding tot die gebrokenheid gegee het?
- Hoe kan die mens begelei word tot emosionele en geestelike groei, sodat hy heelwording deelagtig kan word?

Teen hierdie agtergrond word daar dan vervolgens veral gefokus op die volgende aspekte:

- Die skepping van die mens: Genesis 1:26-31 en Psalm 8:4-7.
- Gebrokenheid van die mens: Romeine 5:12-21 en Jeremia 17:9-10.
- God wat restoureer: Jakobus 4:4-10 en Efésiërs 2:1-10.
- Die rol van Jesus as die Groot Geneesheer in die genesingsproses: Lukas 4:16-21 en Johannes 8:31-36.
- Die rol van die Heilige Gees as die Begeleier op die genesingspad: Romeine 8:26-29 en Johannes 16:13-15.

Eksegese sal volgens die eksegetiese metode soos beskryf deur De Klerk en Van Rensburg (2005) gedoen word. Hierdie metode behels die volgende struktuur:
Afdeling A:

- Die keuse van die perikoop.
- Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.
  - Die vasstelling van die teks van die perikoop.
  - Die plek van die perikoop in die boek.
  - Die genre van die perikoop.
- Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.
- Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.
- Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers.
- Skrif-met-skrifvergelyking van die perikoop.
- Die openbaring oor God in die perikoop.
- Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.
- Die kommunikasiedoel van die perikoop.
- Raadpleging van eksegetiese bronne.

Afdeling B: (Die verskillende aspekte onder hierdie afdeling sal deurgaans aan die einde van elke hoofgedagte toegepas word op die resultate van die onderskeie passasies)

- Die huidige tersaaklike sosiale omstandighede van die gedissosieerde persoon.
- Die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die gedissosieerde stel.

Vanuit die basisteoretiese perspektiewe wat in hierdie hoofstuk na vore sal kom, tesame met die tersaaklike metateoretiese perspektiewe, sal gepoog word om eventueel praktykteoretiese riglyne daar te stel, waarvolgens pastorale begeleiding aan die gedissosieerde persoon gedoen kan word - tot emosionele en geestelike groei.

4.3 DIE SKEPPING VAN DIE MENS

4.3.1 GENESIS 1:26-31

Afdeling A:

4.3.1.1 Die keuse van die perikoop.

Hierdie perikoop word ingesluit aangesien dit die skepping van die mens, sy skeppingsdoel en die kwaliteit van sy skepping verwoord.

4.3.1.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.3.1.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernteks van Genesis 1:26-31 word vervat in verse 27 en 31, naamlik: **"God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep ... Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed."**

4.3.1.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Die woorde in Genesis 1:26 "**Toe het God gesê"** is 'n voegwoordelike partikel wat 'n eksplisiete aanduiding gee van die verhouding van 1:26vv met die voorafgaande gedeeltes. Die omvang van die gedeelte word aangedui met die woorde "**...het God die hemel en die aarde geskep"** (1:1).

Genesis 1 dui die skepping van God in 'n bepaalde opbouende orde aan, naamlik:

Inleiding (1:1-2).

Dag 1: lig (1:3-5).

Dag 2: gewelf (lug) en waters (1:6-8).

Dag 3: droë grond, plante (1:9-13).

Dag 4: ligdraers: son, maan (1:14-19).

Dag 5: bewoners van lug, water (1:20-23).

Dag 6: landbewoners en mens (1:24-31).

Dag 7: God hou op om te skep (2:1-4a).

Genesis beteken 'begin' of 'oorsprong'. Vandaar hierdie naam vir die eerste boek van die Bybel wat oor die begin van alles handel, daarom vorm die boek Genesis die fondament waarop alles verder gebou word (Bybel in Praktyk, 1993:2). Genesis vertel wie die heelal geskep het (Gen. 1-2); waar die verwydering tussen God en mens, en mens en medemens vandaan kom (Gen. 3); van die krag van sonde, maar ook van die groter krag van God se liefde wat 'n man roep en 'n volk vorm ten einde die mensdom na God toe terug te lei (Gen. 11).

4.3.1.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Die genre van Genesis 1:26-31 is narratief, terwyl die genre van die boek Genesis beide narratief en geskiedbeskrywing is. Die boek Genesis is 'n epos met sterk dramatiese aksent. Die drama van die oorsprong van alle dinge begin by God. In eenvoudige, helder taal word die wonder en rykdom van die skepping, uit die vormloosheid tot vrugbare lewe, beskryf. Dit is egter meer as bloot poëties; dit vertel wat nodig is om te weet, sodat die mens homself en die wêreld kan begryp (Alexander, 2002:115).

4.3.1.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Genesis begin reg by die begin. God het die wêreld geskep, 'n wêreld wat goed was (Gen. 1:31). Hy het die mens gemaak as die kroon van die skepping. Die 'inleiding' (Gen. 1-11) voorsien 'n algemene geskiedenis van die mens oor 'n aantal jare. Hierdie gedeelte beskryf hoe die skepping gaandeweg versleg as gevolg van die sonde van die mens, wat homself wou oortref om soos God te word. 'n Nuwe begin word gemaak – om maar net in die dwaasheid van Babel en die verdelig en verstrooiing van die nasies te eindig. Vanaf hoofstuk 12 verskuif die klem vanaf die geskiedenis van die mens in die algemeen na 'n verhaal rondom 'n enkeling, Abraham. God wil sy skepping nie vernietig nie en daarom begin Hy werk, deur een uitverkore man, en een uitverkore nasie, om die wêreld te vernuwe (Alexander, 2002:115).

4.3.1.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Hoewel die mens by die skepping die moontlikheid ontvang het, om ook sondeloos te wees, het hy ook die keuse ontvang om anders te kan besluit (Fretheim, 1994:345). Die sondeval het plaasgevind deur die misleiding van die slang (Satan). Die mens was aan God ongehoorsaam en het sy gesag verwerp. Die sonde het 'n skeiding van God veroorsaak en die gevolg hiervan was die onmiddellike geestelike dood van die mens. Met verloop van tyd sou die liggaamlike dood volg.

4.3.1.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernverse.

Van Gemeren (1997, 1:969) verduidelik die begrippe '**beeld**' en '**gelykenis**' en die implikasie daarvan op die mens soos volg:

- Om na die beeld van God geskape te wees, impliseer 'n duidelike onderskeid tussen die mens en die diereryk. Dit is nie soseer 'n fisiese gelykheid aan God se beeld nie, as wat dit dui op karaktereienskappe, soos byvoorbeeld die rede en persoonlikheid.
- Deur hierdie terme word die mens voorgestel as God se verteenwoordigers op aarde met die opdrag om oor die diere te heers. Dit dui ook op die koningskap van God, waarvan die mens die verteenwoordiger op aarde is.
- Om na die beeld van God geskape te wees, gee ook aan die mens die vermoë om met God in 'n persoonlike verhouding te kan staan. In hierdie verband kan daar kommunikasie tussen God en die mens plaasvind en daar kan ook 'n verbondsluiting plaasvind. Daar is 'n spesiale, kreatiewe aktiwiteit opgesluit in die skepping van die mens en dit hou ook die potensiaal in tot 'n unieke verhouding.
- Aangesien die mens na God se beeld en ook as sy verteenwoordiger geskep is, is die mens se lewe heilig. Enige skade aan hierdie beeld van God in die mens impliseer eintlik 'n direkte konfrontasie met God self en God sal rekenskap daarvoor eis (Gen. 9:5-6).

4.3.1.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

In die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) verskyn die volgende verwysings:

V.26 *Toe ... gesê:* (vgl. Gen.1:3). God het telkens geskep deur die Woord: "En God het gesê..." Die gebruikmaking van die "*Ons*" (vgl. Gen. 3:22 en 11:7) kan in verband gebring word met die Drie-eenheid – nogtans is dit moeilik om die bestaan van die Drie-eenheid in Genesis te bewys en te verstaan. 'n Tweede mening sou wees dat dit heenwys

na God se majesteit of om die opvallende onderskeid tussen God en mense uit te wys.

Ons verteenwoordiger, ons beeld: (vgl. Gen. 5:1; 9:6; Ps. 8:6; 1 Kor. 11:7; Ef. 4:24; Kol. 3:10; Hebr. 2:7) Dit kan ook vertaal word: "as ons beeld, soos ons." Hierdie skrifgedeeltes beklemtoon die skepping van die mens na die beeld van God en die posisie wat die mens daardeur ontvang het, asook dat die mens moet vernuwe na die oorspronklike beeld waarmee hy geskep is.

God ... geskep: (vgl. Gen. 5:2; 6:7; Deut. 4:32; Pred. 7:29; Hand. 17:29). God het die mens na Sy beeld geskep en aan hom die opdrag van gehoorsaamheid gegee, daardeur moet hy altyd terugdink aan hoe God hom geskape het en daarna streef om God alleen te aanbid en geen ander beeld nie, sodoende word die mens vernuwe tot die oorspronklike beeld waartoe God hom geskep het.

Man ... geskep: (vgl. Gen. 5:2; Mal. 2:15; Matt.19:4). God wou 'n nageslag gehad het, wat Hom sou eer en gehoorsaam. Dit is slegs moontlik as een man getrou bly aan een vrou, soos God hulle geskape het, en hulle saam in gehoorsaamheid aan God getrou bly.

V.31 *Toe ... goed*: (vgl. Gen. 1:4; I Tim. 4:4). Alles wat God geskape het, is/was goed. Dit is die sonde wat die kwaad/verwoesting meebring.

4.3.1.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

God word voorgestel as die Skeppergod en Hy is in beheer van alle dinge. God word verder geopenbaar as die Onderhouer, Regter en Verlosser van alle dinge. God het nie nodig gehad om die skepping te maak nie, nogtans het Hy, omrede Hy liefde is. Liefde moet teenoor iets/iemand tot uitdrukking gebring word. Daarom het God die wêreld en die mens gemaak, as uitdrukking van sy liefde. God is die Oneindige wat nog altyd was en deur niemand anders geskep is nie. Om dit te begryp, is haas nie moontlik nie, want ons menslike verstand is te beperk om die dinge waaraan daar geen perke of einde is nie, te verstaan (Fretheim, 1994:321).

4.3.1.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

In Genesis 1:26-31 word God se oorspronklike doel met die skepping van die mens gegee (Fretheim, 1994:321). Geskape na God se beeld beteken dat baie van die mens se emosies en eienskappe iets van God se eienskappe weerspieël. Danksy hierdie wete, kan die mens oortuig wees van sy eiewaarde. Eiewaarde word dus nie bepaal deur die mens se besittings, prestasies, voorkoms of openbare beeld nie, maar deur die wete dat die mens na God se beeld geskape is. Geskape na God se beeld beteken egter ook dat die mens bepaalde verantwoordelikhede ontvang het as God se verteenwoordigers op aarde. Die mens moet met God se skepsels en skepping

omgaan, soos wat Hy daarmee omgaan. Geskape na God se beeld beteken ook dat die mens met God kan kommunikeer en dit maak dit moontlik om in 'n verhouding met God te kan staan en so die doel van die skepping van die mens te kan bereik (Fretheim, 1994:321). God het aan die mens die kultuuropdrag gegee om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar. God het die mens ook as heerser aangestel en implisiet beteken dit ook dat die mens oor die vermoë beskik om oor die sonde te kan heers (vgl. Gen 4:7). Die mens het egter 'n vrye wil en kon anders kies (Matthews, 1996:161).

4.3.1.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Die kommunikasiedoel van Genesis 1:26-31 is om inligting te verskaf rondom die skepping van die mens, die kwaliteit van die skepping van die mens en die skeppingsdoel vir die mens.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *God het die mens geskep na Sy beeld, as Sy verteenwoordiger op aarde, en die mens was goed.*

4.3.1.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Matthews (1996:161) maak die stelling dat die mens die kroon van God se skepping is en wel om die volgende redes:

- Die skepping bou op tot 'n finale klimaks met die skepping van die mens.
- Slegs met die skepping van die mens was daar 'n Goddelike beraadslaging (v. 26: "Kom Ons maak...").
- Hierdie uitdrukking vervang in 'n sekere sin die onpersoonlike skeppingswoord, "Laat daar ... wees".
- Slegs die mens is na God se beeld geskep, met die opdrag om te heers.
- By die skepping van die mens word 'n langer verduideliking gegee as by die ander skeppings.

Fretheim (1994:345) beweer dat die beeld waarvolgens die skepping van die mens plaasgevind het, fundamenteel buite die reeds geskape heelal gesoek moet word. Hierdie beeld hou die volgende implikasie vir die mens in:

- Daar kan kommunikasie tussen God en die mens plaasvind.
- God het aan die mens sekere gawes gegee, wat benodig word in die uitlewing van die verantwoordelikheid wat aan die mens gegee is.

- Die woord 'beeld' verwys na die geheelmens en nie net na sekere dimensies nie, soos byvoorbeeld die rede en die wil nie. Wat die 'gelykenis' in liggaam betref, verwys dit na die fisiese verskyning van die "Engel van die Here" (16:7).
- Die skepping na die beeld van God beteken om God te verteenwoordig in die wêreld. Die Engelse term, *mirroring*, omsluit hierdie gedagte.
- Die inisiatief vir die skepping kom geheel en al van God af, maar met die skepping het Hy aan die mens 'n heers-opdrag gegee, wat impliseer dat Hy 'n magsverdeling-verhouding met die mens gesluit het. Die mens het die opdrag ontvang om te heers, net soos God. God het dus 'n sekere verantwoordelikheid na die mens gedelegeer.

Van Gemeren (1997,4:1311) stel dit dat ten spyte van die besondere plek wat hierdie skeppingsverhaal aan die mens toeken, is dit ook duidelik dat die mens nie die einddoel van alles is nie. Nie die mens se dag nie, maar God se dag is die eindbestemming. Die mens vind die sin van sy bestaan nie in sy bestaan en sy werk nie, maar wanneer hy rus vind in God.

4.3.2 PSALM 8:4-7

Afdeling A:

4.3.2.1 Die keuse van die perikoop.

Met die verwonde mens (gedissosieerde) in gedagte bied hierdie Psalm 'n verdere beskrywing van die besondere waarde wat God heg aan die mens wat Hy geskep het. Vir God is hierdie mens ontsettend waardevol, *'n bietjie minder as 'n hemelse wese.*

4..3.2.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.3.2.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernteks van Psalm 8:4-7 word omsluit in verse 6-7, naamlik: **"U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, U laat hom heers oor die werk van U hande, U het alles aan hom onderwerp."**

4.3.2.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Die woorde van Psalm 8:4-7 sluit aan by die voorafgaande verse waarin die Psalmdigter die grootsheid van God besing. Hierdie perikoop is 'n eksplisiete verwysing na die waarde van die

mens wat God aan hom gegee het, deur hom – al is hy gering in die lig van die groter skepping – na die beeld van God te skep en hom oor die skepping aan te stel (McCann, 1996:712).
Die plek van Psalm 8:4-7 binne die geheel van die boek Psalms kan soos volg opgesom word: Die Psalms is nie volgens onderwerpe gerangskik nie, maar dit is nietemin insiggewend om die dominante temas in elke deel van die boek met die vyf boeke van Moses te vergelyk. Gevolglik is daar ooreenkomste tussen Psalm 1-41 en die boek Genesis. Net soos Genesis vertel dit hoe die mens geskep is, in sonde geval het en daarna die belofte van verlossing ontvang. Baie van die Psalms in hierdie groep beskryf hoe die mens wat deur God geseën word, in sonde verval het en weer deur God verlos word (McCann, 1996:658). Die Psalms is 'n versameling literêre werke.

4.3.2.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Wat betref die literêre genre van die Psalms kan dit as poësie beskryf word waardeur uitdrukking gegee word aan 'n hele spektrum van menslike gevoelservaringe, van diepe teneergedruktheid tot uitbundige vreugde. Hulle vloei voort uit spesifieke omstandighede, en tog is hulle tydloos. Hul suiwer, vasberade geloof asook die diepte van hul liefde vir God is 'n verkwikking sowel as 'n teregwysing vir die mens van vandag (Alexander, 2002:359). Psalm 8 resorteer onder die lofpsalms wat 'n refrein van lof aan God bring.

4.3.2.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Die boek Psalms se onstaantyd strek vanaf die geskiedenis rondom Moses (1 250 v.C.) tot die tyd van die Babiloniese ballingskap (586 v.C.). Die boek oorspan dus 'n groot tydperk in die volk, Israel, se geskiedenis. Moses lei die volk vanuit slawerny en onderdrukking uit Egipte deur die woestyn, waar hulle uiteindelik in die land, Kanaän gevestig word. As gevolg van volhardende ongehoorsaamheid en rebellie teenoor God word die volk uiteindelik in 586 vC in ballingskap weggevoer. In hierdie boek prys die digters God vir Sy regverdigheid, spreek vertroue uit in sy ontferming, vertel van die sondigheid van die mens, pleit vir vryspraak, smeek om verlossing van hul vyande, spreek van die geluk van die sondaar wat vergifnis ontvang het, en stel God voor as die Herder. Die digter van Psalm 8 het waarskynlik baie nagte in die oop veld by sy skape deurgebring, oor die wonder van God nagedink en toe hierdie mooi gedig daaroor geskryf (McCann, 1996:665).

4.3.2.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Die heerlikheid van die son en sterre en die wonders van die natuur is beskou as 'n uitdrukking van die skeppingskrag van God. Die Psalmdigter kom onder die indruk van die waarde wat God

aan die mens gegee het – die mens is net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak. Hy was bekend met die skeppingsverhaal en hierdie bewustheid het hom opnuut weer herinner dat God die mens 'goed' geskep het en die mens oproep tot 'n lewe van gehoorsaamheid deur oor die sonde te heers. Hy sien ook iets van God se getrouheid en onderhouding raak, ten spyte van die mens se ontrouheid (Alexander, 2002:365).

4.3.2.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers.

Van Gemeren verduidelik die volgende begrippe soos volg:

- *Hemelse wesens* is die engele of boodskappers van God (1997, 1:402). Dit gaan dan ook hier om die mens se unieke posisie in vergelyking met die engele (1997, 2:657).
- God se *handewerk* impliseer die magtige dade van God en van Sy skeppingskrag (1997, 2:403).
- Die verlossing wat God bied is vir die digter 'n realiteit, want hy kyk terug na die vervulling van God se beloftes deur al die eeue heen (1997, 3:551).

4.3.2.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) dui die volgende verwysings aan:

V.4 *u hemel:* (vgl. Ps. 144:5). In hierdie Psalm word die bidder se verwondering oor die verganklikheid van die mens beskryf en sy bede dat die Here die natuurkragte sal gebruik om sy vyande te straf.

die ... vingers: (vgl. Ps. 19:2; 96:5; Luk. 11:20). Hierdie gedeelte beklemtoon dat die skepping getuig van die mag van God.

V.5 *dat... dink:* (vgl. Ps. 25:7; 78:39; 106:4; 115:12). Die Here dink aan die mens en seën hom.

na hom omsien: (vgl. Eseg. 34:11-12; Ps. 80:15). Dit dui op 'n belofte dat God na Sy kinders sal omsien en hulle bewaar van hul vyande.

V.6 *hemelse wese:* (vgl. Ps. 82:1; 89:7; 103:21; 148:2). Verkeer in God se onmiddellike nabyheid: hulle is as hemelse leërmag weerskante van die Here se troon (1 Kon. 22:19); die hemelwesens maak deel uit van die hemelse vergadering waar Hy optree (Ps. 82:1) en waarvandaan Hy kom (Deut. 33:2), maar is nie soos Hy nie (Ps. 89:7).

aansien en eer: Kan ook vertaal word: "koninklike luister" Mense wat in 'n besondere verhouding tot die Here staan, is beskou as mense met aansien, soos Samuel (1 Sam. 9:6), die dienaar van die Here (Jes. 52:13), die priesters (Hos. 4:7), die regverdige (Ps. 112:9), Moses (Eks. 11:3), Josua (Jos. 3:7; 4:14) en sekere konings: Dawid (2 Sam. 5:12),

Salomo (1 Kron. 29:25), Josafat (2 Kron. 17:5) en Hiskia (2 Kron. 32:23). Soos die lewe self en soos rykdom, is aansien en eer 'n gawe van God (1 Sam. 2:6-8; 1 Kron. 29:12; Pred. 6:2). Hy het met die skepping die mens as sodanig met aansien en eer gekroon (Ps. 8:6; Heb. 2:7).

4.3.2.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

God is almagtig en Hy tree altyd op die regte tyd op. Hy is soewerein oor elke situasie en steeds in beheer van die hele skepping. Die wyse waarop Hy Hom in die skepping, deur die geskiedenis en in sy Woord openbaar, is tegelykertyd ook 'n openbaring van sy mag.

4.3.2.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Psalm 8 sluit aan by Genesis 1:26-31 om die waarde van die mens te beklemtoon. Elke mens kan met die Psalms identifiseer, omdat dit die tipiese menslike emosies weerspieël. Net soos die psalmdigters van baie eeue gelede, kom die mens vandag nog voor probleme te staan en reageer hy dikwels ook net soos hulle (Alexander, 2002:363). Psalm 8 bied die volgende hoop:

- Die mens is die toppunt van God se skepping.
- God kan die mens help as hy magteloos voel. God se krag is groter en meer as die wanhoop van pyn en beproewing.
- Die mens kan altyd bid vir die beskerming, verlossing en versorging van God.

4.3.2.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Die kommunikasiedoel van Psalm 8 is om die mens te troos in geval van wanhoop en hartseer. Die gedeelte herinner die mens aan (1) die waarde van die mens, (2) die feit dat ongeag wat ookal met die mens gebeur het, God het hom met aansien en eer gekroon en (3) die gedagte dat God steeds in beheer is; Hy onderhou die hele skepping.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *Vir God is die mens so belangrik dat Hy hom met aansien en eer gekroon het; Hy het die mens 'n weinig minder as 'n hemelse wese geskep en alles aan hom onderwerp.*

4.3.2.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

In vers 4 kyk die psalmis na die werk van God se hande en vergelyk die "kleinheid" van die mens daarmee en dit verstom hom. En tog, ten spyte van hierdie 'kleinheid' het God die mens in 'n posisie van buitengewone krag binne die skepping geplaas. Craigie (1983:107) beklemtoon dat

hierdie posisie van krag nie 'n natuurlike menslike reg is nie, maar dit is 'n gawe van God wat ook gekoppel is aan die heiligheid van sy naam. Die psalmis erken ook dat hierdie gawe nie ontvang kan word deur menslike arrogansie nie, maar deur 'n kinderlike geloof in God. Die besondere posisie wat God aan die mens toeken, dwing hierdie mens telkens tot nederigheid en erkenning.

In die Psalmis se verwondering oor God se werke is dit asof hy tot die konklusie kom dat die mens eintlik 'niks' is nie! Dit is vir hom byna 'n ondenkbare gedagte dat die groot God wat al hierdie groot dinge geskep het, Hom nog oor die mens ook kan ontferm. Dit versterk sy standpunt in vers 6. Objektief beskou, is die mens baie klein en onbenullig in vergelyking met die grootheid van die skepping – daarom blyk dit in 'n sekere sin onwaarskynlik te wees dat hy enige buitengewone krag in die skepping het. Deur die gesproke Woord van God in Genesis 1:26-31 blyk die teenoorgestelde egter waar te wees. Die mens is geskep na die beeld van God, 'n weinig minder as 'n hemelse wese en met eer en aansien gekroon met die opdrag om te heers. Dit is dus God wat aan die mens sy waarde gee (Craigie, 1983:108).

Volgens McCann (1996:711) is dit onmoontlik om die soewereiniteit van God te verstaan, losstaande van die kennis dat God kies om na die mensdom uit te reik en hulle te versorg. Ook kan die identiteit van menswees nie verstaan word, losstaande van hul verhouding met God nie. In v 5-8 word die identiteit van beide God en die mens eksplisiet verwoord. God heers oor die heelal, maar Hy het ook aan die mens 'n heersopdrag gegee. Dit beteken dat die mens iets van 'n koninklike status het – net 'n weinig minder as 'n hemelse wese. Die attribute waarmee die mens gekroon is (aansien en eer) is koninklike attribute. Beide menslike konings en God as Koning besit aansien en eer (Ps. 21:5; 24:7-10; 29:1-3, 9). Alhoewel Genesis 1:26-31 se woorde nie herhaal word nie, impliseer Psalm 8 dat die mens na die beeld van God geskep is. Hierdie gedagte omsluit fundamentele implikasies in die verstaan van beide God en menswees. God en die mens is vennote in die bewerking, bewaring en bewoning van die skepping, omrede God die risiko geneem het om aan die mens 'n sekere mag of krag te delegeer.

4.3.3 GENESIS 1:26-31 en PSALM 8:4-7

Afdeling B:

4.3.3.1 Die huidige tersaaklike sosiale omstandighede van die gedissosieerde persoon.

Die oorweldigende misbruik en trauma waaraan die gedissosieerde blootgestel was – soms vanaf 'n baie jong ouderdom – bemoeilik hul verhouding met God en met hulself. Hulle kyk na die wêreld, na God en na ander mense, asof deur 'n gebreekte ruit. Hulle uitsig is verdraai, verwronge en geskaad. Hulle verwysingsraamwerk vorm die basis waaruit hulle alle aspekte van die lewe benader. So byvoorbeeld beïnvloed die kwaliteit van hulle selfverhouding uiteindelik die kwaliteit van al hul ander verhoudings. Die gedissosieerde het geen eiewaarde nie, dikwels beleef hulle die lewe as 'n stryd om te oorleef – veral in die geval waar die persoon wat aan kultiese rituele blootgestel was. In hierdie stryd om oorlewing dissosieer die persoon dan, aangesien dissosiasie die effektiefste verdedigingsmeganisme is om pyn en trauma te kan 'hanteer'. In talle gevalle kom dissosiasie neer op die onmiddellike vergeet van traumagebeure. Die persoon word as't ware 'los gemaak' van die traumagebeure. Die traumageheue word egter gestoor in die amigdala-deel van die brein (vgl. 2.6), en dikwels vorm die gedissosieerde ook alternatiewe persoonlikhede om die traumageheue te stoor en om die situasie te hanteer - dit waarvoor hyself nie kans sien nie. Dissosiasie maak dit vir 'n kind moontlik om psigies 'normaal' verder te ontwikkel, onbewus van die traumagebeure. In latere jare beleef die persoon egter sekere simptome wat emosionele en geestelike groei kortwiek en hierdie aanvanklike verdedigingsmeganisme word dan 'n struikelblok vir verdere groei - dit is dan dat die persoon om hulp kom aanklop. Tipiese simptome sluit onder andere die volgende in: depressie, uitsigloosheid, moedeloosheid, 'n gebrek aan ywer en ambisie, 'n gebrek aan waarde, verhoudingsprobleme, selfmoordneigings, selfbeserings, nagmerries, ensovoorts. Die misbruik waaraan die gedissosieerde blootgestel was in sy lewe, veroorsaak dat hy nie die sin van sy lewe kan verstaan nie. In sy verwysingsraamwerk kan hy homself nie sien as iets 'goeds' met enige waarde nie, die teendeel is eerder waar, dikwels beleef hy homself net as 'n gebruiksartikel vir andere.

4.3.3.2 Die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die gedissosieerde stel.

As gevolg van die gedissosieerde se verwysingsraamwerk is dit vir hierdie persone baie moeilik om hulself te sien soos God hul sien. Hul eie pyn en trauma het veroorsaak dat 'n leuen gevestig het en dat hulle hulself dikwels as sleg/boos sien. Tydens sataniese rituele (verduideliking in metateoretiese hoofstuk) word die kind byvoorbeeld gemanipuleer tot die punt waar hy glo dat hy sleg is. In gevalle van molestering vestig skuldgevoelens en verwarring gewoonlik in so 'n mate dat die persoon homself nie kan sien soos God hom sien nie. Teen hierdie agtergrond dien die inhoud van gedeeltes soos Genesis 1:26-31 en Psalm 8:4-7 as waardevolle hulpmiddel om die volgende aan die gedissosieerde uit te lig:

- Vir God was die skepping van die mens 'n absolute hoogtepunt.
- Met die skepping van die mens het God aan hom die vermoë gegee om in 'n intieme verhouding met Hom te kan staan.
- God se eie heerlikheid word in die mens afgeskadu.
- Die mens is in 'n heersersposisie geplaas en aan hom is besondere vermoëns gegee.
- Die beskadiging van God se beeld in hierdie mens sal uitloop op 'n konfrontasie met God self.
- God se bedoeling met die mens – ook met die gedissosieerde – is dat hierdie mens in staat sal wees om God se plan met die skepping te volvoer.
- Vir die mens om as heerser en uitvoerder van God se plan op te tree, is dit belangrik om emosioneel en geestelik gesond te wees.
- Slegs wanneer die mens rus in God vind, kan hy die sin van sy bestaan vind. Vir die gedissosieerde is dit moeilik om sin en betekenis in die lewe te vind. Vanuit sy reaksie om die pyn te onderdruk, is dit gevolglik baie moeilik om 'n eie identiteit te ontwikkel, aangesien die selfbeeld en selfvertroue totaal afgebreek is en daar baie skade aangerig is aan die 'beeld' van God in hierdie persoon.
- Die mens is kosbaar, want hy dra die stempel van sy Skepper. Hyself het gesê dat die mens vir Hom kosbaar is, daarom hoef die mens nooit weer aan sy waarde te twyfel nie.
- God het die mens na sy beeld geskep, maar Satan het hierdie beeld kom verdraai. 'n Verduideliking van die begrip 'om na die beeld van God geskep te wees', gee weer nuwe hoop en 'n nuwe uitkyk op die lewe vir die gedissosieerde. Dit help om die 'ou prentjie' van die self te vervang met 'n 'nuwe prentjie'.

4.4 DIE GEBROKENHEID VAN DIE MENS

4.4.1 ROMEINE 5:12-21

Afdeling A:

4.4.1.1 Die keuse van die perikoop.

Alhoewel God die mens na sy beeld geskep het, het die sondeval (Gen. 3) hierdie beeld negatief beïnvloed. Die impak op hierdie beeld was só negatief dat Paulus in Romeine 3:23 dit soos volg beskryf: "*Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie.*" Die ellende en hartseer wat voortgespruit het vanuit die sondeval, het die mens in sy totale wese aangetas. Die gevolge van die sonde is altyd die dood, hetsy fisiese-, psigiese- of geestelike dood. Hierdie aspekte het 'n besondere toepassing op die situasie van die gedissosieerde persoon wat heel dikwels óf deur eie oortredinge óf deur die oortredinge van andere in hul diepste wese aangetas is.

4.4.1.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.4.1.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kerngedagte in hierdie perikoop is: **"....deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het."**

4.4.1.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Romeine 5:12 begin met die woorde: "*Verder nog dit...*" Dit is 'n eksplisiete aanduiding van die verhouding tussen hierdie perikoop en die voorafgaande gedeeltes in die boek Romeine. Paulus maak 'n klompie stellings om sy latere argument te staaf. Hy skryf hierdie brief aan die gemeente in Rome om voorbrand te maak vir sy voorgenome besoek aan Rome en gee aan hulle 'n samevatting van die evangelie wat soos volg opgesom kan word (Bybel in Praktyk, 1993:2)

(a) Briefaanhef (1:1-7)

(b) Danksegging (1:8-12)

(c) Aanloop tot hoofbetoog en tema (1:13-17)

(d) Almal is skuldig, maar wie glo, word vrygespreek (1:18-4:25)

(e) As vrygespreektes is gelowiges nuwe mense (5:1-8:39)

(f) Die posisie van die Joodse volk (9:1-11:36)

(g) Christenskap in praktyk (12:1-13:14)

(h) Mededelings (15:14-33)

(i) Briefslot (16:1-27)

Die plek van die perikoop in die boek resorteer onder punt (e) waar Paulus die mens se nuwe verbondenheid aan God beskryf. Om dit te kan doen, beklemtoon Paulus eers die posisie waarin die mens hom bevind as gevolg van die sonde. Romeine maak deel uit van die sogenaamde *Algemene Briewe* in die Nuwe Testament.

4.4.1.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Romeine beklee die sogenaamde 'ereplek' onder die Nuwe Testamentiese briewe. Chronologies volg dit na die briewe aan die Tessalonisense en die Galasiërs, en kom dit voor Kolossense en Efesiërs. Dit staan ook bekend as die 'manifes van die evangelie' (Alexander, 2002:681).

4.4.1.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

In die tyd van Paulus was Rome die hoofstad van 'n ryk wat vanaf die hedendaagse Brittanje tot in Arabië gestrek het. Die welvarende en kosmopolitiese stad was die diplomatieke en die handelsentrum van die destyds bekende wêreld en daar was 'n voortdurende kom en gaan van mense. Die Pax Romana-vrede van Augustus het dit veilig gemaak om te reis en die Romeinse paaie het dit redelik vinnig en maklik gemaak. Besoekers uit Rome het Petrus se eerste preek op Paassondag in Jerusalem gehoor. Dit is dus nie verbasend dat daar 'n groot en bloeiende Christelike gemeente was teen die tyd dat Paulus die brief geskryf het nie. Alhoewel die gemeente uit Jode en nie-Jode bestaan het, was daar geen ernstige skeuring tussen die twee groepe nie. Daar was egter 'n neiging om mekaar te kritiseer en op mekaar neer te sien. Die gemeente het van tyd tot tyd met die owerhede gebots en dit het veroorsaak dat die Christene onder verdenking was. Hulle stigter is aangekla van verradelike optrede teen die keiser. Ondanks hul pogings om goeie Romeinse burgers te wees, het Nero slegs 'n paar jaar na hierdie brief geskryf is, die blaam op die Christene geplaas toe die stad in vlamme opgegaan het. Volgens tradisie het Paulus en Petrus omgekom in die wrede vervolging wat daarop gevolg het (Alexander, 2002:681).

4.4.1.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Paulus beskryf in hierdie gedeelte die onderlinge verbondenheid tussen die Christene. Hy het gepoog om die evangelie aan die Christene te verduidelik omrede sommige gevoel het dat dit onregverdig was van God om die hele mensdom verantwoordelik te hou vir Adam se sonde. In

die voorafgaande gedeeltes (1:18-3:20) bewys Paulus dat die mens nie moet dink dat dit tot sy voordeel sal strek as hy by God op regverdigheid wil staan nie. As God die mens gee wat hy verdien, is dit net Adam se lot wat hy sal kry (Wright, 2002:513).

In 5:14 noem Paulus dat die bewys van die mens se sondigheid lê in die feit dat "*die dood heerskappy gevoer het.*" Die dood volg altyd op sonde; as die dood daar is, is die sonde altyd teenwoordig. In die verdere gedeeltes van hierdie perikoop vergelyk Paulus ook die dood en die genade met mekaar. Die genade waaruit die Christene leef, doen uiteindelik veel meer as om bloot Adam se sonde te kanselleer. Die genade plaas die Christen nie net terug in die oorspronklike toestand van Adam (om na God se beeld geskep te wees nie) nie, maar gee aan hom die ewige lewe en die heerskappy oor sonde (Gen. 4:7). Die eerste lesers se keuse is dus gesetel in die besluit of hulle aan die Adam-familie of aan die Christus-familie wil behoort. Die een hoort tot die sondige ou wêreld, die ander tot God se nuwe wêreld. Die een vertel van straf, naamlik die loon op die sonde (die dood), die ander van genade, naamlik God se geskenk, die ewige lewe (Wright, 2002:513).

4.4.1.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers.

Meyers (2002b) omskryf die begrip 'sonde' *(hamartia)* soos volg:

- Sonde is om die 'merk te mis' óf 'n morele afwyking óf verkeerde optrede.
- Sonde se oorsprong kan teruggevoer word na óf die innerlike sondige natuur van die mens óf as gevolg van 'n bose mag wat in die wêreld werksaam is.

Louw en Nida (1988:773) definieer 'sonde' *(hamartia)* soos volg:

- Om in teenstelling met die wil of wet van God op te tree.
- Om verkeerde dade te doen of daaraan deel te hê.

4.4.1.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) dui die volgende vergelykings aan:
Sonde verwys na oortreding teen die wil en wet van God (Rom. 7:8-11; 1 Joh. 3:4) en ook na oortredings tussen mense. Sonde kan dus ook na een of meer van die volgende verwys:

- Verkeerd doen/optree (Rig. 11:27; Jes. 1:16; Matt. 18:15; Luk. 17:3-4);
- oortree/oortreding (Gen. 31:36; Eks. 10:17; 1 Sam. 20:1; 2 Sam. 24:17; Matt. 6:12; Rom. 5:15; Gal. 3:19; Heb. 9:15);
- skuld (Joh. 19:11; Ps. 51:4; 85:3; Jes. 1:4; Jer. 14:20; Eseg. 14:10);

- misdade (2 Kron. 28:10,13; Job 13:23);
- ongeregtigheid (Ps. 38:19; 109:14; Jer. 30:14-15; Dan. 4:27; Tit. 2:14; 1 Joh. 5:17; Eks. 34:7);
- goddeloos(heid) (Ps. 1:4-5; Rom. 1:18; Eseg. 18:20; Dan. 9:24; Rom. 6:13; Ps. 10:15; 26:5);
- ongehoorsaam(heid) (Spr. 13:6; Jer. 18:10; 32:23; 40:3; 44:23; Rom.5:19).
- Sonde is deel van die mens se verdorwe natuur (Gen. 8:21; Job 4:17; 25:4-6; Ps. 51:7; 58:4; Jes. 48:8; Rom. 7:17-23; 8:3; Gal. 3:22; Ef. 2:3; Jes. 6:1-5) en die mens is in die mag van sonde (Rom. 3:9; Gen. 4:7). Almal het gesondig (Rom. 3:23), maar word deur Christus verlos (Luk. 1:76-77; Joh. 1:29; Rom. 3:24; 8:3; 2 Kor. 5:21; Tit. 3:4-6; 1 Pet. 4:1; 1 Joh. 2:1-2; 3:5).

Dood as einde van die natuurlike lewensbestaan tref mense, diere en plante (Ps. 89:49; 104:29; Pred. 3:19). Dit is 'n finale gebeurtenis. Die mens wat sterwe, verdwyn (Ps. 39:14) en keer nie terug nie (Job 10:21). Die dood word ook soms aangedui as 'n werksame mag wat die lewe bedreig (2 Sam. 22:5-6; Ps. 18:5-6; 55:5-6; 116:3). Daarom is daar sprake van oorgee aan die dood (Ps. 118:18) of in sy mag (Eseg. 31:14), daardeur oorval word (Ps. 55:16), daaruit losgekoop word (Ps. 49:16), uit sy mag weggeruk word (Ps. 71:20), daaraan ontkom (Ps. 107:20), of daaruit gered word (Hos. 13:14). Die vrees dat die dood ook die einde van die verhouding met God sou beteken, lei tot vrae in Psalm 6:6 en 8:11-13. Die herlewing van die volk uit sy figuurlike doodstoestand word in Jesaja 26:19 en Esegiël 37:12-14 aangekondig in woorde wat aandui dat die gedagte van 'n opstanding uit die dood toe reeds nie vreemd was nie. Die beperkte lewensduur van die mens in Genesis 3:17-19 en 6:3 word gesien in die lig van die gebrokenheid en spanning in die verhouding tussen God en die mens. Die aanduiding van die lewensbestaan in sonde, as dood, soos ook in Mattheüs 4:16 en Lukas 1:79; 15:32, hang saam met die gedagte dat die dood gelyk staan aan 'n gebroke verhouding met God. In dié sin stel 1 Johannes 3:14: *"Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood."*

4.4.1.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

God is die Almagtige, en daarom is Hy aan niemand en niks verantwoording verskuldig nie. Die mens kan met sy beperkte menslike verstand God nie regtig begryp nie en hy sien maar net 'n klein deeltjie van sy wese wat Hy aan hom openbaar. God doen wat Hy wil en tog is daar by Hom nie willekeur nie. In alles wat Hy doen, is Hy regverdig. Daar is ook 'n duidelike onderskeid tussen God, as Skepper, en die mens as skepsel, en om hierdie rede het God die verbod van

Genesis 2:17 daar gestel. God se gesag is die hoogste gesag en die mens moet hom daaraan onderwerp (Wright, 2002:518).

4.4.1.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Uit hierdie perikoop blyk dit dus dat die gevolge van sonde die volgende vir die mens inhou: straf, verdere sonde (sonde eskaleer), dood, veroordeling, vyandskap en 'n wettiese lewenstyl, of te wel gebondenheid (Wright, 2002:518).

Die verlossing deur Jesus Christus hou egter die volgende beloftes in: redding, vergifnis, ewige lewe, vryspraak, versoening en genade. Die mens kan in en deur Jesus 'n vry en verantwoordelike lewenstyl hê (Wright, 2002:518).

4.4.1.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Paulus het hierdie brief aan die Romeine geskryf om hulle in die eerste plek te oortuig van die negatiewe gevolge van sonde (die dood), en in die tweede plek om hulle te troos en te herinner aan die verlossingswerk wat Jesus vir hulle gedoen het. As gevolg van Jesus se kruisdood het die dood sy mag verloor.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *Die gevolg van sonde is altyd dood, hetsy fisiese-, psigiese- of geestelike dood. Jesus het egter die mag van die dood gebreek.*

4.4.1.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Dit is asof Paulus in hierdie perikoop die hele voorafgaande gedeelte in Romeine kortbondig saamvat, sonder veel detail. In 1:18-3:20 bespreek hy die probleem rondom sonde en dood en in 3:21-5:11 die regverdigmaking en lewe. Sy openingswoorde: *Verder nog dit*, kan vervang word met die woorde: *Dit kom dus neer op*. Paulus verwys na die stryd tussen die twee koninkryke. Hy verwys egter nie na die koninkryk van die duisternis nie, veel eerder verpersoonlik hy 'sonde' en 'dood' en verwys na hul heerskappy. In die tweede plek verwys hy ook nie na die koninkryk van die lig nie, maar na die gelowiges wat heers en implisiet ook na die genade. Sonde en dood is die gevolg van ongehoorsaamheid, oortredings en veroordelings. In teenstelling hiermee is genade regverdigmaking en 'n vrye gawe aan elkeen wat homself aan Jesus onderwerp en oor die sondige natuur heers (Wright, 2002:524).

Die oorweldigende indruk wat hierdie perikoop laat, is die omvang van die oormaat genade. Hoewel baie mense – ook teoloë en predikers – genade kognitief verstaan en kan verduidelik, is dit moeilik vereenselwig met die feit dat die mens tans – met inaggenome die realiteit van die wêreld – in die genade dispensasie leef. Die duisternis, sonde en dood wat aan die orde van die dag is, veroorsaak 'n persepsie dat die lewe onregverdig, wreed en hard is. Met die verkondiging van die evangelie en van die genade, die onverdiende oorvloedige lewe, wat Jesus aan die mensdom aanbied, word 'n alternatief aan die mens gegee. Dit impliseer 'n nuwe manier van dink oor die realiteite van die wêreld en van God. Op elke plek waar die saad van goddeloosheid en sonde geplant is, wat dodelike vrugte voortbring, plant God ook 'n plant van genade, 'n lewegewende plant wat die grondgebied oorneem en vrugte van lewe voortbring (Wright, 2002:531). Die voorvereiste vir hierdie nuwe lewegewende plant is egter geloof dat God Jesus uit die dode opgewek het en daardeur die dood finaal oorwin het.

Paulus kontrasteer Adam, as die eerste man en die gevolge van sy sonde, met Jesus, as die tweede Man en die gevolge van sy gehoorsaamheid. Hierdie twee figure illustreer die sentrale tema van hierdie perikoop. Adam simboliseer die sondige natuur van die mens (1:18-3:20). Jesus simboliseer die regverdigmaking wat elke mens deur die geloof ontvang (3:21-5:11). Die verlossingsfeit word deur twee mans omsluit. Die eerste man was aan God ongehoorsaam en het veroorsaak dat al die mense in sonde verval het. Die tweede Man was gehoorsaam aan God en het daardeur redding en verlossing vir alle mense bewerkstellig wat dit in geloof wil aanneem. Ongeag hoe vernietigend die sonde ookal was, die verlossingswerk deur Jesus kanselleer die sonde en herstel die mens se verhouding met God (Mounce, 1995:140).

Mounce (1995:141) onderstreep ook die belangrike feit dat die gevolge van die sonde altyd die dood is. Alhoewel Adam en Eva nie dadelik fisies gesterf het nie, is die saad van die dood in die mens geïmplementeer en sou hulle later fisies sterf. Adam en Eva het egter dadelik geestelik gesterf. Geestelike dood beteken 'n verwydering van God. Op daardie oomblik het die mens en God in verskillende rigtings begin beweeg. Die sondige mens streef na trots en selfgerigtheid, terwyl God die pad van verlossende liefde aanbied.

4.4.2 JEREMIA 17:9-10

Afdeling A:

4.4.2.1 Die keuse van die perikoop.

Die gedissosieerde persoon is eintlik 'n gebroke mens wie se denke, emosies en onderskeidingsvermoë radikaal aangetas is deur al die trauma en pyn van die verlede. Dit lei heel dikwels tot leuens en talle ander pogings om die waarheid te verdoesel. In talle gevalle is dit eintlik maar desperate pogings om ook te verhoed dat hulle weer deur dieselfde pyn hoef te gaan. Iets van die inhoud van Jeremia 17:9-10 sou vervolgens van toepassing gemaak kan word op die innerlike toestand van hierdie persoon.

4.4.2.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.4.2.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

In hierdie geval gaan dit om die volle inhoud van hierdie twee verse.

4.4.2.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Die boek Jeremia kan hoofsaaklik in drie dele verdeel word (Alexander, 2002:439), naamlik:

- Die oordeel van die Here oor Juda (1:1-25:38);
- Insidente uit die lewe van Jeremia (26:1-45:5);
- Historiese naskrif (52:1-34).

Die perikoop setel onder dié deel wat handel oor die oordeel van die Here oor Juda. In hoofstuk 17 word die lewe met God en die lewe sonder God met mekaar vergelyk.

4.4.2.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Jeremia se boek (wat uit die boekrol wat aan Barug gedikteer is, ontstaan het) is 'n merkwaardige vermenging van letterkundige vorme: prosa en poësie, spotlied en klaaglied, gedramatiseerde gelykenisse, biografie en geskiedenis. Die materiaal is nie in chronologiese volgorde gerangskik nie, wat dit nogal moeilik maak om die agtergrond van die gedeeltes te bepaal (Alexander, 2002:440).

4.4.2.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Assirië se mag was reeds besig om te begin verbrokkel toe Jeremia God se boodskap aan Juda begin verkondig. Veertig jaar lank – tydens die regerings van Juda se laaste vyf konings – het

Jeremia gewaarsku teen die komende rampspoed en tevergeefs 'n beroep op die volk gedoen om hulle tot God te bekeer. Ná die dood van die godvresende koning Josia in 609 v.C. het die godsdienstige en politieke toestande vererger. Juda het vasgevang gesit tussen strydende wêreldmoondhede: Babel in die noorde en Egipte in die suide, wat 'n nuwe bloeitydperk beleef het. Babel het die oorwinning behaal en die instrument van God se oordeel oor sy afvallige volk geword. In 587 v.C. het Nebukadnesar se leër Jerusalem binnegeval, die stad verwoes en die volk in ballingskap weggevoer. Toe Gedalja – die goewerneur wat deur Nebukadnesar aangestel is – vermoor is, het die volk na Egipte gevlug en Jeremia met hulle saamgeneem. Jeremia het die laaste dae van sy lewe daar deurgebring, waar hy steeds die Woord van God verkondig het aan mense wat geweier het om te luister. Onder Jeremia se tydgenote was Habakuk en Sefanja, Daniël, aan die Babiloniese hof, en Esegiël, onder die ballinge in Babel. (Alexander, 2002:439).

4.4.2.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Die eerste hoorders was gekonfronteer met die keuse om God te gehoorsaam en voorspoed te beleef, óf om te volhard in hul ongehoorsaamheid en die onafwendbare teenspoed te beleef. (Alexander, 2002:439).

4.4.2.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernvers.

In hierdie perikoop dui die woord "**hart**" op die rede en die wil van die mens. Die volgende aspekte is in hierdie opsig van belang:

- *Die hart is ongeneeslik.* Die verwysing na siekte dui op 'n kroniese siektetoestand. Sonde word dus omskryf as 'n kroniese teistering van die mens waarvan hy nie genesing kan verwag nie. Jeremia maak 'n duidelike konneksie tussen sonde en swaarkry wat daaruit voortspruit (Van Gemeren, 1997, 1:466).
- Die begrip *bedrieglik,* kan ook byvoeglike naamwoorde soos kronkelend, gekronkeld, verdraaid, slinks, skelm, draaierig, ingewikkeld en verwronge insluit (Van Gemeren, 1997, 3:505).

4.4.2.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

In die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) verskyn die volgende vergelykings:

- Die mens se hele lewe lê oop voor die Here (vgl. Spr. 5:21).
- God is goed en daarom het baie van die Ou Testamentiese mense geglo dat Hy nie die hel kan sien nie. Daar is egter niks wat vir die Here verborge is nie. As Hy verder as die dood kan

sien, hoeveel te meer sal Hy dan nie van al die mens se motiewe en gedagtes weet nie? (vgl. Spr. 15:11).

4.4.2.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

In hierdie perikoop word God se almag aangedui. Sy almag is oral sigbaar: in die natuur, in die geskiedenis en ook in die mens se lewe. Sy almag sluit egter nie menslike verantwoordelikhede uit nie, daarom bring mense soms rampe oor hulself. God se almag keer nie noodwendig die kwaad nie, maar oorwin dit. Die onvergelykbare grootheid van God, wat oor die lotgevalle van mense en volke beskik, word ook sterk beklemtoon (Huey, 1993:31).

4.4.2.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Om God se opdragte uit te voer, bring dikwels spanning mee: innerlike stryd, stryd met eiewillige mense, selfs stryd met God. In hierdie perikoop word die lesers weer herinner dat die mens uit sy eie tot niks goeds in staat is nie en juis daarom moet hulle hul knie in gehoorsaamheid voor God buig wat die mens se diepste wese ken en ondersoek (Huey, 1993:35).

4.4.2.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Die kommunikasie doel van hierdie perikoop is om die lesers te vermaan dat hul hart bedrieglik is en dat hulle moet verander deur die vernuwing van hul denke (Rom. 12:1-2). As gevolg van die sonde is die mens se hart (rede en wil) bedrieglik en daarom moet dit oorgegee word aan God om vernuwing en heelheid te bring. Hierdie verdorwenheid van die hart asook 'n gebrek aan insig is dikwels die resultaat van onverwerkte trauma en pyn.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *As gevolg van die sondige natuur waarmee die mens vanaf die sondeval worstel, kan die mens niks goeds uit homself dink of doen nie.*

4.4.2.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Om tot volle insig te kom van die betekenis van Jeremia 17:9, sal daar eers gefokus moet word op die breër konteks van Jeremia 17:1-27. In hierdie gedeelte gaan dit oor 'n lewe met God en 'n lewe sonder God. Twee soorte mense word hier vergelyk: die goddelose en die regverdige. Vers 5 en 6 (goddelose) moet met vers 7 en 8 (regverdige) saamgelees word om die kontras te sien. Mense kan mekaar bedrieg. God peil egter die mens se diepste bedoelinge. Om eerlik te bly en jou geesteskrag van God te kry, is die enigste hoop op geluk. Om as gevolg van oneerlike optrede

bevorder te word, kan nooit God se seën of blywende hoop bring nie (Bybel in Praktyk, 1983:1091).

Vers 9 en 10 vorm 'n eenheid en hierdie twee verse omvat die sentrale gedeelte van vers 1-13. 'n Duidelike kontras word hier gestel tussen, enersyds, die misleidende, sondige, menslike natuur – en andersyds, die heilige en regverdige God. Omrede die hart so bedrieglik is, wonder die profeet wie die hart kan ken? Vanuit 'n menslike oogpunt blyk dit dat niemand 'n bedrieglike hart ooit sal kan verstaan nie. Tog is dit so dat God elke mens se hart ken en deursoek. Vers 10 stel dit dat God vir elke persoon gee wat hom toekom. Die gedagte sluit aan by Lukas 6:45 wat aantoon dat 'n mens die vrugte (dade) dra wat by jou hart pas. Alhoewel die hart op sigself ongeneeslik is (v. 9), is daar wel 'n bron van genesing beskikbaar, naamlik God self (v. 14) (Craigie, 1991:228).

In vers 1 noem Jeremia dat die mens se sonde op sy hart ingegraveer is, in vers 5 dat die mens sy hart van God af wegdraai, en in vers 9 dat die hart bedrieglik en ongeneeslik is. Miller (2001:708) noem dat in die eerste twee gevalle is dit 'n direkte boodskap van God af aan die mens, maar in vers 9 is dit 'n meer algemene beskrywing – asof 'n opsomming – van die toestand van die mens (vgl. Gen. 6:5). Die profeet verstaan nie die hart nie, maar God toets die hart deurlopend (6:27-30; 9:7) en Hy handel met elke mens dienooreenkomstig. Daar is 'n bepaalde orde in die wêreld werksaam en een dimensie van hierdie orde setel in die verhouding tussen dade en gevolge. Die een wat hierdie orde in die skepping ingestel het, is ook die Een wat dit handhaaf in Sy skepsels se lewe.

Jeremia verwys na slegs twee gevalle waar daar op die hart geskryf word, naamlik in 17:1 en 31:33 (*"Ek sal my Woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees."*) Paulus sluit in sy brief aan die Romeine hierby aan, waar hierdie twee gebeure – die sonde en die redding – met mekaar vergelyk word. In 17:14 roep die profeet desperaat uit: "*Maak U my gesond, Here, dan sal ek gesond wees.*" Die sonde is so diep in die hart ingegraveer, dat die mens nie self daarvan ontslae kan raak nie. Dit kan slegs deur die genade en verlossing van God oorwin word. Nuwe lewe ontstaan slegs uit hierdie genade (Miller, 2001:710).

4.4.3 ROMEINE 5:12-21 en JEREMIA 17:9-10

Afdeling B:

4.4.3.1 Die huidige tersaaklike sosiale omstandighede van die gedissoseerde persoon.

As Jeremia in hoofstuk 17:9 na die hart verwys as bedrieglik en ongeneeslik, dan roep hy ten slotte uit: "... *wie kan hom verstaan?*" Hy kom tot die slotsom dat niemand die hart kan verstaan nie. Aan die ander kant is dit egter so dat die hart die mens se reaksie ook teenoor God bepaal. Daarom is die gebed van vers 14 so belangrik. Slegs God ken en verstaan die hart van die mens en inderdaad ook die hart van die gedissosieerde persoon wat totaal verward is as gevolg van alles wat met hom gebeur het. Daar is emosies soos angs, vrees, wantroue, verwarring en selfveragting as gevolg van alles wat in die verlede gebeur het – dikwels ook wantroue en verwyte teenoor God. Slegs God kan genesing vir hierdie hart bewerkstellig.

4.4.3.2 Die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die gedissosieerde stel.

Hierdie perikope is waardevolle hulpmiddele om die volgende aan die gedissosieerde uit te lig:

- Satan se doel met die mens is vernietiging (Joh. 10:10a). Om in sy doel te slaag, gebruik hy die sonde, hetsy dit die mens se eie sonde as gevolg van sy inwonende sondige natuur, en/of die sonde van andere wat teenoor hom oortree het. Die uiteinde van sonde is altyd die dood – fisies, psigies of geestelik. Die sonde veroorsaak 'n skeiding tussen God en die mens.
- Alhoewel dissosiasie aanvanklik 'n verdedigingsmeganisme is, veroorsaak dit 'n beperking in verdere emosionele- en geestelike groei by die mens. Sodoende beleef die mens as't ware 'dood' in hierdie dimensies van hul verhoudings.
- In die tweede gedeelte van Romeine 5:12-21 vergelyk Paulus die dood en die genade met mekaar. Die genade waaruit die Christene leef, doen uiteindelik veel meer as om bloot die sonde te kanselleer. Die genade plaas die Christen nie net terug in die oorspronklike toestand om na die beeld van God geskep te wees nie, maar dit gee aan die mens ook die ewige lewe en heerskappy oor die sonde (Gen. 4:7).
- Die gedissosieerde se keuse is dus daarin gesetel of hy enersyds vas en onverantwoordelik in gebondenheid aan die pyn wil bly voortleef; én of hy andersins vry en verantwoordelik in die vryheid wat God, deur Jesus, aan hom skenk, gaan leef.

- Die gedissosieerde is dikwels, as gevolg van vrese, wetties en rigied – en ongelukkig versterk sulke denkstrukture net sy negatiewe gedrag en veroorsaak dit verdere verwarring. Vrees voed die dimensie van die vlees.
- Vryheid en rus is slegs in 'n intieme verhouding met God moontlik. Vir heelwording is dit noodsaaklik om onder leiding van die Gees te leef en nie toe te gee aan die vleeslike begeertes nie.
- Hierdie stryd is in sommige gevalle selfs teenwoordig by die verskillende subpersoonlikhede van die dissosiatiewe identiteitsversteurde. Sommige subpersoonlikhede kan byvoorbeeld 'n intieme verhouding met God hê, terwyl ander subpersoonlikhede selfmoord- of moordneigings mag toon.
- Die inhoud van Jeremia 17:14 is inderdaad die noodkreet van elke gedissosieerde wat smag na God se genesing: *"Maak U my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry U my, dan sal ek vry wees! Dit is vir U wat ek wil loof."*

4.5 GOD RESTOUREER

4.5.1 JAKOBUS 4:4-10

Afdeling A:

4.5.1.1 Die keuse van die perikoop.

Die keuse van hierdie perikoop hou verband met die belofte hierin vervat dat wanneer mense in nood tot God nader, daar vir hulle uitkoms sal wees, en in besonder dan ook blydskap te midde van droefheid.

4.5.1.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.5.1.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernteks van hierdie perikoop is: **"Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader."**

4.5.1.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Volgens die Bybel in Praktyk (1993:1934) maak Jakobus hoofsaaklik vier oproepe in die brief, naamlik:

- 'n Oproep tot blydskap oor beproewings (1:2-18).
- 'n Oproep ten opsigte van hoor en praat, en hoor en doen (1:19-27).
- 'n Oproep om mense nie volgens hulle uiterlike te oordeel nie (2:1-13).
- 'n Oproep om geloof deur dade te bevestig (2:14-5:20).

Onder die vierde oproep bespreek Jakobus onder andere die praktiese uitlewing van wysheid wat van Bo kom. Hy doen dit aan die hand van die volgende punte:

- Wysheid wat van Bo kom (3:13-18).
- Die mens se houding teenoor besittings (4:1-3).
- Die mens se onderwerping aan God (4:4-10).
- Die mens se verhouding met medegelowiges (4:11-12).
- Die mens se afhanklikheid van God (4:13-17).
- Rykdom (5:1-6).
- Volhardende wag op die koms van die Here (5:7-11).
- Integriteit (5:12).
- Swaarkry en vreugde (5:13).
- Siekte en sonde (5:14-20).

In laasgenoemde skema vorm Jakobus 4:4-10 dan deel van die derde oproep aan die gelowige hoe om sy geloofsoortuiging op 'n praktiese manier in die alledaagse lewe uit te leef.

4.5.1.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Jakobus is die eerste van 'n groep briewe wat aan Christene in die algemeen gerig is. Die brief is in 'n styl geskryf wat baie Griekse filosowe destyds gebruik het, naamlik in 'n dialoogvorm tussen die afsender en 'n denkbeeldige persoon. Die brief maak verder gebruik van 'n vraag en antwoord-metode (Richardson, 1997:27).

4.5.1.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Jakobus rig hom in sy brief tot gelowiges (waarskynlik veral Joodse Christene) wat dwarsoor die Romeinse Ryk versprei was en op vreemde plekke in klein groepies gemeentes gevorm het. Hulle was in die minderheid en hulle manier van dink en doen het nie met die meerderheid ooreengekom nie. Gevolglik was die versoeking daar om die weg van die minste weerstand te

volg. Hulle het geredeneer dat dit nie saak maak hoe hulle lewe nie, want verlossing is tog 'n vrye gawe van God. 'n Opregte geloof in Christus vind altyd uiting in die mens se lewe. Dit beïnvloed die mens se basiese gesindheid teenoor homself, teenoor ander mense en teenoor die lewe in die algemeen. Jakobus beklemtoon dat daar geen verskil tussen geloof en daad behoort te wees nie en herinner sy lesers aan die Christelike standaarde en waardes op elke lewensterrein (Alexander, 2002:749).

4.5.1.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Gelowiges kan nie die Woord net hoor nie, hulle moet dit ook doen. Geloof wat nie praktiese gevolge in die mens se lewe het nie, is geen ware geloof nie. Jesus het die kern van die wet saamgevat as liefde vir God en vir ons naaste. Die mens ontvang vryspraak van God deur die geloof en nie omdat hy die wet onderhou nie. Die onderhouding van die wet is egter nou die riglyn vir die lewe van die gelowige (Richardson, 1997:42).

4.5.1.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernteks.

Louw en Nida (1988, 746) verduidelik dat die 'onderwerping' heenwys na reinheid. Die mens moet homself reinig van alle sondige begeertes.

4.5.1.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) dui die volgende vergelykings aan:

V.6 *God ... genade:* (vgl. Spr. 3:34; 1 Pet. 5:5). Trots is dikwels die rede hoekom mense nie na mekaar wil luister nie. Omdat almal mense is, het niemand al die wysheid in pag nie. Die mens moet wys dat hy nederig is, ook nederig teenoor God, deur bereid te wees om by almal te leer.

Nederiges: (vgl. Jak. 3:13). "Wysheid" beteken hier die vermoë om te weet hoe God wil hê dat die mens sy lewe moet inrig en hoe hy in elke situasie moet optree. Nederigheid is 'n vrug van die Gees.

V.7 *staan ... wegvlug:* (vgl.Ef. 6:12). Hierdie bose magte verwys na die gevalle engele wat onder die beheer van Satan is. Hulle vorm 'n sterk leër wat daarop uit is om die kerk van Christus (dit wil sê: die gelowiges) te verslaan. Die uitslag van die mens se stryd is bekend: in Christus het hy die oorwinning. God gee aan die mens die krag wat hy nodig het vir die stryd deur middel van die geestelike wapenrusting (Bybel in Praktyk, 1993:1835). In 1 Petrus 5:8-9 vergelyk Petrus die Satan ook met 'n brullende leeu. As die mens weet dat sy vyand soos 'n brullende leeu op soek is na hom, om hom te verslind, sal

hy nie traak-my-nie-agtig indut nie. Die gelowige moet sy oë op Christus gevestig hou, die vyand weerstaan en dan sal hy (die vyand) van hom af wegvlug.

4.5.1.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

God is almagtig, alomteenwoordig en die bron van alle wysheid. Hy is in beheer van elke mens se lewe wat bereid is om in gehoorsaamheid Hom alleen te volg. God laat sy Gees in die gelowige woon en Hy lei hulle in die volle waarheid. Wysheid van Bo is geen natuurlike wysheid wat die mens sommer vanself het nie. Die mens ontvang dit deur gebed van God (Richarson, 1997:48).

4.5.1.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Beproewings is toetse vir die egtheid van die geloof en kweek volharding en bring die mens so tot geestelike rypheid. Tog is dit so dat beproewings die mens baie swaar kan laat kry. Die wete dat God dit egter tot die mens se beswil gebruik, moet hom die vermoë gee om onder die beproewing te volhard en die toets te deurstaan. Romeine 8:28 sluit hierby aan: *"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens Sy besluit geroep is."* (Richardson, 1997:48).

4.5.1.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Die kommunikasiedoel van die perikoop is om die lesers/hoorders te troos, te vermaan en te motiveer om aan te hou, ongeag die seer en pyn in die lewe.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een konsentraatsin saamgevat word: *Wanneer die mens hom aan God onderwerp en die vyand weerstaan, is daar beskerming en genesing en uiteindelik oorwinning oor sonde en genesing van innerlike pyn.*

4.5.1.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Jakobus 4:7-10 is 'n oproep tot bekering: toenadering tot God en die verwerping van Satan (4:8), morele suiwering en verootmoediging (4:9) en die onderwerping aan God (4:10). Dit beklemtoon die aanhoudende proses van bekering wat in alle dimensies van die mens moet plaasvind (Johnson, 1998:212). Die "toeneem in kennis"-gedagte van 1 Timótheüs 2:3-4 sluit hierby aan. Hoe meer die mens homself aan God onderwerp en daardeur tot kennis van die waarheid kom, hoe meer kan hy die leuen en duisternis herken, die Satan daardeur weerstaan en so verander word na die aanvanklike geskepte beeld van God (vgl. 2 Kor. 3:18 en Rom. 8:29).

Hierdie perikoop herinner ook daaraan dat die boosheid wat ervaar word in die vorm van sosiale verval, geweld, oorlog en moord, nie net die resultaat van swak sosiale strukture is nie, meer bo alles die resultaat is van 'n gewonde samelewing wat die wysheid van Bo verwerp het. Jakobus stel dit in 1:15 soos volg: "*Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.*" Jakobus beskryf sosiale verskeurdheid en geweld as 'n siekte van die menslike hart (vgl. Jer. 17:9) waarvoor daar geen genesing is nie, behalwe deur bekering en onderwerping aan God. Die genesing waarna Jakobus hier verwys, is eintlik niks anders as 'n eenvoudige ongekompliseerde geloof in God nie (Johnson, 1998:213).

Richardson (1997:183) beweer dat Jakobus 4:7-10 die 'hoe' van bekering verwoord. Sonder hierdie stappe van werklike oorgawe in berou en bekering aan God, bly bekering as't ware doodgebore en kan opregte nederigheid nie realiseer nie. Bekering is 'n lewenslange proses en dit begin met 'n keuse om jouself aan God te onderwerp. Die woord *hypotasso* (onderwerping) is die teenoorgestelde van *antitassomai* (weerstaan). Die imperatief van onderwerping aan God, is dus 'n oproep aan die mens om op te hou om God te weerstaan. Die begin van die herstel proses is om God te vertrou vir wysheid van Bo en nie op eie insigte staat te maak nie. Jakobus impliseer dat onderlinge konflik eintlik net 'n simptoom van konflik met God self is. Alle konflikhantering begin dus met 'n persoonlike onderwerping aan God.

"*Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug,*" is 'n oproep aan die gelowige om die satan en sy invloede aktief teë te staan. Alhoewel onderwerping aan God opsig self nie die vyand oorwin nie, is dit 'n belangrike onderdeel in geestelike oorlogvoering. Die vyand moet aktief weerstaan word, dan sal hy wegvlug. Tot dusver het Jakobus net indirek na die Satan verwys (2:19; 3:6), maar in 4:4 word die Satan voorgestel as 'n direkte vyand van God. Satan kan homself nie af forseer op die menslike wil nie, maar hy teer op die wil soos 'n parasiet. Hy is 'n aktiewe opponent van God en van die mens, wat misleiding en leuens as wapens gebruik. Wanneer die mens die vyand se leuens glo, versterk dit sy houvas op die mens en kan dit uitloop op die vernietiging van hierdie mens (Richardson, 1997:185).

4.5.2 EFESIËRS 2:1-10

Afdeling A:

4.5.2.1 Die keuse van die perikoop.

Hierdie perikoop beklemtoon God se betrokkenheid by die mens, ondanks sy pyn en seer. Sonde veroorsaak altyd dood, hetsy fisies, psigies of geestelik (vgl. Rom. 5:12-21 en Gal. 5:13-18). Daarom het Christus die dood op Hom geneem. God het in Sy goedheid – en nie vanweë menslike pogings nie – vir die mens 'n nuwe lewe in Christus moontlik gemaak.

4.5.2.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.5.2.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernteks van die perikoop is: **"Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met *Christus lewend gemaak.*"**

4.5.2.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Die brief kan in vier hoofdele verdeel word (Perkins, 2000:367), naamlik:

- Briefaanhef (1:1-2).
- God se verlossende werk (1:3-3:21).
- Oproepe op grond van God se verlossingswerk (4:1-6:20).
- Briefslot (6:21-24).

Die boek Efesiërs is in die Nuwe Testament, na die Evangelies, die uitstorting van die Heilige Gees en die vestiging van die vroeë kerk.

4.5.2.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Efesiërs is 'n omsendbrief wat geskryf is aan 'n groep kerke in die gebied wat vandag as Wes-Turkye bekend staan.

4.5.2.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Paulus het hierdie brief vanuit die tronk in Rome geskryf, asook Filippense en Kolossense. Efesiërs toon baie ooreenkomste met Kolossense. Vanweë die algemene aard van die brief, is daar min leidrade met betrekking tot die situasie in die betrokke kerke. Dit is egter duidelik dat die bekeerde heidene in die meerderheid was en geneig was om neer te sien op die Joodse mede-

Christene. Hoewel Paulus 'n besondere roeping ontvang het, om intensief onder die heidene te gaan arbei, wou hy geen verdeeldheid in die kerk hê nie. Die hooftema van hierdie brief is die groot verlossingsplan van God om mense, van watter agtergrond ook al, in Christus te verenig (1:10) (Alexander, 2002:714).

4.5.2.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Die gelowige word opgeroep om 'n daadwerklike keuse te maak vir die nuwe lewe in Jesus Christus. Dit is 'n genadegawe wat nie verdien kan word nie, en uit dankbaarheid moet die Christen homself dan toewy aan 'n lewe van goeie dade.

4.5.2.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernteks.

Meyers (2002b) omskryf die begrip 'genade' *(charis)* soos volg:

- Guns word betoon aan 'n begunstigde.
- Voordeel, goedertierenheid, gawe, beloning, weldaad.
- Dit wek 'n gevoel van dankbaarheid, vreugde en blydskap op.

Louw en Nida (1988:749) beskryf 'genade' *(charis)* soos volg:

- Om goedhartig teenoor iemand op te tree wat dit nie verdien nie.

Die term 'barmhartigheid'*(eleos)* word deur Louw en Nida (1988:751) soos volg verklaar:

- Om met goedhartigheid en besorgdheid teenoor iemand op te tree wat in nood verkeer.
- Om genade aan iemand te betoon.

4.5.2.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) dui die volgende vergelykings aan:

V.1 Die Woord is baie duidelik oor die kontras tussen die ou lewe en die nuwe lewe wat God die mens bied (vgl. Tit. 3:3-4; Luk. 15:24). In Lukas 15 vertel Jesus drie gelykenisse – die muntstuk was nie self verantwoordelik daarvoor dat dit weggeraak het nie (15:8); die skaap het uit dwaasheid afgedwaal en so verlore geraak (15:3-4); en die jongman het uit selfsug van sy pa af weggegaan (15:12). God reik in sy groot liefde uit na alle sondaars, hoe hulle ook al verlore geraak het.

Dood: (vgl. Op. 3:1). Die gemeente in Sardis het nie met dwalinge te kampe gehad nie, maar met geestelike doodsheid in hul midde. Al was Sardis 'n lewendige stad waarin daar altyd dinge aan die gebeur was, was dit ook 'n plek waar sonde hoogty gevier het.

V.2 *wat ... gekenmerk het:* (vgl. Ef. 4:17; 1 Kor. 6:11). Hierdie is 'n algemene oproep dat die mens moet breek met die ou mens en homself moet heilig voor God. Die Christene word ernstig gewaarsku om nie die sondige wêreld of die dinge van die wêreld lief te hê nie. Dit beteken nie dat die Christen homself van die wêreld moet onttrek nie, maar om juis in die wêreld die wil van God te doen. Die bose magte voer 'n stryd teen die gelowige om hom te vernietig. In Kolossense 1:13 word die gelowiges daaraan herinner dat hulle uit die mag van die duisternis gered is. So het elke ware gelowige van die duisternis af na die lig beweeg. Hy is uit slawerny bevry en het vergifnis ontvang, daarom is hy nie meer skuldig nie.

V.4 *barmhartigheid:* (vgl. Neh. 9:19). Al is die sonde van die mens hoe groot, in God se barmhartigheid sal Hy die mens altyd help en lei na 'n nuwe lewe. Deur Jesus se toedoen kan die mens weer deel van God se gesin word.

V.6 *en gegee:* (vgl. Fil. 3:20). Burgerskap bring voorregte en verpligtinge mee. Net so het die gelowige as nuwe mens en burger van die hemel, voorregte en verpligtinge. Die mens se plig is om tydens sy aardse bestaan so te lewe dat ander kan sien hy ken die Here. Wanneer 'n mens swaarkry en dreig om tou op te gooi, moet hy dikwels net weer hoor wat die Heer vir hom gedoen het. Dan kom alles weer in perspektief en besef hy dat niks en niemand hom uiteindelik van die liefde wat God vir hom het, kan skei nie (vgl. Rom. 8:35).

4.5.2.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

Ooreenkomstig God se ewige liefdevolle raadsplan, het Hy redding vir die mens bewerkstellig. God het die redding bewerkstellig deur sy Seun, Jesus Christus se kruisdood. Jesus is verhoog as die Hoof van die heelal en ook die Hoof van die kerk.

4.5.2.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Wanneer die mens op God se liefde reageer deur volledig op Hom te vertrou, ontvang hy deur die genade die redding. Die mens moet egter die keuse maak en die verlossing wat Jesus bied, in geloof aanneem. Verder gee God sy Heilige Gees om die gelowige toe te rus om te leef soos Hy wil hê. Die mens moet gevolglik sy eie wil kruisig en erken dat Jesus Christus die hoof van sy lewe is (Perkins, 2002:394).

4.5.2.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Die kommunikasiedoel van die perikoop was om die gelowiges te versterk en hulle aan te spoor om die eenheid onderling te behou. Wanneer God die mens vrygemaak het van die sonde/duisternis en oorgeplaas het in die lewe/lig, is die mens 'n nuwe skepsel en nou deel van God se 'familie'.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *In God is daar vryheid en genesing van alles uit die verlede wat vir die mens duisternis, dood en pyn ingehou het.*

4.5.2.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Die Efesiërbrief verduidelik dat die mens alleenlik vanuit die geestelike dood kan ontsnap wanneer daar self-erkenning en bekering plaasvind. Verder moet hierdie mens ook besef dat hy nie op sy eie hierdie dood kan oorwin nie, maar slegs deur die krag van God. Deur die liefde van God breek Hy die bande van sonde in die mens se lewe en gee Hy nuwe lewe. God het elke mens bestem tot goeie werke (v. 10) en dit is Hyself wat die mens daarvoor voorberei (Perkens, 2000:394).

Paulus herinner die geadresseerdes ook aan die effek wat die krag van God op hul lewe gehad het en die groot verandering wat dit teweeggebring het. Hy trek 'n parallel tussen die krag van God tydens Jesus se opstanding en verheerliking (1:19-21) en die krag van God wat in elke gelowige werksaam is. Die mens was dood, maar God het hom lewend kom maak (Lincoln,1990:116).

Na hierdie beskrywing draai Paulus die soeklig egter weg van die dood en fokus op God wat in liefde en genade nuwe lewe aan die mens kom bied (Lincoln, 1990:117). Die genadewerk wat God bied, is steeds 'n effektiewe bevryding, verlossing en redding vanuit die toestand van dood en dit is vrylik beskikbaar deur geloof.

Hierdie perikoop beskryf eintlik op 'n treffende wyse die implikasies van hierdie dramatiese skuif wat plaasvind in die lewe van die mens wat oorbeweeg vanuit die duisternis na die lig:

- Van die dood na die opgestane lewe.
- 'n Lewenstyl gekenmerk deur sonde en ongeregtigheid na 'n lewenstyl gekenmerk deur goeie werke.
- Vanuit die koninkryk van die duisternis na die koninkryk van die lig.

- Vanuit gevangenisskap deur die vors van die onsigbare wêreld se magte, na die oorwinning en vryheid in Jesus.
- Vanuit die sfeer van selfsugtige onafhanklikheid na eenheid met Christus.
- Van dominering deur Satan na 'n lewe wat onderwerp is aan God.
- Vanaf die natuurlike sondige menslike geaardheid na die transformering deur die genade van God.
- Vanaf die straf vir die sonde, na God se genade, liefde en versorging (Lincoln, 1990:118).

4.5.3 JAKOBUS 4:4-10 en EFESIËRS 2:1-10

Afdeling B:

4.5.3.1 Die huidige tersaaklike sosiale omstandighede van die gedissosieerde persoon.

As gevolg van die aftakelende proses in die lewe van die gedissosieerde persoon kan talle van hierdie persone se lewens beskryf word met terme soos sonde, duisternis en geestelike dood. Omdat die eie wil en nugtere onderskeidingsvermoë deur trauma en skokke stelselmatig afgetakel is, het dit gaandeweg ook al makliker geraak vir Satan om met 'n geestelike aanslag te kom en verdere vernietigingswerk aan te rig. Satan kan homself egter nie op die menslike wil af forseer nie, maar hy teer soos 'n parasiet op die wil (vgl. 4.5.1.10). Wanneer die mens trauma en pyn beleef, gebruik hy dit dan as 'n teelaarde om sodoende 'n houvas op sy denke te verkry en daardeur dus 'n houvas op sy gedrag. Wanneer die gedissosieerde die vyand se leuens glo, versterk dit sy houvas op hom, met uiteindelike vernietiging as doel (Richardson, 1997:185).

Die goeie nuus van God se verlossing en bevryding word in hierdie twee perikope uitgewys. Alhoewel die gedissosieerde dus 'n sterk gebondenheid beleef ten opsigte van hul denke vanweë die trauma en pyn in die verlede, het God die inisiatief geneem om verlossing en vryheid moontlik te maak vir elke mens, en daarom ook vir die gedissosieerde.

4.5.3.2 Die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die gedissosieerde stel.

Hierdie perikope stel die gedissosieerde voor die volgende geloofskeuses:

- Bekering moet eerste plaasvind en daarna volg vryheid ten opsigte van denkpatrone (1 Tim. 2:3-4). Bevryding in die denke lei dikwels ook na genesing op ander gebiede. Hoe meer die gedissosieerde homself aan God onderwerp en daardeur tot die kennis van die waarheid kom, hoe meer kan hy die leuen en die duisternis herken, Satan weerstaan en so verander word na die aanvanklike geskape beeld van God (2 Kor. 3:18 en Rom. 8:29).
- Richardson (1997:183) beweer dat Jakobus 4:7-10 die 'hoe' van bekering verwoord. Sonder hierdie stappe van werklike oorgawe in berou en bekering aan God, bly bekering as't ware doodgebore. Jakobus roep die gebonde mens nie soseer op tot 'n reoriëntasie van enige aard nie – hy moet hom egter daadwerklik bekeer deur homself aan God te onderwerp en die pad van heiligmakende geloof volg.
- Die brief Efesiërs verduidelik dat die gebonde mens alleenlik vanuit hierdie dood kan ontsnap wanneer daar eerstens selferkenning en bekering plaasvind, en dit alles slegs deur die krag van God.

4.6 DIE ROL VAN JESUS AS DIE GROOT GENEESHEER IN DIE GENESINGSPROSES

4.6.1 LUKAS 4:16-21

Afdeling A:

4.6.1.1 Die keuse van die perikoop.

Hierdie gedeelte beklemtoon op 'n besondere wyse die rol van Jesus as die groot Geneesheer en Bevryder. Lukas teken Jesus as die Een wat volkome mens geword het, maar ook die Een wat namens God die mens uitgenooi het om die genade van God aan te neem, sodat die mens weer tot vryheid en verantwoordelikheid gelei kan word. Jesus het die pad vir die mens as't ware kom 'oopmaak' om weer die beeld van God in die mens te kan herstel.

4.6.1.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.6.1.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernteks gedeelte van hierdie perikoop is: **"Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig ... Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul."**

4.6.1.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Die volledigste lewensgeskiedenis van Jesus kom in die evangelie van Lukas voor. Die argeologie het vir Lukas as 'n betroubare geskiedkundige bewys. Lukas bevat ook meer inligting as die ander evangelies. Alhoewel die gebeure in hierdie perikoop nie die eerste insident in die werk van Jesus op aarde was nie, verkies Lukas om sy vertelling van Jesus se openbare bediening hier te begin. Dit is asof Jesus Homself hier 'voorstel' en die doel met Sy bediening te kenne gee. Omdat dit verhalende stof is, sluit die perikoop aan by die voorafgaande, asook die res van die inligting in die evangelie (Alexander, 2002:595).

4.6.1.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Lukas verwys self na sy evangelie as 'n 'verhaal'. Die woord wat hy daarvoor gebruik beteken meer as die neerskryf van 'n mondelinge tradisie en dui eerder op 'n geordende weergawe van gebeure. Hy rangskik sy inligting oor gebeure op só 'n manier dat hy daardeur God se optrede in Christus sigbaar laat word en die betekenis daarvan kan uitwys. Hy skep dus 'n verhaalwêreld waar Jesus as hoofkarakter optree en waarin God se groot plan met Jesus en met hierdie wêreld in die vorm van 'n verhaal vertel word (Bybel in Praktyk, 1993:1502).

4.6.1.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Lukas se vertelling begin in die tempel in Jerusalem. Hy vertel van die gebeure wat die geboorte van Johannes die Doper voorafgegaan het en verskuif dan die toneel na Nasaret, waar Maria deur God uitverkies is om die moeder van Jesus te word (1:26-38). Maria en Josef moes na Betlehem reis vir die keiser se volkstelling en Jesus is daar gebore (2:1-7). Jesus het in Nasaret grootgeword en sy eerste preek daar gehou (4:16-30), nadat Hy deur Johannes die Doper gedoop (3:21-22) en in die woestyn deur die Satan versoek is (4:1-13). Die volk was onder Romeinse beheer en het verwag dat Jesus vir hulle politieke verlossing sou bring (Alexander, 2002:596).

4.6.1.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

In die teenwoordigheid van Jesus is mense gekonfronteer met hul eie sondigheid en verlorenheid, asook met die verlossing, genesing en herstel wat Hy hul aangebied het. Die appél gaan uit tot elkeen wat in een of ander vorm van geestelike en emosionele gevangenskap verkeer om Jesus se aanbod tot vryheid en genesing te aanvaar. Hy sê dat Hy gekom het om herstel van blindheid te gee – inderdaad ook geestelike en emosionele blindheid as gevolg van onverwerkte trauma en skokke uit die verlede (Stein, 1992:45).

4.6.1.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernteks.

Meyers (2002b) dui die Griekse term, *aphesis*, in 4:18 op die volgende:

- Vrylating uit slawerny of gevangenis.
- Dit dui ook op Jesus wat die beloofde Mesias van Jesaja 61:1-3 is, wat die sonde van die mens op Hom sal neem, sodat die mens in vryheid weggestuur kan word.

Louw en Nida (1988:488) beskryf die term 'vrylating' *(aphesis)* soos volg:

- Die proses van iemand vrylaat.
- Verlos of bevry.

Die term 'armes' *(ptochois)* in 4:18 word deur Louw en Nida (1988:749) soos volg verklaar:

- 'n Idioom wat letterlik 'arm van gees' beteken.
- Dit het betrekking op iemand wat nederig is ten opsigte van sy eie bekwaamheid.
- 'n Nederige persoon.

4.6.1.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) dui die volgende skrifvergelykings aan:

V.18 Jesus se aardse bediening was 'n presiese vervulling van hierdie woorde (vgl. Luk. 7:21-22; Matt. 11:5; Hand. 10:38). Jesus spreek elke behoefte van die mens aan (vgl. Luk. 6:20; 7:22; 11:41; Matt. 6:2). In hierdie gedeelte gee God die belofte dat Hy sy volk bymekaar sal roep en hulle sal verlos (vgl. Jes. 49:9).

V.21 Die goeie boodskap van God is dat die heerskappy van God oor die Bose nou deur Jesus se bediening en woorde aangebreek het. God se heerskappy het in Jesus sigbaar geword. Daarom moet die mens hom bekeer en Jesus se boodskap aanneem.

4.6.1.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

Lukas fokus veral op God se omvattende heilsplan, soos dit in die Christus-gebeure bekend gemaak word. Hoewel Lukas die werkwoord 'verlos' nie méér gebruik as die ander evangelieskrywers nie, gebruik hy dit in 'n meer geestelike sin as die ander (vgl. Luk. 7:50; 8:12;13:23;19:10). Die teks in Lukas waarin verlossing die duidelikste as tema uitgewys word, is Lukas 19:10: "*Die Seun van die Mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.*" (Stein, 1992:48).

4.6.1.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Jesus was God se antwoord vir die sondige wêreld en elke mens word opgeroep om te antwoord op die Antwoord. God word geopenbaar as 'n liefdevolle, regverdige en reddende God, wat die mens kom red en herskep. In samehang hiermee beklemtoon Lukas ook Jesus se vergifnis van sondes en Sy liefde vir die veragtes in die samelewing

4.6.1.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Die kommunikasiedoel van hierdie perikoop was om die goeie nuus aangaande die evangelie van Jesus Christus te verkondig, om die mense te onderrig, te troos, te vermaan en te motiveer om hulle tot Jesus te bekeer.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: "*Jesus was God se antwoord vir die sondige wêreld en elke mens word opgeroep om te antwoord op die Antwoord.*"

4.6.1.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Op die webblad van Rick Meyers, gee Barnes (Meyers, 2002a) 'n volledige omskrywing van hierdie gedeelte:

Die Gees van die Here is op My – kan ook vertaal word met: Ek spreek met die Goddelike outoriteit wat aan My gegee is. Jesus maak die woorde van Jesaja 61:1-3 op Homself van toepassing.

Hy My gesalf het – in die Ou Testamentiese tyd is die priesters afgesonder en gesalf voordat hulle hul pligte in die tempel kon vervul. Hierdie omskrywing omsluit die gedagte dat die Messias afgesonder is vir hierdie spesiale diens wat God aan Hom gegee het en dat Hy die bevoegdheid van God ontvang het, waarvan die salwing 'n bewys is.

Om die evangelie aan armes te verkondig – die boodskap van die evangelie is die tyding dat die tyd van verlossing aangebreek het. Jesus het die verhouding tussen God en mens kom herstel.

Om vrylating vir die gevangenes uit te roep – die Messias sal diegene verlos wat gebukkend gaan onder die slawerny van die sonde. Dit het ook 'n ondertoon van die Jubeljaar (aangename jaar), wanneer alle slawe vrygelaat moes word en weer tot hul reg as vry mense kon kom. Die blye boodskap het die mag om die mens van die slawerny te bevry.

Herstel van gesig vir blindes – in sy wonderwerke het Jesus hierdie woorde soms letterlik vervul, maar dit dui ook op die geestelike en emosionele blindheid van die mens. Jesus gee aan die mens weer insig om te verstaan.

Om onderdruktes in vryheid uit te stuur – die woord 'onderdruktes' omsluit ook die mens wat gebuk gaan onder hartseer en gebrokenheid. Vir hulle is daar ook die belofte van vryheid.

Om die genade jaar van die Here aan te kondig – hierdie is waarskynlik ook 'n verwysing na die Jubeljaar enersyds, maar andersyds 'n heenwysing na die vryheid wat Jesus aan elke mens bring.

4.6.2 JOHANNES 8:31-36

Afdeling A:

4.6.2.1 Die keuse van die perikoop.

Hierdie perikoop dui besonder sterk op die vrymakende krag wat daar is in Jesus Christus se verlossingswerk – dit is beskikbaar vir elke mens wat worstel met een of ander vorm van gebondenheid.

4.6.2.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.6.2.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernaspekte in hierdie perikoop is: **" en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak"** en **"eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees."**

4.6.2.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Die evangelie Johannes kan hoofsaaklik in drie dele verdeel word, naamlik:

- Bekendstelling van die Hooffiguur, Jesus (1:1-51).

- Jesus maak Sy heerlikheid in die openbaar deur tekens bekend (2:1-12:50).
- Lyding, dood en opstanding van Jesus (13:1-21:25).

Johannes aanvaar dat sy lesers alreeds vertroud is met die feite van Jesus se lewe en daarom vul hy die ander beskrywings aan en probeer om dit wat reeds plaasgevind het te verduidelik. Hy begin sy evangelie deur op 'n aangrypende wyse die grondliggende waarhede oor Jesus Christus uiteen te sit. Deur Hom (die Woord) praat God met die mens. Die perikoop van Johannes 8:31-36 sluit hierby aan – Jesus is vry en het die mag om mense van die sonde te bevry. Tot 'n groot mate is die hele evangelie van Johannes 'n beskrywing van die identiteit van Jesus en wat Hy vir die mens kom bewerkstellig het (Alexander, 2002:631).

4.6.2.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Johannes is in verhaalvorm geskryf. Alles wat hy skryf, is ondergeskik aan die hoofdoel, naamlik om die leser te laat glo (20:30-31). Die kern van Johannes se evangelie is: Jesus is die Messias en die Seun van God. Hy skryf in 'n styl wat baie verskil van dié in Mattheüs, die ander evangelie wat op Jesus se leringe konsentreer (Alexander, 2002:621).

4.6.2.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Tydens Jesus se aardse bediening het Hy hoofsaaklik die evangelie verkondig, die mense onderrig en siekes genees. Die boodskap dat Hy die Seun van God is wat mens geword het, is met gemengde gevoelens deur die mense ontvang. Sommige het Hom aanvaar, andere was verward, sommige het gevlug vir hierdie waarheid en nog andere wou Hom doodmaak om Hom stil te kry. Die volk het gebuk gegaan onder politieke ballingskap onder die Romeinse regering en het 'n politieke verlosser verwag en wou daarom nie Jesus se boodskap aanvaar nie (O'Day, 1995:493).

4.6.2.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Die kern van die evangelie is om Jesus as die langverwagte Messias en die Seun van God voor te stel. In hierdie betrokke gedeelte belowe Hy ware vryheid aan elkeen wat bereid is om die Waarheid rondom Hom as Persoon te aanvaar.

4.6.2.5 Woordstudie van belangrike begrippe in die kernteks.

Louw en Nida (1988:673) beskryf die 'waarheid' as duidend op alles wat waar en in ooreenstemming is met dit wat werklik gebeur het. In hierdie perikoop word die 'waarheid' dan in verband gebring met die openbaring van God wat in Jesus gestalte kry.

4.6.2.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootsakp, 1998) dui volgende skrifvergelykings aan:

V.31 *As ... bly:* (vgl. Joh.15:7, 14). In hierdie gedeelte beklemtoon Jesus dit dat daar net een manier is waarop 'n mens werklik 'n betekenisvolle lewe kan lei, en dit is deur in 'n geloofsverbintenis met Hom te leef.

V.32 Christus het die mens kom vrymaak van allerhande wette met hulle moets en moenies, en tegelykertyd ook van die verslawing aan die sondige natuur. 'n Slaaf staan onder die verpligting om te doen wat sy eienaar wil hê. Christus het hierdie vryheid van kind-van-God wees aan die mens gegee. Daarom kan die mens vry van sonde wees (vgl. Joh.8:36; Rom. 6:18, 22; 1 Kor. 7:22; Gal. 5:1; 1 Pet. 2:16).

4.6.2.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

Jesus is uniek. Hy was nie net die Seun van God nie, maar is self ook volkome God en daarom kan Hy die heerlikheid van God as 'n werklikheid aan mense bekend maak. Jesus is van ewigheid af, omdat Hy God is. Hy is reeds van voor die ontstaan van die wêreld by God en sal vir ewig met Hom regeer (O'Day, 1995:495).

4.6.2.8 Die verlossingsfeite in die perikoop.

Jesus is die Seun van God wat die Vader kom bekend maak en daarom kan die mens dit wat Hy sê en doen, onvoorwaardelik glo en aanvaar. As die mens homself aan God toevertrou, bring dit mee dat die mens God se verlossingsboodskap kan verstaan en Sy doel met sy lewe volkome kan uitleef.

4.6.2.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

In hierdie perikoop gee Jesus Christus aan die mensdom onderrig oor wie Hy is en wat Hy vir die mens kan bied.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *Jesus Christus is die Seun van God wat gekom het as die Waarheid vir elke mens om hom vry te maak van alle sonde en wonde.*

4.6.2.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Johannes 8:31-59 word die *locus classicus* van die Johannes teologie genoem. In hierdie verse word die fundamentele geskille in die debat tussen die Judaïsme en Christendom uiteengesit. Die geskil gaan nou nie meer oor uitgesoekte gevalle, soos byvoorbeeld 'n genesing (Joh. 5) of 'n

wonderwerk (Joh. 6) nie, maar spreek nou die basiese teologiese verskille aan. Die kern van die geskil setel rondom die egtheid van Jesus se aansprake en wat Hy vir die mens kom doen het, teenoor dié wat Hom teenstaan. Verse 31-59 vorm die teologiese klimaks van al die voorafgaande hoofstukke (O'Day, 1995:637).

"*As julle aan my woorde getrou bly*" – Jesus is die Woord (Joh. 1:1, 14) en daarom roep Hy die gelowiges op tot getrouheid en gehoorsaamheid aan Hom. Hierdie voorwaarde word opgevolg met drie beloftes, naamlik:

- "*Is julle waarlik my dissipels.*"
- "*Sal julle die waarheid ken.*"
- "*Sal die waarheid julle vry maak.*"

Die beloftes is egter gekoppel aan die gelowiges se reaksie teenoor die Woord/Jesus. Die waarheid en vryheid wat Jesus beloof, is nie abstrakte beginsels nie, maar is soos die begrippe lig en lewe (vgl. 1:4-5, 9; 8:12) gekoppel aan die Woord. Die waarheid is verteenwoordigend van die teenwoordigheid van God in Jesus Christus (vgl. 8:14-19, 27-28). Vryheid kan vervolgens deur verskeie Joodse tradisies geïnterpreteer word, maar ten diepste setel dit in die uittoggebeure uit slawerny vanuit Egipte. Jesus verduidelik dat Hy vryheid aanbied as 'n gawe - geen mens kan vryheid ontvang op grond van sy erfenis nie; netso word die mens se identiteit rondom slaaf of vryman bepaal deur dit wat hy doen en nie deur dit waarop hy hom beroep nie (3:19-21) (O'Day, 1995:638).

Borchert (1996:303) verduidelik dat die waarheid wat die mens vry maak, impliseer dat die mens Jesus moet ken. Jesus as die Waarheid, transformeer die mens tot die vryheid. Hierdie vers verwys nie na blote inligting of doktrines rondom Jesus nie, maar is 'n verwysing na 'n lewende verhouding met Jesus, die Seun van God. Die eerste hoorders het Jesus se woorde letterlik opgeneem en sodoende aanvallend en ontkennend daarop gereageer. Hulle het eerstens verwys na hul afkoms as afstammelinge van Abraham en tweedens na hul vryheid. Die Jode het staat gemaak op hul oorsprong en geglo dat dit aan hulle die geestelike vryheid sou gee wat nodig was, en daarom kon hul nie die noodsaaklikheid insien dat Jesus alleen, vryheid aan die mens kan gee nie. Vir die Fariseërs was Deuteronomium 14:1-2 die enigste toets vir vryheid. Daarom het hulle geglo dat hul onderhouding van die wette en die besnydenis, hulle gevrywaar het van verlorenheid. Jesus het hulle egter juis oor die kern van hul redenasie gekonfronteer.

4.6.3 LUKAS 4:16-21 en JOHANNES 8:31-36

Afdeling B:

4.6.3.1 Die huidige tersaaklike sosiale omstandighede van die gedissosieerde persoon.

Elke mens het uiteindelik 'n keuse, óf hy neem die vryheid wat God deur Jesus Christus aan hom bied óf hy bly 'n gevangene van die verlede – wat ook al die omstandighede van die verlede was wat bygedra het tot een of ander vorm van emosionele of geestelike gebondenheid. God beloof om die mens se nood te verlig en kondig die blye boodskap van heling en restourasie aan ten opsigte van elkeen wat in een of ander vorm van gevangenskap verkeer. God herskep die mens, deur middel van verlossing en vryheid, tot gelykvormigheid aan Jesus. Jesus gee aan elke mens weer die hoop op 'n nuwe lewe en 'n nuwe identiteit – dit geld dan inderdaad ook van die gedissosieerde met al sy pyn, seer, verwarring en gebondenheid.

4.6.3.2 Die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die beradene stel.

- Die mens wat nie vry is nie kan moed skep, omdat God uiteindelik sy Seun na hierdie aarde toe stuur, sodat die gevalle natuur van die mens weer herskep kan word. Jesus sê in Lukas 4:18-19 dat die belofte van Jesaja 61 in Hom in vervulling getree het.
- Daar word 'n blye boodskap verkondig waardeur mense se nood verlig word - al voel die gedissosieerde alleen, God wéét en Hy het ook vir hierdie persoon voorsiening gemaak.
- Dikwels beleef die gedissosieerde homself as 'n gevangene van 'n situasie waarin daar klaarblyklik geen hoop of uitkomkans is nie. Die gedissosieerde persoon is dikwels ook 'n gevangene van verskillende interne subpersoonlikhede. Die vryheid waarna Johannes 8:36 verwys, is egter allesomvattend, wat die mens se behoefte ook al mag wees. God beloof troos, herstel, vryheid, verlossing en insig. Hy gee ook aan mense erkenning en ag hulle waardig. God herstel uiteindelik die gebroke mens se identiteit in Christus Jesus.

4.7 DIE ROL VAN DIE HEILIGE GEES AS DIE BEGELEIER OP DIE GENESINGSPAD

4.7.1 ROMEINE 8:26-29

Afdeling A:

4.7.1.1 Die keuse van die perikoop.

Wanneer 'n persoon onder seerkry en trauma gebuk gaan, gebeur dit soms dat die persoon nie kan bid nie en dit is dan dat God die belofte van die Heilige Gees gee, asook die belofte dat God uiteindelik alles ten goede sal laat meewerk. Die gedissosieerde kan nie sy eie innerlike altyd helder en duidelik verwoord nie en as gevolg van die verwarring kan hy dikwels selfs nie sy emosies identifiseer nie. God ken en verstaan egter die verwarde mens se hart beter as die persoon self en tree deur Sy Gees vir hierdie persoon in.

4.7.1.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.7.1.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernteks van die perikoop is: **"Die Gees staan ons ook in ons swakheid by ... die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie."**

4.7.1.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Sien punt 4.4.1.2b vir 'n sketsplan van die boek Romeine. Hierdie perikoop setel onder punt (e) waar Paulus die mens se nuwe verbondenheid aan God beskryf.

4.7.1.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Die genre van die Romeine Brief is dié van 'n brief.

4.7.1.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Sien punt 4.4.1.3 vir bespreking.

4.7.1.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Die gelowige is nie alleen in sy versugting dat God die heerlikheid vir sy kinders moet laat aanbreek nie; die Gees self pleit vir die gelowige *"met versugtinge wat nie met woorde gesê word*

nie." God laat alles vir die mens uiteindelik ten goede uitwerk. Dit beteken nie dat Hy alle teëspoed van die mens weghou nie, maar dat Hy álles, ook die seer en sonde, tot die mens se beswil gebruik. Hierdie wete veroorsaak dat geen slegte ding wat die mens oorkom, hom ooit permanent van stryk hoef te bring nie. Die mens kan verseker weet dat dit inpas in God se goeie plan vir sy lewe. Die eerste lesers se keuse het daarin gelê of hulle hul deur die Heilige Gees op hierdie pad laat lei (Mounce, 1995:46).

4.7.1.5 Woordstudie van belangrike begrippe.

Volgens Meyers (2002b) dui die begrip 'intree' *(huperentunxano)* op die volgende:

- Om in samewerking te kom met.
- Om 'n petisie aan te teken.
- Intersessie.
- Om te pleit namens 'n persoon.

Louw en Nida (1988:428) definieer die term 'intree' of 'bystaan' *(huperentunxano)* soos volg:

- Om namens iemand anders in te tree, met spesifieke beklemtoning van die feit dat dit tot voordeel van die persoon is vir wie daar in getree word.

4.7.1.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) dui die volgende skrifvergelykings aan:

V.27 *wat ... deurgrond:* (vgl. Ps.139:1-2; Jer.20:12; 1 Kor. 4:5; 1 Tess. 2:4; Heb. 4:13). God ken en toets die mens se diepste gedagtes. Hy ken die mens se gedagtes selfs nog voordat dit by die mens opkom. God ken en sien (en werk selfs) in die verborgene.

V.29 *gelykvormig .. van Sy Seun:* (vgl. 2 Kor. 3:18; Fil. 3:21; 1 Joh. 3:2). Deur die begeleiding van die Heilige Gees kan die mens geestelik groei na gelykvormigheid aan die beeld van Jesus.

4.7.1.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

Die Heilige Gees is die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid en is op Pinksterdag uitgestort (Hand. 2). Die Gees is 'woonagtig' in die geesdimensie van die gelowiges (1 Kor. 3:16). In hierdie perikoop word die liefde en omgee van God vir die mens uitgebeeld. Ongeag die sonde (vgl. Gen. 6:5-6) gee God steeds om en is Hy steeds lief vir die mens (Joh. 3:16) en het Hy sy Heilige Gees gegee om die mens te lei op die geestelike groeipad van herskepping tot gelykvormigheid aan die beeld van Jesus (Wright, 2002:605).

4.7.1.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Hierdie perikoop roep die mens op tot sensitiwiteit vir die Heilige Gees se stem - verder ook tot 'n berusting en aanvaarding van God se bedoelinge om uiteindelik alles ten goede vir die gelowige te laat meewerk. Dit sou in besonder ook toegepas kan word op die gekneusde en verwonde mens wat in moedeloosheid nie altyd weet wat en hoe om te bid nie.

4.7.1.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Paulus wil met hierdie perikoop die lesers bemoedig dat die Gees verstaan – al verstaan die mens self nie – en dat dit God se bedoeling is om uiteindelik die goeie in die mens na vore te bring.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *Die mens is nooit alleen nie, selfs in sy donkerste dieptes is die Heilige Gees van God teenwoordig en tree Hy vir hom in. Die Heilige Gees begelei die mens op sy lewenspad onderweg na die goeie (heling, genesing en vryheid).*

4.7.1.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Wanneer Paulus sê: "*Die Gees staan ons ook in ons swakhede by*", sê hy eintlik letterlik "Die Gees staan ons swakhede by." Die Gees lei die mens tot die herkenning van die duisternis, sodat hy vryheid daarvan kan ontvang, maar Hy beloof ook om die mens in die toekoms te lei. Die Heilige Gees stap as't ware langs die mens op die lewenspad en wys die rigting aan (Wright, 2002:597).

Net soos wat hoop die mens uiteindelik laat vasbyt en aanhou, is dit die Heilige Gees wat sy hulp word in tye wanneer hy nie kan bid en vashou soos wat hy behoort nie. Die swakhede waarna Paulus hier verwys, kan ook 'n verwysing wees na die mens se onkunde met betrekking tot die krag van gebed. Gebed is een van die misteries van die geestelike lewe. Bewustelik weet die mens dat God na ons gebede luister, maar dikwels ervaar die mens 'n soort stomheid aangaande gebed. Die mens se beperkte visie veroorsaak dat hy soms nie weet wat om in 'n spesifieke situasie te bid nie, dikwels juis in gevalle waar trauma en pyn beleef is. Hierdie Skrifgedeelte beloof dan dat wanneer die mens se gebrek aan geloof of sy onkunde daaromtrent gebed kortwiek, die Heilige Gees wel teenwoordig is. Die Heilige Gees deurgrond die mens se hart en Hy weet hoe om binne God se wil in elke situasie in te tree. Die Gees se gebed is so intens, dat Paulus dit beskryf as "*versugtinge wat nie met woorde beskryf kan word nie.*" Die troos lê vir die

gelowige in die gedagte dat God die mens se diepste hartsbegeertes en –versugtinge ken, sy kennis is direk en Hy reageer daarop en nie op die mens se onvermoë om dit te verwoord nie. God is dus die Een wat in alle omstandighede werksaam is en Hy sal uiteindelik alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet. Die 'goed' waarna Paulus verwys, is nie noodwendig dit waaraan die mens dink nie, maar word bestempel as gelykvormigheid aan Jesus. Jesus was self onderworpe aan die vuurproef van beproewings (Heb. 5:8) en daarom word die mens ook onderwerp aan beproewings en swakhede, om hom te transformeer tot gelykvormigheid aan Jesus (Mounce, 1995:187).

Wright (2002:599) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die fokus hier gerig is op die feit dat die Heilige Gees oorneem en intree by die Vader wanneer die mens as gevolg van sy ellendige omstandighede geen woorde kan vind om sy innerlike emosies en gedagtes teenoor God te kan verwoord nie. Die begrippe 'oorneem en intree' beteken dat die Heilige Gees – wat deel is van die diepste wese van die gelowige – intree juis vir dit waarna verlang word, en dat die enigste 'sigbare' getuienis daarvan onduidelik, onverstaanbaar, ongeartikuleer en selfs stomheid kan wees. Die goeie nuus is egter dat God in so 'n mate in intieme kontak met die Heilige Gees is dat die versugtinge van die Heilige Gees as 'n ware gebed uit die hart van die mens aanvaar word.

4.7.2 JOHANNES 16:13-15

Afdeling A:

4.7.2.1 Die keuse van die perikoop.

Tesame met Romeine 8:26-29 plaas hierdie perikoop 'n besondere fokus op die rol van die Heilige Gees in die begeleiding van die verwarde mens wat deur omstandighede en deur die verlede êrens vasgeval en verstrik geraak het. Jesus is die Waarheid (Joh. 14:6) en dit is slegs hierdie Waarheid wat tot vryheid en genesing kan lei. Die gedissosieerde het in 'n besondere mate die nood om deur die Heilige Gees gelei te word na die volle Waarheid – die waarheid in al sy dimensies. Hierdie persone se denke is oor die algemeen totaal beheer deur die leuens van die verlede – leuens wat hulle mettertyd as die waarheid begin glo het, omdat dit oor en oor aan hulle gekommunikeer is, hetsy deur omstandighede of deur persone.

4.7.2.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop.

4.7.2.2a Die vasstelling van die teks van die perikoop.

Die kernteks in die perikoop is: **"Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei... Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."**

4.7.2.2b Die plek van die perikoop in die boek en in die Bybel.

Vergelyk punt 4.6.2.2b. Hierdie perikoop ressorteer onder die derde afdeling van die boek Johannes, waar Jesus se lyding, dood en opstanding beskryf word. Jesus is besig om sy dissipels voor te berei op dit wat sou volg, en troos hulle ook met die gedagte dat Hy die mens nie as wees agterlaat nie, maar dat Hy die Heilige Gees sal gee.

4.7.2.2c Die genre van die perikoop en van die perikoop se boek.

Johannes is die vierde evangelie wat verhalend die gebeure van Jesus se lewe en optrede weergee.

4.7.2.3 Die bepaling van die sosiohistoriese konteks van die perikoop.

Punt 4.6.2.3 omskryf die omstandighede. Ter aansluiting net die volgende: In hoofstuk 13-17 word Jesus se afskeidsgesprekke met sy dissipels kort voor sy dood, aan die orde gestel. Wat Hy aan sy dissipels gesê het, moes dien as riglyn en ook as troos en ondersteuning tydens en na sy sterwe, want hulle lewensomstandighede sou ingrypend verander. Die dissipels het gevrees vir hul eie lewens na Jesus se kruisiging. Hierdie afskeidsgesprekke is gevolglik soos 'n takkraal van woorde wat die dissipels die toekoms in moes dra (Bybel in Praktyk, 1993:1617).

4.7.2.4 Die geloofskeuse waarvoor die perikoop die eerste lesers/hoorders gestel het.

Jesus het sy dissipels geleer dat die Heilige Gees sou kom na sy hemelvaart. Die Heilige Gees sou in alle gelowiges kom woon as Raadgewer wat lei en help. Deur Hom groei Christus se krag in alle gelowiges. Die mens moet die Gees ken as hy alles wat Jesus hom leer, wil verstaan (O'Day, 1995:774).

4.7.2.5 Woordstudie van belangrike begrippe.

Meyers (2002b) omskryf die begrip 'waarheid' *(aletheia)* soos volg:

- Volmaak, egtheid, opregtheid.

- Dit verklaar dat God sy Naam gestand doen, deurdat Hy al sy beloftes vervul. God se beloftes is in Jesus Christus vervul. Die Heilge Gees, as die Gees van die Waarheid, het hierdie vervulling kom voortsit.

Louw en Nida (1988:673) definieer die term 'waarheid' *(aletheia)* soos volg:

- Die konteks van dit wat waar is en daarom in ooreenstemming is met die werklike gebeure.

4.7.2.6 Skrif-met-skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van die perikoop.

Die Verwysingsbybel (Bybelgenootskap, 1998) dui die volgende Skrifvergelykings aan:

V.13 Christus het belowe om die Heilige Gees te stuur om sy volgelinge te kom leer en te herinner aan alles wat Hy vir hulle geleer het (vgl. Joh. 14:26; 1 Joh. 2:27). Daarom het elke gelowige die Heilige Gees in hom om hom van dwaling te weerhou. Christus lewe in die mens en die mens in Hom soos die lote in die wingerdstok (vgl. Joh. 15). Dit beteken dat die mens al sy vertroue op Hom moet stel en lewe soos wat Hy wil hê die mens moet lewe.

wanneer ... lei: (vgl. 1 Kor. 3:1). Paulus verduidelik dat die onvolwasse Christen deur sy eie begeertes beheer word, terwyl die volwasse Christen deur die Heilige Gees beheer word.

Gees ... waarheid: (vgl. Joh. 14:17, 26). Die belofte word gegee dat die Heilige Gees die mens altyd na die waarheid sal lei.

4.7.2.7 Die openbaring oor God in die perikoop.

Jesus het die mens weer met God versoen deur middel van sy kruisdood. Na sy hemelvaart het Hy die Heilige Gees gegee om by elke gelowige teenwoordig te wees en hulle te lei in die waarheid. Die Heilige Gees is alomteenwoordig en Jesus se bediening is in die Heilige Gees voortgesit, nou sonder die beperking van menswees (O'Day, 1995:774).

4.7.2.8 Die verlossingsfeite in die perikoop en die oproepe op grond daarvan.

Geloof is 'n aktiewe, ononderbroke vertroue in Jesus. As die mens aan sy woorde, lewe, dood en opstanding vashou deur te glo, word hy van sonde gereinig en ontvang hy die krag om Hom te volg. Die mens word in hierdie proses deur die Heilige Gees gelei.

4.7.2.9 Die kommunikasiedoel van die perikoop.

Jesus bemoedig sy dissipels in hierdie afskeidsgesprekke om vas te hou aan dit wat Hy hulle geleer het. Jesus het geweet dat hul lewens ingrypend sou verander en dat hul geloof getoets sou word.

Die kommunikasiedoel kan vervolgens in een sin saamgevat word: *Na Jesus se aardse bediening, kruisdood en hemelvaart, het Hy die Heilige Gees uitgestort om Sy bediening in elke mens voort te sit.*

4.7.2.10 Raadpleging van eksegetiese bronne.

Jesus het die situasie van Sy dissipels verstaan. Hy het geweet dat hulle totaal verward sou wees na Sy kruisiging en dat hulle selfs vir hul lewens sou vrees. Daarom het Hy besef dat hulle 'n begeleier of gids sou benodig vir die lewenspad vorentoe en het daarom die belofte van die Heilige Gees wat aan hulle gegee sal word. Die Gees sou hulle lei in elke omstandigheid vorentoe. In hierdie perikoop word die rol van die Heilige Gees direk aan Jesus verbind. Die Heilige Gees kan nie apart werk van dit wat Jesus gedoen en gesê het nie, maar Hy is 'n voortsetting van Jesus se bediening (Borchert, 2002:168).

Johannes maak verder die aanname van totale harmonie tussen die Goddelike Drie-eenheid. Die Heilige Gees sal die gelowige in die waarheid begelei. Dit is in die eerste plek nie 'n begeleiding in sekulêre kennis en inligting nie, maar 'n begeleiding in die gelowige se lewensoriëntering in verhouding met God en alle ander verhoudings voortvloeiend daaruit. Net soos wat Jesus in gehoorsaamheid aan die Vader geleef het en net bekend gemaak het wat die Vader Hom lei om te doen (Joh. 7:18; 12:28; 17:4), doen die Heilige Gees ook net wat Jesus Hom lei om te doen. Primêr is hierdie belofte van die Heilige Gees aan die angstige dissipels in hul situasie gegee, maar Johannes het nie die evangelie uitsluitlik vir die dissipels geskryf nie - dit is 'n troos en 'n belofte wat vir elke gelowige vandag nog steeds van krag is (Borchert, 2002:168).

Deur na die Gees as die *Parakletos* te verwys, poog Johannes om die persepsie van vroeëre gelowiges met betrekking tot die Heilige Gees, te verander na 'n vars nuwe begrip vir wat die rol van die Heilige Gees in die gelowige se lewe behoort te wees. Die *Parakletos* word vervolgens voorgestel as (O'Day, 1995:776):

- Die voortgesette teenwoordigheid van Jesus by die gelowige.
- Leraar.

- Getuie.
- Die oplossing vir elke menslike krisis.
- Begeleier in die leringe van Jesus.

4.7.3 ROMEINE 8:26-27 en JOHANNES 16:13-15

Afdeling B:

4.7.3.1 Die huidige tersaaklike sosiale omstandighede van die gedissosieerde persoon.

Berading is die werk van die Heilige Gees. Effektiewe en doeltreffende berading kan nie sonder die Heilige Gees gedoen word nie, aangesien dit die Heilige Gees alleen is wat diepgaande blywende verandering in die verwonde en sondegevalle mens kan bewerkstellig.
Die werk van die Heilige Gees is rigtinggewend en Hy maak nooit foute nie. Hy is die bron van die berader en die beradene se krag. Dit is Hy wat gekom het om te oortuig en te verander en te vernuwe. Hy is ook die Gees van die Waarheid en sal die mens in alle waarheid lei.
Ignorering van die inspraak van die Heilige Gees in 'n beradingsessie, word deur Adams (1973:6) beskou as 'n vorm van rebellie teenoor God. *"Christians may not counsel apart from the Holy Spirit and His Word without grievously sinning against Him and the counselee. Any counseling context that disassociates itself from these elements is decidedly a non-Christian context, even though it may be called Christian or may be structured by a counselor who is himself a Christian but who has (wrongly) attempted to divorce his Christian faith from his counseling principles and techniques."*

4.7.3.2 Die geloofskeuses waarvoor hierdie perikoop die beradene stel.

Hierdie perikoop bring die beradene voor die volgende geloofskeuses:

- Die Gees begelei die mens in nood in sy swakheid en hierdie mens moet homself oopstel vir die begeleiding tot die waarheid.
- Die Gees lei die mens tot die herkenning van die duisternis en die beradene moet gevolglik oop en ontvanklik wees ten opsigte van hierdie waarheid – bereidwillig tot intensiewe selfondersoek.

- Die belofte is daar dat die Heilige Gees hierdie persoon uiteindelik sal lei na gelykvormigheid tot die beeld van Jesus en dat die vrymakende krag van die Waarheid helend en restorerend betrokke sal wees.

4.8 SAMEVATTING VAN BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Die begeleiding aan die gedissosieerde persoon is 'n langtermynproses en daar is verskillende terreine waarop genesing moet plaasvind. Hierdie persoon sou uiteraard in stadiums baie moedeloos kon raak. Vanuit die bovermelde gedeeltes waaruit eksegese gedoen is, is daar egter talle beloftes van hoop asook die versekering van God se intense betrokkenheid by elkeen wat emosioneel gekneus, gebroke en moedeloos geraak het. Hierdie perspektiewe gee inderdaad nuwe hoop en vooruitsigte aan elkeen wat twyfel oor die toekoms. Opsommenderwys kan die kern van hierdie positiewe boodskap van hoop aan die gedissosieerde persoon soos volg saamgevat word:

4.8.1 Met betrekking tot die skepping van die mens (Gen. 1:26-31 en Ps. 8:4-7)

- Vir God was die skepping van die mens 'n absolute hoogtepunt.
- Met die skepping van die mens het God aan hom die vermoë gegee om in 'n intieme verhouding met Hom te kan staan.
- God se eie heerlikheid word in die mens afgeskadu.
- Die mens is in 'n heersersposisie geplaas en aan hom is besondere vermoëns gegee.
- Die beskadiging van God se beeld in hierdie mens sal uitloop op 'n konfrontasie met God self.
- God se bedoeling met die mens – ook met die gedissosieerde – is dat hierdie mens in staat sal wees om God se plan met die skepping te volvloer.
- Vir die mens om as heerser en uitvoerder van God se plan op te tree, is dit belangrik om emosioneel en geestelik gesond te wees.
- Slegs wanneer die mens rus in God vind, kan hy die sin van sy bestaan vind. Vir die gedissosieerde is dit moeilik om sin en betekenis in die lewe te vind. Vanuit sy reaksie om die pyn te onderdruk, is dit gevolglik baie moeilik om 'n eie identiteit te ontwikkel, aangesien die selfbeeld en selfvertroue totaal afgebreek is en daar baie skade aangerig is aan die 'beeld' van God in hierdie persoon.

- Die mens is kosbaar, want hy dra die stempel van sy Skepper. God bevestig self dat die mens vir hom waardevol is - daarom hoef die mens nooit weer aan sy waarde te twyfel nie.
- God het die mens na sy beeld geskep, maar Satan het hierdie beeld kom verdraai. 'n Verduideliking van die begrip 'om na die beeld van God geskep te wees', gee weer nuwe hoop en 'n nuwe uitkyk op die lewe vir die gedissosieerde. Dit help om die 'ou prentjie' van die self te vervang met 'n 'nuwe prentjie'.

4.8.2 Met betrekking tot die gebrokenheid van die mens (Rom. 5:12-21 en Jer. 17:9-10)

- Satan se doel met die mens is vernietiging (Joh. 10:10a). Om te slaag in sy doel gebruik hy die sonde, hetsy dit die mens se eie sonde as gevolg van sy inwonende sondige natuur is, en/of sondige optredes teenoor hom deur ander mense. Die uiteinde van sonde is altyd die dood – fisies, psigies of geestelik. Die sonde veroorsaak 'n skeiding tussen God en die mens.
- Alhoewel dissosiasie aanvanklik 'n verdedigingsmeganisme is, veroorsaak dit 'n beperking ten opsigte van verdere emosionele- en geestelike groei en gevolglik beleef hierdie mens as't ware 'dood' in hierdie areas van sy menswees.
- In die tweede gedeelte van Romeine 5:12-21, vergelyk Paulus die dood en die genade met mekaar. Die genade waaruit Christene leef, doen uiteindelik veel meer as om bloot die sonde te kanselleer. Die genade plaas die Christen nie net terug in die oorspronklike toestand om na die beeld van God geskep te wees nie, maar dit gee aan die mens ook die ewige lewe en heerskappy oor die sonde (Gen. 4:7).
- Die gedissosieerde se keuse is dus daarin gesetel óf hy enersyds vas en onverantwoordelik in gebondenheid aan die pyn wil leef óf andersyds vry en verantwoordelik in die vryheid wat God, deur Jesus, aan hom skenk.
- Die gedissosieerde het dikwels, as gevolg van vrese, 'n wettiese en rigiede ingesteldheid. Ongelukkig versterk sulke denkstrukture net sy negatiewe gedrag en veroorsaak dit verdere verwarring. Vrees voed die dimensie van die vlees.
- Vryheid en rus is slegs in 'n intieme verhouding met God moontlik. Vir heelwording is dit noodsaaklik om onder leiding van die Gees te leef en nie toe te gee aan die vleeslike begeertes nie.
- Die inhoud van Jeremia 17:14 is inderdaad die noodkreet van elke gedissosieerde se hart: *"Maak U my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry U my, dan sal ek vry wees! Dit is vir U wat ek wil loof."*

4.8.3 Met betrekking tot God wat restoureer (Jak. 4:4-10 en Ef. 2:1-10)

- Bekering moet eerste plaasvind en daarna volg vryheid ten opsigte van denkpatrone (1 Tim. 2:3-4). Bevryding in die denke lei dikwels ook na genesing op ander gebiede. Hoe meer die gedissosieerde homself aan God onderwerp en daardeur tot die kennis van die waarheid kom, hoe meer is hy in staat om die leuen en die duisternis te herken, Satan te weerstaan en so verander te word na die aanvanklike geskape beeld van God (2 Kor. 3:18 en Rom. 8:29).
- Jakobus 4:7-10 verwoord in 'n sekere sin die 'hoe' van bekering. Sonder hierdie stappe van werklike oorgawe in berou en bekering aan God, bly bekering as't ware doodgebore. Jakobus roep die gebonde mens nie soseer op tot 'n reoriëntasie van enige aard nie – hy moet hom egter daadwerklik bekeer deur homself aan God te onderwerp en die pad van heiligmakende geloof te volg.
- Die Efesiërsbrief verduidelik dat die gebonde mens alleenlik vanuit die geestelike dood kan ontsnap indien daar selferkenning en bekering plaasvind. Dit alles kan slegs deur die krag van God gebeur.

4.8.4 Met betrekking tot Jesus as die groot Geneesheer (Luk. 4:16-21 en Joh. 8:31-36)

- Die mens wat nie vry is nie kan moed skep, omdat God uiteindelik sy Seun na hierdie aarde toe stuur sodat die gevalle natuur van die mens weer herskep kan word. Jesus sê in Lukas 4:18-19 dat die belofte van Jesaja 61 in Hom in vervulling getree het.
- Daar word 'n blye boodskap verkondig waardeur mense se nood verlig word - al voel die gedissosieerde alleen, God wéét en Hy het voorsiening gemaak ook vir hierdie persoon, net soos vir alle ander moedelose en emosioneel verwonde mense.
- Dikwels beleef die gedissosieerde homself as 'n gevangene van 'n situasie waarin daar klaarblyklik geen hoop of uitkomkans is nie. Hierdie persoon is dikwels ook 'n gevangene van verskillende interne subpersoonlikhede. Die vryheid waarna Johannes 8:36 verwys, is egter allesomvattend, wát die mens se behoefte ook al mag wees. God beloof troos, herstel, vryheid, verlossing en insig. Hy gee ook aan mense erkenning en ag hulle waardig. God herstel uiteindelik die gebroke mens se identiteit in Christus Jesus.

4.8.5 Met betrekking tot die Heilige Gees as Begeleier (Rom. 8:26-27 en Joh. 16:13-15)

- Die Gees begelei die mens in nood te midde van sy swakheid. Hierdie persoon moet homself gevolglik oopstel vir hierdie begeleiding tot waarheid en vryheid en genesing.
- Die Gees lei die mens ook tot die herkenning van die duisternis. Die beradene moet gevolglik ook oop en ontvanklik wees vir hierdie leiding – daar moet 'n bereidwilligheid wees tot intensiewe selfondersoek.
- Die belofte word gegee dat die Heilige Gees hierdie persoon uiteindelik sal lei tot gelykvormigheid aan die beeld van Jesus Christus en dat die vrymakende krag van die Waarheid helend en restorerend betrokke sal wees.

HOOFSTUK 5

BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN 'N PASTORAALGERIGTE PSIGOLOGIESE BENADERING

5.1 INLEIDING EN FOKUS

In hierdie hoofstuk word daar veral gefokus op psigiaters, sielkundiges en terapeute wat vanuit 'n Bybelse vertrekpunt gaan kyk het na die problematiek rondom psigiese afwykings in die breë. Aspekte wat belangrik is met betrekking tot 'n Skrifgefundeerde begeleiding word bespreek, asook enkele belangrike aspekte met betrekking tot die onderdrukking van traumatiese geheue. Deur sommige van die outeurs word daar dan ook spesifiek gefokus op die probleem van dissosiasie. Daar is telkens gepoog om 'n integrasie te bewerkstellig tussen die resultate van sielkundige navorsing enersyds en basiese Bybelse beginsels andersyds. Die riglyne wat hieruit voortspruit, word uiteindelik dan ook van toepassing gemaak op die alledaagse situasie van die gedissosieerde persoon.

5.2 STRUKTUUR VAN HOOFSTUK

Die struktuur van hierdie hoofstuk sien soos volg daar uit:

- Die wortel van psigopatologie: sonde of siekte?
  - Die effek van sonde op die persoonlikheid van die mens.
- Faktore wat Skrifgefundeerde begeleiding onderskei.
  - Skrifgefundeerde begeleiding volg 'n holistiese benadering.
  - Skrifgefundeerde begeleiding lê baie sterk klem op gebed.
  - Skrifgefundeerde begeleiding berus op die beginsel van liefde.
  - Skrifgefundeerde begeleiding volg 'n eklektiese benadering.
- Eklektiese benaderings.

5.3 DIE WORTEL VAN PSIGOPATOLOGIE: SONDE OF SIEKTE?

Daar is betreklik min inligting rondom psigiese afwykings opgeteken in die Bybel, tog blyk dit nie heeltemal onbekend te wees nie. Collins (1988:473) wys op drie voorbeelde in hierdie verband:

- In 1 Samuel 21:13-15 het Dawid homself as mal voorgedoen.
- In Daniël 4:31-34 word die kranksinnigheid van Nebukadnésar beskryf.
- In Handelinge 26:24-25 beskuldig Festus vir Paulus van kranksinnigheid.

Psigiese afwykings was dus nog altyd deel van die geskiedenis van die mens gewees. Alhoewel die Bybel nie 'n handboek vir diagnoses is nie, beskryf dit tog wel baie van die emosies en gedrag wat inherent is aan verskeie psigiese afwykings: angstigheid, woede, twis, tweedrag, jaloesie, afguns, nyd, wellus, verdeeldheid, selfsugtige ambisie, ongeduld, gebrek aan selfbeheersing, afgodery, orgies, ongeloof, vrees, ontrou, gulsigheid, dronkenskap, onenigheid, leuens, gewelddadigheid en nog vele meer. Die gevolgtrekking moet nie gemaak word dat 'n psigiese afwyking altyd die gevolg van doelbewuste sonde in die geaffekteerde se lewe is nie. Hier word ook 'n onderskeid gemaak tussen verskillende persoonlikhede soos byvoorbeeld:

- Dawid wat voorgee om 'n psigiese afwyking te hê vir eie gewin.
- Nebukadnésar wat 'n psigiese afwyking beleef het as gevolg van doelbewuste, volhardende ongehoorsaamheid aan God.
- Job, wie se fisiese en emosionele ongemak nie die gevolg was van eie sonde nie, maar van omstandighede buite hul beheer (Collins, 1988:474).

Uiteindelik kan die ontstaan van alle fisiese en psigiese probleme teruggevoer word na die sonde wat die wêreld eeue gelede binnegedring het. Die Bybel is baie duidelik dat almal sondaars is (Rom. 3:23), maar tog - soos reeds gesê - is psigopatologie nie altyd die gevolg van 'n mens se eie sondige dade nie. Collins (1988:475) verduidelik hierdie stelling met behulp van Bruce Narramore, 'n Christensielkundige, se diagram:

Verantwoordelike party vir die psigiese afwyking

	Persoon self	**Ander persoon**
Spesifieke ... **Doelbewuste ...** **Bewustelike ... sonde**	**I**	**II**
Innerlike ... **Sondige ...** **Menslike ... natuur**	**III**	**IV**

Psigiese afwykings ontstaan in al vier die kwadrante en tydens terapie moet hierdie inligting in ag geneem word.

Kwadrant I: Dit is wanneer die persoon 'n afwyking beleef as gevolg van sy eie sonde, hetsy bewustelik of onbewustelik. Die persoon is self verantwoordelik vir die probleem en vir terapie. Terapie sluit onder andere in: sonde-erkentenis en -belydenis, gedragsverandering en 'n toename van kennis rondom lewensvaardighede.

Kwadrant II: Dit is wanneer 'n persoon geaffekteer word deur iemand anders se sonde, sonder enige doelbewuste sonde van sy eie kant af. 'n Voorbeeld hiervan is 'n onskuldige kind wat aan molestering of bloedskande blootgestel was. Dit is nie die kind wat sy grense oorskry het nie, maar die molesteerder wat ten volle verantwoordelik is vir die probleem. Terapie sal byvoorbeeld insluit: vergifnis, die persoon se persepsies sal moet verander, emosionele wonde, bitterheid en pynlike herinneringe sal aangespreek moet word.

Kwadrant III: Hierdie probleme is meer gekompliseerd. Sommige psigiese afwykings ontstaan nie as gevolg van doelbewuste sonde nie, maar as gevolg van diepgaande innerlike vrese, gebrek aan innerlike sekuriteit, psigiese onvolwassenheid, trauma van die verlede, verkeerde gesindhede of ander invloede wat ontstaan omrede ons in 'n sondige, gebroke wêreld bly. Die Fariseërs is 'n voorbeeld van

mense wat moreel 'n goeie lewe geleef het, maar innerlik was hulle vol vrese, verward, kritiserend en misleidend. Hulpverlening geskied slegs deur toenemende insig en begrip, belydenis en gehoorsaamheid aan God, sodat Hy diepgaande reinigingswerk, verandering en groei kan meebring. Dit verg gewoonlik 'n langtermynproses en 'n in-dieptebenadering.

Kwadrant IV: Baie psigiese afwykings se ontstaan is as gevolg van sonde wat elke kultuur binnegedring het: konflik, spanning, armoede, ongelykheid, oorlog, peste en siektes, en wydverspreide onregverdigheid. Slegs by die wederkoms van Jesus Christus sal daar 'n einde aan hierdie sonde gemaak word - tot dan sal dit die oorsaak bly van sosiale chaos en psigiese afwykings. Alhoewel ons nie 'n einde hieraan kan maak nie, moet ons as Christene daarna streef om hierdie dinge te verhoed. Hulpverlening geskied deur die aanleer van vaardighede, om ten spyte van jou omstandighede steeds 'n vervulde lewe te lei.

Dit is selde dat 'n psigiese afwyking uit slegs een van hierdie kwadrante ontstaan, aangesien sonde gewoonlik die neiging het om te akkumuleer. 'n Persoon wat dissosieer, is dikwels die slagoffer van 'n ander persoon se sonde (Kwadrant 2). Hierdie sonde teen hom veroorsaak dan gevoelens van innerlike onsekerheid en onvergenoegdheid (Kwadrant 3), wat dan negatiewe gedrag ontlok (Kwadrant 1). Die probleem kan selfs ook ontstaan as gevolg van negatiewe kulturele omstandighede, soos byvoorbeeld armoede (Kwadrant 4). Vir effektiewe hulpverlening is hierdie 'geheelprentjie' met betrekking tot die oorsaak baie belangrik. 'n Verduideliking van hierdie diagram gee aan die gedissosieerde hoop en help hom om verantwoordelikheid vir sy lewe te neem in ooreenstemming met Romeine 14:12 waar Paulus sê: "*Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee.*"

5.3.1 DIE EFFEK VAN ANDERE SE OORTREDINGE OP DIE PERSOONLIKHEID VAN DIE INDIVIDU

Kompleksiteit en verwardheid is twee karaktereienskappe eie aan 'n persoon wat gebuk gaan onder 'n psigiese afwyking. Geen twee persone toon deurgaans dieselfde simptome in 'n gegewe situasie nie, maar daar is tog simptome wat algemeen voorkom en waarvolgens diagnoses gemaak kan word. In die breë gesien, het 'n psigiese afwyking hoofsaaklik 'n effek op die persoon se emosies, persepsies, gedagtes en gedrag. Hierdie effek kring ook wyer uit na die verskillende

verhoudings waarin die persoon staan. Hierdie beskrywing is byvoorbeeld tipies van die persoon wat gedissosieer het (of dit daagliks steeds doen) as gevolg van byvoorbeeld die trauma van molestering (Kwadrant II) (Vgl. 2.7). Die effek van hierdie aftakelende proses op die emosies, persepsies, gedagtes en gedrag word deur Collins (1988:475) soos volg beskryf:

(a) Emosies. Psigiese afwykings word dikwels gekoppel aan emosies, soos byvoorbeeld: intense angstigheid, depressie, woede, skuldgevoelens en ander pynlike emosies. Hierdie emosies is so algemeen dat daar soms na 'n psigiese afwyking verwys word as 'n affektiewe of emosionele afwyking. Die effek op die emosies kan wissel van intense emosionele skommelinge tot 'n passiwiteit, waar die persoon emosieloos bly.

(b) Persepsies. 'n Persoon reageer in ooreenstemming met wat sy persepsie van die wêreld rondom hom is. 'n Persoon wat sukkel met onverwerkte trauma vanuit sy kinderjare, het sekere dinkwette gevorm en hierdie dinkwette bepaal sy gedrag. Vir die familie kan dit 'n groot bron van frustrasie wees, veral wanneer hulle die geaffekteerde probeer oorreed dat dit wat hy sien of hoor, nie die werklikheid is nie. Vir die geaffekteerde is dit egter die werklikheid en hy reageer daarop.

(c) Gedagtes. 'n Verkeerde denkpatroon is van die eerste simptome van 'n psigiese afwyking. Verkeerde denkpatrone sluit onder andere die volgende in: fobies, onrealistiese denke, onlogiese denke, irrasionele denke, obsessiewe denke, 'n onvermoë om te konsentreer, verstrooidheid, 'n onvermoë om abstrak te kan dink, groot gapings van geheueverlies in terme van die verlede, ensovoorts. 'n Persoon met 'n psigiese afwyking is soms ook nie eens bewus van sy verkeerde manier van dink nie en daarmee saam, glad nie oortuig dat dit 'n effek op sy gedrag het nie.

(d) Gedrag. Aangesien die geaffekteerde afwykings beleef in sy emosies, persepsies en gedagtes, is dit nie 'n verrassing dat sy gedrag ook negatief beïnvloed sal word nie. Daarom word daar ook na psigiese afwykings verwys as gedragsafwykings. Soms kan 'n persoon nie sy innerlike verwardheid en pyn verbaliseer nie en dan word daaraan deur sy gedrag uiting gegee.

Die uiteindelike effek van andere se oortredinge op 'n individu, is die dood (Rom. 5:12; 6:23), hetsy fisies, psigies, geestelik of sosiaal. Sonde loop altyd uit op duisternis, verwoesting en vernietiging. In die meeste gevalle is die gedissosieerde persoon direk geraak deur die sonde en oortredinge van andere en het dit 'n vernietigende en aftakelende effek op hierdie persoon se lewe gehad.

5.4 SKRIFGEFUNDEERDE BERADING

5.4.1 FAKTORE WAT SKRIFGEFUNDEERDE BERADING ONDERSKEI

Kraft (1993:46) identifiseer veral vier faktore wat Skrifgefundeerde berading onderskei van ander vorms van hulpverlening. Die beginsels wat deur hom uitgespel word, is van besondere belang ook met betrekkig tot die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon. Aan elk van hierdie vier vorme van hulpverlening word vervolgens aandag geskenk:

5.4.1.1 Skrifgefundeerde begeleiding volg 'n holistiese benadering.

Die hoofdoel in Skrifgefundeerde begeleiding is om genesing op die diepste vlak moontlik vir die persoon te fasiliteer. Daarom fokus die terapie op die gees, siel (intellek, emosies en wil) en liggaam van die mens, asook op die onderskeie sosiale verhoudings. Vir hierdie doeleindes is 'n breë algemene kennisvlak van al die dimensies van menswees, asook van die interafhanklikheid tussen die onderskeie dimensies, uiters noodsaaklik (Kraft, 1993:46). Die berader behoort in 'n netwerk met ander hulpverleners, soos byvoorbeeld predikante, algemene praktisyns en Christen sielkundiges saam te werk, om uiteindelik die effektiefste hulpverlening te verseker. Dit sal voorkom dat die hulpverlener slegs sal fokus op sy eie belangstellingsveld terwyl ander belangrike dimensies dan agterweë gelaat word.

'n Holistiese benadering waardeur die volle spektrum van die beradene se situasie onder die loep kom, word ook verder belig deur Collins se onderskeid tussen pastorale versorging, pastorale berading en pastorale psigoterapie (Collins, 2005:4):

(1) *Pastorale sorg*. Dit verwys na die kerk se oorkoepelende bediening waarby genesing, ondersteuning, leiding en die versoening van mense met God en mekaar ingesluit is. Hierdie bediening, waarna soms verwys word as die 'versorging van siele,' sluit in die prediking, onderrig, dissiplinering, bediening van sakramente, koestering van mense en versorging in tye van nood. Die kerk is reeds sedert Christus se tyd met groot toewyding verbind tot pastorale versorging.

(2) *Pastorale berading*. Dit is die meer gespesialiseerde aspek van pastorale versorging wat te doen het met hulp aan enkelinge, gesinne en groepe mense wat die druk en krisisse van

die lewe moet hanteer. Om mense te help om hul probleme te oorkom, maak pastorale berading gebruik van 'n verskeidenheid genesingsmetodes wat in ooreenstemming met Bybelse leringe is. Die hoofdoel van berading is om beradenes te help om te genees, om te leer en om persoonlik, geestelik en emosioneel te groei.

(3) *Pastorale psigoterapie*. Dit is 'n langtermyn, grondige hulpproses wat daarop gemik is om fundamentele veranderinge in die mens se persoonlikheid, geestelike waardes en denkwyse te bring. Dit is 'n vorm van hulpverskaffing wat probeer om ontslae te raak van struikelblokke, dikwels uit die verlede, wat persoonlike en geestelike groei verhinder. Pastorale psigoterapie is die werk van opgeleide spesialiste. Die berading aan die gedissosieerde persoon ressorteer onder hierdie punt. Hulpverlening aan die gedissosieerde is 'n langtermyn proses, waar daar diepgaande veranderinge in die persoon moet plaasvind, sodat hy uiteindelik emosioneel en geestelik kan groei.

5.4.1.2 Skrifgefundeerde begeleiding lê sterk klem op gebed.

Die tweede belangrike kenmerk van Skrifgefundeerde berading wat deur Kraft (1993:46) beskryf word, is gebed. Die konteks waarbinne pastorale berading geskied, is 'n gebedskonteks. In die berader se strewe om Jesus Christus na te volg, streef hy daarna om eerstens na God te luister vir begeleiding, en dan tweedens in gehoorsaamheid te doen slegs wat Hy sê gedoen behoort te word. Jesus Christus verwoord hierdie gedagte in Johannes 5:30:

> *"Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het."*

Gehoorsaamheid aan hierdie riglyn sal voorkom dat die berader bloot vasgevang word in 'n klompie tegnieke. Daarteenoor sal elke persoon egter as uniek beskou word en die proses sal geskied in totale afhanklikheid van God (Kraft, 1993:46).

Berading – veral aan die gedissosieerde – is in 'n besondere sin toegespits op die sielsdimensie (wil, emosies en denke), waar daar gewoonlik groot skade plaasgevind het, en geen berader kan dit uit eie krag probeer doen nie. In die lig hiervan onderskei Kraft (1993:83) die volgende ses tipes gebede:

- **Petisie**. Die mees algemene opvatting van gebed is dat die mens tot God nader met versoeke. Jesus moedig die mens aan om te bid en te vra, want Hy sê self: "*Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees*" (Joh. 16:24b). Jesus stel sy Vader voor as 'n

liefdevolle Vader wat na sy kinders wil omsien, daarom moedig Hy die mens aan om te bid, te soek en te klop (Matt. 7:7-11; Jak. 1:17).

- **Dankbetuiging.** Paulus moedig die mens aan tot hierdie tipe gebed wanneer hy sê: "*Wees in alle omstandighede dankbaar*" (1 Tess. 5:18a; Ef. 5:20). Reg deur die Nuwe Testament word 'n gesindheid van dankbaarheid aangemoedig, selfs onder moeilike omstandighede (vgl. Rom. 1:8; 1 Kor. 1:4; 15:57; 2 Kor. 2:14; 9:15; Fill. 4:6; Heb. 13:15).
- **Belydenis.** Dit is belangrik dat die berader altyd in 'n oop verhouding met God sal staan en nie sonde in sy lewe sal hê wat 'n blokkasie kan vorm nie. Deur sy sonde en ongeregtighede te besef en te bely, kan hy God se vergifnis vir homself neem (1 Joh. 1:9) en ander ook tot vergifnis lei.
- **Intersessie.** Hierdie tipe gebed is 'n gebed waarin daar veral teen die magte van die duisternis gebid word, namens die beradene. Die berader het self ook gebedsondersteuning nodig. Intersessie is gekonsentreerde smekinge tot God vir 'n spesifieke persoon of saak. Skrifvoorbeelde van hierdie tipe gebed was Abraham wat vir Sodom gebid het (Gen. 18:23-32), Moses vir die volk (Eks. 32:11-13, 31-32; 34:9), Jesus vir Petrus (Luk. 22:32) en vir die dissipels (Joh. 17:9-19) en Paulus vir die gelowiges (Rom. 1:9-10; Ef. 1:16-19; 3:14-19; Kol. 1:9).

In elk van hierdie eerste vier tipes gebede is die klem veral op toenadering tot God met die verwagting dat God een of ander aksie sal neem. In die volgende twee tipes gebede werk die berader as't ware saam met God:

- **Intimiteit.** Intimiteit is wanneer die berader tyd met God spandeer in gebed, soos Jesus Homself dikwels afgesonder het om te bid (Luk. 5:16; 6:12; 9:18, 28; 11:1; 22:41). Gebed impliseer nie dat daar altyd net gepraat moet word nie - daar moet ook stil tye wees wanneer die berader net in God se teenwoordigheid sit om *sy* stem te hoor. Net soos wat Jesus se intimiteit met die Vader die basis van sy outoriteit was, is die berader se intimiteit met Jesus die basis van sy outoriteit om die beradene na vryheid te kan lei.
- **Outoriteitneming.** Jesus het aan die gelowige die opdrag gegee om sy koninkryk op aarde uit te bou en daardeur het Hy hierdie outoriteit aan die gelowige gedelegeer. Deur die outoriteit wat die berader van Jesus ontvang, kan hy die goeie nuus van die evangelie (Luk. 4:18-19) met die beradene deel en hulle begelei op hul pad na vryheid. Jesus het elkeen van die bogenoemde tipes gebede (behalwe belydenis) by tye gebid, maar wanneer Hy mense na vryheid moes lei, het Hy nie gevra nie; Hy het met outoriteit opgetree. Daardeur het Hy God

se liefde gedemonstreer. In Johannes 20:21 delegeer Hy hierdie outoriteit: "*Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook*" (Kraft, 1993:84).

5.4.1.3 Skrifgefundeerde berading berus op die beginsel van liefde.

Kraft (1993:46) se derde beginsel vir Skrifgefundeerde berading is die aspek van die liefde. Jesus Christus genees omdat Hy liefde is en omgee. Alhoewel Skrifgefundeerde berading deur die gawes van die Heilige Gees moontlik gemaak word, is die uitlewing van die vrug van die Heilige Gees deur middel van die liefde ewe noodsaaklik.

In sy boek, *More than survivors,* beskryf Friesen (1992:27) 'n aantal onderhoude wat hy gevoer het met verskeie DIV's. Een van hierdie persone met die naam van Newheart, vertel dat sy voor haar ontmoeting met Jesus Christus, 'n hardvogtige en aggressiewe mens was. Sy was ook die slagoffer van sataniese rituele en het as gevolg hiervan verskeie subpersoonlikhede gehad. Sy vertel wat die belangrikste basis van haar terapie was:

> "*I just want to tell you, to help somebody like me, or us, you would have to love us first. Let the love of Christ flow through you, and then your words and the Scriptures will have credibility. Because, love ... I don't know ... love has just done everything for us*" (Friesen, 1992:27).

Jesus Christus was 'n lewende voorbeeld van God se liefde, net soos die berader 'n lewende voorbeeld van Jesus se liefde moet wees, deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees. Johannes 13:34-35 moet dus deur die berading aan die gedissosieerde persoon 'n werklikheid word:

> "*'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.*"

5.4.1.4 Skrifgefundeerde berading volg 'n eklektiese benadering.

Kraft (1993:46) se vierde beginsel vir Skrifgefundeerde berading is 'n eklektiese benadering ten opsigte van die gebruikmaking van geldige raakvlakke vanuit ander hulpwetenskappe. Op grond van Jakobus 1:5 ("*En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word*") is dit God

wat wysheid en kennis aan die mens gee. Die Christenberader moet gevolglik met die onderskeiding wat hy van die Heilige Gees verkry, eklekties te werk gaan en homself vergewis van alle openbaringe vanaf God wat van toepassing mag wees op die situasie waarmee hy gekonfonteer mag wees (Kraft, 1993:48).

5.4.2 EKLEKTIESE BENADERINGS

Die res van hierdie hoofstuk sal vervolgens opsommenderwys fokus op die verskillende benaderings van pastorale sielkundiges, psigiaters en terapeute ten opsigte van psigiese afwykings, en in besonder, dissosiasie, om sodoende die eklektiese benadering te verduidelik. Vir hierdie doeleindes word die modelle van Anderson (2000), Draper (1996), Allender (1990), Friesen (1997), Meyer en Minirth (2003), Langberg (2003), Seamands (1985) en McDonald (1995) agtereenvolgens aan die orde gestel.

5.4.2.1 Neil Anderson

Anderson (2000:286) definieer dissosiasie as die gebrek aan konneksie tussen die onderskeie areas van denke, emosies, aksies en identiteit van die betrokke persoon, met die volgende gepaardgaande simptome:

- Hoor van innerlike stemme.
- Onverklaarbare woede-uitbarstings.
- Voortdurende angstigheid.
- Onvermoë om God of ander mense te vertrou.
- Oorweldigende gevoel van hulpeloosheid.
- Selfbeserings.
- Teenwoordigheid van twee of meer subpersoonlikhede.
- Oorskakeling tussen die verskillende subpersoonlikhede.
- Geheueverlies.
- Eetversteurings.
- Erge hoofpyne (migraine).
- Seksuele disfunksies.
- Stuipe.

Dissosiasie is 'n verdedigingsmeganisme tydens trauma ervaringe wanneer die ervaringe die persoon se 'normale' verdedigingsmeganismes oorskry. Tydens dissosiasie 'bou' die brein 'n muur rondom die traumageheue, om sodoende dié geheue van die ander te skei. Die dissosiatiewe gedeelte van die geheue bevat al die visuele indrukke, liggaamlike sensasies en neurologiese materiaal wat tydens die werklike gebeure teenwoordig was. Deel van hierdie geheue is ook die leuens wat die vyand wil hê die persoon oor homself, oor ander, oor God en die wêreld moet glo (Anderson, 2000:287).

Genesing is 'n proses waartydens daar herstel en herorganisering van die geheuemateriaal moet plaasvind. Een van die belangrikste faktore is die erkenning en korrigering van die leuen wat geglo word en daarmee saam die uitspreek van vergifnis. Dissosiasie word beskryf as 'n 'oop deur' vir demoniese invloede in hierdie persoon se lewe, omrede 2 Korinthiërs 10:5 ("*Ons neem elke gedagte gevange om dit tot Christus gehoorsaam te maak*") nie kan plaasvind nie. Satan buit gevolglik hierdie persoon se kwesbaarheid uit.

Anderson (2000:288) beklemtoon die volgende belangrike stappe tydens die genesingsproses, naamlik:

- Die persoon moet begelei word tot 'n intieme verhouding met Jesus Christus.
- Lofprysing en aanbidding moet plaasvind.
- Die persoon moet begelei word om die leuen te erken en dit met die waarheid te vervang.
- Die persoon moet inskakel by 'n aktiewe gemeente.
- Berading moet altyd onder leiding van die Heilige Gees plaasvind.
- Tydens berading moet 'n veilige atmosfeer geskep word waarbinne die persoon vrymoedigheid sal hê om oor sy probleme te praat.
- 'n Vertrouensverhouding tussen die berader en beradene moet gevestig word.
- Daar moet met elke subpersoonlikheid op sy ouderdomsvlak gewerk word.

5.4.2.2 Perry Draper

Draper (1996:130) spesialiseer hoofsaaklik in die behandeling van seksueel gemolesteerde persone. Tydens 'n opname van sy behandeling het hy gevind dat 97% van alle DIV's gedissosieer het as gevolg van erge mishandeling tydens die kinderjare; 88% van hierdie gevalle was blootgestel aan seksuele misbruik, waarvan 83% op 'n baie jong ouderdom misbruik was. Dissosiasie word deur hom beskryf as 'n verdedigingsmeganisme teen trauma gebeure wanneer

die kind nie oor die vermoë beskik om die gebeure te integreer en te verwerk nie. Die traumageheue word 'uitgeblok' op hierdie jong ouderdom en soos wat die persoon dan volwasse word, is daar sekere snellers wat gedeeltes van die geheue na die bewussyn bring, óf liggaamlike sensasies tot gevolg het. Die brokkies geheue of sensasies is ontstellend, omrede dit geen sin maak nie, as gevolg van die onvolledigheid daarvan. Dit blyk veral die geval te wees waar die kind aan sataniese rituele blootgestel was (1996:145).

Draper (1996:149-206) se model kan in drie dele verdeel word en behels die volgende:
Afdeling A - Ontdekking en erkenning:

1. Ontdek die probleem en identifiseer die diepere wortels.
2. Erken die probleem.
3. Aanvaar eienaarskap van die probleem en van die diagnose.
4. Verwerk die geheuemateriaal.
5. Werk deur al die gevoelens en gedagtes – bou die legkaart tot al die stukkies pas.
6. Aanvaar die waarheid van wat gebeur het (Joh. 8:32).

Afdeling B – Innerlike genesing:

7. Verandering en bekering.
    - Spreek ou gedagtepatrone aan (Rom. 12:2).
    - Korrigeer die ou dinkwette wat gekoppel is aan seer en pyn, met die waarheid.
    - Besef en aanvaar God se liefde.
    - Leer om God te vertrou.
    - Verstaan sonde en besef dat God die nodige instaatstelling tot oorwinning gee.
    - God beleef ook pyn as gevolg van die sonde en die seer wat plaasgevind het (Jes. 42:14).
    - Jesus Christus was ook 'n onskuldige slagoffer wat 'n prys betaal het.

Afdeling C – Uiterlike genesing:

8. Verhoudingsvaardighede moet aangespreek word.
    - Verwarring moet uitgeklaar word.
    - Verdedigingsmeganismes moet geïdentifiseer word, sodat dit kan afplat.
    - Vertroue moet herstel word.
9. Stel van grense op persoonlike en sosiale gebied.

- In talle gevalle is 'n totale paradigmaskuif nodig – waar daar byvoorbeeld molestering plaasgevind het, sal nuwe grense gevestig moet word.

10. Konfrontasie van diegene wat die pyn veroorsaak het. Indien moontlik, moet daar gepoog word om versoening te bewerkstellig.
    - Hierdie aangeleentheid moet baie sensitief hanteer word, aangesien versoening nie in alle gevalle sal kan realiseer nie.
    - Dit is belangrik dat daar reeds in 'n groot mate emosionele en geestelike genesing plaasgevind het.
    - Daar moet 'n begeerte na versoening wees en alle wraakgedagtes moet op die agtergrond wees.
11. Daar moet 'n bereidwilligheid wees om vergifnis uit te spreek.
12. Die beradene moet weer beheer en verantwoordelikheid vir hul eie lewe neem en hulself begin handhaaf.
13. Daar moet 'n keuse ten gunste van die regte vriende wees.

Dit is belangrik om te onthou dat terapie aan die gedissosieerde persoon 'n langtermyn- en indiepteproses is. Die berader en die gedissosieerde moet hulself verbind tot die proses en as 'n span saamwerk om heelheid en groei - onderweg na emosionele en geestelike volwassenheid - te bewerkstellig.

5.4.2.3 Dan Allender

Allender (1995) het veral gewerk op die problematiek rondom die gemolesteerde kind waar daar in talle gevalle dan ook dissosiasie plaasgevind het. Hy verdeel sy genesingsmodel in drie dele, naamlik (1995:4):

- **Deel 1: Die dinamika van misbruik.**

- *Erkenning van die realiteite.*

  Voordat enige trauma verwerk kan word, is dit nodig dat die beradene moet weet wát verwerk moet word en wat die intensiteit van die pyn in sy lewe is. Die behandeling begin met die vraag na die simptome en beweeg dan verder tot die ontdekking van die oorsaak. Die motivering tot 'n verbintenis om die herstelpad te loop, is vir die gelowige meer as om net van die leegheid van sy lewe te kan ontsnap. Dit is veral gesetel in

2 Timothëus 4:8 ("*Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God*"), en elke gelowige kan in oorwinning staan ongeag wat in sy verlede gebeur het.

- *Erkenning van die ware vyand: sonde en skuld*

  'n Belangrike onderskeid word gemaak tussen wie of wat die werklike vyand van die persoon is: is dit die oortreder óf is dit die pyn wat die persoon innerlik voel? As gevolg van die sondeval het die sondige natuur deel van die mens geword en daarom sondig mense teenoor mekaar en teenoor God. Tydens berading is dit egter belangrik dat die fokus nie op die oortreder sal val nie, maar op die herstel en genesing van die beradene. Dit is die innerlike pyn wat al die simptome tot gevolg het en daarom moet die beradene op die genesingspad begelei word, om uiteindelik die genesing te ontvang sodat die beeld waarvolgens God hom geskep het, herstel kan word (vgl. 2 Kor. 3:18 en Rom. 8:29).

- *Erkenning en breking met die veragting en minagting*

  Tydens misbruik vestig sekere leuens wat die persoon uiteindelik as die waarheid glo. Die vyand word in die Bybel beskryf as 'n mensemoordenaar en 'n leuenaar, wie se begeerte dit is om die mens te verslind en te vernietig. Die beradene moet gevolglik begelei word om hierdie vyand se strategie te erken en te verwerp, en homself te sien soos God hom sien.

- *Erkenning van die pyn rondom die misbruik, asook die wyse waarop die misbruik plaasgevind het*

  Misbruik vind gewoonlik plaas op 'n baie subtiele wyse en met verloop van tyd. Die gevolg is dan gewoonlik dat die slagoffer later glo dat hyself ook skuldig is aan die misbruik. Hierdie proses verloop gewoonlik soos volg:

  - Stap 1: Die bevestiging van intimiteit en geheimhouding.
  - Stap 2: Fisiese kontak wat aanvaarbaar blyk te wees.
  - Stap 3: Seksuele misbruik.
  - Stap 4: Handhawing van geheimhouding deur middel van dreigemente of voordele.

- **Deel 2. Die erkenning van die skade as gevolg van die misbruik.**

- *Erkenning van hulpeloosheid*

  Soos wat die traumageheue herwin word, voel die beradene dikwels eers baie slegter voordat beterskap begin intree. Om die gevoel van hulpeloosheid en hopeloosheid te oorkom, is dit nodig dat die beradene sal weet dat sy werklike hoop in God gesetel is. Ware hoop minimaliseer nie die pyn nie, maar dit erken juis die dieptes daarvan en fokus op die herstel wat God vir die mens bring.

- *Erkenning van verraad wat plaasgevind het*

  Kinders is geneig om volwassenes van nature te vertrou - daarom is die ontnugtering soveel meer intens wanneer die verraad besef word.

- *Erkenning van ambivalente gevoelens*

  Ambivalensie is wanneer twee teenoorgestelde emosies tegelyk ervaar word. By 'n DIV kan die ambivalente emosies ook tussen die verskillende subpersoonlikhede verwarring veroorsaak.

- *Erkenning van sekondêre simptome*

  Alle innerlike pyn manifesteer een of ander tyd in die persoon se gedrag. Daarom is dit gevolglik nodig dat die beradene alle simptome sal erken en die Heilige Gees sal vertrou om die oorsaak van die simptome uit te wys, sodat diepgaande genesing kan plaasvind.

- **Deel 3. Voorvereistes vir groei en herstel na genesing.**

- *Die genesingspad terug na blydskap en vreugde*

  Genesing kan nie plaasvind solank as wat die probleem nie erken word nie. Jesus Christus se aardse bediening was een van herstel en genesing (vgl. Luk. 4:18-19) en Hy wil die eerlike en erkentlike persoon begelei na die veilige vesting van blydskap en vreugde (vgl. Neh. 8:12).

- *Die herstel van vertroue en eerlikheid*

  Eerlikheid is die bereidwilligheid om die realiteite te sien vir wat dit werklik is. Ontkenning, onderdrukking en vermyding laat die probleem nie 'verdwyn' nie, dit stel

slegs die genesing uit. Die emosioneel verwonde persoon moet begelei word om die realiteite in die oë te kyk. Waardevolle hulpmiddele hierin is die volgende:

- Openheid sonder om bedreig te voel.
- Gebed.
- Vas.
- Bestudering van die Bybel.
- Joernaal hou van al die stukkies geheue wat mettertyd na die oppervlakte kom.
- Meditering met betrekking tot al die detail wat reeds na vore gekom het.

Eerlikheid open die deur van die beradene se hart en is essensieel in die herwinning van traumageheue.

- *Die pad van berou en bekering*

  Bekering word deur Allender (1990:235) beskryf as 'n interne verskuiwing wat plaasvind ten opsigte van die voorveronderstelling van die bron van lewe. Dit is 'n erkenning dat die mens se verdedigingsmeganismes om pyn te vermy, nie 'n oorwinnende lewe tot gevolg het nie, maar juis 'n lewe wat gebuk gaan onder swaarkry. Bekering impliseer:

  - Weerstand bied teen innerlike doodsheid.
  - Weerstand bied teen wantroue en die ontnugtering as gevolg van verraad.
  - Weerstand bied teen veragtelike passie.

  Bekering is wanneer die mens se hart heelhartig op God fokus vir genesing en herstel en dit loop uit op 'n aaneenlopende pad van heiligmaking (vgl. 1 Tim. 2:3-4 en Jak. 4:8-10).

- *Waag om weer lief te hê*

  Liefde tot ander mense word moontlik gemaak vanuit die mens se liefde vir God.

5.4.2.4 James Friesen

Friesen (1997:209) maak die voorspelling dat die moderne sielkunde in die nabye toekoms al meer verplig sal wees om die realiteite rondom die geestelike dimensie van die mens se lewe asook die rol hiervan ten opsigte van die genesing en herstel te erken. Tydens sy behandeling van DIV's, is hy al dikwels gekonfronteer met die realiteite van die geesteswêreld. Hy beskryf byvoorbeeld 'n geval waar geheue wat onderdruk was as gevolg van sataniese rituele weer herwin is tydens die beradingsproses. Dit het toe geblyk dat die beradene huiwerig was om hom daaroor in te lig, aangesien sy bang was dat hy haar nie sou glo nie - en die verligting wat sy beleef het

toe hy haar wel glo. Hy spreek sy kommer uit oor hulpverleners wat sulke geheue ontken en dit dan probeer rasionaliseer.

Friesen (1997:211) illustreer hierdie gedagte rondom die geskiedenis van die volk wat die land Kanaän ingeneem het en die vermenging wat met die Midianiete plaasgevind het. Die Midianiete het die afgod Baäl aanbid en ook babas aan hom geoffer. Dit was 'n gruwel in die oë van die Here (Jer. 19:3-5). Gideon is opgeroep om die volk te verlos vanuit die greep van die Midianiete en hulle na die Here toe terug te lei. Vanuit hierdie Skrifgedeeltes word dan die volgende afleidings gemaak:

- God werk vandag steeds op dieselfde manier - Hy gebruik mense as sy instrument waardeur Hy werk om die bose met die goeie te oorwin.
- Jesus het tydens sy aardse bediening mense na vryheid gelei, en voor sy hemelvaart het Hy hierdie bediening na die mense gedelegeer (vgl. Joh. 7:37-38).
- In Johannes 15 beveel Jesus die mense om 'in' Hom te bly sodat hulle 'veel vrug kan dra.' Die mens het geen gesag op sy eie nie, maar op grond van Jesus se outoriteit en die begeleiding deur die Heilige Gees kan hy ook andere na vryheid begelei.
- Ook Markus 9:14-29 sluit hierby aan wanneer Jesus die belangrikheid van vas en gebed uitwys.
- God restoureer elke mens wat na Hom toe draai vir genesing.
- God se liefde vir die mens is so sterk dat dit selfs deur die geheue-grense van die gedissosieerde breek. In die gelykenis van die verlore seun word die Vader se verlossende liefde uitgebeeld (Luk. 15:11-32). Hierdie liefde was so sterk dat dit die seun bevry het van enige selfhaat, skuldgevoelens en minagting. Dit is waarom die beginsel van liefde so noodsaaklik is in Skrifgefundeerde begeleiding.
- Jesus word voorgestel as die Goeie Herder wat die hele trop skape los, om die één verlore skaap te gaan soek en wanneer Hy hom gevind het, dra Hy hom op sy skouers terug na die ander skape (Joh. 10). Wanneer die berader hierdie beginsel wil toepas in die begeleiding, moet hy homself verbind om in gehoorsaamheid aan God, die beradene te lei.
- Die fondasie van Skrifgefundeerde begeleiding is daarin gesetel dat dit God se krag is wat deur die berader werk (1 Joh. 4:4). In God het elke mens alreeds die oorwinning in die stryd behaal (1997:217).
- 'Geestelike restourasie' moet verstaan word binne die konteks van God se krag wat beskikbaar is tot uitbouing van Sy koninkryk. Dit gaan ook om meer as net die korrekte paar woorde vir die beradene te sê, aangesien dit gaan om die genesingsbenadering soos vervat in

die Bybel. Genesing is voortvloeiend vanuit 'n intieme verhouding met God, terwyl gebed 'n kardinale rol speel.

- Wanneer die DIV gedurig stemme hoor, is dit moeilik om te onderskei tussen al die stemme – wanneer is dit 'n subpersoonlikheid en wanneer is dit God wat praat? Johannes 10 stel dit duidelik dat God se volgelinge sy stem ken en gehoor daaraan gee. Die gedissosieerde moet gevolglik begelei word om geestelik te groei, sodat hy kan onderskei tussen die stemme (1997:218).

Friesen (1997:220) beklemtoon die belangrikheid van die geestelike dimensie in die begeleiding van die gedissosieerde: "*Healing for the whole person must include the spiritual element or it will be incomplete.*" Na aanleiding hiervan sê hy dat die wilsdimensie van die gedissosieerde geestelik van aard is en daarom kan die geestelike nie geïgnoreer word nie, maar moet daar op 'n eklektiese manier met al die inligting omgegaan word. Argumente soos hierdie ontlok oor die algemeen wye kritiek van veral sielkundiges wat suiwer wetenskaplik en akademies hierdie problematiek wil hanteer – in hoofstuk 2 is Kluft hieroor aangehaal.

Teen die breë agtergrond van dissosiasie verduidelik Friesen (1997:225) die konsep rondom geestelike oorlogvoering soos volg: Waar persone blootgestel was aan intense sadistiese misbruik (wat dikwels ook gepaard gaan met okkultiese inlywingsrituele), is daar altyd die moontlikheid van die aanwesigheid van demoniese subpersoonlikhede. Die implikasie is dus dat daar, afgesien van die skepping van subpersoonlikhede as gevolg van skok en trauma, ook demoniese invloede mag wees wat toegang verkry het. In die literatuur is dit ook algemeen dat die afkorting SRA (satanic ritual abuse) in hierdie verband voorkom. In sulke gevalle sal die berader heel waarskynlik bewus word van die aanwesigheid van sulke demoniese invloede, namate die berading vorder. Soos reeds in Hoofstuk 2 bespreek, is dit daarom belangrik om die onderskeid tussen 'n gefragmenteerde subpersoonlikheid en 'n demoniese invloed te kan tref. In hierdie verband is dit uiters belangrik dat subpersoonlikhede nooit as demone getipeer en hanteer moet word nie, aangesien dit die subpersoonlikheid sal laat 'terugtrek' en sodoende die genesingsproses kompliseer. Op hierdie wyse kan die beradene uiteindelik ook meer getraumatiseer en verward raak en ook psigiese skade ervaar.

Volgens Friesen (1997:243) is die volgende twee reëls dan ook van besondere belang in die begeleidingsproses van die gedissosieerde persoon by wie daar, afgesien van gefragmenteerde subpersoonlikhede, moontlik ook demoniese entiteite aanwesig mag wees:

- Dit is absoluut belangrik dat die berader wat betrokke raak by die konfrontering van demoniese invloede, self 'n soliede geestelike basis sal hê en in 'n groeiende en lewende verhouding met God sal staan. Alhoewel die bevryding nie deur die berader se eie krag gedoen kan word nie, maar slegs deur die krag van God, moet die berader deeglik bewus wees van sy posisie in God en van die krag van God wat deur hom werk. Die geestelike wapenrusting van Efesiërs 6 moet vir die berader 'n werklikheid wees en daar moet ook seker gemaak word dat alle bewustelike sondes en oortredinge van die verlede bely en geestelik verwerk is. Daar moet ook gewaak word teen enige vorm van hoogmoed of geestelike verwaandheid
- Geen persoon moet by 'n gespesialiseerde tipe berading soos hierdie betrokke wil raak Bloot, omdat dit interessant lyk, of omdat dit aan hom die gevoel van mag kan gee nie. Die enigste geldige rede sou slegs wees 'n diepe passie by die berader om die beradene werklik te help – verder ook die innerlike oortuiging en selfs die roepingsgevoel om by hierdie terrein van berading betrokke te raak. Dit sal dan uiteraard ook noodsaaklik wees dat die nodige toerusting en opleiding ontvang word rondom die gekompliseerdheid van hierdie area.

5.4.2.5 Paul Meier en Frank Minirth

Vir die genesingsproses is dit oor die algemeen van besondere belang dat die detail wat verband hou met onderdrukte geheue (as gevolg van trauma en pyn) na die oppervlakte sal kom. Meier (2003:134) verskaf die volgende lys van vrae wat die berader as riglyn kan gebruik om die beradene se geheue te stimuleer:

1. *Maak kennis met die 'jy' daarbinne.*
   - Waar bly jy? Is jy getroud, enkel of geskei?
   - Beskryf jou maat en sy/haar werk. Wat is jou huidige gevoelens rondom jou maat?
   - Beskryf jouself. Waar en wanneer is jy gebore?
   - Beskryf jou vader en watter werk hy gedoen het?
   - Hoe het jou vader jou gedurende jou eerste ses jaar van jou lewe behandel?
   - Beskryf die kere wat jou vader jou emosioneel, fisies of seksueel misbruik het. Het hy dieselfde gedrag ook teenoor ander familielede openbaar?
   - Hoe funksioneer jy in die teenwoordigheid van jou vader?
   - Is daar enigiets wat jy sou wou verander in die manier hoe jou vader jou behandel het?

- As jy na jouself kyk deur die oë van jou vader, wat dink jy sien hy?
- Hoe verskil die *werklike* jy van die jy wat jou vader sien?
- Watter emosies het jy die sterkste beleef teenoor jou vader tydens jou grootword jare?
- Leef jou vader nog? Indien nie, hoe en wanneer het hy gesterf?
- Beskryf enige fantasieë rondom jul verhouding wat noodgedwonge laat vaar moes word by sy dood.
- Is jou vriende dikwels soos wat jou vader was? Hoekom dink jy trek jy sulke vriende aan?
- Is dit moontlik dat hierdie keuses 'n behoefte aanspreek wat jou vader nooit kon aanspreek nie?
- Het jy ooit onbewustelik probeer met vergelding teenoor jou vader deur betrokke te raak by hierdie verhoudings?
- Watter negatiewe dinge sê jy vir jouself as jy 'n fout begaan?
- Sal jy negatiewe uitlatings teenoor jou beste vriende maak? Hoekom of hoekom nie?
- Hoekom sê jy hierdie dinge vir jouself? Is dit dinge wat jou vader altyd vir jou gesê het?
- Dink 'n bietjie na oor die laaste twee vrae se antwoorde. Dink jy dit is vir jou moontlik om jou Bybel te neem en aan die binnekant te skryf dat jy van vandag af onderneem om jou eie beste vriend te word? Onderneem jy om nooit weer iets negatiefs van jouself te sê wat jy nie vir jou beste vriend sal sê nie? As jy gewillig is om hierdie belofte aan jouself te maak, skryf dit neer, sit jou handtekening en die datum daarby.
- Dink 'n bietjie verder: het jou vader ooit sulke negatiewe stellings geïmpliseer sonder dat hy dit werklik uitgespreek het? Watter nie-verbale boodskappe onthou jy van hom?
- Watter ander 'jy-mag-nie-bestaan-boodskappe' het hy verbaal of nie-verbaal aan jou gegee?
- As jy hierdie herinneringe herroep, voel dit vir jou asof jy wil doodgaan?
- Is dit moontlik dat enige selfmoordgedagte wat jy vandag beleef, gekoppel kan word aan iets wat jy in jou kinderjare beleef het?
- Het jou vader jou onvoorwaardelik lief gehad, of moes jy sy liefde verdien het?
- Baseer jy steeds jou selfwaarde op die opinie van jou vader?
- Daar leef ongeveer ses biljoen mense op die planeet aarde – kan jy insien dat dit sinloos is om jou opinie van jouself op een mens se opinie te baseer?
- Dink jy dat as Jesus jou vader se seun was, jou vader steeds krities teenoor hom sou gewees het?

- In die lig hiervan het jy seker al tot die besef gekom dat jou vader sy eie stel worstelinge gehad het, wat niks met jou verband gehou het nie - tog het van jou eie pyn ontstaan as gevolg van jou vader se onvermoë om jou onvoorwaardelik lief te hê. Die waarheid is egter dat dit nie jou fout is dat julle nie 'n hegter band gehad het nie.

Hierdie vrae word herhaal rondom elke ander persoon waarmee die beradene moontlike konflik kon beleef het, byvoorbeeld sy moeder, 'n onderwyser, ensovoorts. Die berader moenie skrik indien die beradene ontstellende emosies beleef nie, maar slegs die nodige ondersteuning bied. Vyf-en-tagtig persent van die volwassene se persoonlikheid is gevorm gedurende die eerste ses jaar van sy lewe en daarom is die voorafgaande vrae, asook dit wat nog volg van soveel belang (Meier, 2003:142).

2. *Maak kennis met God.*
   - Het jy 'n persoonlike verhouding met God?
   - Wanneer het jy God 'ontmoet' en hoe onderhou jy die verhouding vandag?
   - Beskryf hoe jy God sien.
   - Wat dink jy dink God van jou op hierdie oomblik?
   - Is daar enige korrelasie in jou beskrywing van God en dié van jou vader?
   - Is dit moontlik dat jy die liefdevolle God waarvan die Bybel getuig, verwar met die projeksies rondom jou vader?
   - Wanneer jy saans jou naggebedjie opgesê het as kind, is dit moontlik dat jy kon dink: *Liewe hemelse weergawe van my aardse vader*? Indien dit so is, moet jy nou dadelik jou gebed verander na: *Liewe Heer, wie U ook al is, wil U nie Uself aan my openbaar en my tot hulp kom in hierdie situasie nie*? Is dit die tipe gebed wat jy nou, op hierdie oomblik nodig het? Indien ja, bid dit nou. Ontmoet God op 'n vlak wat jy Hom nog nooit tevore ontmoet het nie.

3. *Herken die negatiewe gebeure vanuit jou verlede.*
   - Was jy ooit emosioneel, fisies of seksueel misbruik in jou lewe?
   - Indien ja, beskryf die gebeure.
   - Het jy ooit onbeskermd gevoel gedurende hierdie gebeure, hetsy deur 'n gesagsfiguur of deur God?
   - Kan jy verstaan dat die persoon wat stilgebly het oor jou misbruik, net so skuldig is as die werklike oortreder?

- Jy hoef nie daardie negatiewe boodskappe rondom jou waarde te glo nie. Jy kan kies om nou die werklike waarheid rondom jouself te aanvaar. Jy is waardevol en waardig om lief gehê te word. Jy is waardig om selfs lief gehê te word, al weet almal van hierdie donkerte in jou lewe. Maak jou Bybel oop en lees Psalms 8 en 139. Jy sal ontdek dat God van voor jou geboorte af, tot vandag toe en tot in alle ewigheid jou oneindig liefhet. Miskien is dit moeilik om dit te glo, maar dit is die waarheid!

4. *Herken jou emosionele bagasie.*
   - Het jy dikwels gedurende jou grootword jare meer depressief as jou vriende gevoel?
   - Is daar iemand in jou nabye familie wat aan depressie ly, of wat sukkel met angstigheid of ander psigiese probleme?
   - Is jou depressie dalk oorerflik?
   - Was jy al ooit so depressief, dat jy gewens het jy kon sterf?
   - Het jy ooit selfmoord oorweeg en was daar al 'n poging tot selfmoord?
   - Waaraan het jy vasgehou om staande te kon bly teen sulke gedagtes?
   - Stop vir 'n oomblik en erken een belangrike aspek. Miskien het jy al selfmoord ernstig oorweeg. Jy voel dalk dat die feit dat jy vandag nog lewe bloot toe te skryf is aan die gebrek aan die nodige moed om jou planne deur te voer. Wel, dit is eenvoudig nie waar nie. Jy lewe vandag nog omrede jy oor eienskappe soos moed, hoop en braafheid beskik. Jy was dapper genoeg om jouself aan die lewe te hou, ten spyte van soveel pyn. Jy kan trots wees op jouself.

Minirth (1992) stel die volgende hulpmiddele voor ten einde angstigheid (wat 'n baie algemene kenmerk by die gedissosieerde persoon is) teë te werk:

- Gebed (Fil. 4:6).
- Meditasie (Fil. 4:8).
- Betrokkenheid by 'n gebedsgroep.
- Oefening.
- Goeie slaapgewoontes (Ps. 127:2).
- Gesprekke met 'n vertroueling.
- Fokus op een dag op 'n slag (Matt. 6:34).
- Stel belang in andere (Fil. 2:3-4).
- Moenie dinge uitstel nie - uitstel verhoog angstigheid.
- Verandering van denke (Rom. 12:1-2) - vermy bekommernisse op hierdie manier.

5.4.2.6 Diane Langberg

Die etiologie rakende DIV omsluit volgens Langberg (2003:215) hoofsaaklik die volgende vier faktore:

- 'n Persoon met DIV is bekwaam en intelligent genoeg om te kan dissosieer.
- Die persoon gebruik sy vermoë om te dissosieer as 'n verdedigingsmeganisme teen oorweldigende trauma.
- Die vorm wat dissosiasie sal aanneem, word bepaal deur die persoon se temperament en ander persoonlike faktore.
- Die misbruik wat dikwels dissosiasie tot gevolg het, is genadeloos en die persoon is oor die algemeen sonder enige bronne van hulp of restitusie.

Die behandeling kan in drie fases verdeel word, naamlik:

- *Fase 1: Veilige ruimte, stabilisering, diagnosering en tydelike verligting van simptome.*
  Wanneer die beradene vir terapie aanmeld, is hy gewoonlik oorweldig deur al die verskillende simptome. Die berader moet sensitief ingestel wees op die beradene en 'n veilige ruimte skep waarbinne die beradene weet dat hy geglo word. By die aanhoor van die diagnose, kan die beradene reageer met verligting, vernedering en vrees. Die berader moet gevolglik nie oorhaastig wees om dadelik met die herwinning van die traumageheue te begin nie. Só 'n benadering kan die beradene se lewenskwaliteit destruktief beïnvloed, en in sekere gevalle selfs sy lewe in gevaar stel. Die fokus van hierdie fase val op die stabilisering en tydelike verligting van die huidige simptome by die beradene.

- *Fase 2: Die vestiging van 'n sterk terapeutiese alliansie met die oog op die herwinning en verwerking van traumageheue.*
  Nadat daar 'n sterk vertrouensband gevestig is, kan daar voortgegaan word om die traumageheue te herwin en te verwerk. Tydens hierdie fase sal meer gereelde beradingsessies nodig wees. In elke sessie moet daar geleentheid wees vir traumawerk, asook vir stabilisering voordat die sessie verby is. Tesame met die geheue wat herwin word, is daar ook die oorweldigende emosies wat hanteer en ontlaai moet word. Die berader moet die beradene voortdurend daaraan herinner dat die traumagebeure iets in die verlede is en dat dit nou geen bedreiging meer vir hom inhou nie. Oor die algemeen was die beradene se grootste vrees dat

hy nie sou oorleef nie - die berader moet hom gevolglik gerusstel deur daarop te wys dat sy vrees nie gerealiseer het nie en dat hy nou besig is om die oorwinning te behaal.

- *Fase 3: Integrasie en post-integrasie vaardighede.*
  Wanneer integrasie van al die geheue plaasgevind het, kan samesmelting begin. Fase 3 kan oor 'n tydperk van weke en selfs maande plaasvind. Emosies soos rousmart is algemeen aanwesig in hierdie fase en moet hanteer word. Nadat samesmelting plaasgevind het, moet die beradene begelei word in die aanleer van lewensvaardighede, sodat hy toekomstige gebeure kan hanteer en nie weer dissosieer nie.

Langberg (2003:222) stel dit dat elke DIV-pasiënt haar herinner aan die woorde van Psalm 139:14-15:

> *"Dit weet ek verseker: geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie."*

Hierdie gedagte laat die mens in verstomming staan teenoor die Skepper vir die uiters komplekse en delikate wyse waarop Hy die mens geskep en saamgestel het. Langberg (2003:257) voel ook baie sterk oor die gedagte dat effektiewe berading alleen verseker kan word deur die geestelike dissiplines van aanbidding, waarheid, Bybelstudie, gebed en gehoorsaamheid aan die kant van die berader.

5.4.2.7 David Seamands

In sy beskrywing van berading aan persone wat emosioneel geweldig seergekry het (soos dan ook die gedissosieerde persoon), omskryf Seamands (2001:129) gebed as die 'hart' van die beradingsproses. Sodra die berader genoeg inligting ingewin het en daar op 'n voorlopige strategie besluit is, is dit nodig om oor te gaan tot die gebedsessie. Dit is belangrik dat daar oor elke insident asook elke negatiewe emosie en herinnering gebid sal word. Die gebed sal veral daarop gefokus wees om die gedissosieerde geheue na die oppervlak te bring en dan te bid vir genesing van al die betrokke emosies en herinneringe. Dit is ook van kardinale belang dat die berader 'n gesindheid van liefde en aanvaarding sal oordra aan die beradene. Die gedissosieerde sal soms selfs geskok wees wanneer hy sy geheue herwin en intense emosies beleef. Die berader moet dan die gedissosieerde op sy gemak stel en 'n veilige atmosfeer van onvoorwaardelike liefde en aanvaarding skep.

Die volgende riglyne is vervolgens belangrik:

1. *Herinner die persoon aan die aspekte van gebed wat grondliggend is aan genesing van die geheue.*

> Jesus Christus is in beheer van tyd. Hy gaan saam met jou na die verlede terugstap en die situasie hanteer asof dit tans in die hede afspeel. Die werklike probleme is nie soseer jou huidige situasie nie - daarom moet ons terug beweeg na die verlede en jy moet Jesus toelaat om met die kind in jou te deel, dáár waar die skade en die seer plaasgevind het. 'n Mens 'vries' as't ware emosioneel op daardie moment waar die seer plaasgevind het. Ek wil hê dat jy met Jesus sal praat asof jy nóú daardie kind (of jongmens of volwassene) is wat jy was toe die trauma plaasgevind het.

Dit sou ook raadsaam wees om aan die persoon te vra of hy met Jesus, die Seun van God of met God wil praat. Indien daar ongesonde of skadelike verhoudinge met die ouers was, dan moet die term Vader aanvanklik vermy word. Soms is dit dan beter om 'n neutrale term soos Here te gebruik en namate die genesing realiseer, sal dit later waarskynlik makliker vir die persoon wees om direk met God as Vader te kommunikeer.

2. *Verduidelik hoe daar gebid gaan word.*

Die persoon moet eintlik sy 'verhaal' - soos tydens die onderhoudvoering - nou ook aan God herhaal. Hy kan na sy notas kyk indien nodig. Soos wat hy die traumatiese ervarings herbeleef, moet hy dit aan God vertel en presies aan Hom verwoord wat in sy binneste aangaan – die klem is dan op dít wat hy as kind of tiener of jong volwassene tydens die trauma beleef het.

3. *Die berader se openingsgebed.*

Die berader se openingsgebed kan byvoorbeeld soos volg lui:

> 'Jesus Christus, ek wil graag nou na U toe bring 'n sesjarige seun met die naam van Johan. Hy wil graag met U praat oor 'n paar dinge wat baie pyn veroorsaak het. Ek weet dat U gaan luister – daarom bring ek hom na U toe.'
> Johan, praat nou met Jesus en vertel Hom dít wat jou die meeste pla.

Gewoonlik neem dit nie lank voordat die ander persoon begin bid nie, maar indien daar 'n lang pose is, moet die berader geduldig wees en in sy binneste in gebed intree vir die beradene. Indien die insidente baie spesifiek is, begin die persoon gewoonlik met sommige van die vroegste voorvalle tydens sy kinderjare. Wanneer die pyn/seer egter aan meer algemene dinge gekoppel is, sal die persoon moontlik by latere algemene indrukke begin en dan terugbeweeg na spesifieke insidente. Soms kan dit 'n hele tydjie neem, voordat die persoon werklik oopmaak in gebed. Die berader moenie huiwer om te onderbreek en die persoon te help om die gebed in die regte rigting te stuur nie, veral as die persoon se gebed te algemeen is of as hy wegskram van pynvolle herinneringe.

4. Begelei en bemoedig.

Die persoon moet deurgaans begelei en bemoedig word. Opmerkings soos die volgende het groot waarde:

> Waarom vertel jy nie ook aan Jesus presies hoe jy gevoel het toe dit gebeur het nie?
>
> Of:
>
> Moenie bang wees vir jou gevoelens en emosies terwyl jy met die Here praat oor hierdie saak nie.

As daar 'n stortvloed van emosies en trane is, moet die berader geduldig wag en innerlik voorbidding doen vir die persoon. Hierdie tyd wat die persoon sy diepste seer met die Here deel, is belangrik en moenie afgejaag word nie.

5. Soms is dit nodig om saam te bid en na 'ons' te verwys.

Die beradene kan soms so skaam voel oor sekere optredes, gedagtes of gesindhede dat hy nie kans sien om dit hardop in gebed uit te spreek nie. Die berader moet 'n fyn aanvoeling hiervoor hê en indien nodig, dan namens die beradene begin bid.

> 'O, Here, U weet dat ons so ellendig gevoel het dat ons maar net wou doodgaan.'
>
> Of:
>
> 'Ons het so skaam en skuldig gevoel dat ons onsself om die lewe wou bring.'
>
> Of:
>
> 'Here, U weet dat ons regtig kwaad was vir U en dat ons U eintlik gehaat het, omdat U Mamma van ons weggeneem het ... sy was al wat ons gehad het.'

Hierdie benadering kan aan die persoon die moed gee om sy bitterheid teenoor God of iemand anders wat hulle veronderstel is om lief te hê, in die oë te kyk en dit openlik te verbaliseer.

6. *Die stel van vrae.*

Wanneer daar soms 'n stilte is in die ander persoon se gebed, kan dit help om duidelikheid oor sekere emosies en aspekte te verkry deur vrae soos die volgende te vra:

> Wat sien jy as die werklike kern van hierdie saak – die dieperliggende wortel?
>
> Of
>
> Wat presies was dit wat jou so seer gemaak het en jou so ontstel het?
>
> Of
>
> Ek het die aanvoeling dat dit vir jou hier om 'n dieper saak gaan as wat ons tot dusver by uitgekom het. Is daar 'n gevoel of 'n gedagte wat die Heilige Gees vir jou sterk na vore laat kom?

In antwoord op hierdie vraag is die reaksie soms een woord wat al die emosies en gebeure as't ware opsom. Die persoon sal moontlik iets sê soos: weggegooi, totaal alleen, vernietig, skaakmat, verpletter, paniekbevange, soos 'n koolkop, beskaamd, vuil, onregverdig, verwerp, waardeloos, desperaat, uitgewis of verraai. Tydens die gebed moet daar vervolgens baie spesifiek gefokus word op die spesifieke terme wat hier na vore mag kom.

7. *Die terugbeweeg na vorige situasies.*

Dit gebeur soms dat die persoon tydens die gebed in 'n sekere sin 'terugbeweeg' na die oorspronklike traumatiese situasie. Dit kan dan gebeur dat die stemtoon of liggaamshouding verander in ooreenstemming met die gebeure en omstandighede - en selfs liggaamsposisie en emosies - soos tydens die trauma. Hulle sal ook nou dinge kan verwoord wat hulle in daardie stadium nie toegelaat was om te kon doen nie. 'n Stortvloed van vrae kan ook voorkom. Hierdie vrae kan aan God, aan die berader of aan die persone wat in die situasie betrokke was, gestel word. Dit is nie vrae wat die berader veronderstel is om onmiddellik te beantwoord nie – dit is eerder deel van 'n emosionele ontladingsproses.

8. Vergete detail kom na vore.

Een van die aangrypende dinge wat tydens hierdie gebed kan gebeur, is dat dít wat nie onthou kon word nie, nou na die oppervlak mag kom. Kommentaar soos die volgende kan geuiter word:

> "Ek kan dit eenvoudig nie glo nie – ek het hierdie dinge totaal vergeet."
>
> Of
>
> "Dit is ongelooflik – tot nou toe kon ek nooit enigiets onthou tot op die ouderdom van agt nie en nou het alles skielik vir my helder en duidelik geword."

Die Heilige Gees word in Romeine 8:27 beskryf as die "*Een wat die harte deurgrond*", en iets hiervan is inderdaad hier aan die orde wanneer onderdrukte geheue na die oppervlak begin kom.

9. Laat Jesus Christus toe om die persoon te bedien met betrekking tot sy verlede.

Die gebede moet nou tot Jesus Christus gerig wees en daar moet gevra word vir sy direkte ingrype en helende teenwoordigheid. Hy moet die persoon/subpersoonlikheid bedien in sy spesifieke behoefte. Die berader moet ingestel wees om die spesifieke behoefte te identifiseer en wanneer die persoon/subpersoonlikheid byvoorbeeld oorweldig word deur emosies en nie verder kan bid nie, moet die berader in gebed verder kan gaan en Jesus Christus as't ware aan die persoon/subpersoonlikheid voorstel:

> "Here Jesus, U wat die kindertjies in U arms geneem het, doen dit asseblief nou vir Susan, een van U kinders wat so ontsettend seergekry het. Laat haar op U skoot sit en plaas U arms om haar. Sê aan haar hoe baie U vir haar omgee en hoe jammer U is dat sy soveel pyn ervaar. Gee dat sy sal ervaar dat U tevrede is met haar, hoe lief U vir haar is en hoe gelukkig U oor haar is."
>
> Of:
>
> "Here Jesus, U wat die Goeie Herder is, het belowe dat U die klein lammertjies in U arms sal neem en aan hulle U beskerming en liefde sal gee. Wil U asseblief in hierdie oomblikke juis dit kom doen. Laat Susan asseblief U arms rondom haar voel soos wat U vir haar omgee en na haar toe uitreik. Net soos die herder die snye en kneusplekke van die lammers was en verbind, vra ons dat U ook haar kneusplekke en wonde sal kom versorg en verbind en U genesende krag daar sal laat invloei."

'n Gebedsessie soos hierdie is gewoonlik 'n emosioneel uitputtende ervaring. Die persoon kan dit beleef asof iets van hom weggeneem is en onttrekkingsimptome kan selfs in sommige gevalle ontstaan. Daar kan selfs werklike fisiese simptome beleef word, soos byvoorbeeld erge hoofpyn, gevoelens van naarheid, braking, diarree of intense uitputting. Hierdie simptome kom nie in alle gevalle voor nie, maar dit is goed om daarop voorbereid te wees.

5.4.2.8 Arlys Norcross McDonald

Volgens McDonald (1995:18) kom die gedissosieerde eers werklik in kontak met sy huidige volwasse emosies wanneer hy die onderdrukte traumatiese herinneringe van die verlede herwin en verwerk het. Die waarde van die herwinning van die traumageheue hou dus verband met die feit dat huidige emosies beter verstaan en hanteer kan word, veral dan ook interpersoonlike verhoudinge. Dit is moontlik dat die geheue nie altyd 'n akkurate weergawe van die gebeure bevat nie, aangesien die onthou van sekere gebeure grootliks bepaal word deur die betrokke persoon se persepsies, vooroordele en emosionele belewenis tydens die traumatiese gebeure. Herinneringe vanuit die kinderjare is normaalweg belangrik, aangesien dit dikwels die dieperliggende oorsaak van die volwasse persoon se mispersepsies en irrasionele vrese is. Heel dikwels kan genesing dan ook eers ten volle realiseer wanneer hierdie persoon as't ware 'terug beweeg' en die wonde vanuit die kinderjare hanteer en verwerk. Al is die geheue dan ook nie altyd een honderd persent akkuraat nie, is dit nogtans krities belangrik vir die emosionele wonde om te genees. In die lig hiervan, stel McDonald (1995:25) dit dat al die detail binne die geheue nie altyd in 'onuitwisbare ink' neergeskryf is nie. Dit kan selfs gebeur dat die geheue asook die weergee van sekere detail met betrekking tot 'n vroeëre gebeurtenis tydens terapie verander soos wat die persoon 'n duideliker beeld ten opsigte van die herinneringe verkry, emosies verwerk en 'dinkwette' herstel word. Die uiteindelike doel van terapie (veral met betrekking tot die gedissosieerde persoon) is om die waarheid te ontdek, sodat dit kan lei na vryheid en genesing. Wanneer daar na jare steeds voortgegaan word om 'n leuen te glo, dan het dit destruktiewe gevolge vir die persoon se lewe.

Telkens wanneer 'n traumatiese gebeurtenis (soos byvoorbeeld misbruik) beleef word wat onhanteerbaar groot is, kan dit lei tot dissosiasie. *"We could either go crazy and live in a world of unreality, or put it away in a box"* (McDonald, 1995:41). Onderdrukking impliseer nie verlies van geheue nie, maar dit gaan eerder om 'n blokkasie van die geheue.

Die gevolge van dissosiasie kan soos volg opgesom word:

- Emosioneel: Angs, depressie en oor-verantwoordelikheid.
- Sosiaal: Pyn, woede en vrees (Dit is die 'bagasie' wat in elke nuwe verhouding ingebring word).
- Fisies: Nagmerries, slaapversteuring, uitputting, afskeiding van adrenalien met die gevolge van allergieë, immuniteitsversteuring, stresverwante probleme soos hoofpyne, hormoonprobleme, maagsere, rugpyn, dikderm, hoë/lae bloeddruk.
- Psigies: Hulpeloosheid, hopeloosheid, waardeloosheid, ongesonde onafhanklikheid, aggressie, pessimisme, depressie.
- Geestelik: Blamering teenoor God ten opsigte van die traumagebeure en 'n onvermoë om God te vertrou.

Volgens McDonald (1995:140) kan onderdrukte geheue deur middel van die volgende metodes herwin word:

- Hipnose.
- Drome.
- "Truth serum" – medikasie wat binne-aars toegedien word.
- Liggaamlike sensasies.
- Visualisering (gelei deur die terapeut).
- Gebed (vgl. Ps. 40:1-4 en Jes. 40:30-31).
- EDMR: Eye movement desensitization and reprocessing.

McDonald (1995:197-234) doen die volgende genesingsmodel aan die hand ten opsigte van die gedissosieerde persoon:

1. *Identifiseer die vorm en die ernstigheidsgraad van die dissosiasie en fragmentering.*
   Fragmentering vlak I : Mindere mate van bewustelike fragmentering.
   Fragmentering vlak II : Leef volgens samelewing se standaarde en verwagtinge.
   Fragmentering vlak III: Dissosiasie, blokkering en onderdruking.
   Fragmentering vlak IV: Ten volle gedissosieer (DIV)
   Agter elke vlak van fragmentasie is 'n 'storie' wat vertel kan word en gevoelens wat verwerk moet word, sodat heling kan intree. Vlak III en IV vereis professionele hulp.

2. *Verwerk die emosie.*

   Die tipiese emosies wat kenmerkend is van dissosiasie (soos wat reeds in vorige besprekings aan die orde gestel is) moet met behulp van die berader geïdentifiseer en verwerk word.

3. *Identifiseer die leuen wat geglo word.*

   - Leuens omtrent homself (negatiewe siening van self en selfwaarde).
   - Leuens omtrent ander mense (negatiewe veralgemenings).
   - Leuens omtrent die wêreld (negatiewe wêreldbeskouinge).
   - Leuens omtrent God.

4. *Vorm die geheelbeeld.*

   Daar moet na meer as net die traumagebeurtenis gekyk word. Positiewe en negatiewe gebeurtenisse reg deur die persoon se lewe moet ook in aanmerking geneem word. Daar moet gelet word op die oortreder se 'rol' in die slagoffer se lewe en na moontlike redes waarom hy so 'n oortreding sou begaan (Dit regverdig nie die oortreding nie, maar maak dit net meer verstaanbaar).

5. *Fokus op die positiewe.*

   Die beradene moet begelei word na die punt waar hy die keuse maak om homself los te maak van die negatiewe verlede en op die toekoms begin fokus. Skrifgedeeltes wat gebruik kan word, is onder andere die volgende:

   - Die verhaal van Josef (Gen 37-47).
   - Genesis 50:20.
   - Fillipense 4:8.
   - Romeine 8:28.

6. *Konfrontasie.*

   Die vraag word dikwels gevra of die slagoffer die oortreder moet konfronteer. Die volgende moet oorweeg word voordat so 'n besluit geneem word:

   - Veiligheid van die slagoffer.
   - Is die slagoffer gereed daarvoor?
   - Daar moet eers onderrig plaasvind ten opsigte van sinvolle wyses van konfrontasie.

7. *Bewustheid van geregtelike aspekte.*

   Elke situasie is uniek en alle aspekte moet in ag geneem word. Dit is egter belangrik om te onthou dat versoening in die spreekkamer plaasvind en nie in die hof nie.

8. *Kies om te vergewe.*

9. *Groei tot heelheid.*

   Die tydsduur van genesing verskil van persoon tot persoon en word beïnvloed onder andere deur die volgende aspekte:

   - Die ernstigheidsgraad van die destruktiewe gedrag van die verlede.
   - Geleenthede in die hede.
   - Moontlikhede in die toekoms.

   Die beradene se ingesteldheid sal moet verskuif vanaf dié van 'n slagoffer, na dié van 'n oorwinnaar.

10. *Waag om weer te vertrou – vertroue in God, in jouself en in ander mense.*
11. *Waag om weer te droom – Jesaja 61:1-3.*
12. *Begin fokus op en werk in die rigting van nuwe doelwitte.*

5.5 SAMEVATTING VAN DIE BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN 'N PASTORAALGERIGTE PSIGOLOGIESE BENADERING

- Afgesien van die feit dat daar betreklik min inligting in die Bybel aangeteken is in verband met psigiese afwykings, blyk dit nogtans van die vroegste tye af reeds deel te wees van menswees. Die ontstaan van alle fisiese en psigiese afwykings kan ten diepste teruggevoer word na sonde – hetsy die sonde van Adam en Eva, die persoon se eie sonde, die sonde van andere, of die sonde wat gesetel mag wees binne 'n spesifieke kultuur.

- Sonde het altyd 'n negatiewe effek op mense se emosies, persepsies, gedagtes en gedrag en die uiteindelike effek hiervan is die dood, hetsy fisies, psigies, geestelik of sosiaal.

- Daar is hoofsaaklik vier faktore wat Skrifgefundeerde berading van alle ander vorms van berading onderskei, naamlik:
  - Skrifgefundeerde berading volg 'n holistiese benadering.
  - Skrifgefundeerde berading lê sterk klem op gebed.
  - Skrifgefundeerde berading berus op die beginsel van liefde.
  - Skrifgefundeerde berading volg 'n eklektiese benadering ten opsigte van die gebruikmaking van geldige raakvlakke vanuit ander hulpwetenskappe.

- Die Christenberader moet met die onderskeiding wat hy van die Heilige Gees verkry, eklekties te werk gaan en homself vergewis van alle openbaringe vanaf God wat van toepassing mag wees op die situasie waarmee hy gekonfronteer mag wees.

- As voorbeelde van eklektiese benaderings is daar in hierdie hoofstuk op die modelle van agt Christen sielkundiges/psigiaters en terapeute gefokus. Hieruit het telkens baie duidelik geblyk dat die mens 'n holistiese wese is en gevolglik ook op hierdie wyse benader moet word. Die geestelike, sielkundige, fisiese én sosiale aspekte van die mens (en in besonder die gedissosieerde persoon) word destruktief beïnvloed tydens traumagebeure en daarom moet so 'n individu in al hierdie dimensies na vryheid en genesing begelei word.

- Vanuit die bydrae van bovermelde agt navorsers is daar veral op die volgende aspekte gefokus:
  - Definisies van dissosiasie.
  - Die effek van dissosiasie op die brein.
  - Simptome van dissosiasie.
  - Beradingsmodelle.
  - Gebedsmodelle.
  - Wyses waarop onderdrukte geheue herwin kan word.
  - Die geestelike dimensie rondom dissosiasie en moontlike demoniese invloede.
  - Voorbeelde van vrae wat die berader kan gebruik om die geheue te stimuleer.

- In die hoofstuk oor praktykteorie wat volg, sal daar verder besin word rondom die bruikbaarheid van sekere aspekte vanuit die bydraes van bovermelde agt navorsers – veral wanneer sekere praktiese riglyne aan die orde gestel gaan word met die oog op die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon.

HOOFSTUK 6

PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE GEDISSOSIEERDE PERSOON

6.1 INLEIDING

Die fokus van Hoofstuk 6 is om vanaf die teorie na die praktyk oor te gaan. Binne die kosmos as geheel, is God die Groot Geneesheer en net soos wat die oorsprong van alle lewe na God teruggevoer kan word, kan alle genesings se oorsprong ook na Hom teruggevoer word. Dit is God wat genesing bewerkstellig, hetsy deur 'n gelowige of 'n ongelowige, hetsy deur 'n Goddelike ingrype of deur die gebruik van medikasie en ander middele (vgl. Kraft, 1993:42).

6.2 DOELSTELLING

Die primêre doelstelling van hierdie hoofstuk is om 'n praktykteorie te ontwerp vir die pastorale begeleiding van die gedissosieerde persoon, wat sal uitloop op emosionele en geestelike groei. Daar sal gepoog word om die metateoretiese perspektiewe (Hoofstuk 2 en 3) en basisteoretiese perspektiewe (Hoofstuk 4 en 5) te integreer ten einde praktykteoretiese riglyne te formuleer, wat as hulpmiddel kan dien vir pastorale beraders wat heling en restourasie moet fasiliteer aan persone wat as gevolg van traumatiese ervarings êrens in die verlede gedissosieer het. Die volle sirkelgang van die metode - soos voorgestel deur Zerfass (1974:164) - kom dan op hierdie wyse tot volvoering.

6.3 SKRIFGEFUNDEERDE BEGELEIDING AAN DIE GEDISSOSIEERDE PERSOON

6.3.1 Voorbereiding vir Skrifgefundeerde begeleiding

Ter voorbereiding van die Skrifgefundeerde begeleiding is daar veral vyf belangrike beginsels (vgl. 5.4.2.6) wat toegepas moet word, aan die kant van die berader:

- Aanbidding: Die berader moet in 'n intieme verhouding met God staan. Om werklik in Jesus se voetspore te kan volg, beteken in die eerste plek om God te aanbid. Aanbidding herinner die berader voortdurend daaraan dat God Gód is. Dit skep 'n veilige basis vir die berader, waarbinne hy die beskerming teen die pyn en seer, waarmee hy elke dag gekonfronteer word, kan geniet. Die dissipline van aanbidding herinner die berader daaraan dat alhoewel hierdie wêreld deurtrek is met pyn, hartseer en boosheid, God getrou en heilig is. Dit is hierdie getroue en heilige God, wat Homself ontferm oor die gebrokenes en verdruktes, wat herstel en insig beloof het aan elkeen wat homself aan God onderwerp (vgl. 4.5.1 en 4.6.1).

- Waarheid: Die waarheid bring mee dat die berader die mens sal sien soos God hom sien en dit sal lei tot insig en vryheid (vgl. 4.7.2.6). Hiermee saam is dit ook belangrik dat die berader sy eie gebrokenheid sal erken en toelaat dat die Heilige Gees hom ook verander tot gelykvormigheid aan die beeld van Jesus Christus (vgl. 4.7.1).

- Bybelstudie: God se gedagtes en die gedagtes van die mens is nie dieselfde nie (vgl. Jes. 55:8-9). Die berader se gedagtes kan maklik beïnvloed word deur die beradingsondervindinge en daarom is Bybelstudie van belang (vgl. 5.4.2.6).

- Gehoorsaamheid: Die berader kan nie die beradene lei tot gehoorsaamheid aan God, as hyself nie hierdie beginsel uitleef in sy eie lewe nie. Deur gehoorsaamheid word God se genade en waarheid 'n werklikheid (vgl. 4.5.1.7 en 5.4.2.6).

- Gebed:
  - Gebedsondersteuning: (vgl. 5.4.1.2 en 5.4.2.7). Dit is van kardinale belang dat die berader gebedsvennote het wat hom én die persone wat beraad word, in gebed ondersteun. Die gebedsvennote moet ingelig word met betrekking tot die nodige agtergrond ten einde effektiewe gebed te bevorder.

  - Gebed en Vas: Die berader moet self ook in gebed voor God worstel vir leiding en antwoorde. Van tyd tot tyd kan dit selfs vir die berader nodig wees om te vas, veral voor en tydens 'moeilike' gevalle (vgl. 5.4.2.6).

God roep elkeen op om in 'n lewende verhouding met Hom te staan en toe te laat dat die Heilige Gees hom lei om effektiewe hulpverlening moontlik te maak. Sonder hierdie beginsels is die werk van die berader kragteloos (vgl. 4.5.1; 4.7.1 en 4.7.2).

6.3.2 Beradingsmodel

Alhoewel elke persoon uniek is en so behandel behoort te word, is dit nuttig om sekere stappe as basis te omskryf (vgl. 5.4.2.2; 5.4.2.3; 5.4.2.6 en 5.4.2.8). Dit is belangrik om daarop te let dat die berading nie streng stapsgewys kan plaasvind nie, omrede sekere stappe in 'n mate oorvleuel. Tog is dit ook so dat sekere aspekte eers afgehandel moet word, voordat verdere vordering gemaak kan word. Daar behoort deurgaans 'n diepe afhanklikheid te wees van die leiding deur die Heilige Gees (vgl. 4.7.1 en 4.7.2). Verandering kan ook slegs realiseer indien daar 'n diepgaande begeerte is om na volwassenheid te groei, en dit behoort dan ook elke persoon wat aanmeld vir terapie se motief te wees. In Lukas 4:18-19 (vgl. 4.6.1) beloof Jesus "*herstel van gesig aan blindes*" – dit impliseer geestelike insig en vryheid – en dit is wat Jesus ook vir die gedissosieerde kom aanbied (vgl. 4.6.1). Die beradingsmodel wat vervolgens omskryf word, maak gebruik van Langberg (vgl. 5.4.2.6) se drie fases as vertrekpunt.

Fase 1: Veilige ruimte, stabilisering, diagnosering en tydelike verligting van simptome.

- **Gebed om leiding deur die Heilige Gees**

Alhoewel die Heilige Gees altyd in die gelowige aanwesig is, is dit nogtans nodig om spesifiek sy leiding te vra vir die terapeutiese sessie (vgl. 4.7 en 5.4.1.4). Dit impliseer die volgende:

- dat Hy die sessie sal lei en dat sy wil deurgaans bekend gemaak sal word;
- dat Hy die sessie deurgaans sal beheer en kragtig sal werk;
- dat Hy die berader en beradene se gedagtes, idees en woorde sal rig;
- dat Hy tydens en na die sessie beskerming sal bied aan elkeen betrokke by die sessie – dit geld veral in gevalle waar dit sou blyk dat die beradene met okkulties verwante praktyke betrokke was en daar dan, afgesien van gedissosieerde subpersoonlikhede, ook demoniese invloede aanwesig mag wees (vgl. 2.13.2 en 5.4.2.4).

Die ideaal sou wees dat, afgesien van die berader self, daar ook ander persone is met die nodige ervaring en insig wat dan tydens die verloop van die sessie sal aanhou bid vir wat besig is om te gebeur. Daar kan byvoorbeeld ingetree word vir die beradene vir kalmte, vertroue, openheid, rustigheid en vrede. Die persoon is dikwels senuagtig, vol vrese en onseker oor wat gaan gebeur. Intense en oorweldigende emosies kan die terapeutiese proses - asook die werking van die Heilige Gees - blokkeer. Daarom moet daar gebid word dat die persoon kalmte sal ervaar en dat sy emosies onder die beheer van die Heilige Gees geplaas sal word (vgl. 4.7.1 en 4.7.2).

- **Onderhoudvoering**

Tydens die onderhoud moet die berader ingestel wees op alle moontlike inligting wat bevorderlik kan wees vir die helingsproses (vgl. 5.4.1.1). Die volgende aspekte moet in ag geneem word betreffende suksesvolle onderhoudvoering:

- Die berader moet 'n aktiewe, ondersteunende en plooibare terapeutiese houding inneem (vgl. 2.10.11). Die berader mag nie koud en klinies voorkom nie, maar moet aanvaarding, liefde en ondersteuning vir die beradene bied.

- Die berader moet konsekwente prosedures en duidelike grense handhaaf (vgl. 2.10.1 en 2.12.7). Die berader moet konsekwent, empaties en konsidererend te werk gaan; sodoende word duidelike grense gestel en beleef die beradene 'n gevoel van vastigheid.
- Die berader moet 'n sterk terapeutiese alliansie bewerkstellig en handhaaf (vgl. 2.10.3). Die berader moet die beradene gedurig tydens die terapie herinner aan sy rol en verantwoordelikheid. Wanneer die beradene aktief deelneem aan die terapeutiese proses, is dit vir hom makliker om eienaarskap vir sy eie genesing te neem.
- Die berader moet verantwoordelikhede aan die beradene modelleer en oordra (vgl. 2.10.10). Die uitdaging vir die berader lê daarin, dat hy die beradene moet begelei om verantwoordelikhede te aanvaar. Die berader se houding moet deurgans een wees van ondersteuning, empatie en rigtingaanwysend, en nie een van kritiese voorskrywing nie.
- Die berader moet 'n klimaat van veiligheid skep en teen 'n bestendige pas beweeg (vgl. 2.12.4). Die berader moet die beradene 'ontmoet' op die vlak waar hy is en met geduld die pas handhaaf waarmee die beradene gemaklik is.
- Die berader moet 'n lewende voorbeeld van Jesus se liefde, deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees, vir die beradene wees (vgl. 5.4.1.3). Die gedissosieerde persoon beleef oor die algemeen 'n gebrek aan liefde en daarom ontnugtering. Die berader sal deur sy demonstrerende liefde, die beradene weer leer glo in die goeie.

Dit is oor die algemeen sinvol om die onderhoud te begin deur uit te vra na die simptome ten opsigte waarvan die persoon vir terapie aangemeld het (vgl. 2.7; 5.4.2.1 en 5.4.2.8). Alhoewel hierdie simptome gewoonlik dieperliggende wortels het, is dit noodsaaklik dat die berader enersyds ingestel moet wees op alle moontlike gebeure in die persoon se lewe wat hierdie simptome mettertyd kon veroorsaak het, maar andersyds ook hulpverlening sal verskaf wat verligting vir die onmiddellike simptome tot gevolg sal hê. In samehang hiermee is dit dan ook belangrik om die volgende aspekte in gedagte te hou:

- Genesing begin wanneer sekere tegnieke toegepas word om posttraumatiese stressimptome te hanteer. Die berader moet praktiese hulpmiddele aan die beradene voorstel soos byvoorbeeld (vgl. 2.12.1 en 5.4.2.5):
    - Ontspanningsoefeninge.
    - Regte eet- en slaapgewoontes.
    - Fisiese oefeninge (die beradene kan na 'n biokenetikus verwys word vir die regte begeleiding).

- Die noodsaaklik van rus moet aan hom verduidelik word.
- Die beradene kan ook by 'n ondersteuningsgroep aansluit met die oog op verantwoordbaarheid. Veral iemand wat selfbesering toedien, moet in staat kan wees om iemand te kan skakel sodra die behoefte tot selfbesering ontstaan - sodoende kan vervangende gedrag gemonitor word.

- Die beradene moet aangemoedig word tot balans in sy lewe (vgl. 2.12.6). Genesing impliseer harde werk en 'n mens is nie in staat om voortdurend te worstel met moeilike materiaal nie. Daarom gaan die beradene êrens 'n behoefte hê aan 'n onderbreking. Hy sal tussendeur moet tyd maak vir ontspanning, ligter genietinge, ensovoorts.
- Die berader moet nougeset let op die huidige gemoedstoestand van die beradene. In sekere gevalle sal hospitalisasie blyk nodig te wees (vgl. 2.12.4) en dan moet die berader die beradene laat opneem, indien hy daartoe by magte is. Andersins moet hy dit reël in samewerking met ander hulpverleners.
- Om kommunikasie te stimuleer asook kritiese areas te identifiseer, kan die berader gebruik maak van vraelyste wat die beradene aanvanklik invul óf hy kan vrae vra soos uiteengesit onder punt 5.4.2.5.

- **Diagnosering**

Dit is belangrik vir die berader om sensitief ingestel te wees op die beradene se situasie, sodat die diagnose op die regte moment oorgedra kan word. Wyduiteenlopende reaksies mag voorkom tydens die bekendmaking van die diagnose (vgl. 2.12.5). Die reaksies kan wissel vanaf totale skok en ontkenning tot absolute verligting. Somtyds sal dit nodig wees om die diagnose eers met iemand in die persoon se ondersteuningsnetwerk te deel, alvorens dit met die beradene self gedeel word. Die reaksie op die diagnose is gewoonlik 'n aanduiding van die identiteit van die subpersoonlikheid wat 'uit' is in daardie stadium. Verskillende subpersoonlikhede, elk met hul eie opdrag en doel, is teenwoordig in 'n DIV (vgl. 2.8.2). Die gaspersoonlikheid ontken byvoorbeeld ten sterkste die bestaan van ander subpersoonlikhede, terwyl die interne selfhelper weer gretig sal wees om inligting rondom die ander subpersoonlikhede te verskaf. Die mededeling van die diagnose veroorsaak in die meeste gevalle egter altyd innerlike chaos, want 'die geheim is uit' (vgl. 2.11).

Die tempo waarteen berading plaasvind asook die sensitiwiteit wat geopenbaar word tydens die mededeling van die diagnose, is twee belangrike faktore wat bepalend sal wees vir die persoon se

verbintenis tot die berading. Wanneer 'n diagnose gemaak word, moet die berader voorbereid wees om alle onmiddellike vrae te kan beantwoord. In die lig hiervan, is die volgende aspekte van belang:

- Die berader moet daarop fokus om die beradene te bekragtig (vgl. 2.10.2). Die beradene moet eerder as 'n 'vennoot' in die terapeutiese proses behandel word, met die voorveronderstelling dat hy net soveel beheer as die berader het. Die indruk mag nooit geskep word dat die berader uitsluitlik oor al die insig en kennis beskik nie.
- Die beradene moet aangemoedig word om sy emosies te erken en te aanvaar (vgl. 2.12.5). Onderdrukking en vermyding van emosies stel die genesingsproses net uit.
- Die berader kan van praktiese hulpmiddele, soos boeke en kassetopnames, gebruik maak om inligting rondom dissosiasie aan die persoon te gee. Kennis (bemagtiging) rondom dissosiasie sal die aanvanklike angstigheid by die persoon help verminder. Die beradene moet aangemoedig word om notas te maak van alle gedagtes en herinneringe wat mag terugkom, soos wat hy met die praktiese hulpmiddele omgaan. Dit is belangrik om te onthou dat niks te onbelangrik of niksseggend is om neer te skryf nie. Vanuit die huidige volwasse oogpunt mag dit dalk as niksbeduidend voorkom, maar tydens die trauma was dit egter belangrik en kon dit die oorsaak van baie pyn gewees het (vgl. 2.12.3). As volwassene beskik die persoon moontlik nou wel oor die emosionele kapasiteit om kinderlike seer te verwerk, maar as kind is daar gedissosieer rondom hierdie pyn, in 'n poging om dit te oorleef. 'n Glyplank kan byvoorbeeld vir 'n volwassene nie hoog voorkom nie, maar vir 'n kind op daardie betrokke ouderdom was dit baie hoog.

Fase 2: Die vestiging van 'n sterk terapeutiese alliansie met die oog op die herwinning en verwerking van traumageheue.

Nadat 'n diagnose bekend gemaak is, moet die persoon begelei word om die onderdrukte traumatiese geheue te herwin (vgl. 2.10.4). Tydens hierdie fase is dit nodig om meer dikwels beradingssessies te skeduleer. Na aanleiding van hierdie sessies is die volgende aspekte van belang:

- Die beradingsessie word in drie dele verdeel (vgl. 2.10.9):
  - Tydens die eerste derde word daar gefokus op die herwinning van die geheue.
  - Tydens die tweede derde val die fokus op die verwerking van die herwonne geheue.
  - Die laaste derde word gebruik om die beradene weer te stabiliseer.
- Berading moet steeds 'n bestendige pas handhaaf. Die oorsaak van mislukkings tydens beradingsessies hou dikwels verband met 'n te vinnige pas waarteen die berader beweeg – vir die beradene is dit gevolglik moeilik om sommige emosies te vinnig te verwerk. 'n Algemene aanvaarbare riglyn sou wees dat slegs drie uit elke vyf sessies gebruik word vir die herwinning van geheue - die res se fokus moet eerder op die bemagtiging van die beradene val (vgl. 2.10.9 en 2.12.4).

- **Herwinning van traumageheue**

Genesing kan slegs plaasvind wanneer die traumatiese geheue geprosesseer en geïntegreer word (vgl. 2.12.2). Uit vorige besprekings (vgl. 2.6; 5.4.2.1; 5.4.2.2; 5.4.2.4; 5.4.2.6 en 5.4.2.8) het geblyk dat die gedissosieerde traumageheue afgesper is van die normale geïntegreerde geassosieerde langtermyngeheue. Integrasie beteken vervolgens dat die geheue fragmente herroep en verwerk moet word, sodat hulle aan mekaar verbind kan word en die geheue sodoende afgerond kan word. Die gedissosieerde kom eers werklik in kontak met sy huidige volwasse emosies wanneer hy die onderdrukte traumatiese herinneringe van die verlede herwin en verwerk het (vgl. 5.4.2.8). Die waarde van die herwinning van die traumageheue hou dus verband met die feit dat huidige emosies beter verstaan en hanteer kan word.

Die volgende praktiese riglyne kan gebruik word tydens die herwinning van die geheue:

- 'n Besoek aan die terrein waar die trauma plaasgevind het. Die bekendheid van die omgewing is dikwels 'n sneller wat die geheue laat oopgaan. Soms is meer as een besoek aan die terein nodig, veral in die geval van 'n motorongeluk waarin geliefdes gesterf het (vgl. 2.12.2).
- Gesprekke met mense wat betrokke was of wat bewus was van die gebeure, of die lees van literatuur van oorlewendes en die deurkyk van familie foto albums. Traumageheue word soos 'n legkaart stukkie vir stukkie gebou. Ander mense kan die beradene se geheue aanvul om die geheelprentjie uiteindelik te kan onthou. Die vertel van 'een storie' kan die sneller wees om 'n hele gebeurtenis te onthou. Wanneer albums deurgewerk word, kan

foto's met mekaar vergelyk word, om sodoende 'n idee te kan vorm van wat op verskillende ouderdomme gebeur het (vgl. 2.12.2).

- Deur die 'storie' te vertel. Soos wat die beradene sy omstandighede en pyn verwoord, kan dit ander geheue stimuleer (vgl. 2.12.2).
- Dans, verf of ander vorme van kuns. Die onderbewuste kan soms nie deur redenasies of woorde bereik word nie, maar wel deur ritme, rituele en ander vorme van kuns. Tydens hierdie sessies kan iets soos spelterapie van waarde wees (vgl. 2.12.2).
- Om 'n joernaal te hou van ervarings/stories/familiegeskiedenis. Dit is noodsaaklik dat elke stukkie geheue wat onthou word, neergeskryf word, al maak dit aanvanklik nie sin nie. Deur joernaal te hou, kan die stukkies geheue later met mekaar verbind word, sodat die geheelprentjie 'gebou' kan word (vgl. 2.12.2).
- Regressie en visualisering. Wanneer die beradene die berader genoeg vertrou, kan die berader die beradene as't ware 'terugneem' in sy verlede in (vgl. 2.12.2 en 5.4.2.8).
- Die gebruik van terugflitse en snellers as assosiasie. Die terugflitse en snellers wat die beradene beleef, is gekoppel aan die traumageheue. Daarom is dit noodsaaklik dat hierdie gebeure deeglik bespreek en ontleed sal word met die oog op moontlike leidrade (vgl. 2.9 en 2.12.2).
- Liggaamlike sensasies. Dit gebeur dikwels dat die beradene liggaamlike sensasies sal beleef, terwyl hy geen kognitiewe bewustheid hiervan het nie. Die belewing van hierdie sensasies is gewoonlik baie ontstellend en moet met sensitiwiteit hanteer word (vgl. 2.6; 2.7 en 5.4.2.8).
- Drome. Drome is 'n waardevolle hulpmiddel in die herwinning van traumageheue. Wanneer die mens slaap, is daar 'n direkte konneksie tussen die bewuste en die onbewuste, en gebeur dit dat die traumageheue of simbole gekoppel aan die geheue, in die vorm van drome of nagmerries na die bewussyn 'beweeg'. 'n Droomjoernaal, waarin al die detail aangaande die drome aangeteken word, moet bygehou word (vgl. 2.12.2).

Nadat die traumageheue herwin is, is die versoeking soms vir die beradene groot, om die geheue te ontken in 'n poging om die gepaardgaande pyn te probeer vermy. Tydens berading voel dit vir die beradene asof dit eers baie slegter gaan, voordat dit beter gaan, maar objektief beskou toon die grafiek van genesing tog altyd 'n opwaartse neiging. Vir genesing om in te tree, speel erkenning 'n kardinale rol en gevolglik moet ontwyking vervang word met konfrontasie (vgl. 2.12.3):

- Die eerste stap van genesing is altyd die erkenning en aanvaarding van die realiteite (vgl. 5.4.2.3). Voordat enige trauma verwerk kan word, is dit nodig dat die beradene moet weet wát verwerk moet word en wat die intensiteit van die pyn in sy lewe is. Tydens hierdie stap is dit nodig dat die berader die volgende aan die beradene sal verduidelik:
  - Hoe het God die mens oorspronklik geskep (vgl. 4.3)?
  - Wat het met die mens gebeur wat aanleiding tot die gebrokenheid gegee het (vgl. 4.4 en 5.3)?
  - Hoe kan die mens begelei word tot emosionele en geestelike groei, sodat hy heelwording deelagtig kan word (vgl. 4.5; 4.6 en 4.7)?

  Vir hierdie verduideliking is dit nodig om die verskillende skrifgedeeltes wat eksegeer is, te gebruik om aan die beradene die hoop te gee, dat God steeds in beheer is en dat herstel en heling inderdaad moontlik is.
- Erkenning van die ware vyand: sonde en skuld (vgl. 5.3 en 5.4.2.3). Die beradene moet begelei word om sy eie swaarkry en pyn te erken, sodat die fokus in die berading sal val op innerlike genesing. Dit is die innerlike pyn wat al die simptome tot gevolg het en daarom moet die beradene op die genesingspad begelei word, om uiteindelik die genesing te kan ontvang sodat die beeld waarvolgens God hom geskep het, herstel kan word (vgl. 2 Kor. 3:18 en Rom. 8:29).
- Erkenning en verbreking met die veragting en minagting (vgl. 5.4.2.3). Tydens misbruik vestig sekere leuens wat die persoon uiteindelik as die waarheid glo. Die berader moet die beradene begelei om hierdie leuens te herken, sodat Satan nie meer hierdie kwesbaarheid kan uitbuit om vernietiging te bewerkstellig nie (vgl. 5.4.2.1).
- Erkenning van die pyn rondom die misbruik, asook die wyse waarop die misbruik plaasgevind het (vgl. 5.4.2.3).
- Erkenning van hulpeloosheid en elke ander simptoom wat die gevolg van is van die onderdrukte traumageheue (vgl. 2.7 en 5.4.2.3).
- Erkenning van die verraad wat plaasgevind het, van die ambivalente gevoelens en sekondêre simptome (vgl. 5.4.2.3). Die beradene moet weet dat hy 'n normale mens met normale reaksies, onder abnormale omstandighede is (vgl. 2.6).

- **Verwerking van traumageheue**

Nadat die traumageheue herwin en erken is, moet die geheue verwerk word. Tydens hierdie proses is die volgende aspekte van belang:

- In die geval van DIV moet die beradene begelei word om 'n kaart van al die verskillende subpersoonlikhede saam te stel (vgl. 2.8.2 en 2.12.5). Die behandeling van DIV is dieselfde soos alle ander behandeling van posttraumatiese gevalle, behalwe dat daar by die DIV met verskillende persoonlikhede in een liggaam gewerk word. In hierdie behandeling moet die berader op die volgende let:
  - Alle subpersoonlikhede moet konsekwent dieselfde behandel word (vgl. 2.10.7).
  - Die verdeeldheid en konflik tussen die verskillende subpersoonlikhede moet verminder word (vgl. 2.10.5).
  - Daar moet gefokus word om ooreenstemmende persepsies tussen die subpersoonlikhede te bewerkstellig (vgl. 2.10.6).
  - Die basiese voorveronderstellings moet herstel word (vgl. 2.10.7).
  - Daar moet met elke subpersoonlikheid op sy ouderdomsvlak gewerk word (vgl. 5.4.2.1).

  Die fokus van die behandeling moet daarop wees om die verskillende subpersoonlikhede as 'n innerlike sisteem te laat saamwerk, om sodoende die pad na fusie en heelheid te bevorder (vgl. 2.11).
- Tydens die verwerking van die geheue, moet die beradene begelei word om (vgl. 5.4.2.1):
  - 'n Intieme verhouding met Jesus Christus te ontwikkel.
  - Lofprysing en aanbidding moet plaasvind.
  - Die beradene moet inskakel by 'n aktiewe gemeente en bybelstudiegroep.
- Die beradene moet begelei word om die leuen te korrigeer en daarmee saam die uitspreek van vergifnis (vgl. 5.4.2.1). In hierdie proses is die herkenning en herstel van kognitiewe foute belangrik (vgl. 2.10.12). Trauma het die vermoë om die normale kognitiewe ontwikkeling negatief te beïnvloed en sodoende ontstaan die verkeerde verdigingsmeganismes. Die beradene moet insig in sy funksioneringstyl kry, sodat hy dit kan verander.

Fase 3: Integrasie en post-integrasie vaardighede

- **Die fusie-/integrasieproses**

Die uiteindelike doel van die beradingsproses aan die DIV is dat al die verskillende subpersoonlikhede geïntegreer kan word om een geheel te vorm – één persoonlikheid (vgl. 2.11). Die proses waartydens integrasie plaasvind, staan bekend as fusie. Tydens integrasie vind

bekendmaking van inligting, herinneringe en emosies tussen die verskillende subpersoonlikhede plaas. Die grense van geheueverliese word afgebreek en die volledige 'geheuelegkaart' word stukkie vir stukkie gebou. Fusie kan spontaan plaasvind, maar dit is veiliger as die berader hierdie proses tydens die beradingsessies monitor. Samesmelting kan plaasvind wanneer die subpersoonlikheid sy trauma verwerk het en weet dat die doel waarvoor hy geskep was, sy bestaan nie meer regverdig nie. Sommige subpersoonlikhede sal fusie vrees, omrede hulle dit sal beleef asof hulle 'doodgaan'. Hulle kan andersins ook intense hartseer beleef, omrede hulle vriendskapsbande gevorm het - innerlik onder mekaar en uiterlik met ander - en dat hierdie vriendskapsbande 'prysgegee' moet word ten einde te kan saamsmelt (vgl. 2.8 en 2.11). Gevolglik is begeleiding in die verskaffing van inligting en die verduideliking van wat besig is om tydens die hele proses te gebeur, uiters belangrik - omrede dit die subpersoonlikhede se vrese en gevoelens van hartseer sal aanspreek. In talle gevalle is daar dan ook eers 'n rouproses waardeur die subpersoonlikhede begelei moet word, voordat emosionele aanvaarding kan toetree (vgl. 2.12.3). Wanneer die subpersoonlikheid uiteindelik vrede ervaar oor wat besig is om te gebeur, vergemaklik dit die fusieproses. Die eindresultaat is dan dat die oorspronklike persoonlikheid 'n geheelbewustheid van al die verskillende subpersoonlikhede se geheue sal hê. In hierdie stadium is die traumageheue grootliks verwerk en daarom is die verskillende subpersoonlikhede nie meer nodig om die geheue te help dissosieer nie.

- **Gebed**

In die pastorale begeleiding van die gedissosieerde vorm gebed eintlik die 'hart' van die beradingsessie. Alhoewel die aspek van gebed eers op hierdie stadium binne hierdie bespreking aan die orde gestel word, hoef dit nie noodwendig slegs op hierdie punt te funksioneer nie. Op verskillende stadiums tydens die beradingsproses sal daar egter van gebed asook die onderstaande beginsels gebruik gemaak kan word.

Seamands beskryf 'n gebedsmodel (vgl. 5.4.2.7) wat effektief gebruik kan word. Dit is belangrik dat daar oor elke insident, asook elke negatiewe emosie en herinnering gebid sal word. Die gebed fokus veral daarop om die beradene se onderdrukte geheue na die oppervlak te bring. Ook in hierdie geval is dit uiters belangrik dat die berader met liefde en toegeneentheid teenoor die beradene sal optree, aangesien hy intense emosies kan beleef tydens die herwinning van onderdrukte geheue asook tydens die fusie en integrasieproses (vgl. 2.10.11).

Ter aansluiting by Seamands se model, is die volgende aspekte belangrik:

- Die berader moet aan die beradene verduidelik hoe die prosedure rondom die gebedsessie werk. Die berader moet deurgaans rigtinggewend optree.
- Die berader neem die leiding deur eers self te bid. Hy bid onder andere vir die beradene en vir dit wat gaan volg.
- Daarna moet die beradene aangemoedig word om sy 'storie' vir Jesus te vertel. Die beradene moet toegelaat word om uiting aan sy emosies te kan gee. Dit gebeur soms dat die beradene tydens hierdie gebed 'terugbeweeg' in die verlede en die hele situasie as't ware herbeleef. Soms kan dit selfs gebeur dat so 'n persoon 'n positiewe ervaring van Jesus Christus het te midde van die oorspronklike traumatiese ervaring – die 'angel' en die pyn word dan uit die situasie verwyder. Die berader moet sensitief vir die begeleiding van die Heilige Gees wees en die beradene begelei. Vrae soos onder andere 'Hoe beleef jy God op hierdie oomblik? Wat sê Jesus vir jou in hierdie omstandighede?' ensovoorts kan gevra word. Dit is egter belangrik dat alhoewel die berader die gebed lei, hy nooit suggestief sal optree nie, maar slegs sal reageer op dit wat die beradene opper.
- Die berader moet toelaat dat Jesus Christus die beradene bedien en daar moet gebid word vir sy direkte ingrype en helende teenwoordigheid. Die berader moet ingestel wees om die beradene se spesifieke behoeftes te identifiseer en dan in gebed God vir genesing en heling te vertrou.
- 'n Gebedsessie soos hierdie is gewoonlik 'n emosioneel uitputtende ervaring. Die beradene kan dit beleef asof iets van hom weggeneem is en onttrekkingsimptome kan selfs in sommige gevalle ontstaan. Daar kan selfs werklike fisiese simptome beleef word, soos byvoorbeeld erge hoofpyn, gevoelens van naarheid, braking, diarree of intense uitputting. Hierdie simptome kom nie in alle gevalle voor nie, maar dit is goed om daarop voorbereid te wees (vgl. 5.4.2.7). In baie gevalle sal die beradene 'n diepe vrede beleef.

- **Die aanleer van 'n nuwe lewenstyl**

Dit is oor die algemeen vir die DIV baie moeilik om by die nuwe lewenstyl aan te pas nadat fusie plaasgevind het - daarom is begeleiding steeds nodig (vgl. 2.11.1; 5.4.2.2; 5.4.2.3 en 5.4.2.8). Die beginsel van Romeine 12:2 *("... laat God julle verander deur die vernuwing van julle gemoed ... ")* moet inderdaad nou realiseer. Alhoewel die geïntegreerde persoon nie langer meer 'n DIV is nie, is hy steeds iemand wat ontsettend misbruik is, en die effek van daardie misbruik word steeds op die een of ander manier met hom saamgedra.

Die geïntegreerde persoon sal gevolglik nuwe vaardighede (vgl. 2.12.1; 5.4.2.2; 5.4.2.3 en 5.4.2.8) moet aanleer wat verband hou met die verskillende stadiums van ontwikkeling wat hy gemis het. Alhoewel hy baie ervarings opdoen vanuit die geïntegreerde ervarings van al die verskillende subpersoonlikhede, is die geïntegreerde persoon as't ware 'n nuwe skepping en is daar sekere lewenservaringe wat hy vantevore nooit die geleenthede gehad het om te beleef nie. Hierdie nuwe vaardighede kan aan die hand van die eerste vyf ontwikkelingstadiums van die kind se lewe verduidelik word:

- Fase 1: Die persoon sal meer moet leer aangaande vertroue versus wantroue. Na so baie misbruik is dit net natuurlik dat daar 'n traagheid sal wees om andere te vertrou - tog is die verhouding met die berader, wat op vertroue gebou is - tesame met die gepaardgaande genesing - 'n goeie begin (vgl. 2.10.12).
- Fase 2: Beginsels rondom kontrole en grense is deel van die groei binne hierdie fase (vgl. 2.10.1 en 2.12.7). Die persoon moet begelei word, sodat hy nie meer skaamte en/of skuldgevoelens hoef te beleef wanneer hy al meer begin om beheer uit te oefen oor sekere situasies nie (vgl. 5.4.2.3). Probleme rondom grense en kontrole is gewoonlik 'n nalatenskap van erge misbruik.
- Fase 3: In hierdie fase moet die persoon weer van voor af leer om die inisiatief te neem en nuwe dinge op die proef te stel, sonder om skuldig te voel. As gevolg van die misbruik het die persoon met reaktiewe gedrag oorleef, eerder as om risiko's te neem (vgl. 2.10.10).
- Fase 4: Verhoudings moet gevestig word met tydgenote en deelgenote. Die persoon moet opnuut leer hoe om verhoudings te vestig. Dit impliseer ook om weer goed te kan voel oor fisiese, intellektuele en sosiale vaardighede. Die vestiging van

verhoudings is aanvanklik 'n moeilike uitdaging, omrede die persoon nou homself moet wees - wat hy vir jare nie kon gewees het nie (vgl. 2.10.2 en 2.10.3).

- Fase 5: Ontwikkeling van eie identiteit en onafhanklikheid. Omrede die DIV verskillende subpersoonlikhede (elk met 'n eie identiteit) gehad het, was individualisering onmoontlik (vgl. 2.10.2). Die geïntegreerde persoon bevind homself gevolglik in 'n baie moeilike situasie ná integrasie en vir sommige impliseer dit inderdaad 'n identiteitskrisis. Hulle voel baie maklik verward met betrekking tot hul spesifieke rol en beskik oor bitter min vaardighede om die lewe in die oë te kan kyk. Een van die hooftake van die verdere beradingsproses is gevolglik om so 'n persoon te help om weer beheer te verkry (vgl. 2.10.10).

Persone wat geneig is om hulself te beseer as gevolg van onverwerkte trauma, moet aangemoedig word om die selfbeseringsgedrag te weerstaan en te vervang met 'n meer positiewe en aanvaarbare handeling. Voorbeelde van sulke substituutgedrag kan onder andere die volgende insluit (vgl. 2.12.1; 5.4.2.3; 5.4.2.5 en 5.4.2.8):

- Gebed.
- Ontspanningsoefeninge.
- Speel (hierdie persone is oor die algemeen baie ernstig).
- Stokperdjies en nuwe uitdagings.
- Oefening.

- **Post-integrasie vaardighede**

Die langtermyneffek van die genesing en heling wat tydens die berading- en gebedsessies plaasvind, word grootliks bepaal deur die verbintenis al dan nie van die beradene aan basiese Bybelse waarhede en geestelike wette, na afloop van die beradingsessies. Dit sluit onder andere dinge in soos sondebelydenis, vergifnis, verandering van denke, die aanneem van 'n nuwe 'Goddelike' identiteit, die korrekte hantering van emosies om te verhoed dat daar weer gedissosieer word, ensovoorts (vgl. 2.10.2; 2.10.8; 2.10.12; 4.5.1; 4.5.2; 5.4.2.1; 5.4.2.2; 5.4.2.5; 5.4.2.6 en 5.4.2.8). Die berader se funksie is dus om die persoon eerstens te begelei tot die vryheid in Jesus Christus, en tweedens om vir die persoon vaardighede aan te leer wat hom sal help om tot emosionele en geestelike volwassenheid te kan groei. Hierdie opvoedingstaak moet

steeds onder die leiding van die Heilige Gees (vgl. 4.7 en 5.4) geskied en daar moet ook 'n sensitiwiteit wees ten opsigte van enige verdere probleemareas. Dit is ook belangrik dat daar voortgegaan word met terapie vir 'n sekere tydperk nadat integrasie plaasgevind het (vgl. 2.11.1). Op hierdie wyse kan daar seker gemaak word dat enige subpersoonlikheid wat êrens nog mag wegkruip, wel na die oppervlak kom.

Met betrekking tot die aanleer van post-integrasie vaardighede word daar verder op die volgende vier aspekte gefokus:

- Die rol van vergifnis in die genesingsproses.
- Hantering van emosies sodat verdere dissosiasie voorkom kan word.
- Die aanneem van 'n nuwe identiteit.
- Geestelike groei na afloop van die beradingsessies.

1. Vergifnis

In die genesingsproses speel vergifnis 'n uiters belangrike rol (vgl. 5.4.2.2; 5.4.2.7 en 5.4.2.8). Vergifnis kan tydens die gebedsessies (vgl. 5.4.2.7) hanteer word, indien die beradene daarvoor gereed is. In talle gevalle sal dit egter eers aan die einde hanteer word – veral waar die impak van die trauma geweldig intens was of waar die onreg baie groot was (vgl. 5.4.2.2 en 5.4.2.8). Namate daar genesing van verwonde emosies plaasvind, raak persone al meer gereed om uiteindelik vergifnis uit te spreek.

2. Hantering van emosies

Die gedissosieerde persoon is nooit toegelaat om sy eie emosies te erken of selfs daaraan uiting te gee nie (vgl. 2.6; 2.8; 2.10 en 2.12). Hy het gedissosieer uit selfverdediging, en daarna was die emosies in elk geval te pynlik om te erken. Die erkenning en hantering van emosies is egter noodsaaklik om die persoon te help om homself in alle omstandighede te kan handhaaf, sodat verdere dissosiasie vermy kan word.

3. Die aanneem van 'n nuwe identiteit

Die mens is na die beeld van God geskape (vgl. 4.3). Vir die gedissosieerde is dit moeilik om hierdie begrip te kan verstaan, as gevolg van die geweldige trauma waaraan hy onderwerp was (vgl. 4.4). Nadat genesing plaasgevind het, moet die berader die persoon begelei in die toe-eiening van 'n 'Goddelike' identiteit. Jesus Christus het deur middel van sy kruisdood dit vir die mens moontlik gemaak om te verander na die beeld waarna hy geskape is (vgl. 4.5 en 4.6). Die Heilige Gees begelei die mens op hierdie pad van verandering (vgl. 4.7). Vanuit die resultate van die onderskeie passasies wat geëksegetiseer is, het aspekte soos die volgende in hierdie verband sterk na vore gekom:

- Vir God was die skepping van die mens 'n absolute hoogtepunt (vgl. 4.3.3.2).
- Met die skepping van die mens het God aan hom die vermoë gegee om in 'n intieme verhouding met Hom te kan staan (vgl. 4.3.3.2).
- God se eie heerlikheid word in die mens weerspieël (vgl. 4.3.3.2).
- Die mens is in 'n heersersposisie geplaas en aan hom is besondere vermoëns gegee (vgl. 4.3.3.2).
- Die mens is kosbaar, want hy dra die stempel van sy Skepper. Hyself het gesê dat die mens vir Hom kosbaar is, daarom hoef die mens nooit weer aan sy eie waarde te twyfel nie (vgl. 4.3.3.2).
- God wil elke gebroke mens se identiteit in Jesus Christus herstel – in hierdie verband beloof Hy troos, hersel, vryheid, verlossing en insig en gee aan hierdie persoon erkenning en waarde (vgl. 4.6.3.2).
- God gee die belofte dat die Heilige Gees hierdie persoon uiteindelik sal lei na gelykvormigheid aan die beeld van Jesus en dat die vrymakende krag van die Waarheid helend en restourerend betrokke sal wees (vgl. 4.7.3.2).

Basiese beginsels soos die pas vermelde wat verband hou met 'n nuwe identiteit in Christus moet deurgaans deur die berader aan die gedissosieerde persoon gemodelleer en gekommunikeer word. Om hierdie stap verder moontlik te maak, moet die persoon onder andere aangemoedig word om by 'n plaaslike gemeente in te skakel, die gemeente se dissipelskapprogramme by te woon en ook by 'n selgroep in te skakel. Verder gaan dit ook belangrik wees om gereelde seminare, kursusse en groepsessies by te woon wat gefokus is op die herstelfase ná dissosiasie (vgl. 2.12.6; 2.12.7; 5.4.2.1; 5.4.2.2; 5.4.2.3; 5.4.2.5; 5.4.2.6 en 5.4.2.8). Die berader moet ook 'n wye kennis van die

beskikbare literatuur hê, sodat die beradene ook op hierdie wyse begelei kan word tot verdere vryheid en oorwinning.

4. Geestelike groei ná afloop van die beradingsessies

Die rol van wilsbesluite is ná die beradingsessies net so belangrik as tydens die sessies (vgl. 2.12.7). Net soos wat geen heling kon plaasvind sonder die aktiewe aktivering van die wilsdimensie nie, kan geen voortgaande groei plaasvind sonder 'n wilsbesluit nie. Alhoewel die persoon tydens die beradingsessies die genesing en vryheid deur die krag van die Heilige Gees ontvang het, moet hy sy ou disfunksionele gewoontes vervang met nuwe gewoontes en gesindhede (vgl. 5.4.2). Dit vra 'n definitiewe wilsbesluit en 'n verbintenis om sy nuutgevonde vryheid te handhaaf.

6.4 SKRIFGEFUNDEERDE BEGELEIDING AAN DIE DIV WAT INTENSE BLOOTSTELLING AAN OKKULTIESE RITUELE GEHAD HET

Waar persone blootgestel was aan intense sadistiese misbruik (wat dikwels ook gepaard gaan met okkultiese inlywingsrituele) is daar altyd die moontlikheid van die aanwesigheid van demoniese subpersoonlikhede. Vanuit die vroeëre besprekings in hierdie studie het geblyk dat daar 'n duidelike onderskeid gemaak moet word tussen 'n gefragmenteerde subpersoonlikheid en so 'n demoniese invloed (vgl. 2.8 en 2.13.2). Vanweë onkunde in hierdie verband by sommige beraders, kan dit byvoorbeeld maklik gebeur dat ten opsigte van die innerlike sisteem van die DIV die sogenaamde vervolgersubpersoonlikheid aangesien kan word as 'n demoniese invloed. Wanneer daar dan in sulke gevalle pogings aangewend word om byvoorbeeld deur middel van gebed van sodanige invloed ontslae te raak, veroorsaak dit heel dikwels dat die betrokke subpersoonlikheid net vir 'n tydperk terugtrek, om later weer sy verskyning te maak (vgl. 2.8). In aansluiting by iemand soos Friesen (vgl. 5.4.2.4) blyk dit belangrik te wees dat die berader oor die nodige onderskeidingsvermoë sal beskik ten einde die werklike teenwoordigheid van 'n demoniese invloed te kan herken tydens die behandeling van die gedissosieerde persoon. Veral persone wat aan sataniese rituele blootgestel was, is besonder vatbaar vir demoniese invloede

(vgl. 2.8.1). Vir die behandeling van die demonies besette persoon, is dit noodsaaklik om deeglik kennis te neem van die besprekings onder punt 2.13.2 en 5.4.2.4. As gevolg van die beperktheid van hierdie studie, asook die gekompliseerdheid van die pastorale begeleiding van persone wat blootstelling aan okkultiese invloede gehad het, word daar volstaan met hierdie enkele opmerkings.

6.5 SAMEVATTING VAN PRATYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

- God is die Geneesheer en die Bevryder by uitnemendheid. Net soos wat elke nuwe skepping na Hom teruggevoer kan word, geld dieselfde ook ten opsigte van elke egte genesing. Hy kan by geleentheid genesing laat plaasvind deur sowel gelowiges as ongelowiges.

- Ter voorbereiding van die beradingsessie speel die berader se verhouding met God 'n besonder belangrike rol. Hy kan 'n intieme verhouding met God handhaaf deur middel van opregte aanbidding, deur die toepassing van die waarhede van die Woord in sy eie lewe, bywoning van gereelde Bybelstudie, deur onderwerping van homself aan God in gehoorsaamheid en deur middel van gebed.

- Alhoewel elke persoon uniek is en daar klemverskille is ten opsigte van die berading van verskillende persone, kan daar veral drie belangrike fases binne die proses van berading aan die gedissosieerde persoon geïdentifiseer word, naamlik:

  - Fase 1: Veilige ruimte, stabilisering, diagnosering en tydelike verligting van onmiddellike simptome.
    - Gebed om leiding deur die Heilige Gees.
    - Onderhoudvoering.
    - Diagnosering.
  - Fase 2: Die vestiging van 'n sterk terapeutiese alliansie met die oog op die herwinning en verwerking van traumageheue.
    - Herwinning van traumageheue.
    - Verwerking van traumageheue.

- Fase 3: Integrasie en post-integrasie vaardighede.
    - Die fusie-/integrasieproses.
    - Gebed.
    - Die aanleer van 'n nuwe lewenstyl.
    - Post-integrasie vaardighede:
        1. Die rol van vergifnis in die genesingsproses.
        2. Hantering van emosies sodat verdere dissosiasie voorkom kan word.
        3. Die aanneem van 'n nuwe identiteit.
        4. Geestelike groei na afloop van die beradingsessies.

- In die pastorale begeleiding aan die gedissosieerde vorm gebed eintlik die hart van die beradingsessie. Die gebed fokus enersyds veral daarop om die beradene se onderdrukte geheue na die oppervlak te bring, en andersyds moet die berader Jesus Christus toelaat om die angel en die pyn uit die situasie te verwyder, wanneer Hy die beradene op 'n besonderse wyse bedien.

- Dit is belangrik vir die berader om sensitief ingestel te wees op die beradene se situasie, sodat die diagnose op die regte moment oorgedra kan word. Die reaksie op die diagnose gee gewoonlik 'n aanduiding van die identiteit van die subpersoonlikheid wat 'uit' is op daardie tydstip. Die melding van die diagnose veroorsaak heel dikwels innerlike chaos, aangesien die geheim nou uit is.

- Die uiteindelike doel van die beradingsproses aan die DIV is dat al die verskillende subpersoonlikhede geïntegreer kan word om een geheel te vorm – één persoonlikheid. Die proses waartydens integrasie plaasvind, staan bekend as fusie. Tydens integrasie vind bekendmaking van inligting, herinneringe en emosies tussen die verskillende subpersoonlikhede plaas. Die grense van geheueverlies word afgebreek en die volledige geheuelegkaart word stukkie vir stukkie gebou.

- Dit is oor die algemeen vir die DIV baie moeilik om by die nuwe lewenstyl aan te pas, nadat fusie plaasgevind het en daarom sal begeleiding steeds nodig wees. Alhoewel die geïntegreerde persoon nie langer meer 'n DIV is nie, is hy steeds iemand wat ontsettend misbruik is en die effek van daardie misbruik word steeds op die een of ander manier met hom saamgedra.

- Die langtermyneffek van die genesing en heling wat tydens die berading- en gebedsessies plaasvind, word grootliks bepaal deur die verbintenis, al dan nie van die beradene aan basiese Bybelse waarhede en geestelike wette, na afloop van die beradingsessies. Dit sluit onder andere aspekte in soos sondebelydenis, vergifnis, verandering van denke, die aanneem van 'n nuwe "Goddelike" identiteit, die korrekte hantering van emosies om te verhoed dat daar weer gedissosieer word ensovoorts.

- As gevolg van die okkultiese en rituele misbruik waaraan sommige gedissosieerde persone blootgestel was, kan dit gebeur dat daar, afgesien van gefragmenteerde subpersoonlikhede, ook demoniese invloede aanwesig mag wees. Dit is gevolglik baie belangrik om te onderskei tussen hierdie twee terreine en die berader moet oor die nodige kennis, ervaring en toerusting beskik om hierdie gekompliseerde saak te hanteer.

HOOFSTUK 7

GEVOLGTREKKINGS EN VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings ten opsigte van elke individuele hoofstuk van hierdie studie aan die orde gestel. Voorstelle betreffende verdere navorsing rondom aanverwante temas en areas word ook aan die hand gedoen.

7.1 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

Wanneer 'n persoon tydens trauma nie oor die emosionele kapasiteit beskik om die trauma te verwerk nie, vind dissosiasie plaas. Dissosiasie word aan vier kriteria gemeet, naamlik dissosiatiewe geheueverlies, swerfsiekte, dissosiatiewe identiteitsversteuring en depersonalisasie. Tydens dissosiasie word die traumageheue tesame met die emosies 'uitgeblok' en verplaas na die amigdala-deel van die brein - en ervaar die persoon dan heel dikwels geheueverlies. Hierdie traumageheue word gefragmenteer en is hoogs onstabiel. Algehele of gedeeltelike dissosiasie kan ook ervaar word. Dissosiasie kan ook beskryf word as 'n verdedigingsmeganisme teen oorweldigende trauma – veral in die geval van jong kinders. Tydens hierdie proses 'blokkeer' die brein as't ware die traumageheue op dieselfde wyse as wat die liggaam infeksies beheer. Ten spyte van die feit dat dissosiasie 'n verdedigingsmeganisme is, is dit egter aan die ander kant ook 'n struikelblok tot verdere emosionele en persoonlike groei, omrede dit sekere negatiewe simptome vir die individu op die langtermyn inhou. Een van die belangrikste negatiewe gevolge is die feit dat hierdie persoon nooit werklik leer hoe om krisissituasies te hanteer nie, aangesien daar mettertyd 'n patroon van dissosiasie vanuit stresvolle situasies gevestig word. Uiteindelik lei hierdie proses tot komplekse interpersoonlike verhoudings en heelwat gepaardgaande spanning vir die betrokke individu. Dikwels kan die persoon self nie al die simptome verklaar wat mettertyd kop uitsteek nie en word dit uiteindelik in talle gevalle die motivering om aan te meld vir terapie.

Indien daar nie die nodige ondersteuningstrukture, asook begeleiding beskikbaar is vir die getraumatiseerde persoon nie, loop dit dikwels uit op die skepping van subpersoonlikhede ten einde die voortgaande trauma beter te hanteer. In hierdie proses kan verskeie subpersoonlikhede gevorm word en in gevalle van die sogenaamde veel-fragmentasie kan daar dan uiteindelik 'n baie groot aantal subpersoonlikhede aanwesig wees. Die kompleksiteit van die traumagebeure asook die persoon se vermoë om die trauma te kan hanteer, is gewoonlik die bepalende faktore ten opsigte van die skepping van subpersoonlikhede. Die subpersoonlikhede vorm 'n goed gebalanseerde, georganiseerde innerlike sisteem en elke subpersoonlikheid het 'n spesifieke rol om te vervul. Die geslag en ouderdom van die subpersoonlikhede verskil van mekaar, sowel as van dié van die getraumatiseerde persoon. Verder is dit so dat die gedissosieerde oor die algemeen verskeie snellers in die alledaagse lewe beleef wat die traumageheue kan aktiveer en 'n terugflits tot gevolg kan hê. Die snellers self is skadeloos, maar dit ontlok gewoonlik 'n geweldige emosionele reaksie, omrede die persoon nie kan verstaan wat gebeur nie. As gevolg van die oorspronklike trauma is die geheue onderdruk en dra die hoofpersoonlikheid nie kennis daarvan nie.

Die terapie is veral gefokus op die herwinning en verwerking van die traumatiese geheuemateriaal en dit staan bekend as integrasie. Tydens die integrasieproses ontstaan daar dus 'n sogenaamde medebewussyn tussen die verskillende subpersoonlikhede en word die grense ten opsigte van geheueverlies tussen die subpersoonlikhede afgebreek. Die traumageheue word herwin en verwerk en fusie kan uiteindelik plaasvind. Fusie is wanneer twee subpersoonlikhede saamsmelt om 'n eenheid te vorm. Hierdie samesmelting gaan gepaard met intense emosies van hartseer, omrede dit vir die subpersoonlikheid kan voel asof hy as't ware moet 'sterf'. Nadat fusie plaasgevind het, sal die persoon egter steeds oor al die herinneringe van die onderskeie subpersoonlikhede beskik. Die proses van fusie moet volgehou word totdat daar geen fragmentasie meer is nie. Nadat fusie afgehandel is, moet die persoon nog vir 'n tydperk terapie ontvang om seker te maak dat geen subpersoonlikhede agtergebly het nie, en ook om nuwe vaardighede aan te leer ten einde verdere dissosiasie te voorkom. Die herstelpad van dissosiasie is nie 'n maklike pad nie. Die persoon sal dit beleef asof dinge eers versleg, voordat dit uiteindelik beter word. Indien die proses egter reg verloop, is die grafiek mettertyd wel stadig besig om te styg.

7.2 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

Vanuit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat navorsing op sielkundige gebied rondom die aspek van dissosiasie baie meer gevorderd is as op pastorale gebied. Dit het tot gevolg gehad dat pastorale beraders in sommige gevalle skuldig is aan terapeutiese- en godsdienstige misbruik. Dit is gevolglik krities belangrik dat pastorale beraders hulself sal vergewis van die ontwikkeling rondom hierdie tema. Daar is tans slegs enkele pastorale akademiese bydraes wat dissosiasie aanspreek.

In al ses gevalle van die empiriese ondersoek het die respondente die belangrikheid van hul geestelike lewe beklemtoon. Die behoefte aan pastorale begeleiding het daaruit voortgespruit. Verder het die gebrek aan insig oor die algemeen by persone wat gediagnoseer word met dissosiasie geblyk. Hulle het nie insig in die besondere problematiek gekoppel aan dissosiasie nie en die gevolg is dat hulle geneig is om na elke moontlike opsie te gryp. Daarom is dit soveel te meer belangrik dat die pastorale hulpverlener oor die nodige insig sal beskik ten einde effektiewe hulp in hierdie verband te kan verleen. Vanuit die empiriese ondersoek het ook geblyk dat daar veral twee aspekte is wat 'n deurslaggewende rol in die pastorale terapeutiese proses vervul. Eerstens gaan dit oor die rol van gebed, en tweedens die identifisering van leuens binne die denke van die gedissosieerde persoon. In laasgenoemde geval het dit geblyk dat 'n proses van kognitiewe herstrukturering, gebaseer op Bybelse waarhede, van groot waarde kan wees.

7.3 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Daar is verskillende terreine waarop genesing moet plaasvind in die lewe van die gedissosieerde en dit het tot gevolg dat die begeleiding aan hierdie persone 'n langtermynproses is, waartydens moedeloosheid op stadiums sterk na vore kan kom. 'n Belangrike pastorale beginsel, naamlik die ontdekking van die waarheid (met betrekking tot al die detail van die verlede) asook die talle Skrifbeloftes van God se betrokkenheid by elkeen wat emosioneel gekneus, gebroke en moedeloos geraak het, gee egter nuwe perspektiewe van hoop en vooruitsigte aan elkeen wat oor

die toekoms twyfel. Hierdie aspekte en beginsels moet dan ook deur die berader, met die Skrif as basiese vertrekpunt, konsekwent aan die beradene gekommunikeer word.

7.3.1 DIE SKEPPING VAN DIE MENS (GEN. 1:26-31 EN PS. 8:4-7):

Begrip vir en betrokkenheid by die gedissosieerde berus op die vertrekpunt dat alle mense na die beeld van God geskape is. Die doel van die skepping van die mens na die beeld van God, is om God se heerlikheid af te skadu en om in 'n persoonlike verhouding met God te kan staan. Slegs God kan sin aan die mens se bestaan gee. As gevolg van die seer en pyn waaraan die gedissosieerde persoon blootgestel was, is dit vir hom moeilik om die sin in die lewe te kan insien. Hy kan nie 'n eie identiteit ontwikkel nie en gevolglik is hy twyfelagtig en impulisief. Sy selfvertroue is heeltemal afgebreek en die beeld van God – waarvolgens hy geskep is – is verdraai en verwronge. Die berader moet die beradene gevolglik begelei in die ontdekking van die waarheid rondom wie en wat hy regtig in en deur Jesus Christus is. Sodoende word die beeld van God as't ware in hierdie persoon herskep.

7.3.2 DIE GEBROKENHEID VAN DIE MENS (ROM. 5:12-21 EN JER. 17:9-10):

Satan se doel met die mens is vernietiging en om in sy doel te slaag, gebruik hy die sonde. Dit kan die mens se eie sonde wees, of sonde wat deur ander mense aan hom gedoen is. Die uiteinde van die sonde is egter altyd die dood, hetsy geestelik, psigies, fisies of sosiaal. Die sonde veroorsaak altyd 'n skeiding tussen God en die mens. Hierteenoor is vryheid en genesing slegs in 'n intieme verhouding met God moontlik. Vir heelwording is dit dus noodsaaklik dat die gedissosieerde persoon die gevolge van die gebrokenheid in sy eie lewe sal erken en verwerk, om sodoende begelei te kan word na 'n intieme en groeiende verhouding met God.

7.3.3 GOD RESTOUREER (JAK. 4:4-10 EN EF. 2:1-10):

Weens God se liefde vir die mens, het Hy Jesus Christus, die Seun van God, na die wêreld gestuur om te soek en te red dié wat verlore en gebroke is. Gehoorsame onderwerping aan God impliseer dat die mens sy afhanklikheid van God besef, sy eie gebrokenheid erken en homself oopstel vir die Heilige Gees. Dit is die Gees wat hom op die genesingspad begelei, sodat hy kan verander na die beeld soos wat God dit oorspronklik vir hom beplan het. In hierdie proses is die ontdekking van die waarheid van kardinale belang.

7.3.4 JESUS CHRISTUS, DIE GROOT GENEESHEER (LUK. 4:16-21 EN JOH. 8:31-36):

In Jesus Christus het die belofte van Jesaja 61 in vervulling gegaan en daarom het elke mens (en in besonder dan ook die gedissosieerde persoon), in Hom weer die hoop op restourasie, 'n nuwe lewe en 'n nuwe identiteit. Jesus beloof om hierdie mens se nood te verlig deur vrylating te bewerkstellig vanuit elke 'emosionele tronk' van gebondenheid. Die vryheid wat Jesus Christus op hierdie wyse bewerkstellig het, is allesomvattend en dit sluit in troos, herstel, verlossing en insig. Die gebroke mens se totale identiteit word as't ware op hierdie wyse in Jesus Christus herstel.

7.3.5 DIE HEILIGE GEES AS BEGELEIER OP DIE GENESINGSPAD (ROM. 8:26-27 EN JOH. 16:13-15):

Die Skrif omsluit die belofte dat die Heilige Gees die mens in nood, begelei, te midde van sy swakheid. Elke persoon moet homself oopstel vir hierdie begeleiding tot waarheid, vryheid en genesing. Indien daar so 'n bereidwilligheid is, lei dit gewoonlik tot intensiewe selfondersoek asook 'n bereidwilligheid om afstand te doen van alles wat die genesing en restourasieproses kan blokkeer.

7.4 GEVOLGTREKKINGS MET BETREKKING TOT BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE RONDOM 'N PASTORAALGERIGTE PSIGOLOGIESE BENADERING

Die effektiefste hulpverlening aan die gedissosieerde blyk 'n eklektiese benadering te wees, waar daar enersyds kennis geneem word van praktyke en benaderings vanuit die ander hulpwetenskappe (veral die sielkunde) wat effektief is ten opsigte van die genesingsproses. Andersyds word daar ook ten volle gebruik gemaak van pastorale insette waar besonder klem gelê word op die rol van gebed in die proses van genesing van emosies en herinneringe. So 'n benadering loop ook hand aan hand met 'n holistiese beskouing waar daar aandag gegee word aan die fisiese, die emosionele en die geestelike fasette van hierdie betrokke individu.

7.5 GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE

Net soos wat God die Skepper is, is Hy ook die groot Geneesheer en Bevryder. In God het die emosioneel verwonde mens (en daarom ook die gedissosieerde persoon) ook die belofte van insig, herstel en vryheid. In die begeleiding aan die gedissosieerde persoon is dit van kardinale belang dat die berader self ook in 'n intieme verhouding met God sal staan, om sodoende effektiewe hulpverlening te kan bied. Hulpverlening aan die gedissosieerde impliseer 'n langtermyn verbintenis tussen berader en beradene, en moet in 'n gesindheid van liefde en ondersteuning gedoen word. 'n Holistiese benadering waar daar op 'n eklektiese wyse met beskikbare inligting en kennis te werk gegaan word, blyk die effektiefste benadering te wees.

Begeleiding aan die gedissosieerde persoon geskied hoofsaaklik in drie fases, naamlik:

- Die skep van 'n veilige ruimte, stabilisering, diagnosering en die tydelike verligting van onmiddellike simptome.
- Die vestiging van 'n sterk terapeutiese alliansie met die oog op die herwinning en verwerking van geheuemateriaal.
- Integrasie en post-integrasie vaardighede.

In die pastorale begeleiding maak gebed 'n belangrike deel uit. Die fokus van die gebedsessie is enersyds veral daarop gerig om die beradene se onderdrukte geheue te herwin. Andersyds bedien Jesus Christus die beradene deur sy Heilige Gees deur op 'n besondere wyse die impak van die trauma van die verlede uit te kanselleer en emosies te stabiliseer. Die uiteindelik doel van die beradingsproses aan die dissosiatiewe identiteitsversteurde is dat al die verskillende subpersoonlike geïntegreer kan word, om sodoende weer 'n geheel te vorm. Nadat integrasie plaasgevind het, sal dit vir die beradene soms moeilik wees om by die nuwe lewenstyl aan te pas en daarom is pastorale begeleiding steeds nodig. Met die nodige sensitiwiteit aan die kant van die berader tesame met die leiding van die Heilige Gees, kan die gedissosieerde persoon uiteindelik begelei word na geestelike- en emosionele herstel en groei.

7.6 FINALE GEVOLGTREKKING

Uit hierdie studie het geblyk dat die oorweldigende misbruik waaraan die gedissosieerde persoon blootgestel was - soms vanaf 'n baie jong ouderdom – oor die algemeen hierdie persone se verhouding met God negatief beïnvloed. Hulle kyk na die wêreld, na ander mense en na God asof deur 'n gebreekte ruit. Hulle uitsig is verdraai, verwronge en geskaad. As gevolg van die geheueverlies, wat dikwels 'n rol speel, is dit vir hulle moeilik om die beeld wat hulle waarneem en ook die emosies wat hulle ervaar by die werklikheid van die lewe te laat aanpas. Hulle gedrag sal soms vir hulself onverstaanbaar wees en hoe ouer hulle word, hoe meer kom hulle algaande tot die besef dat 'iets' hul persoonlike en geestelike groei telkens blokkeer en kelder. Om pastorale begeleiding aan 'n gedissosieerde te gee, vereis gevolglik baie geduld, insig en liefde. Vir hulself is dit onmoontlik om die legkaart stukkies van hul lewe bymekaar te sit ten einde 'n volledige prentjie te verkry en uiteindelik genesing te kan ontvang. Die terapeut moet hulle gevolglik help bou – stukkie vir stukkie – totdat die volle legkaart voltooi is. Dit is 'n intense proses, aangesien hulle telkens die ou emosies saam met elke herinnering herbeleef.
As deel van die pastorale terapieproses is dit nodig dat God se oorspronklike skeppingsplan met die mens opnuut - of vir die eerste keer - aan hulle verduidelik moet word. In hierdie proses moet hulle God as't ware opnuut (of vir die eerste keer) leer ken. Hulle moet Hom leer vertrou – iets wat vir hulle, vanweë hul omstandighede in die verlede, baie moeilik was. Hulle moet Hom sien soos Hy werklik is en sy karaktereienskappe leer ken – veral sy passie en sy bemoeienis met elkeen wat moedeloos en platgeslaan is. Hulle moet ook die vyand en sy misleiding leer ken, om sodoende insig in hul eie lewens te verkry. Vervolgens moet hulle ook die krag van die Woord van God leer ken - die Woord wat gekom het om die mens te soek en te red en aan hulle genesing, insig en vrylating te bied. Dit is hierdie Woord wat weer orde te midde van die wanorde in die mens se gemoed kom skep. Dit is hierdie Woord wat van elkeen van hulle meer as oorwinnaars kan maak, wat die beeld van God in hul lewens kan herstel en 'n diepe vrede in hul binneste kan bewerkstellig. In hierdie proses leer die gedissosieerde ook die krag van gebed ken, aangesien heelwat van die emosionele genesing en herstel tydens gebedsessies plaasvind. Hierdie studie het aangetoon dat, met die nodige begeleiding deur 'n pastorale berader wat self op hoogte is van die problematiek rondom dissosiasie, dit wel moontlik is vir die gedissosieerde om uiteindelik emosionele en geestelike genesing te ervaar en daarna geestelik te kan groei.

7.7 VOORGESTELDE AREAS VIR VERDERE NAVORSING

- Die begeleiding van die sogenaamde *inner child* tot emosionele en geestelike volwassenheid - 'n pastorale studie.

- Die rol van die brein binne die proses van dissosiasie ná traumatiese ervarings - 'n pastorale studie.

- Die rol van gebed in die herwinning van geheue tydens hulpverlening aan die gedissosieerde persoon – 'n pastorale studie.

- Skrifgefundeerde hulpverlening aan die demonies geaffekteerde persoon.


- 'n Pastorale studie van die verhouding tussen gefragmenteerde subpersoonlikhede as gevolg van trauma enersyds, en andersyds die aanwesigheid van demoniese entiteite by die gedissosieerde persoon.

Bylaes

1. Diagrammatiese voorstelling van dissosiasie (W.C. Coetzer, vgl. 2.6).
2. Vertroulike persoonlike verslag vir empiriese ondersoek (vgl. 3.3.2).
3. Friesen se voorstelling van 'n kaart (vgl. 2.12.5).
4. "'n Brief aan my siekte" - geskryf deur 'n selfbeseerde (Respondent D) (vgl. 3.3.3.5).
5. Getuienis van 'n selfbeseerde (Respondent D) se moeder (vgl. 3.3.3.5).

Bylae 1

Diagrammatiese voorstelling van dissosiasie (Coetzer, 2004:83; vgl. 2.6).



Bylae 2

Vertroulike persoonlike verslag vir empiriese ondersoek (vgl. 3.3.2).

Persoonlike besonderhede:

Naam en Van: .....

Geslag: ..... Ouderdom: .....

Adres: .....

Telefoonnommer: ..... (h) ..... (w) .....(sel)

Huwelikstatus :

Is u getroud? ..... Hoe lank reeds? .....

Beskryf u huweliksverhouding met u maat.

.....

.....

Beskryf u ouers se huweliksverhouding.

.....

.....

Het u 'n gevoel van veiligheid en sekuriteit in u ouerhuis beleef?

.....

.....

Geestelike agtergrond en besonderhede:

Kerkverband: .....

Is u eggenoot(note) gelowig? .....

Beskryf die geestelike klimaat in u ouerhuis.

.....

.....

Was u of u ouers, waarvan u weet, betrokke by enige okkultiese of sataniese bedrywighede?

Beskryf.

.....

.....

.....

Fisiese besonderhede:

Beskryf u gesondheidstoestand in die algemeen.

.....

.....

Ervaar u enige verslawings of 'cravings' wat moeilik beheerbaar is?

.....

.....

Gebruik u tans enige medikasie?

.....

.....

Ervaar u enige slaapversteurings?

.....

.....

Kry u genoeg oefening en rus?

.....

.....

Algemene agtergrond geskiedenis:

Hoe sou u u kinderjare beskryf?

.....

.....

Het u enige trauma in u lewe beleef? Beskryf. Noem ook die betrokke ouderdomme.

.....

.....

.....

.....

Was u ooit blootgestel aan enige vorm van mishandeling of molestering?

.....

.....

Dissosiasie-verwante simptome:

Watter emosies is in hierdie stadium van u lewe geweldig intens?

.....

.....

Beleef u enige van die volgende?

Dagdromery	Wellusgedagtes .....
Gevoel van minderwaardigheid	Gevoel van onbekwaamheid .....
Uitermatige bekommernis	Vertwyfeling .....
Fantasieë	Obsessiewe gedagtes .....
Godslasterlike gedagtes	Kompulsiewe gedagtes .....
Duiseligheid	Hoofpyne .....
Selfverwyt	Depressie, angs, vyandigheid .....
Selfbenadelende gedrag	Geheueverlies .....
Styfheid in liggaam	Stadig om te reageer teenoor ander .....
Gevoel van afgestomptheid	Heel dikwels gevoelloos t.o.v. pyn .....
Kan jy jouself maklik afsny in 'n situasie	Staar jy baie in die verte/kyk af .....
Gevoel van verlies van kontak met die hede	Eerder waarnemer as deelnemer .....
Gebrek aan konsentrasie.....	óf oormatig betrokke óf passief .....
Irrasionele en onvoorspelbare gedrag.....	Skuldgevoelens .....

Beskryf asseblief bogenoemde.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

Wanneer het u bewus geword van hierdie simptome?

.....

.....

.....

.....

Word enige van hierdie simptome deur eksterne faktore gesneller/ontketen? Beskryf.

.....

.....

.....

.....

.....

Hoe beïnvloed bogenoemde simptome u gedrag?

.....

.....

.....

.....

Geestelike besonderhede:

Het bogenoemde gevoelens enige invloed op u verhouding met God? Beskryf.

.....

.....

.....

Hoe beleef u God?

.....

.....

Verdere dissosiatiewe-verwante simptome:

Voel dit soms asof u meer as een persoonlikheid het? Beskryf.

.....

.....

.....

Hoor u soms stemme in u binneste? Beskryf.

.....

.....

.....

Beleef u soms 'n skielike verandering van gemoedstemming of stemtoon?

.....

.....

Het u 'n geskiedenis van slaapprobleme? Nagmerries? Beskryf.

.....

.....

.....

Is daar sekere drome wat oor en oor herhaal word? Beskryf.

.....

.....

.....

Is daar soms ontkenning van gebeure wat spesifiek deur andere waargeneem is? Beskryf.

.....

.....

.....

Kry u paniekaanvalle? Kan u identifiseer wat dit sneller/ontketen? Beskryf.

.....

.....

.....

Beleef u enige van die volgende simptome? (Beskryf deurgaans:)

- Eetversteurings

  .....

- Verlies van tyd

  .....

- Fisiese sensasies (*Body memories*)

  .....

- Handskrif verskille

  .....

- Liggaamlike verskille

  .....

- Terugflitse in geheue

  .....

- Vergeetagtigheid van waar 'n motor geparkeer is

  .....

- Onkonsekwente prestasie in skoolwerk/werk

.....

Terapeutiese hulpverlening:

Het u voorheen terapie ontvang?

.....

By wie het u terapie ontvang en vir hoe lank?

.....

.....

Het dit vir u gevoel asof die terapeut u verstaan en weet waarvoor om u te behandel?

.....

.....

Het dit vir u gevoel asof die terapie help? Het u enige vernuwende insigte daardeur verkry?

.....

.....

.....

Het die terapie gelei tot gedragsverandering?

.....

.....

.....

Toekomsverwagting:

Watter verandering wil u die graagste in u lewe sien gebeur?

.....

.....

.....


.....

.....


Bylae 3

Friesen (1997:45) se voorstelling van 'n kaart (vgl. 2.12.5).

Kaart 1: ***Beth*** **se eerste kaart, 'n maand ná diagnose.**



Kaart 2: ***Beth*** **se finale kaart, twee jaar ná diagnose.**



Bylae 4

"'n Brief aan my siekte", geskryf deur 'n selfbeseerde (Respondent D) (vgl. 3.3.3.5)

17 Januarie 2005.

Nota: Ek spreek my siekte aan as "JY" en "JOU".

Voordat ek van al my haat, aggressie en pyn teenoor JOU ontslae wil raak, wil ek eerstens dankie sê vir 'n paar positiewe dinge wat JY tot gevolg gehad het:

1. In die donkerste tye van my lewe, vasgevang in JOU kloue, met my gesig vol rou gate gegrou en die bloed wat oor my gesig loop, het ek geleer om my stukkende gesig na Jesus te draai en in sy groot liefde het Hy hierdie vertroostende woorde vir my gefluister:

   "In hierdie wêreld, my kind, is swaarkry. Ek weet dit maar alte goed, omdat Ek in hierdie wêreld swaargekry het. Daar is egter baie goeie rede om moed te skep, my kind. Ek het JOU siekte klaar oorwin en Ek sal JOU daardeur lei. Dit belowe ek JOU! Ek sal JOU daardeur lei! Vrede sal aanbreek, my kind, 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan. Rus sal kom, rus vir JOU gemoed. En Ek weet dis moeilik vir JOU om dit op hierdie oomblik te glo, maar die vreugde sal ook kom! Kom dus na my toe, my kind. Kom net na My en hou aan om na My te kom. Dis al wat JY hoef te doen. Ek is sagmoedig en nederig van hart en Ek het JOU lief. Ek het JOU só lief!". (Uit die boek, *En Jesus het gehuil,* deur Bruce Marchiano).

2. Deur al die fisiese en emosionele pyn wat JY in my lewe veroorsaak het, het ek karaktereienskappe ontwikkel, veral deursettingsvermoë (val en opstaan), wat ek nooit sou ontwikkel het as ek nie siek was nie.

3. Ek het geleer om dankbaar te wees vir die klein dingetjies in die lewe.

HAAT, AGGRESSIE EN PYN

JY het my van 'n normale lewe ontneem. Ek wou en 'kon' nooit die dinge van tieners doen nie. My gesig was altyd vol merke en dit was die groot rede hoekom ek nooit goed oor myself gevoel het nie. JY was die oorsaak dat ek van jongs af 'n swak selfbeeld en geen selfvertroue gehad het nie. Ek wou nooit by vriendinne oorslaap nie, want by hulle het ek geen privaatheid gehad om te krap nie. JY was die oorsaak dat ek nooit enige belangstellings of stokperdjies ontwikkel het nie, want JY het die meeste van my dag in beslag geneem.

Op hoërskool het my krappery vererger. Dit was altyd vir my traumaties as skoolfoto's geneem moes word. JY het gemaak dat ek later nie meer na myself in 'n spieël kon kyk nie. Selfs die weerkaatsing van myself in winkelvensters het my gewalg. Dit was asof ek die beeld van 'n 'monster' gesien het. Dit was vir my absoluut skrikwekkend om te dink ek moes in 'n klein aanpaskamertjie ingaan en klere aanpas. NET SPIEËLS, SPIEËLS, SPIEËLS!!!

JY het gemaak dat daar altyd spanning in my ouerhuis was. Ek was nooit betrokke by huislike aktiwiteite nie. Daar was meestal konflik in die huis, want almal het geweet of meestal vermoed dat ek heel waarskynlik in die badkamer is, besig om te krap. Dit het ook baiemaal natuurlik die gevolg gehad dat ons as familie laat by geleenthede aangekom het as gevolg van my, wat nie betyds kon klaarkry nie.

JY het gemaak dat ek in 'n selfsugtige mens verander het! Net my behoeftes was belangrik. Ek het die badkamer so lank beset as wat ek wou. Die ander moes maar altyd wag.

Ek haat lig! Die badkamer moes altyd donker wees. Ek het die meeste van die tyd 'n handdoek voor die venster gehang. As dit te lig sou wees, sou die kanse dalk net te groot wees dat ek iets sou sien wat ek sou wou krap. Waar ek kon, het ek die lewe vir myself probeer 'vereenvoudig', maar dit het die meeste van die tyd misluk en dit het die mense om my teen die mure uitgedryf.

JY het ingemeng met my skoolwerk. Elke nou en dan het JY my teen my wil gedwing om op te staan van my lessenaar en spieël toe te gaan en ondersoek in te stel of daar nie iets is wat afstootlik ('n "imperfection") is nie. JY het dit ALTYD reggekry om my te oortuig dat daar iets was. EK HET ALTYD INGEGEE. Soms was dit net 'n uur, maar baiemaal het JY my uitgemergel dat ek tot tien ure aaneen gekrap het.

EK HAAT JOU!!! JY het my gesig vernietig! Hoeveel kwaliteit tyd het JY van my gesteel? JY het my geïsoleer! JY het gemaak dat ek myself nie in 'n spieël wou sien nie. Daar was 'n tyd wat ek gevoel het ek wil 'n bottel suur oor my gesig gooi, sodat dit net alles kon wegvreet. Ten minste sou daar dan niks meer wees om te krap nie.

Daar was ook 'n tyd wat JY gemaak het dat my persoonlike higiëne daaronder gely het. EK WOU NIE LEWE NIE!!! Ek wou nie in die oggend opstaan nie. Ek het eenmaal 'n week gebad. Ek het eenmaal 'n week hare gewas. Ek was sielsongelukkig. Ek het my werk gehaat. JY wou nie hê ek moes gelukkig wees nie. Ek het soos 'n kluisenaar gelewe. Ek het nooit my kamer skoongemaak nie. Ek het my beddegoed eenmaal 'n jaar gewas.

EK WOU NIE LEWE NIE AS GEVOLG VAN JOU!!!

Normaalweg is ek geneig om nogal baie te slaap, maar die oomblik wat JY JOU houvas kry, kan ek ure en nagte sonder slaap gaan. Dan het ek 'n onweerstaanbare drang wat NIKS EN NIEMAND kan keer nie. Dis dan wat ek in 'n wreedaardige siklus vasgevang word en EK KAN NIE DAARUIT KOM NIE! Die gate/wonde is dan so diep dat dit letterlik maande neem om gesond te word. Om dinge te vererger, sodra daar nuwe, gesonde weefsel vorm, laat JY my verstaan dat dit moet uit en dan grou ek dit uit.

Al kry ek 'n gewone ou klein puisie, laat JY my dit sien as hierdie verskriklike *imperfection*, en dan sal ek nie tot rus kom, totdat ek dit op een of ander manier wegvat nie. Ek gebruik dan skerp voorwerpe soos haakspelde, doekspelde, spuitnaalde, *tweezers* en naelknippers om die goed wat ek sien wat my pla, uit te grou. Die hele tyd vertel JY my dis nie uit nie, dis nie diep genoeg nie. Dan grou ek nog dieper en dieper. Dis dan wanneer ek by die vetlaag van my vel kom en daar bereik JY JOU doel. Ek het die 'wit bolletjies' gevind waarna ek so soek en dis dít wat moet uit. JY lag vir my en JY kry lekker, want JY weet die 'wit bolletjies' sal nooit weggaan nie, want enige normale mens se vellaag bestaan daaruit.

Dis waar die pyn en lyding inkom. Ek sal vir ure en ure grou om die 'wit bolletjies' uit te kry. As hulle nie wil uit nie, sal ek dit met 'n naald uitlig en met 'n naelknipper afknip. Soms knip ek al die weefsel reg rondom ook weg. Dis waar die fisiese pyn en lyding inkom. Terwyl ek grou en krap, voel ek geen pyn nie, maar ná die tyd is die pyn baie erg en my gesig is gewoonlik geswel. Sulke tye dra ek meestal pleisters.

Die ontstellendste van alles is al die BLOED! Daar is tye wat my gesig so baie bloei, dat ek 'n waslap moet gebruik om die bloed op te suig. My hande is dan vol bloed, die spieëls vol bloed, die wasbak is vol bloed, die teëls is vol bloed, ORALS IS BLOED!

EN EK DOEN DIT AAN MYSELF...

NEE, JY DOEN DIT AAN MY!!!

'n Gedig van Michel Quoist uit *Prayers of Life* beskryf dit wat ek voel, só goed:

Lord, do You hear me?

I'm suffering dreadfully.
Locked in myself,
Prisoner of myself,
I hear nothing but my voice,
I see nothing but myself,
And behind me there is nothing but suffering.

Lord, do You hear me?

Deliver me from my body; it is nothing but hunger;
With its thousands of tentacles outstretched to appease its insatiable appetite.

Lord, do You hear me?

Deliver me from my heart; when I think that it's overflowing with love,
I realize angrily that it is again myself that I love through the loved one.

Lord, do You hear me?

Deliver me from my mind; it is full of itself, of its ideas, its opinions;
It cannot carry on a dialogue, as no words reach it but its own.

Alone, I am bored,

I am weary,

I hate myself,

I am disgusted with myself.

For ages I have been turning around inside myself like a sick man in his feverish bed.

Everything seems dark, ugly, and horrid.

It's because I can look only through myself.

I feel ready to hate men and the whole world.

It's because I'm disappointed that I cannot love them.

I would like to get away: walk, run, to another land.

I know that joy exists; I have seen it on singing faces.

I know that light exists; I have seen it in radiant eyes.

But, Lord, I cannot get away, for I love my prison and I hate it,

For my prison is myself,

And I love myself, Lord.

I both love and loathe myself.

Lord, I can no longer find my own door.

I group around blindly,

I knock against my own walls, my own boundaries.

I hurt myself,

I am in pain,

I am in too much pain,

And no one knows it,

For no one has come in.

I am alone, all alone.

Lord, Lord, do You hear me?

Lord, show me my door, take me by the hand.

Open the door, show me the way,

The path leading to joy, to light.

... But...
But, Lord, do You hear me?

My child, I have heard you.
I am sorry for you.
I have long been watching your closed shutters;
Open them, My light will come in.
I have long been standing at your locked door;
Open it, you will find me on the threshold.

I am waiting for you,
The others are waiting for you,
But you must open, you must come out.

Why choose to be a prisoner of yourself?

YOU ARE FREE!!!

It is not I who locked the door,
It is not I who can open it.

... For it is you, from the inside, who persist in keeping it solidly barred.

Ek hou styf vas aan God se beloftes vir my. Soveel mense het al Jesaja 61:1-3 oor my lewe gebid en bevestig. Die volgende gedeelte kom uit die boekie, *Parables of the Forest,* deur Pamela Reeve.

In Exchange for Ashes

Hear the words of the Forester:
"The Spirit of the sovereign Lord is on me,
because the Lord has anointed me...

to comfort all who mourn,
and to provide for those who grieve in Zion –
to bestow on them a crown of *beauty*
instead of ashes,
the oil of *gladness*
instead of mourning,
and a garment of *praise*
instead of the spirit of despair."

For the ashes

of personal failure ... moral victory.
of blasted expectations ... sure promises.
of wasted years ... true restoration.

BEAUTY

For mourning

over necessary endings ... new beginnings.
over dead dreams ... new vision.
over final rejections ... unconditional love.

GLADNESS

For despair

over true guilt ... full forgiveness.
over squandered opportunities ... renewed service.
over inevitable death ...eternal life.

PRAISE

Bylae 5

Getuienis van 'n selfbeseerde (Respondent D) se moeder (vgl. 3.3.3.5).

Ek is 55 jaar oud en die jongste van vyf kinders. My ma was twee maal getroud en twee maal geskei. Ons gesinslewe was baie disfunksioneel. My pa was die meeste van die tyd 'afwesig' en het later 'n alkoholis geword. My ma was baie neuroties, beherend en manipulerend en is dikwels in inrigtings opgeneem vir haar 'senuwees'.

Ek wil begin deur eerstens sekere beginsels van toepassing te noem. Van sommige was ek bewus, ander het ek gedurende die jare van worsteling geleer in my soeke na die oplossing en/of sin van my kind se probleem.

- Die Bybel is die Woord van God. Dis die enigste onveranderlike aan hierdie kant van die graf. Ek glo onvoorwaardelik, soos 'n kind, dat alles wat daarin geskryf staan die waarheid is. Dit bevat salf vir elke wond, 'n balsem vir elke seer, 'n stuk genade vir elke leed en 'n antwoord vir elke vraag. Die skryf daarvan is deur God se Gees geïnspireer. Ek het geleer om dit nooit te bevraagteken nie, omdat ek nou weet dat die Woord Jesus is wat vlees geword het en dat die Bybel vir my gegee is as 'n padkaart oppad na 'n beter huis. Hier is ek net 'n vreemdeling. My bestemming is die hemel, waar God besig is om vir my 'n plek voor te berei. Ek het net hierdie leeftyd om my voor te berei vir daardie bestemming.

- God is ongeskape, volmaak en bestaan van ewigheid tot ewigheid. Sy heiligheid is ontsagwekkend, sy soewereiniteit beslis en sy grootsheid onbegryplik. Hy is die heersende besturende Monarg van die heelal aan wie die krag en die sterkte behoort. Hy is die hoogste God, die inisieerder van lewe en alles wat bestaan en deur sy magswoord hou Hy alles in stand. Sy karakter is foutloos en sy reg en geregtigheid beslis. Hy is 'n God van onmeetbare liefde, oneindige barmhartigheid, onverstaanbare genade en onbeweeglike trou. Sy insig en medelye met ons swakhede, sy wysheid en ontoeganklike lig, is iets wat ons nie met ons menslike, aardse verstand kan verstaan of verduidelik nie. God is 'n verterende vuur en openbaar Homself aan enigiemand wat Hom met 'n opregte hart soek.

- Alle mense word deur die sondeval, soos in die Bybel beskryf, beïnvloed en dit veroorsaak dat ons uitverkoop is aan die mag van sonde. In die praktyk word dit gesien in ons begeerte om onsself, ons eie begeertes, gemak, vleeslike luste, gerief en eie wil te dien. Wanneer ons in baie moeilike omstandighede beland, waaroor ons geen beheer kan uitoefen nie, word die stilte verbreek en ons geloof word uitgedaag. Ons word gekonfronteer met die vraag: 'Wat glo ék van God?' Wat voorheen verborge was, bloei nou uit ons harte uit, naamlik woede, frustrasie, opstand teen God, ontevredenheid, ondankbaarheid, ongeduld, afbrekende woorde en uitlatings, hopeloosheid, verwarring en 'n warboel van ander emosies.

- Jesus Christus is die Seun van God. God die Vader het die inisiatief geneem om te herstel wat die sondeval van ons ontneem het. In Christus word die beeld van God in ons herskep, my onskuld word voor God herstel en ek word weer met God in Christus versoen. Die voorwaarde: dat ek in Jesus Christus (met ander woorde ook in sy Woord) sal glo, sy woorde ter harte sal neem en Hom sal volg deur sy voorbeeld na te volg.

- Nadat Jesus opgevaar het na die hemel, het die Heilige Gees gekom om in ons te woon sodat ons nou vir altyd in God se teenwoordigheid kan leef. God se wet word nou deur sy Gees op my hart en verstand gegraveer, sy liefde is in my hart uitgestort en sy krag word werksaam in my lewe en ek begin verander na die beeld van Christus. Nou eers word ek in staat gestel om weg te kyk van my onvermoë, my woede, paniek, moegheid, onkunde, liefdeloosheid, selfregverdiging, selfsug, ensovoorts. My posisie in Christus Jesus word herstel, want ek het 'n Hoëpriester wat die hoogste prys betaal het. Deur lyding heen het Hy gehoorsaamheid geleer deur sy eie wil neer te lê en die dood van 'n misdadiger te sterf. Hy het sy reputasie prysgegee en sonde vir my geword, sodat ek vir altyd onskuldig en vrygespreek voor God kan staan. Nou word ek deur die Heilige Gees in staat gestel om die onmoontlike te doen. Nou kan ek daagliks onder God se glimlag leef, bewus van sy guns en beskerming. My swakhede, foute, struikelings en onvermoëns beroof my nie meer van my vrymoedigheid om na God te gaan nie, want ek weet dat dit juis sy medelye opwek en my daarvan wil bevry. Ek kan met groot vrymoedigheid met al bogenoemde na God se genadetroon gaan, waar ek op die regte tyd gehelp sal word.

Bogenoemde klink baie eenvoudig, maar dit het God twintig jaar geneem om dit aan my te kan tuisbring. Ek het in 1978 'n radikale bekeringservaring gehad, maar het tot en met 1984 baie min geestelik gegroei – hoofsaaklik weens die feit dat dit nie vir my moontlik was om by 'n gemeente

in te skakel nie, ook omdat my gebrokenheid en my sonde my so veroordeel het, dat ek nie die Bybel wou lees nie. Ek het God beleef as die Een wat net wag om my te straf. In 1983 is my eerste man oorlede. My dogter was nege, haar sussie vyf en boetie twee. My emosionele en geestelike oorlewingstryd het daar begin. Ek het soms nie eens genoeg krag gehad vir myself nie, wat nog te sê vir die kinders? Familiebande het nie bestaan nie. Ons het in die operasionele gebied gewoon. My desperate emosionele behoeftes het my nog dieper in die dryfsand van my sondige patrone laat wegsink, totdat ek in desperaatheid in 1984 'n dissipelskapskool (YWAM – Youth With a Mission) gaan bywoon het. Ons het tot einde 1988 daar gebly. Ek beskou dit as 'n tydperk waarin God my in 'n geestelike intensiewe eenheid 'verpleeg' het. Ek het geworstel om uit die doolhof van my sondige denkpatrone los te kom. In die proses is die kinders soms aan erge emosionele verwaarlosing blootgestel. Ek besef nou in retrospeksie dat my dogter allerhande boodskappe probeer deurgee het, byvoorbeeld deur antisosiale gedrag, bed natmaak, onderprestasie op laerskool, depressie op hoërskool en erge minderwaardigheid. Sy was die 'soet' kind en baie bewus van my emosionele nood. Vandag besef ek dat sy bang was om my nog verder te oorlaai en het dus selde of ooit haar nood bekend gemaak. My onkunde was so dik en donker!

Op hoërskool het ek haar 'velprobleem' as iets normaal beskou. Ek moes weer begin werk en nuwe uitdagings het my aandag vereis. Intussen was sy besig om in 'n put van selfvernietiging weg te sak, sonder ons medewete. Haar oënskynlike stomheid om haar emosies met my te deel, het my radeloos gemaak en ek het haar aangemoedig om dit soms neer te skryf. Haar gedrag het meer en meer kommer begin wek: erge skuheid vir vreemde mense, handdoeke voor die badkamervenster, oënskynlike ongehoorsaamheid, depressie, ensovoorts. Dit het my baie dikwels woedend gemaak, veral haar 'ongehoorsaamheid', omdat sy die badkamer so lank beset het. Daarvoor het sy soms selfs pak gekry (nie in woede geslaan nie). Dit was vir my baie erg om dit te doen. Daarna het ons gewoonlik gebid en ek het vir haar 'gepreek' hoe sy haar wil aan haar kant moet kry, stiltetyd moet hou, ensovoorts, ensovoorts! Van haar 'geheim' het niemand geweet nie.

Op Technikon het dinge handuit geruk en het haar probleem heeltemal patologies geword. Paniek, angs, verwarring en skuldgevoelens het my beetgepak soos nog nooit voorheen in my lewe nie. Toe ons haar die dag by die psigiatriese hospitaal aflaai, het ek gedink ek sterf aan 'n gebroke hart. Min het ek geweet dat die belangrikste genadetyd van my lewe aangebreek het. Terwyl God haar in sy kombers van medelye en erbarming toegevou het, het Hy haar siekte soos

'n spieël in my lewe gebruik en was dit die begin van herlewing in my eie hart. Ek kon begin sien dat dit nie my kind of haar gedrag is wat my probleem is nie, maar dat ons twee 'n gesamentlike vyand het. Ek het kennis oor haar toestand opgedoen en besef dat haar passiewe aggressie (onder andere as gevolg van verwaarlosing en die woede, onkunde en liefdeloosheid van ons kant af) in 'n patologiese siekte ontwikkel het, waaroor sy geen beheer kon uitoefen nie. Dit het haar op elke vlak begin isoleer (emosioneel, sosiaal, geestelik en liggaamlik). Ons gebrek aan insig en ons woede (deur lyftaal, woorde, oogkontak of hoe ook al) het meer isolasie, pyn, wanhoop en meer irrasionele optredes tot gevolg gehad.

God se groot liefdesbeginsel is in die proses aan my gedemonstreer deur 'n vriendin wat bereid was om my dogter vir 'n tyd lank by haar te laat woon. Ek kon nie meer cope nie. In dié stadium het my dogter soms voor die spieël deurnag met verwoestende gevolge. Hierdeur het ek geleer dat daar nie van liefde gepraat kan word sonder deelname nie. God moes sy Seun prysgee.

Die herlewingstyd in my hart het vir meer as 'n jaar voortgeduur. Ek kon die fokus van my kind wegneem en in my eie hart kyk en vir die eerste maal opreg berou toon vir my gebrek aan liefde, sagmoedigheid, barmhartigheid, geloof, ensovoorts. Ek het besef dat ek God die Vader nie ken nie, nog minder sy Seun of sy Heilige Gees. Ek kon die vestings in my lewe eien en in geloof op Christus begin fokus en is oorweldig deur die strome van God se genade. Ek kon begin verstaan dat God wil dat ons die juk wat op mense druk, sal afhaal – dat ons moet ophou om vir mekaar die vinger te wys (Jes. 58:6). My dogter se onvermoë en swakheid het vir die eerste maal ook medelye in my hart opgewek. As ek haar voor die spieël betrap, kon ek vir haar tyd gee 'om klaar te maak' en het dan dikwels net saam met haar op die bed gaan lê, soos toe sy nog klein was, totdat haar angstigheid verby was. Ek en sy kon 'n pad van wedersydse vergifnis met mekaar begin stap deur elkeen verantwoordelikheid te neem vir ons sonde.

Bogenoemde was gedurende 1996/97. Intussen het daar 'n verdere agt jaar verloop van val en opstaan, hoop en wanhoop, geloof en ongeloof, neerlaag en oorwinning.

Sy beleef egter nou vir die eerste maal in agttien jaar die oorwinning van nie toe te gee aan haar kompulsies nie. Haar onlangse opname in 'n kliniek was baie tydig. Sy het nog meer insig gekry en verstaan nou die belangrikheid daarvan om haar medikasie tydig en gereeld te neem. Sy het ook die waarde begin besef van kommunikasie, veral as sy angstigheid begin beleef. Sy beleef 'n

seisoen van seën waarin God sy seën onvoorwaardelik in emmersvol op haar neergiet en die oorvloei word deur almal om haar opgeslurp.

Ons besef dat die Here haar op 'n baie genadige manier beskerm het gedurende die akute stadium van haar siekte – gesien in die lig dat sy vir lang rukke alleen gebly het en haar emosionele pyn met enige denkbare metode kon probeer stil as sy wou. Dis vir my 'n baie praktiese demonstrasie van God se getrouheid en die waarde daarvan om 'n kind in God se weë groot te maak – al is dit hoe gebroke.

As gesin het ons in die proses baie verdraagsaam en meelewend met mekaar geraak, ten spyte van periodieke konflik, ongemak en frustrasie. Paniek moes plek maak vir God se vrede, al probeer die vyand nog so af en toe om my in my wind te skop. God se Woord het 'n onlosmaaklike deel van my lewe geword, want God self het gesê dat ek nie van brood alleen sal lewe nie, maar van elke woord van God. Ek leef nou daagliks in dankbaarheid en tevredenheid voor Hom.

BIBLIOGRAFIE

ADAMS, J.E. 1970. Competent to counsel. Introduction to nouthetic counselling. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 287 p.

ADAMS, J.E. 1973. The christian counselor's manual. The practice of nouthetic counseling. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 476 p.

ALEXANDER, P & ALEXANDER, D. 2002. Handboek by die Bybel. Kaapstad : Lux Verbi. 816 p.

ALLENDER, D.B. 1990. The wounded heart. Colorado Springs : NavPress. 303 p.

ANDERSON, N.T., ZUEHLKE, T.E. & ZUEHLKE, J.S. 2000. Christ centered therapy. Grand Rapids, Mich. : Zondervan. 430 p.

APA. 1995. DSM-IV. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 4th ed. Washington : American Psychiatric Association. 886 p.

AWS kyk TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

BACKUS, W. 1985. Telling the truth to troubled people. Minnesota : Bethany House Publishers. 256 p.

BALDWIN, D.V. 2004. My approach to trauma-focused treatment. [Web:] http://www.trauma-pages.com [Datum van gebruik: 11 Mei 2004].

BORCHERT, G.L. 1996. The new american commentary. John 1-11. USA : Broadman & Holman Publishers. 399 p.

BRAUN, B.G. 1993. Aids to the treatment of multiple personality disorder on a general psychiatric inpatient unit. (In Kluft, R.P., ed. Clinical perspectives on multiple personality disorder. Washington : American Psychiatric Press. p. 155-178.)

BRYANT, D., KESSLER, J. & SHIRAR, L. 1992. The family inside. New York : W.W. Norton & Company. 268 p.

BYBEL. 1953. Die Bybel: Ou Vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL IN PRAKTYK. 1983. Die Bybel : Nuwe Vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

COETZER, W.C. 2004. Ongepubliseerde studiegids rondom traumaberading. Potchefstroom.

COLLINS, G.R. 1988. Christian counselling. A comprehensive guide. USA : W Publishing Group. 701 p.

COLLINS, G.R. 2005. Die A tot Z van berading. Bybelse perspektiewe op probleemoplossing. Kaapstad : Struik christelike boeke. 779 p.

CONWAY, J. 1990. Adult children of legal or emotional divorce. Healing your long-term hurt. Illinois : InterVarsity Press. 267 p.

CRAIGIE, P.C. 1983. Word Biblical commentary. Psalms 1-50. Texas : Word Books Publisher. 375 p.

CRAIGIE, P.C., KELLEY, P.H. & DRINKHARD, J.F. 1991. Word Biblical commentary. Jeremiah 1-25. Texas : Word Books Publisher. 388 p.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom : Noordwes Universiteit. 75 p.

DRAPER, P.L. 1996. Haunted memories. Healing the pain of childhood abuse. Michigan : Grand Rapids. 280 p.

FITZMYER, S.J. 1989. The anchor Bible. The gospel according to Luke (I-IX). New York : Doubleday & Company. 836 p.

FINE, C.G. 1993. A tactical integrationist perspective on the treatment of mulitple personality disorder. (In Kluft, R.P., ed. Clinical perspectives on multiple personality disorder. Washington : American Psychiatric Press. p. 135-154.)

FREDRICKSON, R. 1992. Repressed memories. A journey to recovery from sexual abuse. New York : Rockefeller Centre. 240 p.

FRETHEIM, T.E. 1994. The new interpreter's Bible. Genesis. Nashville : Abingdon Press. 1195 p.

FRIESEN, J.G. 1997. Uncovering the mystery of MPD. Oregon : Wipf and Stock Publishers. 299 p.

FRIESEN, J.G. 1992. More than survivors. Conversations with multiple-personality clients. Oregon : Wipf and Stock Publishers. 224 p.

FRIESEN, J.G. & ROSSIK, C.H. 2003. *Critical issues in the dissociative disorders field: Six perspectives from religiously sensitive practitioners.* Journal of Psychology and Theology, 31(2):113-128.

HADDOCK, D.B. 2001. The dissociative identity disorder sourcebook. New York : Contemporary Books. 285 p.

HERMAN, J.L. 2001. Trauma and recovery from domestic abuse to political terror. Cornwall : TJ International. 292 p.

HOPPER, J. 2004. Recovered memories of sexual abuse. Scientific research and scholarly resources. [Web:] http://www.jimhopper.com [Datum van gebruik: 11 Mei 2004].

HUEY, F.B. 1993. The new american commentary. Romans. Nashville : Broadman Press. 512 p.

JOHNSON, L.T. 1998. The new interpreter's Bible. James. Nashville : Abingdon Press. 748 p.

JOHNSON, E.L. & JONES, S.L., eds. 2000. Psychology & Christianity. Four views. Illinois : InterVarsity Press. 271 p.

JORDAAN, J.J. & JORDAAN, W.J. 1989. Die mens in konteks. Johannesburg : Lexicon Uitgewers. 886 p.

JOSEPH, S., WILLIAMS, R. & YULE, W. 1997. Understanding post-traumatic stress. A psychosocial perspective on PTSD and treatment. Great Britain : Bookcraft. 198 p.

JOUBERT, N.L. 1999. Die ontwerp en evaluering van 'n Bybelsgefundeerde terapieprogram vir 'n gemeente. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.) 538 p.

KAPLAN, H.I. & SADOCK, B.J. 1991. Synopsis of psychiatry. 6th ed. Baltimore : Williams & Wilkins. 903 p.

KLUFT, R.P. 1993. Clinical perspectives on multiple personality disorder. Washington : American Psychiatric Press, Inc. 398 p.

KRAFT, C.H. 1993. Deep wounds, deep healing. Discovering the vital link between spiritual warfare and inner healing. California : Regal. 295 p.

KRAKAUER, S.Y. 2001. Treating dissociative identity disorder: The power of the collective heart. Philadelphia : Brunner-Routledge. 246 p.

LANGBERG, D.M. 2003. Counseling survivors of sexual abuse. USA : Xulon Press. 287 p.

LINCOLN, A.T. 1990. Word Biblical commentary. Ephesians. Texas : Word Books Publisher. 494 p.

LITTAUER, F. 1998. Touched by the Master. Discover the healing power of an encounter with the Lord. Lake Mary : Creation House. 214 p.

LOEWENSTEIN, R.J. 1993. Posttraumatic and dissociative aspects of transference and countertransference in the treatment of multiple personality disorder.. (In Kluft, R.P., ed. Clinical perspectives on multiple personality disorder. Washington : American Psychiatric Press. p. 51-86.)

LOUW, J.P. en NIDA, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2 vols. New York : UBS.

MacARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical counselling. Dallas : Word Publishing. 407 p.

MATSAKIS, A. 1996. I can't get over it. A handbook for trauma survivors. 2nd ed. Oakland : New Harbinger Publications. 395 p.

MATTHEWS, K.A. 1996. The new american commentary. Gen. 1-11:26. USA : Broadman & Holman Publishers. 528 p.

McCANN, J.C. 1996. The new interpreter's Bible. Psalms. Nashville : Abingdon Press. 1287 p.

McDONALD, A.N. 1995. Repressed memories. Can you trust them? Grand Rapids : Baker Book House Company. 275 p.

McMINN, M.R. 1997. *Dissociative identity disorder. What is DID?* Christian Counselling Today, 5(1):17-21.

MEIER, P.D., MINIRTH, B., WICHERN, F.B. & RATCLIFF, D.E. 2000. Introduction to psychology and counselling. Christian perspectives and applications. Grand Rapids, Mich. : Baker Books. 367 p.

MEIER, P.D. & WISE, R.L. 2003. Crazy makers. Getting along with difficult people in your life. Nashville : Thomas Nelson Publishers.158 p.

MEYERS, R. 2002a. Albert Barne's notes on the Bible. [Web:] http://www.e-sword.net [Datum van gebruik: 01 Desember 2004].

MEYERS, R. 2002b. Vine's dictionary of New Testament words. [Web:] http://www.e-sword.net [Datum van gebruik: 19 November 2005].

MILLER, P.D. 2001. The new interpreter's Bible. Jeremiah. Nashville : Abingdon Press. 1612 p.

MINIRITH, B., MEYER, P.D. & RATCLIFF, D.E. 1992. Bruised and broken. Understanding and healing psychological problems. Grand Rapids : Baker Book House Company. 247 p.

MOUNCE, R.H. 1995. The new american commentary. Romans. USA : Broadman & Holman Publishers. 301 p.

NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods. 3rd ed. Boston : Allyn and Bacon. 550 p.

O'DAY, G.R. 1995. The new interpreter's Bible. John. Nashville : Abingdon Press. 373 p.

PERKENS, P. 2000. The new interpreter's Bible. Ephesians. Nashville : Abingdon Press. 916 p.

PUTMAN, F.W. 1989. Diagnoses and treatment of multiple personality disorder. New York : Guilford Press. 351 p.

RATCLIFF, R. 2005. Qualitative research. Part four: data collection. [Web:] http://www.vanguard.edu/faculty/dratcliff/index.cfm?doc id=4258 [Datum van gebruik: 05 November 2005].

REINECKE, M.R. 2001. Self-destruktiewe gedrag: 'n Bybelse beoordeling en terapie. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling – M.A.) 275 p.

RICHARDSON, K.A. 1997. The new american commentary. James. USA : Broadman & Holman Publishers. 272 p.

SCHIRALDI, G.R. 2000. The post-traumatic stress disorder sourcebook. A guide to healing, recovery and growth. Illinois : Lowell House. 441 p.

SEAMANDS, D.A. 2001. Healing of memories. Illinois : SP Publishers. 190 p.

SEAMANDS, D.A. & FUNK, B. 1992. Healing for damaged emotions. Recovering from the memories that cause our pain. Colorado Springs : Cook Communications. 237 p.

SIEGEL, D.J. 1997. Memory and trauma. (In Black, D., ed. Psychological trauma. A development approach. Glasgow : Bell & Bain. p. 44-52.)

SILVOSO, E. 1994. That none should perish. How to reach entire cities for Christ through prayer evangelism. California : Regal Books. 295 p.

SMITH, R. 1992. Ontwikkel jou volle potensiaal. Kaapstad : Human & Rousseau. 110 p.

SOMER, E. 2002. *Posttraumatic dissociation as a mediator of the effects to trauma on distressful introspectiveness.* Social behavior and personality, 30(7):671-682.

STEIN, R.H. 1992. The new american commentary. Luke. Nashville : Broadman Press. 642 p.

STEINBERG, M. 2001. The stranger in the mirror. Dissociation – the hidden epidemic. New York : Harper Collins Publishers. 316 p.

TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 2002. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. 9de uitg. Kaapstad : Pharos. 592 p.

VAN DER KOLK, B.A. & FISLER, R. 1995. Dissociation and the fragmentary nature of traumatic memories: Overview and exploratory study. [Web:] http://www.trauma-pages.com [Datum van gebruik: 11 Mei 2004].

VAN GEMEREN, W.A., ed. 1997. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. 5 vols. Grand Rapids, Mich. : Zondervan.

VENTER, C.H. 1993. *Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening.* In die Skriflig, 27(2):247-260.

VERWYSINGSBYBEL. 1983. Die Bybel : Nuwe Vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

WENHAM, G.J. 1987. World Biblical commentary. Genesis 1-15. Texas : Word Books Publisher. 352 p.

WRIGHT, N.T. 2002. The new interpreter's Bible. Romans. Nashville : Abingdon Press. 1011 p.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie Heute. München : Kaiser/Grünewald. p.164-177.